# Die aard van kommunikasie in ontwikkelingsprojekte van die Studente-JOOL-Gemeenskapsdiens (NWU-PUKKE)

**Carla Martina Visser**

20039670

**Verhandeling voorgelê vir die graad *M.A.-Kommunikasie* in die Skool vir Kommunikasiestudies aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit**

**Studieleier:** **Me. E.M. Kloppers**

**Mede-studieleier:** **Me. H. Otto**

**November 2012**

# OPSOMMING

Die Studente-JOOL-gemeenskapdiens (SJGD) is 'n unieke nieregeringsorganisasie (NRO) van die Noordwes-Universiteit (NWU-PUKKE) wat poog om ander NRO's te ondersteun en bemagtig om onafhanklik te kan funksioneer. Kommunikasie tussen die SJGD en hierdie NRO's val dus binne die veld van ontwikkelingskommunikasie, waarin die deelnemende benadering tans as die norm beskou word.

Kommunikasie tussen die SJGD en verteenwoordigers van die betrokke NRO's behoort gevolglik aan die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie te voldoen, ten einde tot bemagtiging en ontwikkeling by te dra. Die beginsels wat vir hierdie studie relevant is, is deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling.

Hierdie studie is op 'n kwalitatiewe wyse aangepak en die navorsingmetodes wat gebruik is om inligting oor die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die projekverteenwoordigers in te samel, is kwalitatiewe inhoudsanalise, semigestruktureerde onderhoude en deelnemer-waarnemer verslaggewing.

Hoewel hierdie studie slegs op vroeëkinderontwikkelingsprojekte gefokus het, het die aard van die projekte in so 'n mate verskil dat die aard van kommunikasie ook baie verskil het. Die algemene gevolgtrekking is egter dat daar tans in al die projekte wat ondersoek is, leemtes in die deelnemende kommunikasie tussen SJGD en die projekverteenwoordigers is. Daar is onder andere bevind dat die kommunikasie nie aan die beginsels van kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling voldoen nie. Hierdie leemtes word deels daaraan toegeskryf dat die SJGD se huidige dokumentasie (2010-jaarverslag, portefeulje-omskrywings, oordragsverslae en vergaderingsnotules van 2010 en 2011), asook die opleidingsriglyne nie die belang van deelnemende beginsels beklemtoon nie en met ander woorde nie aan SJGD-lede genoegsame opleiding bied in die toepassing van hierdie beginsels nie.

Hoewel die resultate aandui dat die kommunikasie tussen die SJGD en projekverteenwoordigers tans nog nie aan al die beginsels van deelnemende kommunikasie voldoen nie is die organisasie daartoe verbind om hierdie leemtes in die toekoms aan te spreek.

**Trefwoorde:** deelnemende benadering, kommunikasie vir sosiale verandering, nie-regeringsorganisasies (NRO's), NWU-PUKKE, ontwikkelingskommunikasie, SJGD, vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

# ABSTRACT

The Student RAG Community Service (SRCS), a unique non-governmental organisation (NGO) of the Potchefstroom Campus of the North-West University, aims to support and to enable other NGOs to function independently. For this reason, the communication between the SRCS and these NGOs is viewed from the sub discipline of development communication, with the participative approach currently being perceived as the normative approach to communication for development.

Communication between the SRCS and representatives of the NGOs should therefore conform to the principles of the participative approach to development communication to contribute to empowerment and development. The principles of the participative approach that was identified as relevant to this study are participation, dialogue, cultural sensitivity, to enable the community to be self-reliant and community development.

This study is qualitative in nature and the research methods used to gather information about the nature of communication between the SRCS and the representatives of the projects are qualitative content analysis, partially structured interviews and observer–participant reporting.

Although this study has focused only on early child development projects, the nature of these projects and their communication varied to a large extent. The overall conclusion of this study is that there are gaps in the participative communication between the SRCS and the representatives of all the researched projects. The type of communication between the SRCS and early childhood development projects did not conform to the principles of cultural sensitivity, community development and the enablement of the community to be self-reliant. These gaps are attributed in part to the present documentation of the SRCS (2010 annual report, portfolio descriptions, transfer reports and minutes of 2010's and 2011's meetings) as well as the fact that this NGO's training guidelines do not emphasise the importance of participatory principles, and do not offer sufficient training in the implementation of these principles to its various members.

Although the results indicate that the communication between the SRCS and the representatives of the projects presently does not conform to the principles of participative communication, the organisation is committed to addressing these gaps in future.

**Keywords:** communication for social change, development communication, early childhood development projects, non-governmental organisations (NGOs), NWU-PUKKE, participation approach, SRCS.

# VOORWOORD

**Hierdie verhandeling word opgedra aan my Drie-enige God:**

*God die Vader, Jesus Christus Sy Seun en die Heilige Gees*

**My gebed:**

*My Almagtige God, ek dank U vir al U liefde en Genade.*

*Ek dank U dat U my hart ken en dat ek so bevoorreg is om ’n wonderlike gesin, familie en vriende te kan hê.*

*Ek dank U dat U ons mense so lief het en ek vra om verskoning waar ek telkemale tekort skiet.*

*My hande mag dalk klein wees, maar in U wingerd sal ek bly werk en hierdie hande is daarom nie my eie nie, maar U s’n.*

*Ek is baie lief vir U en ek kan nie genoeg vir U dankie sê nie.*

*My God, onthou tog al U kinders hier in Afrika en mag niemand hulle verhinder nie.*

*Mag ons altyd vol kinderlike geloof wees en mag ons net goed doen aan ander.*

*Aan U kom al die lof en die eer toe!  AMEN*

**’n Lied: In die hemel is die Heer**

*“In die hemel is die Heer en sy glans is soos kristal.*

*Hy’s die Heilige van God en Hy heers oor die heelal.*

*Daar is mag in Sy woord!  Soos die waters druis sy stem.*

*Soos die son op die see se blou, so die rykdom van sy trou.*

*Want aan U is die mag en die heerlikheid en krag.*

*En aan U is die eer en die lof, want U regeer.”*

**Vanuit die Woord: Psalm 119:37**

*“Weerhou my van ’n nuttelose lewe, laat my leef op die weg wat U aanwys.”*

**Ter nagedagtenis:**

*Aan my liefdevolle Oom Carl Knox, my hart mis my Oom elke dag.*

# BEDANKINGS

Ek wil graag die volgende individue bedank vir hulle ondersteuning gedurende my studie:

- Ten eerste en bowenal my Drie-enige God – sonder U was hierdie studie nie moontlik nie;
- My wonderlike ouers, Mnr. Floors Visser en Me. Doris Visser – Ek is baie lief vir julle. Dankie vir julle onvoorwaardelike liefde en bystand;
- My broer, Dirk Visser – ek is baie bevoorreg om jou as my boeta te hê. Baie dankie vir jou opregte liefde en ondersteuning;
- My familie – baie dankie aan die wonderlikste Ooms, Tannies, my Ouma Tina, Ouma Nellie, Oupa Fred en Ouma Averil;
- Aan al die SJGD-lede (HK-lede, UK-lede, projekleiers, konsultante en adviesraad) – baie dankie, julle liefde en insette was van onskatbare waarde;
- My wonderlike vriende en vriendinne wat my bygestaan het tydens hierdie studie – Ina-Mari du Toit, Tanya Smit, Marlien Labuschagne, Nadia Esterhuyse, Jean-Marc Stidworthy, Susan Botha, Adéle Changuion, S.J. Swart en Adèle Croucamp – Dankie is net eenvoudig nie genoeg nie;
- Hannes Oberholzer – God het my kom seën met ’n anker van liefde en ondersteuning.
- Liz Smit, my taalversorger – baie dankie vir u insette rakende die taalversorging van hierdie studie;
- Die personeel van die SR-kantore, Ferdinand Postma Biblioteek en die personeel van die Kommunikasiefakulteit van die NWU-PUKKE;
- My mede-studieleier, Me. Hannelie Otto – dankie vir u kundige bydrae tot hierdie studie; en
- My studieleier, Me. Elbé Kloppers – U geduld en motivering kan nie in woorde beskryf word nie. Baie dankie dat u my ten alle tye bygestaan het.

# INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1: INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING ........................ 1

1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING ........................ 1
1.2 SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAE ........................ 5
1.2.1 Spesifieke navorsingsvraag 1 ........................ 5
1.2.2 Spesifieke navorsingsvraag 2 ........................ 5
1.2.3 Spesifieke navorsingsvraag 3 ........................ 5
1.3 SPESIFIEKE NAVORSINGSDOELWITTE ........................ 5
1.3.1 Spesifieke navorsingsdoelwit 1 ........................ 5
1.3.2 Spesifieke navorsingsdoelwit 2 ........................ 5
1.3.3 Spesifieke navorsingsdoelwit 3 ........................ 5
1.4 RIGTINGGEWENDE ARGUMENT ........................ 6
1.5 NAVORSINGSBENADERING EN – METODES ........................ 6
1.5.1 Kwalitatiewe navorsingsbenadering ........................ 6
1.5.2 Literatuurstudie ........................ 7
1.5.3 Empiriese studie ........................ 8
1.5.3.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise ........................ 8
1.5.3.2 Deelnemer-waarnemer verslaggewing ........................ 8
1.5.3.3 Semigestruktureerde onderhoude ........................ 9
1.6 HOOFSTUKINDELING ........................ 10
1.7 OPSOMMING ........................ 11

HOOFSTUK 2: DEELNEMENDE BENADERING TOT ONTWIKKELLINGSKOMMUNIKASIE ........................ 12

2.1 INLEIDING ........................ 12
2.2 ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE ........................ 12
2.2.1 Definisie en toepassing van ontwikkelingskommunikasie ........................ 13
2.3 HISTORIESE AANLOOP VAN ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE-BENADERINGS ........................ 14
2.3.1 Moderniseringsbenadering ........................ 15
2.3.1.1 Historiese agtergrond ........................ 15
2.3.1.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling ........................ 16
2.3.1.3 Die rol van kommunikasie in ontwikkeling ........................ 17
2.3.1.4 Kritiek op die moderniseringsbenadering ........................ 18

2.3.2 Afhanklikheidsbenadering ....................19
2.3.2.1 Historiese agtergrond ....................20
2.3.2.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling ....................20
2.3.2.3 Die rol van kommunikasie in ontwikkeling ....................21
2.3.2.4 Kritiek op die afhanklikheidsbenadering ....................21
2.3.3 Basiese-behoefte-benadering ....................22
2.3.3.1 Historiese agtergrond ....................22
2.3.3.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling ....................23
2.3.3.3 Die rol van kommunikasie in ontwikkeling ....................24
2.3.3.4 Kritiek op die basiese-behoefte-benadering ....................24
2.3.4 Veelvuldige benadering / 'Ander' ontwikkelingsbenadering ....................26
2.3.4.1 Historiese agtergrond ....................26
2.3.4.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling ....................26
2.3.4.3 Die rol van kommunikasie in ontwikkeling ....................27
2.3.4.4 Kritiek op die veelvuldige / 'ander' ontwikkelingsbenadering....................27
2.4 DEELNEMENDE BENADERING AS NORM IN ONTWIKKELING ....................28
2.4.1 Agtergrond en eienskappe ....................28
2.4.2 Verskillende filosofiese benaderings tot ontwikkelings-kommunikasie ....................28
2.4.2.1 Paulo Freire se dialogiese praksis benadering ....................28
2.4.2.2 UNESCO-debatte oor ontwikkeling ....................30
2.4.3 Basiese beginsels van die deelnemende benadering....................30
2.4.3.1 Deelname....................30
2.4.3.2 Dialoog....................32
2.4.3.3 Kulturele sensitiwiteit....................34
2.4.3.4 Bemagtiging tot selfonderhouding ....................35
2.4.3.5 Gemeenskapsontwikkeling....................36
2.4.4 Rol van deelnemende kommunikasie in die deelnemende benadering....................37
2.4.5 Uitdagings van die deelnemende benadering....................37
2.5 OPSOMMING....................38

HOOFSTUK 3: OORSIG OOR DIE SJGD.................... ..40
3.1 INLEIDING....................40
3.2 AGTERGROND VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT EN SY FUNKSIES IN TERME VAN GEMEENSKAPSDIENS....................40

3.3 HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE SJGD ..... 42
3.4 FUNKSIONERING VAN DIE SJGD ..... 44
3.4.1 Die SJGD as studenteraadsportefeulje ..... 45
3.4.2 Jool as studenteraadsportefeulje en sy rol in die SJGD ..... 47
3.4.3 Visie en missie van die SJGD ..... 47
3.5 BESTUUR VAN DIE SJGD ..... 48
3.5.1 Strategiese bestuur van die SJGD (adviesraad ..... 50
3.5.1.1 Doel van die adviesraad ..... 50
3.5.1.2 Portefeuljehouers van die adviesraad ..... 50
3.5.1.3 Verwagtinge van die voorsitter van die adviesraad ..... 51
3.5.2 Operasionele bestuur (uitvoerende komitee) van SJGD ..... 51
3.5.2.1 Projekkoördineerder ..... 51
3.5.2.2 Koshuiskoördineerder: Mans- en dameskoshuise ..... 51
3.5.2.3 Eksterne betrekkinge. ..... 52
3.5.2.4 Projekontwikkeling en bemagtiging ..... 52
3.5.2.5 Koördineerder: Akademiese studenteverenigings ..... 52
3.5.2.6 Sand, see en skulp ..... 52
3.5.2.7 Joolpersoonlikheid ..... 53
3.5.2.8 Ondervoorsitter: Administrasie ..... 53
3.5.2.9 Ondervoorsitter: Projekte ..... 53
3.5.3 Uitvoerende bestuur van die SJGD ..... 54
3.5.3.1 Huiskomiteelede van kampus- sowel as dorpskoshuise ..... 55
3.5.3.2 Projekleiers ..... 55
3.6 VIER FUNKSIONERINGSKATEGORIEË VAN DIE SJGD ..... 56
3.6.1 Kategorie: kwesbare jeug en volwassenes ..... 56
3.6.2 Kategorie: uitreike ..... 57
3.6.3 Kategorie: kinder- en jeugontwikkeling ..... 57
3.6.4 Kategorie: vroeëkinderontwikkeling ..... 58
3.6.5 Vier vroeëkinderontwikkelingsprogramme wat gebruik word in hierdie kommunikasiestudie ..... 59
3.6.5.1 Veilige Nessie-kleuterskool ('n koshuisontwikkelingsprojek) ..... 59
3.6.5.2 Sand, See en Skulp-projek (ontwikkelingsprojek sowel as 'n ontwikkelingsprojek van die uitvoerende komitee) ..... 60
3.6.5.3 Jesus Loves You Ministries (Huis Republiek-dameskoshuis se ontwikkelingsprojek) ..... 60
3.6.5.4 Mmabane Preschool ('n koshuisontwikkelingsprojek) ..... 61

3.7 PUNTESISTEEM VAN DIE SJGD VIR DIE EVALUERING VAN DIE BETROKKE ONTWIKKELINGSPROJEKTE ........ 62
3.8 GEVOLGTREKKING ........ 65

HOOFSTUK 4: NAVORSINGSBENADERING EN –METODES ........ 67

4.1 INLEIDING ........ 67
4.2 KWALITATIEWE NAVORSINGSBENADERING ........ 67
4.2.1 Redes vir die gebruik van hierdie navorsingsbenadering ........ 70
4.3 NAVORSINGSPROSEDURE ........ 71
4.4 KONSEPTE EN KONSTRUKTE ........ 74
4.5 NAVORSINGSMETODES ........ 76
4.5.1 Literatuurstudie ........ 77
4.5.1.1 Doel en toepassing van literatuurstudie ........ 77
4.5.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise ........ 78
4.5.2.1 Toepassing van kwalitatiewe inhoudsanalise ........ 79
4.5.3 Deelnemer-waarnemerverslaggewing ........ 81
4.5.3.1 Toepassing van deelnemer-waarnemerverslaggewing ........ 85
4.5.4 Semigestruktureerde onderhoude ........ 86
4.5.4.1 Toepassing van semigestruktureerde onderhoude ........ 88
4.5.4.2 Onderhoudskedule ........ 89
4.6 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID ........ 95
4.7 STRUIKELBLOKKE / PROBLEME ERVAAR ........ 97
4.7.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise ........ 97
4.7.2 Deelnemer-waarnemerverslaggewing ........ 98
4.7.3 Semigestruktureerde onderhoude ........ 98
4.8 ETIESE OORWEGINGS ........ 99
4.9 GEVOLGTREKKING ........ 100

HOOFSTUK 5: ANALISE EN INTERPRETASIE VAN BEVINDINGE 101

5.1 INLEIDING ........ 101
5.2 DEELNAME ........ 101
5.2.1 Interaksie met individue ........ 101
5.2.2 Besluitneming deur hele proses ........ 106
5.2.3 Behoeftebepaling weerspieël die gemeenskap se behoeftes ........ 108
5.2.4 Betrokkenheid by beplanning ........ 110
5.2.5 Betrokkenheid by uitvoering ........ 114
5.2.6 Betrokkenheid by evaluasie ........ 117

5.2.7 Gevolgtrekking: Deelname ..... 121
5.3 DIALOOG ..... 122
5.3.1 Gedeelde betekenis ..... 123
5.3.2 Luisterproses ..... 126
5.3.3 Tweerigtingkommunikasie ..... 127
5.3.4 Interpersoonlike kommunikasie ..... 131
5.3.5 Gevolgtrekking: Dialoog ..... 134
5.4 KULTURELE SENSITIWITEIT ..... 135
5.4.1 Begrip vir diversiteit van die gemeenskap ..... 135
5.4.2 Gevolgtrekking: Kulturele sensitiwiteit ..... 140
5.5 BEMAGTIGING TOT SELFONDERHOUDING ..... 140
5.5.1 Inheemse kennis ..... 141
5.5.2 Maak staat op bestaande hulpbronne ..... 143
5.5.3 Selfbestuur ..... 145
5.5.4 Gevolgtrekking: Bemagtiging tot selfonderhouding ..... 146
5.6 GEMEENSKAPSONTWIKKELING ..... 146
5.6.1 Volhoubare en langtermynontwikkeling vir die gemeenskap ..... 147
5.6.2 Beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap ..... 150
5.6.3 Gevolgtrekking: Gemeenskapsontwikkeling ..... 152
5.7 OPSOMMING ..... 153

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS ..... 154

6.1 INLEIDING ..... 154
6.2 BEANTWOORDING VAN NAVORSINGSVRAE ..... 154
6.2.1 Spesifieke navorsingsvraag 1 ..... 154
6.2.1.1 Beantwoording van navorsingsvraag 1 ..... 155
6.2.1.1.1 Deelname ..... 155
6.2.1.1.2 Dialoog ..... 156
6.2.1.1.3 Kulturele sensitiwiteit ..... 157
6.2.1.1.4 Bemagtiging tot selfonderhouding ..... 157
6.2.1.1.5 Gemeenskapsontwikkeling ..... 158
6.2.1.2 Gevolgtrekking ..... 158
6.2.2 Spesifieke navorsingsvraag 2 ..... 159
6.2.2.1 Beantwoording van navorsingsvraag 2 ..... 159
6.2.2.1.1 Deelname ..... 159
6.2.2.1.2 Dialoog ..... 160

6.2.2.1.3 Kulturele sensitiwiteit ........................................161
6.2.2.1.4 Bemagtiging tot selfonderhouding.......................162
6.2.2.1.5 Gemeenskapsontwikkeling ................................162
6.2.2.2 Gevolgtrekking .....................................................................163
6.2.3 Spesifieke navorsingsvraag 3 .............................................................163
6.2.3.1 Beantwoording van navorsingsvraag 3...................................163
6.2.3.1.1 Deelname .........................................................163
6.2.3.1.2 Dialoog .............................................................164
6.2.3.1.3 Kulturele sensitiwiteit ........................................165
6.2.3.1.4 Bemagtiging tot selfonderhouding.......................166
6.2.3.1.5 Gemeenskapsontwikkeling ................................166
6.2.3.2 Gevolgtrekking .....................................................................167
6.3 BEANTWOORDING VAN ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG............................167
6.3.1 Deelname ..............................................................................................167
6.3.2 Dialoog...................................................................................................168
6.3.3 Kulturele sensitiwiteit.............................................................................169
6.3.4 Bemagtiging tot selfonderhouding .........................................................170
6.3.5 Gemeenskapsontwikkeling.....................................................................170
6.3.6 Algemene gevolgtrekking .......................................................................170
6.4 AANBEVELINGS VIR DEELNEMENDE KOMMUNIKASIE..................................171
6.4.1 Deelname ..............................................................................................171
6.4.2 Dialoog...................................................................................................171
6.4.3 Kulturele sensitiwiteit.............................................................................172
6.4.4 Bemagtiging tot selfonderhouding .........................................................172
6.4.5 Gemeenskapsontwikkeling.....................................................................173
6.5 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE STUDIE .................................................173
6.6 OPSOMMING.........................................................................................................174

## BYLAAG

ADDENDUM A: PORTEFEULJES VAN DIE SJGD SE UITVOERENDE KOMITEE...175
ADDENDUM B: UITVOERENDE BESTUUR VAN DIE SJGD – WOMEN OF WORTH-KOMITEE, AKADEMIESE STUDENTEVERENIGINGS EN ONDERLIGGAME ...................................................................182
ADDENDUM C: FUNKSIONERINGSKATEGORIEË EN ONTWIKKELINGSPROJEKTE VAN DIE SJGD ...............................................................................185
ADDENDUM D: PERSONE MET WIE ONDERHOUDE GEVOER IS........................198

## LYS VAN FIGURE

Figuur 1: Organigram van die SJGD ....49
Figuur 2: Die SJGD se vierkwadrantepuntesisteem ....63
Figuur A: SJGD se ou logo ....176
Figuur B: SJGD se nuwe logo ....176

## LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Navorsingsvrae en –metodes ....72
Table 2: Rigtinggewende argument ....72
Tabel 3: Teoretiese stellings ....73
Tabel 4: Konsepte en konstrukte ....74
Tabel 5: Operasionele definisies van konstrukte ....75
Tabel 6: Dokumentanalise ....79
Tabel 7: Onderhoudskedule ....89
Tabel D1: Onderhoudskedule met plek, datum en tyd ....198
Tabel D2: Onderhoudskedule aanpassings ....200

## LYS VAN TEORETIESE STELLINGS

Teoretiese stelling 1: Deelname ....32
Teoretiese stelling 2: Dialoog ....33
Teoretiese stelling 3: Kulturele sensitiwiteit ....35
Teoretiese stelling 4: Bemagtiging tot selfonderhouding ....35
Teoretiese stelling 5: Gemeenskapsontwikkeling ....36

BRONNELYS ....201

SJGD: TOESTEMMINGSBRIEF VIR NAVORSINGSSTUDIE

BRIEF VAN DIE TAALVERSORGER

PLAGIAATVERKLARING

# HOOFSTUK 1

## 1.1 INLEIDING EN PROBLEEMSTELLING

Die Studente-JOOL-gemeenskapsdiens (SJGD) is die geregistreerde nieregerings-organisasie (NRO) van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit (NWU-Pukke). Tydens ŉ internasionale jeugkongres gehou in 2006 het die jeugverteenwoordiger van Suid-Afrika in die Verenigde Nasies, René Taylor, verduidelik dat die SJGD, in samewerking met Jool (Jou Onbaatsugtige Opoffering vir Liefdadigheid) as studenteraadsportefeulje, die grootste studentegedrewe liefdadigheidsorganisasie van sy soort in die wêreld is (Erasmus, 2008:4; Stidworthy, 2010). Hierdie werksaamhede vind egter nie in ŉ geïsoleerde universitêre konteks plaas nie, maar binne ŉ breër wetgewende en beleidsraamwerk. Meer spesifiek funksioneer hoëronderwysinstellings betreffende hul gemeenskapsdiens binne die raamwerk van die Witskrif op Hoër Onderwys (SA, 1997) wat gemeenskapsbetrokkenheid as een van die kerntake van hoëronderwysinstellings interpreteer.

Die SJGD is ŉ NRO met die doel om hoofsaaklik ander geregistreerde NRO's te ondersteun in die Potchefstroomse omgewing van die Tlokwe munisipaliteit. In die beleid van die SJGD word beklemtoon dat die organisasie spesifiek op NRO's fokus. Indien ŉ projek nog nie as NRO geregistreer is nie, moet dit wel geregistreer word. Die SJGD ondersteun egter ook enkele andersoortige organisasies soos byvoorbeeld skole in dieselfde omgewing (Stidworthy, 2010). Die organisasie is tans betrokke by 87 projekte en fokus op volhoubaarheid, bemagtiging en gemeenskapsverbintenis (Stidworthy, 2010). Die SJGD is op ŉ weeklikse basis aktief betrokke in Potchefstroom en die omliggende gebiede met die doel om aan soveel moontlike behoeftes in die gemeenskap aandag te gee (Stidworthy, 2010). Meer spesifiek, kan die SJGD se fokus in vier kategorieë geplaas word, naamlik vroeëkinderontwikkeling, kinder- en jeugontwikkeling (laer- en hoërskole), kwesbare jeug en volwassenes, en uitreike.

Die SJGD is daarom betrokke by programme wat fokus op vroeëkinderontwikkeling; persone met fisiese en psigiese gestremdhede; die bemagtiging van vroue; mense geïnfekteer en geaffekteer deur MIV/Vigs; leierskapsontwikkeling; voorkoming van alkohol- en dwelmmisbruik; kurrikulumontwikkeling; herwinning; hoër- en laerskoolleerlinge se geestelike, emosionele, psigiese en fisiese ontwikkeling; ŉ voedingskema; die ondersteuning van ouer/bejaarde persone; kreatiwiteitsontwikkeling en fondswerwingsprojekte. Die SJGD fokus veral op die bewusmaking van die bestaande hulpbronne van die betrokke ontwikkelingsprojekte, asook om die projekte se belangegroepe te bemagtig om in die

toekoms selfonderhoudend te kan wees (Stidworthy, 2010). Die SJGD is ook betrokke by verskeie organisasies soos Die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA), *Students in free enterprise* (SIFE), *Rotary International*, *Golden Key International Honour Society*, Aardklop-Pols en nog baie meer.

Die organisasie het egter nie altyd in sy hedendaagse vorm bestaan nie. Die Studente-Gemeenskapsdiens (SGD) is in 1979 deur die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO – tans bekend as die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus) gestig (Degenaar, 1996:41). Degenaar (1996:38) verduidelik dat wanneer die taak van die universiteit in 'n ontwikkelende land geanaliseer word, toenemende klem geplaas word op gemeenskapsdiens asook op die grotere betrokkenheid by die omgewing (letterlik die natuur) sowel as die plaaslike gemeenskap waarin mense funksioneer (Degenaar, 1996:38). Volgens Windell (2005) en Masiea (2005) aangehaal deur Jansen van Rensburg (2007:62) bestaan die NWU se kerntake nie alleen uit navorsing en onderrig nie, maar sluit dit ook gemeenskapsdiens in vir beide studente en personeel. Die SJGD het daarom destyds aan die studente die geleentheid gebied om deel te neem aan naastediens (Degenaar, 1996:56). Studente kon hulle dus beywer om in die gemeenskap diensbaar te wees en die sosiale betrokkenheid van die universiteit uit te leef by wyse van SJGD se verskillende progjekte (Degenaar, 1996:40).

Die naam van die organisasie het in 1992 na die Studente-JOOL-gemeenskapsdiens (SJGD) verander (Cilliers 1992, aangehaal deur Degenaar, 1996:56). Degenaar (1996:56) verduidelik verder dat die SJGD vanaf 1993 steeds volstoom met sy aksies voortgegaan het en dat die organisasie probeer het om meer betrokke te wees by die gemeenskap deur in vennootskappe met Jool en die sosiale betrokkenheidsprogramme van die universiteit te staan. Die SJGD is vandag steeds 'n unieke NRO wat hom beywer vir volhoubare ontwikkeling in die plaaslike gemeenskap waarin mense funksioneer (Stidworthy, 2010).

Kane (1990:14-15) identifiseer drie eienskappe van NRO's soos die SJGD, wat hulle in staat stel om ontwikkeling in gemeenskappe mee te bring. Ten eerste is dit privaat opgerig. Ten tweede moet dit 'n niewinsgewende organisasie wees wat 'n 'vrywillige bydrae' en welwillendheid verseker deur ontwikkeling te ondersteun. Ten derde verduidelik Kane dat 'n NRO 'n selfbesturende organisasie is wat ontwikkelingsaksies nie net ondersteun nie, maar ook bestuur en organiseer.

In 'n multi-sektoralebenadering tot ontwikkeling word NRO's, in samewerking met die regering en die korporatiewe sektor as belangrike rolspelers in die aanspreek van ontwikkelingskwessies beskou (Chaplan *et al.*, 2001: 2-26). Binne die multi-sektorbenadering word geargumenteer dat ontwikkelingskwessies, en die

ontwikkelingskonteks waarin dit voorkom só kompleks is, dat nie een van die bogenoemde sektore oor die vermoë beskik om dit alleen aan te spreek nie. Daar word verder geargumenteer dat elkeen van hierdie drie sektore oor unieke sterkpunte beskik wat tot voordeel van ontwikkeling gebruik kan word, terwyl hulle onderskeie sterkpunte vergoed vir swakpunte in die ander sektore. Op grond van die kompleksiteit van ontwikkeling word daar dus in hierdie benadering geredeneer dat die regering, korporatiewe sektor en NRO's moet saamspan om ontwikkelingskwessies aan te spreek en sodoende tot volhoubare ontwikkeling by te dra.

SJGD is 'n baie goeie voorbeeld van hoé kompleks die ontwikkelingskonteks is – SJGD is self 'n NRO wat ander NRO's ondersteun, self ontwikkelingsprogramme aanpak, met donateurs skakel en met ander organisasies saamwerk. Kommunikasie binne die SJGD is verder uiters kompleks, soos wat in hoofstuk 3 bespreek word, aangesien daar 'n groot aantal rolspelers en belangegroepe betrokke is, wat koördinering en deelnemende kommunikasie bemoeilik.

Die SJGD is onafhanklik van die regering en privaat gestig deur die universiteit (Stidworthy, 2010). Volgens Stidworthy (2010) probeer die SJGD om welwillendheid in die betrokke ontwikkelingsprojekte aan die gemeenskap te bied. Die SJGD is 'n organisasie wat deur studente bestuur word en wat poog om ontwikkelingsaksies te ondersteun en voldoen dus aan al die eienskappe van 'n NRO. Dit is daarom ook belangrik dat SJGD saamwerk met verskeie instansies ander NRO's asook met die regering en die korporatiewe sektor, om die betrokke gemeenskap te ondersteun. Gegewe die kompleksiteit van ontwikkelingskwessies en die ontwikkelingskonteks, kan die SJGD nie alleen probeer om hierdie kwessies aan te spreek nie.

Die SJGD as NRO probeer om ontwikkeling in die plaaslike gemeenskap volhoubaar te maak en daarom is kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van ontwikkelingsprojekte wat deur die SJGD ondersteun word, uiters belangrik (Herbst, 2010). Hierdie kommunikasie vind uiteraard plaas in 'n ontwikkelingskonteks. Die SJGD kommunikeer op 'n weeklikse basis met die verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte en verwys na die verteenwoordigers as 'skakelpersone'. Die navorser gebruik in hierdie studie eerder die term 'verteenwoordigers', omdat dit die relevante term is vir die studie en vir die kommunikasievakgebied.

Sedert die laat 1940s is verskeie benaderings tot ontwikkelingskommunikasie voorgehou en nagevolg. Servaes (1995:40-47) asook Mefalopulos en Grenna (2004:25-27) lê klem op die verskillende modelle en benaderings wat verband hou met ontwikkelingskommunikasie. Dit sluit onder meer die moderniseringsbenadering, die afhanklikheidsbenadering, die basiese-

behoefte-benadering en die veelvuldige benadering in, wat aanleiding tot die deelnemende benadering gegee het.

Die deelnemende benadering word tans, volgens Reason (2005:2), as die norm beskou vir ontwikkelingskommunikasie. Servaes en Arnst (1999:116) beklemtoon dat ontwikkeling en deelname geensins in afsondering van mekaar kan bestaan nie. Volgens Rahim (1994: 118-19) het elke persoon sy of haar eie denke, idees en opinies voordat hulle die ontwikkelingsisteem betree. Elke individu kan hom-/haarself ontdek deur deelname in groepe en deur bewuswording van hoe ontwikkeling werk en wat hulle rolle in die proses is. Ontwikkeling word daarom nie net meer as ŉ einddoel beskou nie, maar eerder gesien as ŉ leerproses wat by wyse van dialogiese deelname vergemaklik kan word.

Tufte en Mefalopulos (2009:5) verduidelik dat deelname ŉ belangrike aspek in ontwikkelingsprojekte is. Reason (2005:3) beklemtoon dat dit nie net na metodes verwys nie, maar dat individualiteit in enige samelewing en die gemeenskap ook herken moet word. Volgens hierdie sienswyse kan mense in ŉ sekere mate hulle eie probleme oplos en daarvoor is deelname belangrik vir die ontwikkelingsproses (Servaes, 1995:45). Dit sou beteken dat deelname ook ŉ bemagtigingsproses veronderstel. Servaes (1995:47) kom daarom tot die gevolgtrekking dat deelname kan verwys na selfbestuur en met ander woorde selfonderhouding, wat die mees gevorderde vorm van deelname is.

Gegewe hierdie beskrywings argumenteer Rahim (1994:120) dat die deelnemende benadering sowel as die kommunikasie wat met dié benadering gepaard gaan, belangrik is om ontwikkeling in enige gemeenskap teweeg te bring. Thomas (1994:53) verduidelik dat werklike deelname verder ook alle fases van kommunikasie insluit, hetsy interpersoonlik, gebaseerd op die massamedia of gebaseerd op die tradisionele media. Deelnemende kommunikasie is noodsaaklik en vorm dus die basis van gemeenskapsbemagtiging, waardeur die gemeenskapslede bemagtig word om hulself te ontwikkel (Thomas, 1994:49; Mefalopulos & Grenna, 2004:27). Die veronderstelling is dat daar geen gemeenskap sonder kommunikasie is nie en geen kommunikasie sonder die betrokke gemeenskap nie (Rahim, 1994:120). Ontwikkelingskommunikasie word binne die deelnemende benadering gedefinieer as ŉ 'dialooggebaseerde' proses wat deur die gebruik van strategiese kommunikasiebenaderings, -metodes en -tegnologieë poog om sosiale verandering mee te bring (Mefalopulos & Grenna, 2004:25).

In die lig van hierdie argument behoort die SJGD as studentegedrewe en unieke NRO daarom te probeer om op ŉ deelnemende wyse met die verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte wat hulle ondersteun, te kommunikeer sodat die verteenwoordigers

direk betrokke kan raak by hulle eie ontwikkelingsproses en hulself te kan bemagtig tot selfonderhouding.

Die SJGD ervaar egter tans probleme met die kommunikasie tussen hulle en die betrokke gemeenskap (Stidworthy, 2010). Volgens Stidworthy (2010) asook die SJGD Adviesraad is die gemeenskap nie ten volle bewus van wat die SJGD as NRO doen nie en daarom word daar glo dikwels verkeerde aannames oor die SJGD en watter dienste hulle aan die ontwikkelingsprojekte kan lewer, gemaak. ’n Goeie kommunikasieverhouding tussen die SJGD en die betrokke ontwikkelingsprojekte is van kardinale belang om hul gemeenskaplike doelwit, naamlik ontwikkeling, te bereik. Hierdie studie veronderstel dat die deelnemende benadering die nodige kommunikasieraamwerk skep waarbinne dialoog oor betekenisvolle ontwikkeling tussen die SJGD en hulle betrokke ontwikkelingsprojekte kan geskied ten einde ontwikkeling mee te bring. Hierdie studie fokus spesifiek op die vroeëkinder-ontwikkelingskategorie van SJGD se ontwikkelingsprojekte.

Die algemene navorsingsvraag wat hieruit voortspruit is: *Wat is die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat deur hulle ondersteun word?*

## 1.2 SPESIFIEKE NAVORSINGSVRAE

Om die algemene navorsingsvraag te beantwoord, word die volgende spesifieke navorsingsvrae gestel:

1.2.1 Wat is die beginsels van deelnemende kommunikasie, volgens die literatuur?

1.2.2 Watter beginsels van deelnemende kommunikasie is teenwoordig in die SJGD se kommunikasie met verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte?

1.2.3 Wat is die indruk van die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte van die kommunikasie tydens die SJGD se ontwikkelingsprojekte?

## 1.3 SPESIFIEKE NAVORSINGSDOELWITTE

1.3.1 Om te bepaal wat die beginsels van deelnemende kommunikasie volgens die literatuur is.

1.3.2 Om deur middel van deelnemer-waarneming, semigestruktureerde onderhoude en kwalitatiewe inhoudsanalise te bepaal watter beginsels van deelnemende

kommunikasie teenwoordig is in die SJGD se kommunikasie met verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

1.3.3 Om deur middel van semigestruktureerde onderhoude en deelnemer-waarneming te bepaal wat die indruk is van beide die SJGD en die verteenwoordigers van die kommunikasie tydens die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

## 1.4 RIGTINGGEWENDE ARGUMENT

Die deelnemende benadering word tans as die norm in ontwikkelingskommunikasie in ontwikkelingsprojekte gesien (Reason, 2005:2). Deelname is belangrik vir ontwikkelingsprojekte en veronderstel 'n dialooggebaseerde bemagtigingsproses (Tufte & Mefalopulos, 2009:5; Servaes, 1995:47; Rahim*,* 1994:120; Thomas, 1994:53). Die deelnemende benadering saam met die deelnemende kommunikasie wat dit veronderstel, is relevant vir die studie oor die SJGD as NRO. Die SJGD se doelwit is om ontwikkelingsprojekte te ondersteun om volhoubaar te wees. Sonder deelnemende kommunikasie kan ontwikkeling en volhoubaarheid in die betrokke ontwikkelingsprojekte gerealiseer word nie. Die SJGD, as NRO, moet probeer om op 'n deelnemende wyse met die lede van die gemeenskap te kommunikeer, sodat die gemeenskap direk betrokke is by die betrokke ontwikkelingsprojekte en so hulself tot selfonderhouding bemagtig. Spesifieke teoretiese stellings kom in hoofstuk 2 aan die orde.

## 1.5 NAVORSINGSBENADERING EN -METODES

Om die navorsingsdoelwitte te bereik, is die volgende metodes vir navorsing gebruik:

### 1.5.1 Kwalitatiewe navorsingsbenadering

Die hooffokus van die kwalitatiewe benadering tot kommunikasienavorsing is om kommunikasieverskynsels te interpreteer en om begrip van kwalitatiewe aspekte daarvan te verkry (Du Plooy, 2009:30). Volgens Du Plooy (2009:88) word die kwalitatiewe navorsingsbenadering gebruik wanneer waardes, behoeftes of eienskappe van individue, groepe, gemeenskappe, organisasies of boodskappe ondersoek word. Die doelstellings van dié benadering is om navorsingstemas en -aspekte te ondersoek waar daar gewoonlik min beskikbare inligting is (Du Plooy, 2009:88-90; Struwig & Stead, 2001:4-20).

Die benadering is daarom gepas vir die studie, omdat weinig inligting oor kommunikasiepatrone tussen die SJGD en verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte beskikbaar is. Daar is dus nog min begrip vir die wyse

waarop kommunikasie tussen die organisasie en die verteenwoordigers geskied om die ontwikkelingsprojekte te bemagtig. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering lê ook eerder klem op interpretasie en daarom is hierdie aard van die benadering ideaal vir hierdie studie. Hierdie navorsingsbenadering stel die navorser in staat om in-diepte ondersoek oor kommunikasiepatrone binne SJGD te doen en met begrip en kennis die verskynsel aan te spoor. Die metodes wat in dié kwalitatiewe benadering gebruik is om inligting te bekom, sluit onder andere deelnemer-waarneming en semigestruktureerde onderhoude in, sowel as 'n kwalitatiewe inhoudsanalise om die inligting te analiseer (Du Plooy, 2009:88-90). Die buigsaamheid van die kwalitatiewe navorsingsbenadering het dit ook vir die navorser moontlik gemaak om tydens die waarneming sekere navorsingsdoelwitte te kon aanpas of te verander (Du Plooy, 2009:89-90). Die voordeel van hierdie benadering is dat die navorser nie beperkte 'grense' gehad het nie en die navorsingsdoelwitte kon aangepas word soos wat die navorser die inligting bekom het.

### 1.5.2 Literatuurstudie

Vir die doeleindes van hierdie studie is verskeie bronne geraadpleeg. Boeke en akademiese artikels met inligting oor verskeie benaderings in ontwikkelingskommunikasie, navorsingsmetodes, nieregeringsorganisasies en deelnemende kommunikasie is gebruik. Heelwat inligting is op die internet gevind, soos opleidingsgidse en aanbiedinge deur NRO's ten opsigte van hulle funksionering en die belangrikheid van kommunikasie in hierdie tipe werksomgewing. Verhandelinge van magistergraadstudente is gebruik om agtergronds-inligting aangaande die SJGD en die universiteit se gemeenskapsdiensprogramme te verkry.

Mondelinge mededeling van die SJGD-voorsitter en die SJGD se vergaderingsnotules is ge-analiseer om inligting aangaande die SJGD as NRO te kry. Soekenjins soos Aardvark en akademiese databasisse soos EBSCHO Host en EMERALD is gebruik om inligting oor die SJGD, die NRO's en deelnemende kommunikasie te verkry. Na afloop van 'n Nexus-soektog is geen bronne verkry oor spesifiek die SJGD ('n studentegedrewe NRO) as NRO nie, maar wel baie inligting oor wat NRO's is en watter soort werksaamhede hulle verrig. Daar is weinig inligting beskikbaar oor die SJGD se kommunikasiepatrone en die beginsels wat die organisasie ten doel stel om die plaaslike gemeenskap se volhoubare ontwikkeling te bewerkstellig. Daarom is hierdie studie van belang, aangesien die SJGD self 'n NRO is wat ander ontwikkelingsprojekte ondersteun om bemagtig te word tot selfonderhouding ten einde volhoubare ontwikkeling teweeg te bring.

Verskeie bronne is egter gevind wat handel oor deelnemende kommunikasie (Rahim, 1994; Thomas, 1994; Servaes & Arnst, 1999; Tufte & Mefalopulos, 2009) en daarom is hierdie

studie belangrik, aangesien studies oor die SJGD as NRO en die kommunikasie wat tans gebruik word in hulle ontwikkelingsprojekte, nie bestaan nie. Die studie is daarom, in die subdissipline van ontwikkelingskommunikasie, tematies aktueel en ook uniek van aard.

### 1.5.3 Empiriese studie

Die empiriese komponent van die studie fokus op die volgende:

#### *1.5.3.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise*

Inhoudsanalise is die analise van geskrewe dokumente (Devi, 2009:5). Kwalitatiewe inhoudsanalise sluit enige soort analise in waar die kommunikasie-inhoud (byvoorbeeld onderhoude, waarneming en geskrewe dokumente) deur die navorser ondersoek en beskryf word (Devi, 2009:5). Kwalitatiewe inhoudsanalise begin gewoonlik by die beginfases van inligting-insameling (Zhang & Wildemuth, 2009b:2). Kwalitatiewe inhoudsanalise lê meer klem op die unieke beskrywings van situasies en gebeurtenisse eerder as op die statistiese inhoud van konsepte (Zhang & Wildemuth, 2009b:5). Devi (2009:6) verduidelik dat kwalitatiewe inhoudsanalise op interpretasie, kontekstualisering en die verstaan van respondente se perspektiewe en ervaringe fokus. Die navorser se rol fokus dus op persoonlike betrokkenheid by en empatie met die verteenwoordigers van die betrokke ontwikkelingsprojekte (Devi, 2009:7).

Kwalitatiewe inhoudsanalise was gepas vir dié studie, aangesien die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte aan die hand van deelnemende kommunikasie geëvalueer en beskryf is. Die SJGD se beleidsdokumente en ander relevante dokumente wat verband hou met hulle kommunikasie met die gemeenskap en met verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte is eerstens ondersoek. Daarna is transkripsies van semi-gestruktureerde onderhoude verder ondersoek en geïnterpreteer ten einde inligting te bekom oor die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die projekte.

#### *1.5.3.2 Deelnemer-waarnemerverslaggewing*

Deelnemer-waarneming kan beskryf word as die kwalitatiewe navorsingsmetode wat alledaagse gebeure ondersoek in ŉ sekere gemeenskap of situasie (Strydom, 2002:276; Mack *et al.,* 2005:13). Die spesifieke rol van die navorser hang van die vorm van deelname af, byvoorbeeld om glad nie deel te neem nie of om volle deelname tydens die waarneming te toon (Strydom, 2002:277). Die navorser word as die instrument beskou wat inligting so te sê absorbeer deur te luister, waar te neem en notas te neem (Strydom, 2002: 277). Volgens Mack *et al*. (2005:14) is deelnemer-waarneming noodsaaklik om inligting te bekom omtrent die verhoudinge tussen mense en die fisiese, sosiale, kulturele en ekonomiese kontekste

waarin die deelnemers funksioneer. Strydom (2002:277) beklemtoon dat die waarnemingsituasie so natuurlik as moontlik moet geskied.

Om as deelnemer-waarnemer op te tree in die betrokke studie was heel gepas, aangesien die interaksies van die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte op ’n natuurlike wyse waargeneem kon word. Sodoende kon die navorser inligting oor die vorm van kommunikasie wat gebruik word, bekom. Dit was ideaal om in die betrokke studie as navorser sowel te kon deelneem as om te kon waarneem. As deelnemer-waarnemer het die navorser verskillende programme van verskeie vroeëkinderontwikkelingsprojekte van die SJGD besoek en vergaderings van die uitvoerende komitee en die adviesraad bygewoon.

#### *1.5.3.3 Semigestruktureerde onderhoude*

Onderhoudvoering is ’n kwalitatiewe manier van navorsing aangesien dit diepgaande inligting van die betrokke situasie genereer (Du Plooy, 2009:198). Semigestruktureerde onderhoudvoering is die algemeenste in kwalitatiewe navorsing wat uit gestandaardiseerde vrae of uit sekere temas bestaan (Du Plooy, 2009:198; Sanchez, 2006:1). Dit verskil egter van gestruktureerde onderhoude in dié sin dat die navorser vrae kan aanpas en opvolgvrae kan vra tydens die onderhoud (Du Plooy, 2009:198). Die voordeel van dié soort onderhoud is dat die navorser of onderhoudvoerder die betrokke verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte kan konsulteer en raadpleeg, terwyl die deelnemers ook ander temas op die tafel kan plaas as wat die navorser verwag het (Du Plooy, 2009:198).

Semigestruktureerde onderhoude was gepas vir die studie, aangesien die kommunikasie-verhoudinge en -ervaringe van sowel die SJGD as die verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte ondersoek is. ’n Beskrywing en interpretasie van die SJGD se mate van deelnemende kommunikasie met die verteenwoordigers van projekte kon geskied deur dié soort onderhoude. Gestruktureerde onderhoudskedules is eerstens opgestel waarna persoonlike of telefoniese onderhoude gevoer is. Vir hierdie studie is onderhoude met die SJGD-voorsitter, lede van die adviesraad, lede van die uitvoerende komitee, projekleiers, die SJGD se konsultante en huiskomiteelede gevoer om te bepaal wat die SJGD se siening van die kommunikasie is. Daar is ook semigestruktureerde onderhoude met verskeie verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte gevoer om hulle sieninge van die kommunikasie te kon bepaal. Aangesien die kwalitatiewe navorsingsbenadering meer buigsaam is as kwantitatiewe navorsing, was dit moontlik om tydens die onderhoude vrae te kon aanpas en byvoeg (Du Plooy, 2009:90; Sanchez, 2006:1). Voorafopgestelde vrae kon daarom aangepas word tydens die onderhoude om

sodoende die akkuraatste vorm van inligting te bekom en ook om die vertroue en interaksie met die verteenwoordigers van ontwikkelingsprojekte te kon bevorder.

## 1.6 HOOFSTUKINDELING

In **hoofstuk 1** is die agtergrond van NRO's, die SJGD en die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie bespreek. Daar is ook gekyk na die probleemstelling — die SJGD se deelnemende kommunikasie met die betrokke verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte. Na afloop van bogenoemde is navorsingsvrae en doelstellings wat betrekking op die studie het, geïdentifiseer.

**Hoofstuk 2** fokus op besprekings van ontwikkelingskommunikasie en verskeie benaderings tot dié soort kommunikasie asook die deelnemende benadering wat as norm beskou word. Deelname en deelnemende kommunikasie wat uiters belangrik is vir volhoubare ontwikkeling in gemeenskappe word bespreek en die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie, wat relevant is vir kommunikasie tussen die SJGD en verteenwoordigers, word ook onder die loep geneem.

Die SJGD as NRO word in **hoofstuk 3** bespreek en fokus op die funksionering van hierdie NRO en sy betrokkenheid by sekere ontwikkelingsprojekte in en om Potchefstroom. Die agtergrond van die SJGD se betrokke ontwikkelingsprojekte word bespreek en hulle behoeftes word uitgelig. Die SJGD se dokumentasie, wat betrekking het op die ontwikkelingsprojekte en hulle kommunikasiebeleide, word ook beskryf.

In **hoofstuk 4** word die onderskeie navorsingsmetodes wat gebruik is in hierdie studie bespreek. Dit sluit besprekings in oor die kwalitatiewe benadering se gepastheid vir die huidige studie en die spesifieke metodes wat gebruik is om die navorsingstema te ondersoek.

Die resultate en bevindinge van die studie word in **hoofstuk 5** geanaliseer en bespreek.

Die laaste hoofstuk, **hoofstuk 6,** is 'n samevattende hoofstuk waarin gevolgtrekkings gemaak word en navorsingsvrae beantwoord word.

## 1. 7 OPSOMMING

Die doel van hierdie studie was om te bepaal wat die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte is. Deelnemende kommunikasie wat afkomstig is vanuit die beginsels van kommunikasie binne die deelnemende benadering, is van kardinale belang vir volhoubare ontwikkeling in enige gemeenskap. Die betrokke beginsels van die deelnemende benadering saam met horisontale en afwaarts–opwaartse kommunikasiekanale is belangrik vir die volhoubaarheid van ontwikkelingsprojekte en die bemagtiging van die betrokke gemeenskap.

Hierdie hoofstuk is die inleidingshoofstuk van die betrokke kommunikasiestudie wat gedoen is oor die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinderontwikkelingsprogramme. Die volgende hoofstuk fokus op die belangrikheid van deelnemende kommunikasie, ontwikkelingskommunikasie en die verloop van verskeie benaderings wat hulle weg gebaan het tot die deelnemende benadering en deelnemende kommunikasie wat tans as norm vir ontwikkelingskommunikasie gesien word.

# HOOFSTUK 2

# DEELNEMENDE BENADERING TOT ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

## 2.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is voorgestel dat die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie die geskikste benadering vir kommunikasie tussen die SJGD en verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte is. Verder is beklemtoon dat die deelnemende benadering en die gepaardgaande kommunikasie noodsaaklik is vir gemeenskapsontwikkeling en -bemagtiging.

Die deelnemende benadering as ŉ ontwikkelingskommunikasiebenadering, kan gebruik word om deelname in verskeie gemeenskapsontwikkelingsprogramme te bevorder (Boafo, 2007:2; Muńiz, 2010:1). Navorsers soos Bagadion en Korten (1985), Shepherd (1998) en Uphoff (1985) het by wyse van navorsing bevind dat die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie meer doeltreffend tydens gemeenskapsontwikkelingsprogramme is (Bagadion & Korten, 1985:73-112; Rogers, 2008:8; Shepherd, 1998:1-268; Uphoff, 1985:467-511).

In hierdie hoofstuk word die betekenis van ontwikkelingskommunikasie ondersoek en word die verskillende benaderings van ontwikkelingskommunikasie bespreek. Die historiese aanloop van onderskeidelik die moderniserings-, die afhanklikheids-, die basiese-behoefte- en die veelvuldige benaderings word daarom uiteengesit. Ten slotte word die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie bespreek, aangesien hierdie benadering die nodige riglyne tot deelnemende kommunikasie vir die SJGD kan aandui.

## 2.2 ONTWIKKELINGSKOMMUNIKASIE

Die basiese aanname van hierdie studie is dat ontwikkeling in gemeenskappe bevorder kan word deur ontwikkelingskommunikasie vanuit ŉ deelnemende benadering.

Rahim (1994:117-18) verduidelik dat kundiges beklemtoon dat ontwikkelingskommunikasie ŉ klimaat moet skep waar ontwikkelingsprogramme doeltreffend uitgevoer kan word. Dit is nodig om seker te maak presies wat die konsep 'ontwikkeling' behels, voordat enige doeltreffende ontwikkeling kan plaasvind. Voordat individue nie self kan beskryf en besluit wat 'ontwikkeling' vir hulle beteken of behels nie, kan ontwikkeling as sodanig nie plaasvind

nie. Om presies vas te stel wat 'ontwikkeling' veronderstel, moet daarom eerstens deur die mense van die betrokke land of gemeenskap self ondersoek word, aangesien eksterne betekenisse en invloede slegs ontwikkeling kan aanhelp maar dit nie mag oorheers nie (Rahim, 1994:118; Thomas, 1994:49; Bessette, 2004:1-9). Die vraagstuk van betekenis- en waardeproduksie ten opsigte van wat presies ontwikkeling behels, moet daarom juis deur ontwikkelingskommunikasie aangemoedig word deurdat individue of gemeenskapslede bespreek wat hulle ontwikkelingsbehoeftes is en op watter wyses dit moontlik benader kan word (Rahim, 1994:119).

Die SJGD behoort daarom 'n bydrae te lewer tot betekenisskepping van volhoubare ontwikkeling én behoort ook die proses in die gemeenskap te ondersteun. So word die betrokke gemeenskappe bemagtig en is hulle medeverantwoordelik vir hulle eie ontwikkeling.

### 2.2.1 Definisie en toepassing van ontwikkelingskommunikasie

Op grond van die bogenoemde inleidende bespreking word die rol van ontwikkelingskommunikasie tydens ontwikkelingsprojekte aangedui.

Daar is tans nie 'n algemene definisie vir ontwikkelingskommunikasie nie, maar die betekenis van ontwikkeling vanuit verskillende perspektiewe bepaal egter hoe ontwikkelingskommunikasie gedefinieer kan word deur verskillende benaderinge. In die breë kan ontwikkelingskommunikasie egter omskryf word as die sosiale kommunikasieverandering wat plaasvind in mense se lewens in veral ontwikkelende lande ten opsigte van die verbetering van hulle lewenskwaliteit (Jonker, 2001:19; Srampickal, 2006:3).

Ontwikkelingskommunikasie word binne hiérdie studie gedefinieer as 'n proses wat met dialoog gepaardgaan en wat gebruik word in kommunikasiebenaderings, -metodes en -tegnologieë om die doelwitte van sosio-ekonomiese, politieke en kulturele ontwikkeling te ondersteun (Mefalopulos & Grenna, 2004:25; Boafo, 2007:1). Kundiges op die gebied verwys na ontwikkelingskommunikasie as 'kommunikasie vir ontwikkeling' (Mefalopulos & Grenna, 2004:25; Thomas, 2005:56; Rogers, 2008:5). Origens kan ontwikkelingskommunikasie verwys na verskillende kommunikasiebenaderings in die ontwikkelingskonteks. Dus word ontwikkelingskommunikasie verskillend gedefinieer aangesien die beskouinge van ontwikkeling wel kan verskil.

In die vakgebied ontwikkelingskommunikasie bestaan daar daarom verskillende benaderinge, paradigmas, teorieë en modelle waarvolgens kommunikasie vir ontwikkeling en sosiale verandering aangewend kan word. Ontwikkelingskommunikasie word gesien as een

van die belangrikste soort kommunikasie wat gebruik word in regerings- en internasionale agentskappe soos byvoorbeeld NRO's (Thomas, 2005:56).

Ontwikkelingskommunikasie wat tydens ontwikkelingsprojekte aangewend word, behoort 'n proses te wees wat tussen gemeenskapslede in die vorm van tweerigtingkommunikasie te moet plaasvind. Die "ontwikkelaar" van hierdie tipe kommunikasie kom vanuit die plaaslike gemeenskap. Kommunikasie moet wel van die begin af (in die identifiseringsfase van prioriteite en doelwitte) van ontwikkelingsprojekte gebruik word en nie net tydens die beplannings- of toepassingsfase van ontwikkelingsprojekte nie, sodat daar 'n deurlopende proses van kommunikasie in ontwikkelingsprogramme geskied (Mefalopulos & Grenna, 2004:25).

Uit die genoemde definisie en toepassing van ontwikkelingskommunikasie kan afgelei word dat die SJGD as NRO deelnemend moet kommunikeer met die verteenwoordigers. Die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie kan as raamwerk vir die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte aangewend word. Volhoubare ontwikkeling kan deur 'n proses van deelnemende kommunikasie tussen die SJGD en verteenwoordigers van die betrokke ontwikkelingsprojekte bevorder word. In hierdie hoofstuk word die basiese beginsels van dié benadering ondersoek en krities bespreek.

Afgesien van die definiëring en toepassing van ontwikkelingskommunikasie volgens hierdie benadering, is die bespreking van die historiese agtergrond van ontwikkelingskommunikasie en sy benaderings ook belangrik vir hierdie studie. Volgens Rogers (in Mefalopulos, 2008:5) is dit belangrik om die historiese konteks van ontwikkelingskommunikasie te bestudeer, aangesien die teoretiese raamwerk van die vakgebied in sy geheel dan beter begryp kan word. Die historiese agtergrond word gegee om die deelnemende benadering in konteks te kan waardeer, aangesien dit as norm vir ontwikkeling beskou word.

Om dié rede word die historiese agtergrond, die basiese uitgangspunte van ontwikkeling, die rol van kommunikasie, en kritiek op die belangrikste benaderings tot ontwikkelings-kommunikasie in die volgende afdeling bespreek.

## 2.3 HISTORIESE AANLOOP VAN ONTWIKKELINGS-KOMMUNIKASIEBENADERINGS

Servaes (1995:40-47) asook Mefalopulos en Grenna (2004:25-27) verskaf 'n toereikende uiteensetting van die verskillende modelle en benaderings wat verband hou met ontwikkelingskommunikasie. Volgens hierdie outeurs sluit die vakdissipline

(ontwikkelingskommunikasie) die moderniserings-, afhanklikheids-, basiese-behoefte-, en veelvuldige benaderings in, asook die benadering wat relevant is vir dié studie, naamlik die deelnemende benadering. Hierdie benaderings het mekaar min of meer kronologies opgevolg as verskillende interpretasies of teorieë oor wat die konsep 'ontwikkeling' en die ondersteunende proses van kommunikasie behels. Dit beteken egter nie noodwendig dat elke nuwe benadering of denkskool bloot sy voorganger vervang het nie, aangesien elkeen teoretiese, maar dikwels ook praktykgerigte eienskappe van sy voorganger behou het.

In hierdie afdeling word die belangrikste eienskappe, kritiek en beginsels van elke benadering op so ŉ wyse bespreek dat die bydraes van al vyf die benaderings in die betrokke historiese tydperk beklemtoon word.

## 2.3.1 Moderniseringsbenadering

Daar is ŉ gevestigde gebruik van kommunikasie vir ontwikkelingsdoeleindes waar ontwikkelde lande 'onderontwikkeling' van ontwikkelde lande aanpak (Mefalopulos & Grenna, 2004:25). Die moderniseringsbenadering is die eerste benadering tot ontwikkelings-kommunikasie en staan daarom as die 'dominante paradigma' bekend (Bosch, 2009:34; Rogers, 2008:5; Servaes, 1995:40; Thomas, 2005:56). Dié benadering word as die dominante benadering vir ontwikkelingskommunikasie (van sy tyd) beskou en die lineêre (afwaartse-opwaartse) kommunikasiepatroon in sommige ontwikkelingsgevalle word steeds opgemerk.

### *2.3.1.1 Historiese agtergrond*

Die moderniseringsbenadering het sy oorheersende invloed gehad na afloop van die Tweede Wêreldoorlog (Rogers, 2008:6). Na die Tweede Wêreldoorlog (1939–45) het die Marshallplan, wat die heropbou en -konstruksie van Europa veronderstel het, die ekonomiese groeimodel van ontwikkeling vir ontwikkelingsteorie bevestig. Hierdie moderniseringsbenadering het van 1945 tot ongeveer 1965 ŉ oorheersende invloed gehad op wat as 'ontwikkeling' (deur die Westerse lande) beskou was (Servaes, 1995:40; Servaes & Malikhao, 2002:103).

Ontwikkelende lande het volgens die moderniseringsperspektief ŉ agterstand op ŉ Westerse (Amerikaanse) polities-ekonomiese sisteem gehad (Servaes, 1995:40). Westerse lande het ontwikkelende lande as tradisioneel en ekonomies onderontwikkeld beskou. Volgens Westerse sienswyses was sowel hiérdie probleme as die gebrek aan inligting in ontwikkelende lande ŉ bedreiging vir ontwikkelende lande se ontwikkeling (Mhagama, 2004:23). Ontwikkelende lande se ekonomie was, volgens die moderniseringsperspektief,

nie op dieselfde vlak as ontwikkelde lande (byvoorbeeld Amerika) nie. Ontwikkelende lande se kulturele tradisies was ook voorgehou as ŉ oorsaak van hulle agterstand en onderontwikkeling. Tradisionele gemeenskappe moes daarom 'gemoderniseer' of ontwikkel word volgens die ontwikkelde (Westerse) lande se standaarde en voorbeeld. Die uitdaging om ontwikkelende lande te ontwikkel was om hierdie lande sover te kry om in die voetspore van ontwikkelde lande te volg (Mefalopulos & Grenna, 2004:26).

#### *2.3.1.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling*

Die moderniseringsbenadering het ŉ groot invloed op verskeie aspekte van ontwikkeling gehad (Rogers, 2008:6). Hierdie aspekte sluit ekonomiese groei en tradisionele kulturele gewoontes van ontwikkelende lande in. Die moderniseringsbenadering se hooffokus vir ontwikkeling was op die ontwikkelende lande toegespits, aangesien hierdie lande se ekonomiese en kulturele sienswyses as onaanvaarbaar vir ontwikkeling beskou is (Servaes, 1995:40; Bosch, 2009:34). Vir ŉ geruime tyd is ontwikkeling as sinoniem met die ekonomie gesien en daarom is ontwikkeling gedefinieer as ekonomiese groei (Servaes, 1995:40; Servaes & Malikhao, 2002:103; Mefalopulos & Grenna, 2004:25; McPhail, 2009:3).

Modernisering het daarom vereis dat die gesofistikeerde tegnologieë asook die sosiopolitieke kulture van ontwikkelde of 'moderne' gemeenskappe na ontwikkelende of 'tradisionele' gemeenskappe 'oorgeplaas' moes word om ekonomiese groei en ontwikkeling in laasgenoemde gemeenskappe aan te spoor (Servaes, 1995:40; Madikiza & Bornman, 2007:22-23).

Die moderniseringsbenadering het mense en gemeenskappe as modernisties óf tradisioneel geklassifiseer. Die ontwikkelde of 'moderne' samelewing het ontwikkelingsdoelwitte verteenwoordig waarna minder ontwikkelde of 'tradisionele' gemeenskappe moes strewe (Ayee, 1993:29; Servaes, 1995:40; Servaes, 1999:21; Mefalopulos & Grenna, 2004:26; Pratt, 2010:1-4). Modernisering het ten doel gehad om ontwikkelingsprobleme (byvoorbeeld tradisionalisme) van ontwikkelende lande uit die weg te ruim deur ontwikkelende lande aan te spoor om ontwikkelde lande se kulturele tradisies en praktyke aan te neem (Rogers, 2008:6).

Dié benadering verteenwoordig die strewe na ŉ 'gelykmaking' tussen die 'tradisionele' en die 'moderne' sektor (Servaes, 1995:40; 1999:21). Die 'tradisionele' sektor kan na die 'moderne' verander word deur onder meer die ekonomiese groeimodel van moderne gemeenskappe by wyse van industrialisasie na te boots. Afgesien daarvan, stel die benadering ook voor dat sekere probleme in die weg van ontwikkeling slegs in die 'tradisionele' gemeenskap aangetref word en daarom eers oorkom moet word (Servaes, 1995:40). Probleme kan

oorkom word deur byvoorbeeld Westerse metodes van ‘ontwikkeling’ vir die plaaslike gemeenskap aan te wend.

Die moderniseringsbenadering het gesorg vir die drastiese verbetering van byvoorbeeld landelike gemeenskappe se vervoerdienste na markte, asook die beskikbaarheid van elektrisiteit (White, 1988; Fourie, 2008). Die moderniseringsbenadering beklemtoon dat die ekonomie nog altyd die essensie van ontwikkeling gebly het (Servaes, 1995:40).

Volgens Thomas (2005:56) is dit geen verrassing nie dat die moderniseringsbenadering as basis vir ontwikkeling en vroeë kommunikasie gesien word.

#### *2.3.1.3 Rol van kommunikasie in ontwikkeling*

Van die belangrikste teoretici wat ontwikkelingskommunikasie tydens die moderniserings-benadering gekonseptualiseer het, was Lerner (1958); Rogers (1962) en Schramm (1964). Hierdie outeurs het onder andere klem gelê op die belang van massamedia in die sukses van ontwikkelingsprogrammes, asook op die manier waarop nuwe idees aan mense in ontwikkelende lande bekende gestel kan word en hoe hulle oorreed kan word om dit aan te neem (Melkote & Steeves, 2001:19).

Sowel Cooks en Isgro (2005:73) as Mefalopulos en Grenna (2004:27) beklemtoon die bydrae van die bogenoemde outeurs deur te sê dat die hoofdoel van modernisering was om te verseker dat die nuwe idees (innovasies van Westerse lande) by wyse van massakommunikasie na gemeenskappe (van ontwikkelende lande) moes versprei. Die rol van kommunikasie was om nuwe idees van 'ontwikkelingsagentskappe' na hulle 'kliënte' oor te dra, om sodoende ŉ klimaat van modernisering onder gemeenskapslede te skep (Srampickal, 2006:5). Kommunikasie het daarom hoofsaaklik op ŉ makrovlak in die moderniseringsbenadering geskied.

Dié kommunikasieproses tot ontwikkeling was bedoel om verandering in ontwikkelende lande volgens Westerse wyses te bewerkstellig. Volgens Waisbord (2001:3) kan sulke verandering deur twee kommunikasiemodelle bewerkstellig word. Die eerste fokus van modernisering was om inligting na groot gehore te versprei en die basiese model van die moderniseringsbenadering het daarom eenrigtingkommunikasie (sender–boodskap–kanaal–ontvanger) beklemtoon (Melkote, 1991). Die basiese kommunikasiemodel het die assimetriese verhouding en vloei van inligting deur middel van massamedia na die gehoor as lineêr en afwaarts veronderstel. Die basiese model van kommunikasie was afkomstig uit studies in ingenieurswese wat die manier hoe boodskappe tussen masjiene oorgedra is, ondersoek het (Waisbord, 2001:3). Hierdie meganistiese model se

eenrigtingkommunikasieproses beklemtoon dat die sender van boodskappe ŉ belangriker rol as die ontvanger speel (Bosch, 2009:34).

Die tweede kommunikasiemodel wat ŉ groot rol in die moderniseringsbenadering gespeel het, verwys na die propagandamodel of die 'spuitnaaldteorie' (Waisbord, 2001:3). Hierdie model impliseer dat die media as't ware nuwe idees in individue 'inspuit' om so hulle houdings en gedrag te verander. Die massamedia is gesien as die ideale kanaal om modernisme aan te spoor en is gebruik om ŉ moderne kultuur onder ontwikkelende lande aan te moedig (Waisbord, 2001:3-4; Madikiza & Bornman, 2007:22). Hierdie kommunikasiemodel het ontwikkelende gemeenskappe se kulturele agtergrond en kontekste geïgnoreer, aangesien boodskappe net van een rigting na die gehoor toe 'ingespuit' is. Die gehoor is daarom as passiewe ontvangers beskou, aangesien oorreding slegs deur hierdie lineêre proses moes plaasvind (Thomas, 1994:54). Hierdie kommunikasie (vir gedragsverandering en die oordra van inligting en kennis) is as die 'oplossing' tot onderontwikkeling (volgens Westerse oordeel) beskou.

Uit die bogenoemde besprekings kan afgelei word dat pogings tot ontwikkelings-kommunikasie in die moderniseringsbenadering uit ŉ afwaartse-opwaartse en ŉ eenrigting-kommunikasieproses aangewend was. Die massamedia is gebruik om inligting na sogenaamde passiewe gehore te versprei om sodoende ekonomiese groei en ŉ moderne kultuur te bewerkstellig in die onderontwikkelde lande.

Uit die bogenoemde bespreekte uitgangspunte tot ontwikkeling en die rol van kommunikasie daarin, word beklemtoon dat die moderniseringsbenadering verwestering, ŉ dualistiese beskouing van ontwikkeling (tweeslagtige wêreldbeskouing) en ŉ proses van eenrigtingkommunikasie ter ondersteuning van ontwikkeling beklemtoon. Die benadering is daarom hoofsaaklik meganisties en evolusionêr van aard ten opsigte van sy beskouing van ontwikkeling en die ondersteunende rol wat kommunikasie daarin speel (Servaes, 1995:40-41; 1999:31; Mefalopulos & Grenna, 2004:25-26; Madikiza & Bornman, 2007:23; Naidoo, 2010:25; Pratt, 2010:6).

#### *2.3.1.4 Kritiek op die moderniseringsbenadering*

Gedurende die 1960s is krities na die moderniseringsbenadering begin kyk. In die 1970s is bevind dat dié benadering tot kommunikasie nie in sy ontwikkelingsdoel geslaag het, soos voorheen veronderstel is nie (Ayee, 1993:38; Taylor, 1994:44; Servaes, 1995:41).

Stavenhagen (aangehaal deur Servaes, 1995:41) verduidelik dat modernisering meer wanbalans en onderontwikkeling in ontwikkelende lande veroorsaak het as ontwikkeling en

groei. Modernisering is beperk in die sin dat mense in twee teenstrydige en oorvereenvoudigde sektore, naamlik die tradisionele en die moderne sektor, geplaas word (Pratt, 2010:4).

Kritiek op die dominante paradigma konstateer dat die moderniseringsbenadering nie ontwikkeling in die ontwikkelende lande (die sogenaamde Derde Wêreld) kon veroorsaak nie, aangesien dit nie ruimte gelaat het vir ontwikkelende lande se inheemse kennisstrukture, kultuur en diversiteit nie (Frank, 1969; Madikiza & Bornman, 2007:24; Pratt, 2010:6-22). Kritici het die geldigheid van die moderniserings-benadering bevraagteken, aangesien Westerse kennis, mag en invloede ontwikkelende lande se kultuur en diversiteit onderdruk (Madikiza & Bornman, 2007:24).

Amerika is, volgens die moderniseringsbenadering, voorgehou as die ideale 'skenker' van idees vir die wêreld en gevolglik is die res van die wêreld as 'ontvangers' van Amerikaanse idees gesien (Naidoo, 2010:19). Volgens Melkote (2002:422) het die moderniseringsbenadering beter gedien as beskrywing van maatskaplike verandering in Wes-Europa en Noord-Amerika, eerder as aanwysers van verandering in ontwikkelende lande in Afrika, Asië of Suid-Amerika.

Verdere kritiek op hierdie benadering het aangedui dat ontwikkelende lande ook te afhanklik begin raak het van ontwikkelde lande, veral ten opsigte van tegnologie, kennis en opleiding (Agunga, 1997:146). Hierdie benadering kon daarom nie slaag in ontwikkelingskontekste van ontwikkelende lande nie (Ogan *et al.*, 2009:668). Baie navorsers wat hulle studies oor hierdie benadering gedoen het, het erken dat dit nodig was dat plaaslike gemeenskappe betrokke moes wees in ontwikkeling. Die Amerikaanse en Wes-Europese sisteme vir ontwikkelingskommunikasie is op grond hiervan gekritiseer vir hulle eensydige, Westerse en evolusionêre perspektiewe op ontwikkeling en hulle eensydige massamedia-kommunikasiemodelle wat veronderstel was om ontwikkeling mee te bring. Die idee van massamedia as ŉ 'spuitnaald' effek is nie ŉ goeie idee nie, aangesien dit ŉ eenrigtingkommunikasieproses veronderstel en nie ŉ deelnemende ontwikkelingskommunikasieproses tot ontwikkeling nie.

### 2.3.2 Afhanklikheidsbenadering

ŉ Behoefte het daarom globaal ontstaan aan ŉ alternatiewe, nuwe benadering tot ontwikkelingskommunikasie en as gevolg daarvan het die afhanklikheidsbenadering gedurende die 1970s begin veld wen (Cooks & Isgro, 2005:73; Thomas, 2005:59).

### *2.3.2.1 Historiese agtergrond*

Volgens Ayee (1993:44) word die afhanklikheidsbenadering gesien as die 'polities-ekonomiese' of 'kulturele' benadering tot ontwikkeling en kommunikasie. Hierdie benadering fokus op die afhanklikheid van ontwikkelende lande van Westerse (dominante of ontwikkelde) lande ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling. Die benadering beklemtoon dat probleme van onderontwikkeling in ontwikkelende lande ontstaan het as gevolg van eksterne faktore soos die tegnologiese invloed van die Westerse lande en nie as gevolg van interne struikelblokke of faktore nie (Waisbord, 2001:16).

Die afhanklikheidsbenadering het ŉ belangrike rol in die ontstaan en funksionering van die beweging vir ŉ *New World Information and Communication Order* in die laat 1960s tot die vroeë 1980s gespeel (Servaes, 1995:41; 1999:31). Lande in Afrika, Asië en veral Latyns-Amerika het politieke, ekonomiese en kulturele doelwitte volgens hulle eie keuse voorgeskryf om onafhanklik van die Westerse nasies te kan funksioneer (Servaes, 1995: 41). Volgens hierdie aanname moes ontwikkelende lande hulleself losmaak van ontwikkelde lande ten opsigte van laasgenoemde se sosio-ekonomiese, politieke en kulturele sisteme en waardes om ontwikkel te kon word.

### *2.3.2.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling*

Op teoretiese vlak het die afhanklikheidsbenadering uit twee teoretiese of ideologiese perspektiewe ontstaan, naamlik 'tradisionele' Marxisme en die Latyns-Amerikaanse debat oor ontwikkeling (Cueva *et al*., 1976:12; Servaes, 1995:41; 1999:31-32; Jonker, 2001:39).

Soos bo afgelei kan word, in teenstelling met modernisering het dié benadering in Latyns-Amerika ontstaan. Die 'vader' van die afhanklikheidsbenadering word algemeen beskou as die Amerikaner, Paul Baran (Servaes, 1995:41; Jonker, 2001:41). Baran was van die eerste teoretici wat die polities-ekonomiese argument aangevoer het dat ontwikkeling en onderontwikkeling verbandhoudende prosesse is (Servaes, 1995:41; Naidoo, 2010:27). Aangesien ontwikkelde lande (wat Westerse kapitalisme veronderstel het) die ekonomiese ontwikkeling van onderontwikkelde (ontwikkelende) wou beheer, het ontwikkelende lande afhanklik geword van Westerse lande en agteruit gegaan (Servaes, 1995:41; Waisbord, 2001:16).

Afhanklikheid word volgens Dos Santos (1970:231) gesien as die kondisionering van die ekonomie van die een groep (onderontwikkelde of ontwikkelende lande) deur die ontwikkeling en uitbreiding van ŉ ander groep (Westerse of ontwikkelde lande). ŉ Verhouding van interafhanklikheid ontstaan tussen hierdie groepe, aangesien sekere lande hulself kon ontwikkel, terwyl ander lande meer afhanklik was van Westerse (dominante)

lande wat negatiewe en positiewe gevolge vir hulle ontwikkeling kon inhou (Dos Santos, 1970:231).

#### *2.3.2.3 Rol van kommunikasie in ontwikkeling*

Die afhanklikheidsbenadering beklemtoon dat kommunikasie slegs gesien is as die werktuig van Westerse lande om onderontwikkelde mense op te voed en om ŉ weg te baan vir verbintenisse tussen ontwikkelde en ontwikkelende lande (Mefalopulos & Grenna, 2004:26). Waisbord (2001:17) sowel as Mefalopulos en Grenna (2004:26) verduidelik dat die staat slegs kon bepaal wat aanvaarbare massamedia vir die gemeenskap moes wees. Die afhanklikheidsbenadering verskil van modernisering in die opsig dat die media in diens moes wees van die mense, eerder as industrialisering (of kapitalisme) wat deur Westerse lande veronderstel is (Waisbord, 2001:17).

#### *2.3.2.4 Kritiek op die afhanklikheidsbenadering*

As gekyk word na die beoordeling van die afhanklikheidsbenadering, is kritiek gelewer op die basiese uitgangspunte van ontwikkeling en die rol van kommunikasie in ontwikkeling. Ingevolge ontwikkeling het opinies verskil oor een van die sentrale elemente van die teorie — die spesifieke verhouding tussen ontwikkeling en onderontwikkeling (Servaes, 1995:41). Ontwikkelende lande word dus onderontwikkel en ontwikkelde lande word om hierdie rede verder ontwikkel. 'Afhanklikheid' word beskryf as ŉ kondisioneringsituasie waar ekonomieë van een groep lande gekondisioneer word deur die ontwikkeling en uitbreiding van ander (Dos Santos, 1970:231). 'Afhanklikheid' is gebaseer op ŉ internasionale verdeling van arbeid wat tot gevolg het dat industriële ontwikkeling in sekere lande plaasvind en in ander lande beperk word (Servaes, 1995:42). Afhanklikheid veroorsaak ŉ intense ontwikkelingsbedreiging vir ontwikkelende lande se plaaslike kultuur en ekonomie (Loges, 1994:5-23).

Verdere kritiek op hierdie benadering behels dat uitdagings oor die ontwikkeling van ontwikkelende lande deur die afhanklikheidsbenadering gesien word as hoofsaaklik ekstern in plaas van intern. Boonop verteenwoordig dié benadering ŉ primêr ekonomies-georiënteerde analitiese metode ten opsigte van ontwikkeling (Servaes, 1995:42; Servaes & Malikhao, 2002:110). Die afhanklikheidsbenadering fokus op Westerse invloede (hoofsaaklik ekonomies georiënteerd) en oplossings vir die ontwikkeling van ontwikkelende lande. McAnany (1983) beskryf die afhanklikheidsbenadering as ŉ goeie diagnose vir die probleem van ontwikkeling, maar ŉ onvoldoende beskrywing van die oplossing daarvan. Dié benadering het dus aandag gegee aan die oorsake vir onderontwikkeling, maar het geen

verduideliking aangaande die hantering van onderontwikkeling verskaf nie (Servaes, 1995:42).

Die tweede vorm van kritiek op hierdie benadering verwys na die rol van kommunikasie vir ontwikkeling. Kulturele kritici het die afhanklikheidsbenadering begin kritiseer, aangesien dit die vorm en inhoud van die media in ontwikkelende lande geïgnoreer het en die gehoor as passiewe ontvangers gesien het (Madikiza & Bornman, 2007:25-26). Daar moet in ag geneem word dat individue van ontwikkelende lande nie dieselfde inligtingsbehoeftes het as ontwikkelde lande nie (McAllister-Spooner & Kent, 2009:221). Kulture van ontwikkelde en ontwikkelende lande verskil en mense kan nie bloot as passiewe ontvangers beskou word wanneer inligting oorgedra word nie.

Die afhanklikheidsbenadering het kritiek begin ontlok, aangesien daar ’n neiging was om die kulturele agtergrond en gebruike van gemeenskapslede van ontwikkelende lande te ignoreer (Mefalopulos & Grenna, 2004:26). Die media is deur die staat beheer en die gemeenskapslede se gebruike en tradisies is nie in ag geneem nie.

Afgesien van hierdie tekortkominge het die afhanklikheidsperspektief wel ’n belangrike bydrae gelewer tot die begin van ’n kritiese tradisie in internasionale kommunikasie, aangesien laasgenoemde kommunikasienavorsing se hooffokus op die ondersoek van doelwitte op magtige state gemik was (Madikiza & Bornman, 2007:26). As die eienskappe vir modernisering bestudeer word, byvoorbeeld ekonomiese groei, eenrigtingkommunikasie, massamedia en industrialisering (mense moet deel word van die kapitalistiese stelsel), word dit duidelik dat dit nie suksesvol was nie. Die mislukking en die leemtes van die moderniserings- en die afhanklikheidsbenaderings het ’n nuwe benadering genoodsaak, naamlik die basiese-behoefte-benadering. Die basiese-behoefte-benadering was kenmerkend van ’n poging om modernisering teen te werk.

### 2.3.3 Basiese-behoefte-benadering

#### *2.3.3.1 Historiese agtergrond*

Die ontoereikende konsep (voor die 1970s) van 'ontwikkeling' wat ekonomiese groei in die moderiseringsbenadering veronderstel het, het ’n nuwe mensgebaseerde en basiese-behoefte-benadering tot ontwikkeling vereis (Stewart, 1989:347; Soola, 2003:18).

Die basiese-behoefte-benadering het as ’n politieke idee in die laat 1970s en vroeë 1980s sy plek ingeneem (Reader, 2006:338). Hierdie benadering is deur die Internasionale Arbeidsorganisasie gedurende die *World Employment*-konferensie in 1976 voorgestel (Crosswell, 1978:1; Farooq, 1988:364; Soola, 2003:18; Emmerij, 2010:1). Die basiese-

behoefte-benadering, as strategie vir ontwikkeling, het die ontwikkelingskommunikasieveld betree met die ontwikkelingsprojek van die Latyns-Amerikaanse Wêreldmodel, oftewel die Bariloche-model, die Dag Hammarskjöld-stigting se *What Now*-verslag en die Internasionale Arbeidsorganisasie se *World Employment*-program (Emmerij, 2010:1). Die basiese-behoefte-benadering is ŉ benadering wat op die groei en ontwikkeling van gemeenskappe gefokus is. Volgens Emmerij (2010:1) is die hoofdoel van ontwikkeling in hierdie benadering om aan alle gemeenskappe se basiese behoeftes te voldoen. Reader (2006: 338) verduidelik verder dat die basiese-behoefte-benadering basiese behoeftes van mense of individue identifiseer, wat dan deur politieke sisteme bevredig kan word.

### *2.3.3.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling*

Volgens die *World Employment*-konferensie wat in 1976 gehou is, moes ontwikkeling op die verbetering van ontwikkelende lande se lewenstandaarde fokus (Soola, 2003:19). Die sentrale eienskap van die basiese-behoefte-benadering tot ontwikkeling was om te sorg dat alle mense die geleentheid gegun moes word om vervulde lewens te lei. Daarom was die fokus op die verskaffing van toegang tot minimumvlakke van sekere basiese behoeftes en dienste (Streeten, 1982:317-331). Reader (2006:337) sê ook verder dat ŉ benadering tot maatskaplike geregtigheid prioriteit aan die basiese behoeftes van mense verleen het. Die basiese-behoefte-benadering het klem gelê op (ontwikkelende) gemeenskappe wat net bo die grens van armoede moet wees om hulle basiese behoeftes te kon bevredig.

Mense of individue benodig verskeie hulpbronne om te kan oorleef (Marker, 2003:1). Hierdie hulpbronne dui die wyse aan waarop die bepaalde basiese behoeftes bevredig word. Die sielkundige, Maslow, sowel as Burton, redeneer egter dat behoeftes meer as net kos, water en skuiling insluit (Marker, 2003:1). In teenstelling met die modernistiese benadering, veronderstel bevrediging van basiese behoeftes dat beide materiële en niemateriële elemente noodsaaklik is vir groei en ontwikkeling. Maslow klassifiseer daarom behoeftes in ŉ hiërargiese orde wat by die behoefte aan voedsel begin en met die behoefte aan persoonlike vervulling (hetsy op spirituele of emosionele vlak) eindig (Marker, 2003:1-2). Ander teoretici beklemtoon dat behoeftes nie in só ŉ volgorde voorkom nie, maar eerder gelyktydig op ŉ intense en standvastige wyse bestaan (Marker, 2003:2). Marker (2003:2) beskryf dat veiligheid, liefde, eiewaarde, persoonlike vervulling, identiteit, kulturele sekuriteit, vryheid, verdeelde geregtigheid, en deelname deur teoretici beskou is as behoeftes.

Hoewel die basiese-behoefte-benadering daarop toegespits is om aan die minimumvlakke van die genoemde basiese behoeftes te voldoen, probeer hierdie benadering ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling ook bevredig, aangesien die inkomste van individue tot

selfonderhouding kan lei (Bakhet, 1981:2). Basiese behoeftes van individue en lande sal verskil, aangesien sekere lande ekonomies ryker (ontwikkelde lande) of armer (ontwikkelende lande) as ander lande kan wees. Hierdie konsep veronderstel dat individue van ontwikkelde (ryker) lande se basiese behoeftes verskil van dié van ontwikkelende (armer) lande. Volgens Bakhet (1981:2) is dit belangrik om die konteks van die basiese-behoefte-benadering in ag te neem. Dié benadering is ŉ ontwikkelingskonsep wat op ŉ spesifieke land gemik moet wees, aangesien lande verskillende ekonomiese, maatskaplike, politieke, en kulturele eienskappe het (Bakhet, 1981:2).

#### *2.3.3.3 Rol van kommunikasie in ontwikkeling*

Die rol van kommunikasie in die basiese-behoefte-benadering is onduidelik. Die benadering se konsep en bydrae ten opsigte van ontwikkeling (soos bespreek in afdeling 2.2.3.2) word verduidelik, maar daar is geen duidelike bespreking oor die rol van kommunikasie tydens ontwikkeling nie. Daar word aangeneem dat die rol van kommunikasie fokus op die konsep van basiese behoeftes wat vanaf die sender na die ontvanger oorgedra word.

#### *2.3.3.4 Kritiek op die basiese-behoefte-benadering*

Buiten die onduidelike rol van kommunikasie in die basiese-behoefte-benadering, is daar baie vrae en onsekerhede omtrent hierdie benadering. Voorbeelde van kritiese vrae oor die basiese-behoefte-benadering behels hoe mens behoeftes kan definieer, wat verklaar kan word as die 'basiese minimum' wat individue nodig het om te kan oorleef, die feit dat hierdie benadering nie kulturele en politieke ontwikkeling in ag neem nie, en hoekom die benadering nie fokus op gemeenskappe se langtermyngroei en -ontwikkeling nie (Stewart, 1989:348-49).

Verdere kritiek sluit in dat hierdie benadering niks oorspronklik en nuut na die 'ontwikkelingstafel' bring nie. Die basiese-behoefte-benadering fokus byvoorbeeld ook (soos die moderniserings- en afhanklikheidsbenadering) op plaaslike ontwikkeling en individue se inkomste as ekonomiese ontwikkeling (Crosswell, 1978:1). Dié benadering bied nie ŉ standvastige en onafhanklike raamwerk vir groei en ontwikkeling van gemeenskappe nie (Farooq, 1988:364). Crosswell (1978:2) verduidelik dat die basiese-behoefte-benadering ŉ nuwe naam met dieselfde eienskappe as die voorafgaande benaderings het. Hierdie benadering klink wel belowend vir ŉ nuwe benadering tot ontwikkeling, maar daar is geen ontwikkelingsbeleid wat gevorm word nie. Die basiese-behoefte-benadering bied byvoorbeeld ondersteuning vir gemeenskappe maar bied geen formulering ten opsigte van ontwikkelingsplanne nie (Crosswell, 1978:2).

Hierdie benadering word volgens Farooq (1988:364) as ŉ gewilde weg tot ontwikkeling (deur ontwikkelende lande) bestempel, maar die standpunt oor die moderne ekonomie word bevraagteken. Daar is geen raamwerk wat beskikbaar is om te verduidelik hoe die verskillende fases van basiese behoeftes bevredig kan word nie (Farooq, 1988:364). Al bied die basiese-behoefte-benadering besprekings aan oor hoe ontwikkelende lande kan baat vind by hierdie benadering, is daar ŉ tekort aan ontwikkelingsteorieë. Farooq (1988: 365) meen dat hierdie benadering nie aan ŉ spesifieke denkskool behoort nie, hoewel die basiese-behoefte-benadering neig na die denkskool van institusionalisme. Institusionalisme verwys na ŉ sosiale teorie wat fokus op instansies se uitwerking op gemeenskappe.

Die basiese-behoefte-benadering is een van ŉ aantal benaderings in ontwikkeling wat probeer het om modernisering teen te werk, maar dit word bevraagteken wat basiese behoeftes werklik is en of dié benadering werklik volhoubare ontwikkeling bevorder het. Die basiese-behoefte-benadering word dus gerig op die probleem van armoede, maar armoede is op sigself ŉ komplekse maatskaplike, ekonomiese en psigologiese konsep. Daar is geen duidelikheid of hierdie benadering armes bemagtig om hulle situasie sélf te kan verander nie (Keeton, 1984:283; Jonker, 2001:59).

Ten spyte daarvan dat daar sterk kritiek teen die basiese-behoefte-benadering uitgespreek is en daar selfs geredeneer is dat die benadering sy betekenis verloor het (Hoadley, 1981: 149-164) beklemtoon Reader (2006:1) dat die kritiek teen dié benadering heroorweeg behoort te word, aangesien daar wel geldige punte daaruit voortgespruit het, wat steeds relevant is vir ontwikkelingskommunikasie.

Aansluitend hierby redeneer Agunga dat die basiese-behoefte-benadering as een van die voorlopers tot die deelnemende benadering (die huidige norm vir ontwikkeling in enige gemeenskap) beskou kan word. Hoewel eersgenoemde benadering groter pogings aangewend het om die behoeftes van die gemeenskappe in ag te kan neem, het dit steeds sy grondslag gevind in die beskouing dat ontwikkeling ekonomiese groei is (Agunga, 1997:154).

Uit bogenoemde kritiek, vrae en onsekerheid oor die ontwikkelingskonsep van die basiese-behoefte-benadering is bevind dat daar ŉ soeke na ŉ meer geskikte benadering vir ontwikkeling is. Na afloop van die basiese-behoefte-benadering het die veelvuldige of 'ander' ontwikkelingsbenadering ontstaan. Die 'ander' ontwikkelingsbenadering sluit nou aan by die basiese-behoefte-benadering, maar die veelvuldige benadering fokus op meer as net die basiese behoeftes van gemeenskappe.

### 2.3.4 Veelvuldige benadering / 'Ander' ontwikkelingsbenadering

#### *2.3.4.1 Historiese agtergrond*

Die veelvuldige benadering het die weg gebaan vir ŉ nuwe denkwyse ten opsigte van ontwikkeling. As die historiese konteks van hierdie benadering beskou word, was daar sedert die afbakening van die sogenaamde Eerste, Tweede en Derde Wêrelde ŉ behoefte aan ŉ nuwe konsep van ontwikkeling wat klem kon plaas op kulturele identiteit, kultuurverskille en veelvuldigheid ten opsigte van verskillende tradisies en lewenswyses (Servaes, 1995:42).

Die konsep van die veelvuldige of 'ander' ontwikkelingsbenadering verwys nie noodwendig na ŉ Westerse perspektief nie (Servaes, 1995:42; Servaes & Malikhao, 2002:111). Hierdie benadering het sy oorsprong in die geïndustrialiseerde volkstate van Noord-Europa, die Dag Hammarskjöld-stigting in Swede en die Groenparty in Duitsland gehad (Servaes, 1995:42; Servaes & Malikhao, 2002:111).

#### *2.3.4.2 Basiese uitgangspunte van ontwikkeling*

Die kernidee van die veelvuldige benadering is dat daar geen universele ontwikkelingsmodel is nie, aangesien dit ŉ proses is wat van gemeenskap tot gemeenskap sal verskil (Mody, 1991:20; Servaes, 1995:42; Servaes, 1999:78). Servaes (1995:42) beklemtoon dat hierdie benadering op alle vlakke van gemeenskappe aangewend behoort te word en dat ontwikkeling verstaan moet word as ŉ integrerende, multidimensionele en dialektiese proses.

Daar is ses kriteria wat gepaardgaan met die 'ander' benadering en ontwikkeling behoort op die volgende beginsels gebaseer te word (Servaes, 1995:42, 43; 1999:78, 79):

- bevrediging van basiese behoeftes wat materiële en niemateriële behoeftes insluit;
- endogenie wat beteken dat groei en ontwikkeling uit die gemeenskap self moet spruit en die 'hart' van die gemeenskap moet weerspieël;
- selfbeskikking wat beteken dat elke gemeenskap op sy eie sterkpunte en hulpbronne moet staatmaak ten opsigte van ontwikkeling — dit lei tot selfonderhouding;
- ekologie wat verwys na die volle bewustheid van die beperkinge wat opgelê word op huidige en toekomstige generasies van byvoorbeeld die nodige hulpbronne van die gemeenskap se behoeftes;
- deelnemende demokrasie wat beteken dat ontwikkeling nie net 'vir die mense' is nie maar 'deur die mense' op alle vlakke in die gemeenskap; en

- strukturele veranderings wat behels dat die belangrikheid van selfbestuur en deelname in besluitneming, insluitend die informele en formele gemeenskap en die wêreld as geheel, besef word.

### *2.3.4.3 Rol van kommunikasie in ontwikkeling*

Die voorafgenoemde beginsels (wat in die praktyk aangewend word) het nuwe vorme van ontwikkelingskommunikasie teweeggebring (Servaes, 1995:43). Waisbord (2001:18) verduidelik dat kommunikasie binne die konteks van die veelvuldige benadering die aanwending van kommunikasiekanale en -tegnieke veronderstel wat gemeenskappe se betrokkenheid aan ontwikkeling verhoog. Daarom behels dit dat gemeenskappe ingelig word oor besluite, gemotiveer word en opgelei word in die fundamentele feite van ontwikkeling (soos byvoorbeeld kulturele sensitiwiteit). Hierdie rol van kommunikasie verwys na 'n nuwe en 'ander' ontwikkelingsbenadering.

Die kommunikasiefokus van die 'ander' ontwikkelingsbenadering is om te sorg dat gemeenskappe toegang het tot ontwikkelingsprojekte om daardeur deelname tydens ontwikkeling te bevorder. Volgens Mhagama (2004:28) veronderstel deelname die betrokkenheid van gemeenskappe in kommunikasiesisteme (grotendeels die media). Gemeenskapslede moet bydraes lewer tydens die beplanningsproses van kommunikasiesisteme in hulle gemeenskappe. Deur deelname word die betrokke gemeenskap se kulturele identiteit in ag geneem, aangesien hulle insette vanuit hulle unieke kulturele raamwerke en inheemse kennisvelde herken en gebruik word.

### *2.3.4.4 Kritiek op die veelvuldige / 'ander' ontwikkelingsbenadering*

In die praktyk word die veelvuldige of 'ander' benadering egter as idealisties en onuitvoerbaar beskou (Servaes, 1995:47). Daar is tans beskikbare kritiek op die moderniseringsbenadering, die afhanklikheidsbenadering, en die basiese-behoefte-benadering, maar geen formele navorsing is gevind oor kritiek op die veelvuldige of 'ander' benadering nie. Alhoewel die veelvuldige benadering progressie na die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie verteenwoordig, is die voorafbespreekte benaderings nie doeltreffend genoeg vir volhoubare ontwikkeling in gemeenskappe nie (Agunga, 1999:162; Jonker, 2001:60). Die deelnemende benadering tot ontwikkeling maak gebruik van die raamwerk van die veelvuldige of 'ander' ontwikkelingsbenadering (Servaes:1995: 45). Die deelnemende benadering beklemtoon ook die noodsaaklikheid van gemeenskappe se kulturele identiteit wat in ag geneem moet word en dat deelname uit gemeenskappe baie belangrik is tydens ontwikkeling. Die veelvuldige benadering het 'n

ontwikkelingsperspektief beklemtoon deur die kulturele identiteit van gemeenskappe op die voorgrond te plaas. Die deelnemende benadering fokus ook op hierdie beginsel van deelnemende kommunikasie, aangesien gemeenskapslede se kulturele agtergrond nie geignoreer kan word nie.

Die volgende afdeling handel oor die benadering wat relevant is vir hierdie betrokke navorsingstudie, naamlik die deelnemende benadering en die beginsels daarvan.

## 2.4 DEELNEMENDE BENADERING AS NORM IN ONTWIKKELING

### 2.4.1 Agtergrond en eienskappe

ŉ Nuwe strategie vir ontwikkeling het gedurende die 1970s begin, naamlik die deelnemende benadering (Thomas, 2005:59). Die deelnemende benadering verenig die konsepte wat reeds in die raamwerk van die veelvuldige benadering voorkom (Servaes, 1995:45). Dit lê klem op die unieke kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe asook deelname en demokrasie op internasionale, nasionale, plaaslike en individuele vlak wanneer ontwikkeling ter sprake is (Ayee, 1993:46; Servaes, 1995:45). Die deelnemende benadering verskil van sy voorgangers, omdat dit kulturele sowel as humanistiese aspekte van ontwikkeling in ag neem wat voorheen misken is deur ekonomiese groeimodelle (Ayee, 1993:48). Om hierdie rede verteenwoordig die deelnemende benadering ŉ horisontale en afwaartse–opwaartse kommunikasiebenadering wat klem lê op dialoog (Naidoo, 2010:32).

Die deelnemende benadering word tans as die norm beskou vir ontwikkelingskommunikasie (Reason, 2005:2). Volgens Rahim (1994:120) is sowel die deelnemende benadering as die gepaardgaande soort kommunikasie belangrik om ontwikkeling in enige gemeenskap teweeg te bring. Deelnemende kommunikasie vorm dus die basis van ŉ gemeenskap se bemagtigingsproses (Thomas, 1994:49). Die deelnemende benadering se basiese beginsels en die gepaardgaande kommunikasie het uit verskeie filosofiese benaderings ontstaan.

### 2.4.2 Verskillende filosofiese benaderings tot ontwikkelingskommunikasie

Ontwikkelingsprojekte wat as deelnemend beskryf kan word, heg waarde aan die beginsels van veral die volgende twee filosofiese benaderings aangaande deelnemende kommunikasie (Servaes, 1995:46; 1999:84).

#### *2.4.2.1 Paulo Freire se dialogiese praksis benadering*

Gedurende die 1970s het die idees van die kritiese teoretikus, Paulo Freire, oor die metodes van volwasse onderrig vorm begin aanneem. Sy beskouing oor die 'dialogiese' rol van

deelname en die rol wat dit speel in volwasse onderrig, het ontwikkelingskommunikasiekundiges aangespoor om dialogiese kommunikasiebeginsels in ontwikkeling te begin ondersoek en eindelik toe te pas (Anon., 2003:2).

Volgens Freire is die doel van kommunikasie om deur middel van deelname ŉ sterk klem te plaas op 'vrye' dialoog om kulturele identiteit, vertroue en respek onder mekaar (gemeenskapslede) te verseker (Waisbord, 2001:19; Anon., 2003:2). Freire se konsep oor dialoog verwys na mense wat mekaar moet respekteer en met mekaar as gelykes kan assosieer. Sy konsep van '*conscientisation*' verwys na dialoog wat gebaseer is op die blootlê van ongemagtigde magsverspreiding (Melkote & Steeves, 2001:35; Bosch, 2009:43). Hierdie bewuswordingsproses kan alleen gehandhaaf word deur tweerigting dialoog tussen die 'leermeester' en sy 'student' of 'leerling'. Freire het klem gelê op die idee dat ontwikkeling in gemeenskappe slegs kan plaasvind indien mense hulle eie besluite kan neem en op hulle eie insigte kan staatmaak (Anon., 2003:2-3; Bessette, 2004:5; Bailur, 2007: 3). Bosch (2009:43) meen verder dat dit die rol van die koördineerder ('leermeester' volgens Freire) is om hulpbronne beskikbaar te stel sodat gemeenskapslede (as deelnemers of 'leerlinge' binne hulle eie gemeenskapskonteks) hulle self kan help. Hierdie proses bemagtig die gemeenskapslede om die kommunikasieproses vir ontwikkeling hul eie te maak.

Volgens Servaes (1995:46; 1999:85) is die probleem met Freire se teorie dat dit gebaseer is op groepsdialoog eerder as op die gebruik van media, soos byvoorbeeld die gedrukte media, televisie en radio. Gevolglik word hierdie media nog nie vir die ontwikkelingsproses ingespan nie, aangesien Freire se metode slegs staatmaak op interpersoonlike kommunikasie.

Freire se benadering gee ook meer aandag aan die einddoelwitte van kommunikasiehandelinge en gevolglik min aandag aan die inhoud (die soort kommunikasie asook in watter taal dit plaasvind) van kommunikasie (Servaes, 1995:46; 1999:85). Die benadering van Freire het heel moontlik min aandag aan inhoud (taal en vorm) van kommunikasie gegee, aangesien sy hooffokus op kommunikasieprobleme gerig was. Freire beklemtoon dat onderontwikkeling en armoede hoofsaaklik veroorsaak word deur kommunikasieprobleme (Barranquero, 2005:922). Freire se bydrae tot deelnemende kommunikasie was gemik op kulturele strategieë tot ontwikkeling en kommunikasie-ervaringe (Barranquero, 2005:923).

Afgesien hiervan beïnvloed Freire se idees aangaande dialogiese kommunikasie as normatiewe teorie van deelnemende kommunikasie tog steeds kommunikasie vir sosiale verandering (Servaes, 1995:46; Thomas, 2005:58).

#### *2.4.2.2 UNESCO-debatte oor ontwikkeling*

Die tweede perspektief oor deelnemende kommunikasie het in 1977 ontstaan tydens ŉ vergadering van UNESCO in Belgrado oor terme soos 'taal', 'selfbestuur', 'toegang' en 'deelname' (Servaes, 1995:46; 1999:85). Volgens Servaes (1999:85; 1995:46) verwys *toegang* na die gebruik van die media (deur byvoorbeeld gemeenskapslede), *deelname* verwys na ŉ groter vlak van openbare betrokkenheid in kommunikasiesisteme en *selfbestuur* impliseer die mees gevorderde vorm van deelname aan ŉ gemeenskap se eie ontwikkelingsprojekte (Servaes, 1999:85; 1995:47).

Hierdie terme of idees wat op 'toegang' en 'deelname' fokus, word as belangrik geag vir die ontwikkeling van gemeenskappe (Servaes, 1995:47). Die UNESCO-debat het verskil van Freire se idees in die sin dat gedeeltelike toegang aanvaar word totdat selfbestuur in die verdere toekoms kan geskied (Servaes, 1995:47). Die UNESCO-debat was ook konserwatief en het in neutrale terme na die publiek verwys teenoor Freire se oorspronklike en radikale klassifisering van mense as 'onderdruktes' wat bevry moet word en afwaartse kommunikasiemodelle wat gebruik is in volwassenes se geletterdheidsprogramme (Servaes, 1995:47; 1999:85).

Uit die betrokke agtergrond en eienskappe van die deelnemende benadering word sekere beginsels van dié benadering duidelik.

### 2.4.3 Basiese beginsels van die deelnemende benadering

Die vernaamste beginsels van die deelnemende benadering sluit deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding, en gemeenskapsontwikkeling in. Hierdie beginsels word hierna verduidelik.

#### *2.4.3.1 Deelname*

Gemeenskapsdeelname aan ontwikkeling dra by dat gemeenskappe bemagtig word om beheer te neem oor hulle eie groei en ontwikkeling (Dorsner, 2004:366). Ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling is die huidige probleem dat die meerderheid van ontwikkelingsprojekte deur mense en instansies van buite die betrokke gemeenskap gekonseptualiseer word in plaas van deur die plaaslike gemeenskap self (Botes & Van Rensburg, 2000:42).

Deelname is ŉ komplekse konsep en bestaan uit verskeie betekenisse en begrippe (Thomas *et al*., 2011:6). Deelname is ŉ bekende term wat in opvoedkundige literatuur gebruik word en uit vier perspektiewe bestaan (Thomas *et al*., 2011:2-6). Ten eerste skep deelname ŉ

gevoel dat individue kan assosieer met die wêreld en die gemeenskapsomgewing waarin hulle funksioneer (Thomas *et al*., 2011:5). Deelname bied die geleentheid om die wêreld (met sy verskillende kulture en gemeenskappe) te kan verstaan. Die tweede filosofiese perspektief van deelname is afkomstig van Plato se filosofie. Plato verwys na deelname as 'n abstrakte konsep, wat nie ten volle begryp en verstaan kan word nie (Thomas *et al*., 2011:5).

Ten derde sorg deelname vir betrokkenheid in ervaring, waar 'n individu se onafhanklikheid verlore gaan en nuwe betekenisse vir hierdie individu ontstaan as gevolg van sy of haar ervaring (Thomas *et al*., 2011:5). Deelname verwys na 'n lewenservaring as gevolg van die interaksie van individue in omliggende omgewings en gemeenskappe. Ten laaste verwys deelname na 'n perspektief wat nuttig is om doelwitte (byvoorbeeld ontwikkelingsdoelwitte in gemeenskappe) te bereik (Thomas *et al*., 2011:6).

Vir die huidige navorsingsdoeleindes word deelname beskryf as 'n proses waar individue of groepe bymekaarkom en deur interaksie kommunikeer om kennis te ontvang, inligting uit te ruil, of om besluite te neem om ontwikkelingsprobleme gesamentlik op te los (Taylor, 1994:105; Bátori *et al*., 2003:4). Deelname kan beskryf word as die aktiewe en betekenisvolle betrokkenheid van die gemeenskap in projekbeplanning en -ontwikkeling, asook om die projek toe te pas en in stand te hou om sodoende hulself daarmee te assosieer (Taneja, 2006:280).

Volgens Jennings (2000:1) en Yoon (2004:4) is deelname dus 'n bemagtigingsproses wat belangrik is om wanbalanse van mag tussen arm en ryk uit te skakel, asook om die betrokkenheid te verseker van die plaaslike gemeenskap om programme te bewerkstellig om hulle eie lewens te kan verander. Deelname sorg dat mense deel word van hulle eie ontwikkeling en nie net eenvoudig passiewe ontvangers van ontwikkelingsprojekte te bly nie (Thomas, 1994:49).

In die geval van die SJGD en sy ontwikkelingsprojekte wat ondersteun word, moet deelname reeds tydens behoeftebepalings bewerkstellig word. Die gemeenskapslede moet met die SJGD kommunikeer en die behoeftebepaling moet die gemeenskap se behoeftes weerspieël. In so 'n proses word kennis en mag wederkerig en dinamies uitgeruil en is tekenend van aktiewe deelname (Valdés, 2009:11). Gemeenskappe moet dus deel wees van die besluitneming, beplanning, uitvoering (of toepassing) en evaluasie van ontwikkelingsprojekte, aangesien hierdie projekte op die lang termyn (deur die gemeenskapslede) in stand gehou moet word. In die geval van hierdie navorsingstudie sal die navorser deur die empiriese studie kan bepaal of dit werklik die geval is met die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte en die betrokke gemeenskappe.

Faktore soos byvoorbeeld kultuur, geskiedenis, maatskaplike, politieke en ekonomiese strukture beïnvloed die proses van gemeenskapsdeelname (Botes & Van Rensburg, 2000:52). Volgens Servaes (1995:45; 1999:89) speel tyd as ŉ langtermynfaktor ŉ belangrike rol om ŉ verhouding van vertroue en terugvoering van behoeftes te kan bewerkstellig. ŉ Vertrouensverhouding tussen die verskeie gemeenskapslede word met die verloop van tyd gevorm en hierdie verhouding word deur deelname aangemoedig. Deelname deur ŉ gemeenskap bevorder gemeenskapsontwikkeling op lang termyn (Kenny, 1997:5; Mefalopulos & Grenna, 2004:26). Deelname is dus baie belangrik vir die besluitnemingsproses in en vir ontwikkeling van gemeenskappe (Servaes, 1995:45). ŉ Gebrek aan plaaslike deelname en betrokkenheid kan verantwoordelik wees vir die mislukking van verskeie ontwikkelingsprogramme (Anon., 2003:1).

Ware deelname deur die lede van die gemeenskap is gebaseer op kommunikasie en vind plaas in die vorm van dialogiese kommunikasie (Thomas, 1994:53; Mefalopulos & Grenna, 2004:26). Dit is eerder ŉ proses waar twee of meer partye betrokke is om aandag te gee aan problematiese situasies en gesamentlik oplossings daarvoor te kan identifiseer (Mefalopulos & Grenna, 2004: 26).

*Dialoog* word vervolgens bespreek.

## TEORETIESE STELLING 1

Deelname tydens ontwikkelingsprojekte is baie belangrik in enige besluitneming vir ontwikkeling (Servaes, 1995:45). Deelname moet tydens die beplanning, die uitvoering en die evaluasie van ontwikkelingsprojekte geskied, sodat gemeenskapslede betrokke raak en projekte op die lang termyn self bestuur.

### *2.4.3.2 Dialoog*

Tufte en Mefalopulos (2009:13) verduidelik dat dialogiese kommunikasiebenaderings verwys na tweerigtingkommunikasie (wat plaasvind tussen twee of meer persone) waar die proses kennis en oplossings (in gemeenskappe) genereer in plaas van inligting wat oorgedra word (byvoorbeeld eenrigtingkommunikasie). Ontwikkelingskommunikasie kan doeltreffend wees ten opsigte van ontwikkeling in gemeenskappe indien dit deur middel van dialoog tussen verskeie belangegroepe aangewend word (Mefalopulos & Grenna, 2004:28). Dialoog is ŉ proses waartydens betekenisse en boodskappe aangaande ontwikkeling gevorm word, sodat insig oor mekaar en asook die ontwikkelingskwessie en situasie vanaf die deelnemers aan kommunikasie verkry word (Rahim, 1994:122, 130). Die deelnemende benadering is daarom gebaseer op dialoog, waar die luisterproses net so belangrik is soos die

artikulasieproses (Mefalopulos & Grenna, 2004:27). Die doel van dialoog is om vertroue te wek tussen gemeenskapslede (byvoorbeeld die SJGD as NRO en die verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte) en om werklik met mekaar in gesprek te tree en sodoende behoeftes, risiko's, indrukke, probleme en geleenthede in 'n gemeenskap te ondersoek, om verandering vir ontwikkeling te kan bewerkstellig (Mefalopulos & Grenna, 2004:27).

Dialoog is 'n komplekse proses, omdat dit altyd binne 'n spesifieke konteks geskied wat 'n groot invloed daarop het. Individue is byvoorbeeld altyd in dialoog met hulself waartydens hulle poog om ander se standpunte te verstaan en hul eie standpunte te vorm en te evalueer. Elke individue bring gevolglik sy eie "interne dialoog" met hom/haar saam wanneer hy/sy met ander in dialoog tree (Rahim, 1994:120). Die konteks van kommunikasie, die bewustheid van die kultuur van sosiale groepe, die kommunikeerder se indruk van die wêreld, en so meer het 'n uitwerking en 'n invloed op die waarde en betekenis van boodskappe wat oorgedra word (Rahim, 1994:121). In sommige situasies kan die betekenisse van woorde en boodskappe verkeerd verstaan word (Rahim, 1994:121). Die hoofdoel van dialoog is om gedeelde betekenis tussen die betrokke partye te skep en te handhaaf. Ten einde gedeelde betekenis te skep kan kommunikasie vir ontwikkeling nie net mediagedrewe wees nie, maar is doeltreffende interpersoonlike kommunikasie belangrik, sodat betekenisse van woorde en boodskappe gestruktureer en herstel kan word (Rahim, 1994:121).

Buber se siening van dialoog word deur Thomas (1994:53) beskryf as die geleentheid wat aan gemeenskapslede gebied word om 'n gemeenskap te ontwikkel. Bydraes tot gemeenskapsontwikkeling kan nie deur dialoog alleen verkry word nie. Dit is noodsaaklik om tydens dialoog ook kultuursensitief te wees, aangesien die betekenis van kommunikasie verlore kan gaan as die deelnemers nie mekaar se agtergrond in ag neem nie en mekaar se sienswyses en behoeftes nie verstaan nie. Deelnemers (in die gemeenskap) se opinies en sieninge tydens die kommunikasieproses is van ewe belang en moet daarom in ag geneem word om wedersydse respek te handhaaf.

## TEORETIESE STELLING 2

Die luisterproses is net so belangrik soos die artikulasieproses tydens dialoog as kommunikasieprosedure (Mefalopulos & Grenna, 2004:27). Doeltreffende dialoog sluit ook in: gedeelde betekenis tussen individue, 'n tweerigtingkommunikasie- en interpersoonlike kommunikasieproses. Deur doeltreffende dialoog toe te pas tussen gemeenskapslede, sal vertroue tussen hierdie betrokkenes verstewig kan word en die gemeenskap op 'n deelnemende wyse bemagtig word om hulself te ontwikkel.

#### *2.4.3.3 Kulturele sensitiwiteit*

Kultuur verwys na handelinge wat mense op ŉ sekere wyse doen, hoe mense die wêreld sien en hoekom mense op ŉ sekere manier reageer teenoor byvoorbeeld boodskappe en opinies van mense (Quappe & Cantatore, 2007:1). Dit is daarom belangrik om te begryp dat mense uniek is en dat mense se ervaringe, geloof, waardes en taal, om maar ŉ paar voorbeelde te noem, ŉ effek het op die manier hoe hulle met ander mense in die gemeenskap kommunikeer. Die kultuur van ŉ gemeenskap kan verstaan word deur die aanwending van kennis en deur verhoudinge so te versterk dat mense (gemeenskapslede) jou (byvoorbeeld as NRO) vertrou en verstaan (Simmons, 2008:12).

ŉ Unieke en noodsaaklike beginsel van die deelnemende benadering is die insluit van kulturele sensitiwiteit teenoor die betrokke gemeenskap waarin ontwikkelingsprojekte aangepak word. Sterk klem word gelê op die rol wat kultuur in ontwikkeling speel en ontwikkeling moet daarom as kultuurspesifiek gesien word (Ayee, 1993:49, 65). Geen verandering kan in enige gemeenskap plaasvind sonder dat kultuur en asook wêreldbeskouinge nie in aanmerking geneem word nie (Ayee, 1993:46). Ten einde kultuur in ag te kan neem en sensitiwiteit daarteenoor te kan openbaar, lê hierdie benadering onder andere klem op interpersoonlike en tradisionele kanale van kommunikasie. Die inagneming van kultuur impliseer dat daar nie ŉ “one size fits all” ontwikkelingsprojekte kan bestaan nie, omdat dit dan nie die uniekheid van kultuur sou weerspieël nie (Naidoo, 2010:46). Dit beklemtoon dat gemeenskappe nie blindelings programme van ander lande moet navolg nie, aangesien gemeenskappe se geskiedenis en kulturele agtergrond aansienlik verskil.

Dit is daarom noodsaaklik vir NRO's (soos byvoorbeeld die SJGD) om kultuursensitief te wees teenoor die betrokke gemeenskap wat hulle ondersteun. Hulpbronne word dan optimaal aangewend in gemeenskappe en produktiewe sowel as positiewe uitkomste tot ontwikkeling vir kulturele selfbestuur kan bereik word (Simmons, 2008:3).

Kulturele sensitiwiteit moet as kommunikasiebeginsel aangewend word tussen die SJGD en sy ontwikkelingsprojekte. Kulturele sensitiwiteit bevorder ŉ deelnemende kommunikasie-benadering tot ŉ gemeenskap se bemagtiging en doen weg met verouderde beginsels van modernisme. Indien kulturele sensitiwiteit nie tydens ontwikkelingsprojekte toegepas word nie, kan die gevolg wees dat ontwikkeling in gemeenskappe nie kan plaasvind nie. Ontwikkeling in die sin van ŉ selfonderhoudingsproses vir die ontwikkelingsprojekte deur die betrokke gemeenskapslede sal dan nie kan plaasvind nie.

## TEORETIESE STELLING 3

| |
|---|
| Deur gemeenskapslede se kultuur te verstaan word verhoudinge versterk en vertroue tussen partye verbeter (Simmons, 2008:12). Indien daar tydens ontwikkelingsprojekte kultuursensitief te werk gegaan word, kan die gemeenskap positiewe uitkomste bereik deur die selfbestuur van projekte te handhaaf. |

### *2.4.3.4 Bemagtiging tot selfonderhouding*

Die grootste hulpbron vir ontwikkeling van ontwikkelende lande is hulle menslike of maatskaplike bate (Ayee, 1993:47). Sowel Ayee (1993:47) as Servaes (1995:43) beskryf ŉ selfonderhoudende handeling waar elke gemeenskap op sy eie bestaande hulpbronne en energie vanuit die gemeenskap se natuurlike sowel as kulturele omgewing staatmaak. Gemeenskapslede moet daarom bemagtig word om hulle eie situasie te bestuur en te beheer. Individue kan hulself net help indien hulle in staat gestel word om hul omgewing en hul eie potensiaal te ontdek; geleer word om dié potensiaal doeltreffend te ontgin en oortuig word om hul vermoë in daadwerklike optrede te omskep (Weyers & Herbst, 2010: 11, 12). Hierdie ontwikkelingsbeginsel is afhanklik van deelname van gemeenskapslede wat aktief betrokke behoort te wees in ontwikkeling (Ayee, 1993:47).

Die proses van bemagtiging vind plaas wanneer die individu inheemse kennis kan aanwend in sy of haar alledaagse aktiwiteite en handelinge om ontwikkeling aan te spoor en te ondersteun. Deelnemende ontwikkeling fokus daarop dat gemeenskappe bemagtig word om hulself te help en om handelinge aangaande ontwikkelingswerk volhoubaar voort te sit (Anon., 2009:1). Die deelnemende benadering tot ontwikkeling probeer om gemeenskappe deur aktiewe betrokkenheid in ontwikkelingsprojekte verantwoordelik te hou vir hulle eie ontwikkeling. Deur middel van deelname, dialoog en selfbestuur is dit moontlik om ŉ gemeenskap te bemagtig tot selfonderhouding. Die beginsel *gemeenskapsontwikkeling* word vervolgens bespreek.

## TEORETIESE STELLING 4

| |
|---|
| Bemagtiging tot selfonderhouding van 'n gemeenskap is wanneer die gemeenskap van sy eie hulpbronne en energie vanuit sy eie omgewing gebruik maak (Servaes, 1995:43). Inheemse kennis vanuit die gemeenskap dra by tot die bemagtiging van die gemeenskap. Deur deelname, dialoog asook kulturele sensitiwiteit kan gemeenskapslede bemagtig word tot selfonderhouding en hulle word in staat gestel om hulle eie situasie te bestuur en te beheer. |

### *2.4.3.5 Gemeenskapsontwikkeling*

Gemeenskapsontwikkeling verteenwoordig ŉ doelbewuste en navorsingsgerigte poging om enige gemeenskap op ŉ volhoubare wyse te help ontwikkel (Weyers & Herbst, 2010: 10). Daar word eerstens ondersoek ingestel na wat die gemeenskap werklik nodig het. Na afloop van die behoeftebepaling kan ŉ ontwikkelingsinisiatief ontwikkel word wat daarby gaan pas (Herbst, 2010). Die 'navorsingsgerigte' komponent van hierdie term neem die vorm aan van behoeftebepalings wat sodoende behoeftes identifiseer sowel as prioritiseer, terwyl die 'doelbewuste poging' van hierdie term klem lê op ontwikkelingsprogramme wat op ŉ doeltreffende beplande wyse moet geskied (Weyers & Herbst, 2010:10).

Gemeenskapsontwikkeling is ŉ proses waar gemeenskapslede gesamentlik optree om gemeenskapsprobleme op te los (Frank & Smith, 1999:6). Gemeenskapsontwikkeling 'behoort' aan ŉ gemeenskap en ontwikkel uit die betrokke gemeenskap. Daarom moet ontwikkeling nie deur eksterne rolspelers uitgevoer word nie (Frank & Smith, 1999:79). Die grootste uitdaging van gemeenskapsontwikkeling is om konsensus ten opsigte van langtermynoplossings en die daaglikse uitdagings van korttermynhandelinge te verkry (Frank & Smith, 1999:7). Gemeenskapsontwikkeling moet volgens Frank en Smith (1999:6) ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende handeling van die gemeenskap wees. In hierdie studie word aanvaar dat deelname, dialoog, bemagtiging tot selfonderhouding en kulturele sensitiwiteit noodsaaklik is ten einde tot gemeenskapsontwikkeling by te dra en dat elkeen van hierdie beginsels teenwoordig moet wees in die kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers.

## TEORETIESE STELLING 5

Gemeenskapsontwikkeling is 'n poging om gemeenskappe op volhoubare wyse te help ontwikkel (Weyers & Herbst, 2010:10). Dié doelwit kan slegs bereik word deur ŉ beplande, langtermyn-, holistiese en ondersteunende proses van deelnemende kommunikasie wat tot voordeel van die gemeenskap is, aangesien ontwikkeling in 'n gemeenskap onmoontlik is sonder doeltreffende deelnemende kommunikasie.

Hierdie vyf genoemde beginsels van die deelnemende benadering is belangrik vir enige gemeenskap se ontwikkeling. Sonder hierdie beginsels, asook doeltreffende deelnemende kommunikasie, kan ŉ gemeenskap nie ten volle ontwikkel nie. Uit hierdie stelling word die rol van deelnemende kommunikasie in die deelnemende benadering in die volgende afdeling bespreek.

### 2.4.4 Rol van deelnemende kommunikasie in die deelnemende benadering

Na afloop van die era van modernisering het kommunikeerders se fokus verskuif na ʼn proses van deelnemendheid om ontwikkeling te bevorder. Die deelnemers is dus nie meer neutraal en passief in die verspreiding van inligting nie, maar hulle neem aktief deel om verandering in die gemeenskap te bewerkstellig (Yoon, 2004:6).

Deelnemende kommunikasie verteenwoordig ʼn humanistiese benadering wat uit horisontale kommunikasiekanale bestaan en ʼn dialogiese sowel as ʼn interaktiewe proses volg vir probleemoplossing en die sosiale leerproses (Jonker, 2001:65; McPhail, 2009:46). Deelnemende kommunikasie uit die deelnemende benadering neem die diversiteit van kommunikasiekanale, verskillende soorte probleme, en inligtingshulpbronne in ag. Die gemeenskappe word betrek om ontwikkeling te bewerkstellig deur hulle eie insette en opinies te lewer (Bátori *et al*., 2003:44). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat deelnemende kommunikasie geen spesifieke riglyne bied of ʼn spesifieke prosedure vereis om in ʼn spesifieke ontwikkelingsdoel te slaag nie (Bosch, 2009:42). Om hierdie rede is dit moontlik dat gemeenskappe kan bydra tot hulle eie ontwikkeling. Deelname word in kommunikasie gesien as ʼn middel tot ʼn doel (om ontwikkeling te bevorder) asook ʼn doel opsigself is, waar mense bloot deur deel te neem reeds bemagtig word.

Buiten die genoemde rol van deelnemende kommunikasie is kommunikasie vir volhoubare ontwikkeling ook uitdagend, aangesien sommige van die uitgangspunte van die dominante benadering soms steeds in ontwikkelingsprogramme toegepas word (Mefalopulos & Grenna, 2004:28). So byvoorbeeld het die Wêreldbank voorheen lineêre kommunikasiekanale gebruik wanneer ontwikkelingsinisiatiewe aangepak is, maar het onlangs hulle perspektief verander na die deelnemende raamwerk van ontwikkeling. Buiten die positiewe aspekte van die deelnemende benadering en kommunikasie is dit noodsaaklik om ook ag te slaan op die beperkinge wat dié benadering het en moontlik kan hê.

### 2.4.5 Uitdagings van die deelnemende benadering

Om ontwikkeling in enige gemeenskap te bewerkstellig, is egter nie ʼn eenvoudige proses nie (Naidoo, 2010:51). Volgens Servaes en Arnst (1999:114, 115) is dit makliker om paaie en brûe te bou as om met mense te kommunikeer en te werk om ontwikkeling of veranderinge teweeg te bring. Daar is verskeie faktore wat ʼn uitwerking het op die doeltreffendheid van die deelnemende benadering:

- deelname tussen belangegroepe geskied nie altyd simmetries nie en daar is geen kitsoplossing vir hierdie probleem nie, aangesien die probleemoplossing intern moet begin (Servaes & Arnst, 1999:118);

- kultuur speel ook 'n belangrike rol aangesien interkulturele kommunikasie net doeltreffend kan wees as mense begrip en sensitiwiteit teenoor mekaar se kulturele identiteit betoon (Servaes & Arnst, 1999:120);
- die deelnemende benadering kan baie duur en tydrowend wees, aangesien respek en vertroue verdien moet word tussen gemeenskappe en ontwikkelingsvennote wat nie geforseer kan word nie, maar oor tyd heen opgebou word (Jonker, 2001:71; Otto, 2004:61).

Uit die bespreking van die vorige benaderings asook die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie kan afgelei word dat deelnemende kommunikasie wel volhoubare ontwikkeling in gemeenskappe kan aanmoedig mits dit deurlopend en doeltreffend tydens ontwikkelingsprojekte toegepas word. Projekbestuurders moet gebruik maak van deelnemende ontwikkelingskommunikasie. Enige kommunikeerder moet tydens ontwikkelingsprojekte die nodige kennis, agtergrond en ervaring op die gebied van ontwikkeling, maar veral ontwikkelingskommunikasie hê (Mefalopulos & Grenna, 2004:30).

Volhoubare ontwikkeling in enige samelewing is nie altyd maklik nie, maar sonder deelnemende kommunikasie kan ontwikkeling in gemeenskappe op die lang termyn geensins plaasvind nie en kan die mense van daardie gemeenskap ook nie bemagtig word nie.

## 2.5 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die verskillende benaderings tot ontwikkelingskommunikasie. Verskeie benaderings het aanleiding gegee tot die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie. Die ondersteunende rol van kommunikasie in ontwikkeling het as gevolg van die verskeie benaderings en progressie nie oornag ontwikkel nie (Ayee, 1993:54). Die bespreking aangaande die verskillende benaderings in ontwikkelingskommunikasie is relevant en noodsaaklik om die konteks en ontstaan van die deelnemende benadering en die rol van deelnemende kommunikasie in onwikkeling te beklemtoon.

Volhoubare ontwikkeling en kommunikasieprosesse hou direk met mekaar verband, maar dit het eers onlangs bekend geword dat die prosesse as formele elemente van gemeenskapsontwikkeling beskou moet word (Valdés, 2009:17). Deelname en ontwikkeling is wel kompleks, maar kan verstaan word deur samewerking van alle belangegroepe tydens ontwikkelingsprojekte in enige gemeenskap te verkry (Servaes & Arnst, 1999:127). Kommunikasie as proses kan daarom nie geskei word van maatskaplike en selfs politieke prosesse wat nodig is vir ontwikkeling in gemeenskappe nie (Bessette, 2004:6).

Servaes, kundige op die kommunikasie- en ontwikkelingsgebied, het sterk klem gelê op deelnemende kommunikasie vir ontwikkeling, aangesien modernisering en die afhanklikheidsbenadering tekortkominge gehad het (Thomas, 2005:59). Deelnemende ontwikkelingspogings het potensiaal om gemeenskappe te bemagtig tot volhoubare ontwikkeling en behoort stadig maar seker te sorg dat die deelnemende benadering in ontwikkelingskommunikasie gevestig word (Jennings, 2000:6).

Die vyf beginsels van die deelnemende benadering, naamlik deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling, kan bydra tot enige gemeenskap se volhoubare ontwikkeling.

In hierdie hoofstuk is 5 teoretiese stellings geformuleer wat relevant is vir kommunikasie tydens ontwikkelingsprojekte: Ten eerste moet deelname tydens die beplanning, die uitvoering (toepassing) en die evaluasie van ontwikkelingsprojekte geskied, aangesien gemeenskapslede betrokke raak en ontwikkelingsprojekte op lang termyn kan bestuur. Ten tweede, deur doeltreffende dialoog toe te pas tussen gemeenskapslede, sal die vertroue tussen hierdie betrokkenes verstewig word en die gemeenskap op 'n deelnemende wyse ondersteun word om ontwikkeling te bewerkstellig. Ten derde, indien daar tydens ontwikkelingsprojekte kultuursensitief te werk gegaan word, kan die gemeenskap positiewe uitkomste bereik deur die selfbestuur van projekte te bewerkstellig. Deelname, dialoog en kulturele sensitiwiteit dra daarom by tot enige gemeenskap se bemagtiging tot selfonderhouding op lang termyn. Laastens is die proses van die gemeenskap se ontwikkeling die einddoel wat deelnemende kommunikasie in gemeenskappe wil bereik. Gemeenskapsontwikkeling is geensins moontlik sonder die proses van deelnemende kommunikasie nie.

Dit is duidelik dat die SJGD op deelnemende wyse (soos beklemtoon in die deelnemende benadering) met die betrokke verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte moet kommunikeer om toekomstige volhoubare ontwikkeling te kan bewerkstellig. Die SJGD moet deelname tussen die SJGD-komitees en die verteenwoordigers van die SJGD se ontwikkelingsprojekte aanmoedig en op 'n dialogiese wyse kommunikeer met die verteenwoordigers deur kultureelsensitief te wees om gemeenskapsbemagtiging tot selfonderhouding te bewerkstellig.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die SJGD as unieke NRO. Die geskiedkundige agtergrond van die SJGD sowel as die huidige beleide binne die SJGD se strukture word bespreek. Daar word ook gekyk na die vier programkategorieë van die SJGD-ontwikkelingsprojekte, projekbeskrywings en portefeuljes.

# HOOFSTUK 3

# OORSIG OOR DIE SJGD

## 3.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 en 2 is beklemtoon dat die deelnemende benadering tot ontwikkelings-kommunikasie en die kommunikasie wat met dié benadering gepaard gaan, noodsaaklik is vir gemeenskapsontwikkeling en -bemagtiging. Voordat die kommunikasie tussen die SJGD en die betrokke verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprogramme ondersoek en bespreek kan word, word ŉ oorsig oor die SJGD as NRO in hierdie hoofstuk gegee. Ten eerste word ondersoek ingestel na die universiteit se rol in gemeenskapsontwikkeling en sy betrokkenheid by die SJGD asook die historiese ontstaan van die SJGD en die verskeie besture, portefeuljes, strukture, komitees en ontwikkelingsprojekte waaruit die SJGD funksioneer. Die vier funksioneringskategorieë en die puntesisteem wat die SJGD gebruik om hulle projekte te evalueer, word ook onder die loep geneem. Ten laaste word die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat gebruik word in die huidige navorsingstudie geïdentifiseer en bespreek.

Uit die bespreking blyk dit hoe die SJGD as organisasie funksioneer, wat die unieke aard van hierdie NRO is en waar die organisasie in die NWU-Pukke se universiteitstrukture inpas. Voorlopig kan aanvaar word dat die SJGD meer as net ŉ uitvoerende komitee van die NWU-Pukke se studenteraad is en daarom is dit belangrik om te beklemtoon dat dit ŉ onafhanklike entiteit is wat uit talle (en dikwels gekompliseerde) skakels of netwerke bestaan. Hierdie faktore beïnvloed nie net eksterne kommunikasie met byvoorbeeld verteenwoordigers van verskeie ontwikkelingsprojekte nie, maar ook veral die interne kommunikasie van die SJGD. Hierdie studie fokus egter slegs op kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte, en dit word in hoofstuk 5 volledig bespreek.

## 3.2 AGTERGROND VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT EN SY FUNKSIES IN TERME VAN GEMEENSKAPSDIENS

Die Noordwes-Universiteit (NWU) het op 1 Januarie 2004 amptelik tot stand gekom as deel van ŉ groter plan van die nasionale regering om hoër onderwys in Suid-Afrika te transformeer met die doel om wanbalanse van die verlede te herstel en om hulpbronne meer doeltreffend aan te wend (NWU, 2011a:4). Die NWU is tot stand gebring deur drie instellings wat saamgesmelt het. Hierdie instellings was die voormalige Potchefstroomse Universiteit

vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO), die Universiteit van Noordwes en die personeel en studente van die Sebokengkampus van die Vista-universiteit (Kloppers & Froneman, 2009:206; NWU, 2010/2011a:4). Die NWU is een van die 11 konvensionele (gewone) universiteite in Suid-Afrika en bestaan uit ŉ tweevlakbestuursmodel, naamlik ŉ enkele institusionele kantoor en drie afsonderlike kampusse. Die NWU is ŉ multikampusinstelling met kampusse in twee verskillende provinsies waarvan die Potchefstroom- en Mafikengkampus in Noordwes is en die Vaaldriehoekkampus in Gauteng geleë is (NWU, 2010/2011a:4).

Volgens die NWU se profielbeskrywing (NWU, 2010/2011a:14) is diversiteit die onderskeidende eienskap van die NWU se studenteprofiel. Die NWU beskou dié eienskap as ŉ mededingende voordeel vir studente aangesien samewerking kommunikasievermoë onder mekaar verbeter. Die totstandkoming van die NWU was ŉ sterk simboliese en doeltreffende daad van versoening en nasiebou. Die oorgang na die verenigde NWU word geroem as een van die suksesvolste en stabielste hoëronderwyssamesmeltings in Suid-Afrika. Die samesmelting weerspieël die kultuur van oorlegpleging aan die NWU, sy duidelike visie, waardes en missie, sy doeltreffende beheer en leierskap asook die goedgedefinieerde strategiese en operasionele planne wat beraam is om die NWU die toekoms in te neem.

Die Potchefstroomkampus (vroeër bekend as die PU vir CHO), wat die grootste en oudste NWU-kampus is, is in die historiese universiteitsdorp Potchefstroom geleë. Die Potchefstroomkampus is verantwoordelik vir die meeste van die NWU se navorsingsuitsette en die meeste Nasionale Navorsingstigtinggegradeerde navorsers is op die Potchefstroomkampus werksaam (NWU, 2010/2011a:9). Hierdie kampus bestaan uit agt fakulteite, naamlik Lettere en Wysbegeerte, Natuurwetenskappe, Teologie, Opvoedingswetenskappe, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Regte, Ingenieurswese en Gesondheidswetenskappe (NWU, 2010/2011:9).

Volgens Windell (2005) en Masiea (2005) aangehaal deur Jansen van Rensburg (2007:62) bestaan die NWU-Pukke se kerntake nie alleen uit navorsing en onderrig nie, maar sluit dit ook dienste en diensbaarheid aan die gemeenskap in. Volgens Kloppers en Froneman (2009:201) is universiteite andersoortige instellings in vergelyke met winsgedrewe, openbare en private maatskappye en kan beskou word as sosiale instellings wat hulle gemeenskappe dien deur sekere dienste te lewer.

Afgesien van onderrig en navorsing, word gemeenskapsontwikkeling volgens die NWU as ŉ noodsaaklike taak gesien wat deur hierdie universiteit nagekom moet word (NWU,

2010/2011a:22). Hoewel die NWU kommersieelgedrewe projekte het, is dit ook betrokke by gemeenskapsaktiwiteite wat kenmerkend nie op winsbejag ingestel is nie. Hierdie aktiwiteite word deur die studente en personeel van die NWU uitgevoer om gemeenskappe te bemagtig en te help ontwikkel (NWU, 2010/2011a:22).

Venter (1987:13) aangehaal deur Degenaar (1996:27) verduidelik dat gemeenskapsdiens as ŉ sentrale taak en nie as ŉ aparte universiteitstaak gesien behoort te word nie. Soos aangedui deur Jansen van Rensburg (2007:61) het die gemeenskapsdiensfunksie van universiteite vanaf 1982 in Suid-Afrika erkenning geniet. Die strukturele aard en sosiale karakter van universiteite veronderstel dat dié instansies by die gemeenskap, waarvan hulle deel vorm, betrokke moet wees deur sosiaalsensitief en gemeenskapskrities te wees (Jansen van Rensburg, 2007:61). Jansen van Rensburg (2007:61) benadruk dat universiteite studiemateriaal voortdurend moet bywerk om te verseker dat die begrip van volhoubaarheid verstaan word en daarom, by implikasie, dat volhoubare ontwikkeling in hulle gemeenskappe gehandhaaf word.

Sedert die amptelike erkenning van die gemeenskapsdiensfunksie van universiteite het die NWU-Pukke, volgens Jansen van Rensburg (2007:62), ŉ beleid bepaal oor die funksie van gemeenskapsdiens. Die NWU onderneem tans meer as 300 gemeenskaps-betrokkenheidsprojekte waarvan die SJGD, as die Potchefstroomkampus se geregistreerde NRO, 87 projekte behartig (NWU, 2011b; Stidworthy, 2011a). Die SJGD lewer boonop ŉ belangrike bydrae tot die studentelewe van die NWU-Pukke deur die geleentheid te skep waardeur studente en kundiges ŉ bydrae tot die gemeenskap kan lewer (NWU, 2010/2011a:24). Daar moet weer beklemtoon word dat, hoewel die SJGD deel vorm van die NWU-Pukke se amptelike universiteitstrukture, die SJGD as ŉ onafhanklike NRO en entiteit funksioneer (Stidworthy, 2011a). Die kompleksiteit van ontwikkelingskwessies en die ontwikkelingskonteks waarin dit voorkom, noop die SJGD egter om in samewerking met ander instansies en organisasies wat op ontwikkeling toegespits is, te funksioneer (sien afdeling 1.1). Agtergrond aangaande die SJGD se geskiedenis en funksionering word in die volgende afdeling bespreek.

## 3.3 HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE SJGD

Die Studente-Gemeenskapsdiens (SGD) wat tans bekend staan as die Studente-JOOL-Gemeenskapsdiens (SJGD) was volgens Degenaar (1996:39) die oorsprong waaruit die sosiale betrokkenheidsprogramme van die Departement Openbare Betrekkinge van die PU vir CHO gegroei het. Degenaar (1996:40) verduidelik dat die NWU-Pukke sedert die

sewentigerjare formeel en gestruktureerd betrokke was by sosiale betrokkenheids-programme.

Die Potchefstroomse gemeenskap het volgens Degenaar (1996:40) van 1973 tot 1975 positief op die universiteit se gemeenskapsbetrokkenheid gereageer, maar gedurende 1976 het die betrokkenheid begin afneem as gevolg van ŉ gebrek aan koördinasie, beplanning en fondse (SGD, 1981a:6 aangehaal deur Degenaar, 1996). Nadat in 1977 kommer ontstaan het oor die talle struikelblokke het die destydse rektor, prof. Tjaart van der Walt, ondersoek na moontlike oplossings laat instel.

Die grootste struikelblok was dat geen formele liggaam of struktuur vir die universiteit se gemeenskapsdiens bestaan het nie. ŉ Behoefte aan ŉ oorkoepelende en koördinerende liggaam het ontstaan en dit het daartoe gelei dat ŉ amptelike permanente gemeenskapsbetrokkenheidstruktuur, naamlik die SGD, later die lig sou sien (SGD, 1978b aangehaal deur Degenaar, 1996). Volgens Degenaar (1996:41) het die destydse rektor ŉ adviesraad benoem om konkrete aanbevelings te doen oor die doel en die bestuur van die SGD vir uiteindelike voorlegging aan die raad van die universiteit (SGD, 1978a; Van der Walt, 1978 aangehaal deur Degenaar, 1996). Bestuursleiding van die SGD kon nie langer op ŉ ad hoc- en vrywillige basis geskied nie en daarom moes die nuutgestigte liggaam nie net die mandaat handhaaf nie, maar ook beginsels toepas om ontwikkelingsprojekte op lang termyn te ondersteun (Degenaar, 1996:41).

Die SGD is gevolglik in 1979 amptelik in die lewe geroep om op ŉ permanente basis te funksioneer (Degenaar, 1996). Volgens die eerste grondwet van die SGD, aangehaal deur Degenaar (1996:43), het die SGD bestaan op die basis van gesamentlike verantwoordelikheid volgens vennootskap tussen die SGD, soos verteenwoordig deur die destydse studenteraad, die raad van die universiteit en die dosentekorps. Die bestuursraad van die SGD moes ŉ vaste skakelkomitee vorm uit die Potchefstroomse gemeenskap en interne komitees uit die universiteitstrukture (in ooreenstemming met die reglement van die SGD) saamstel. Volgens Degenaar (1996) het die SGD vanaf 1981 sy dienste aansienlik begin uitbrei en nuwe dienste daarby begin insluit.

Gedurende 1992 het die organisasie se naam na Studente-JOOL-Gemeenskapsdiens (SJGD) verander en dit is tans die NWU-Pukke se geregistreerde NRO met die NRO-nommer 002-000 (Cilliers, 1992 aangehaal deur Degenaar, 1996:56; Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a; Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010e). Die SJGD het sedert 1992 aktief met sy aksies voortgegaan en die organisasie het probeer om meer betrokke te wees in samewerking met Jool (Studenteraadsportefeulje: Jou Onbaatsugtige Opoffering vir

Liefdadigheid) en die sosiale betrokkenheidsprogramme van die studente van die universiteit (Degenaar, 1996:56).

Vandag funksioneer die SJGD steeds as ŉ belangrike, hoewel onafhanklike, geregistreerde NRO van die NWU-Pukke. As onafhanklike NRO word hierdie organisasie op ŉ dinamiese en professionele wyse bestuur deur studente wat daarop fokus om ŉ positiewe, volhoubare en doeltreffende verandering in die gemeenskap teweeg te bring (Stidworthy, 2010; 2011a). Die SJGD is weekliks werksaam in en om die Potchefstroomomgewing met die doel om soveel behoeftige mense moontlik te kan bereik (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010e). Die SJGD lewer dienste aan bejaardes, minderbevoorregtes, gestremde kinders en ouer gestremdes, waarvan 80% uit voorheen benadeelde gemeenskappe kom (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010e).

## 3.4 FUNKSIONERING VAN DIE SJGD

Die SJGD as akroniem kan soos volg beskryf word:

**S – Studente:** Die SJGD is afhanklik van studente om gemeenskapsdiens onder die Potchefstroomse gemeenskap te bevorder. Studente maak dit moontlik dat die verskeie besture van die SJGD die werklike behoeftes van die gemeenskap raaksien en dit probeer oplos (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010e).

**J – Jool:** Wat bekend staan as 'Jou Onbaatsugtige Opoffering vir Liefdadigheid' dien ook, soos die SJGD (as portefeulje), op die studenteraad. Jool is hoofsaaklik verantwoordelik vir die SJGD se fondse. Jool dien as fondswerwer van die SJGD en eersgenoemde uitvoerende komitee samel geld deur middel van verskeie gemeenskap- en koshuisaksies in, sodat dit onder die verskillende ontwikkelingsprojekte verdeel kan word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010e).

**G + D – GemeenskapsDiens:** Die hoofdoel van die SJGD as NRO is om werklike behoeftes in die gemeenskap te identifiseer en daaraan aandag te gee (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010e).

Kortom, die SJGD word as die diensbare hande van studentelewe beskou. Die SJGD funksioneer tans op die volgende wyse: Ten eerste fokus die organisasie op vier ontwikkelingsareas of kategorieë waarin alle ontwikkelingsprojekte verdeel moet word (sien punt 3.6). Hierdie ontwikkelingsareas sluit vroeëkinderontwikkeling, kinder- en jeugontwikkeling, uitreike en kwesbare jeug en volwassenes in. Organisasies wat deur die SJGD ondersteun word, word daarom in een van hierdie programkategorieë ingedeel.

Enige individue en plaaslike NRO's wat reeds geregistreer is, kan by die SJGD projekvoorleggings indien, om die organisasie se ondersteuning te versoek. Indien die organisasies die SJGD se keuringsproses slaag word, met behulp van die NWU-Pukke se maatskaplike werkster, mev. Kotzé, die betrokke organisasie se behoeftes geëvalueer om presies te bepaal op watter wyse die SJGD die organisasie kan bystaan. Mev. Kotzé bied ook haar kundigheid aan die huiskomiteelede en projekleiers, sodat hulle toepaslike doelwitte kan stel vir hulle betrokke termyn (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010g:2).

Volgens Stidworthy (2010) het die SJGD met hierdie werkswyse reeds sy volle kapasiteit bereik. Bestaande projekte sal in die toekoms herevalueer moet word om eerder minder (byvoorbeeld 48 projekte in plaas van 87), maar meer doeltreffende projekte (projekte wat op lang termyn volhoubaar kan wees), te kan ondersteun. Sodra hierdie doelwit bereik is, beklemtoon Stidworthy en Croucamp (studenteraadsvoorsitter, 2009-'10, 2010) dat die SJGD in die toekoms verder buite Potchefstroom projekte sal ondersoek en aanpak wat wyer as die plaaslike gemeenskap strek. Die onmiddellike fokus is egter tans op die plaaslike gemeenskap se behoeftes en ondersteuning.

In hierdie afdeling is verduidelik waarvoor die SJGD staan en hoe die SJGD funksioneer. Die SJGD is nie net 'n onafhanklike entiteit wat met sy aksies voortgaan nie, maar die NRO dien ook as een van die portefeuljes van die studenteraad en word deur studente bestuur. As unieke en studentegedrewe NRO het die SJGD sekere take en funksies om volgens die beleide van die studenteraad uit te voer.

### 3.4.1 Die SJGD as studenteraadsportefeulje

Aangesien studente van die NWU-Pukke (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1) 'n behoefte het om behoorlik verteenwoordig te word, bestaan 'n studenteraad aan die Potchefstroomkampus van die NWU.

Die missie van die studenteraad van die Potchefstroomkampus is (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1): "Om studentiteit te waarborg sal hulle vanuit 'n waardegedrewe grondslag student vir studente wees deur:

- doeltreffende organisering van kwaliteit — eerder as kwantiteitgerigte studentelewe;
- wedersydse kommunikasie tussen die studenteraad en medestudente te verbeter; en
- eenheid in diversiteit te bevorder".

Die visie van die studenteraad is 'Studentiteit Gewaarborg' en die kernwaardes waarna hulle streef is aanspreeklikheid, respek, integriteit, toegewydheid en nederigheid (Croucamp, 2010).

Die studenteraad word deur die raad van die NWU uit hoofde van die statuut van die universiteit ten opsigte van sekere sake met gesag en afhandelingsbevoegdheid beklee en gesien as een van die beheerstrukture van die universiteit (Croucamp, 2010; Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1; Van Rooyen, 2011). Uit die grondwet (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1) word aangedui dat:

"Die SR [het] die bevoegdheid om reëls te maak en toe te pas vir en ten opsigte van die hele studentegemeenskap op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit en bestuur die georganiseerde studentelewe op die Potchefstroomkampus met die oog daarop om die visie van die Universiteit ten opsigte van die akademiese, kulturele, sport, koshuis en ander toepaslike terreine te help verwesenlik".

Die studenteraad bestaan uit 16 lede met spesifieke portefeuljes, soos byvoorbeeld die SJGD en Jool (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:2-11). Elke portefeuljehouer word deur die grondwet vereis om sekere take uit te voer en om die beleide aangaande gedrag, tug en so meer te gehoorsaam (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2011b:1-2).

Die SJGD-portefeuljehouer het spesifieke take wat verrig moet word, soos uiteengesit in die grondwet (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:9). Die SJGD-voorsitter, as lid van die studenteraad, moet:

- alle instansies en individue wat aan die SJGD deelneem van raad en hulp bedien en hulle belange op die studenteraad behartig;
- op informele vlak skakelbetrekkinge opbou in die naam van die studenteraad in gemeenskappe waar die SJGD funksioneer;
- waar nodig, in oorleg met die SJGD en die studenteraad, met staatsdepartemente skakel met die oog op maatskaplike hulpverlening; en
- gemeenskapsdienste deur ander instansies as die SJGD ondersteun, help en koördineer vir sover dit ooreenstem met die beleid van die studenteraad.

Buiten hierdie take word ondervinding ten opsigte van leierskapskeuses vir elke studenteraadsportefeulje vereis (Van Rooyen, 2011). Die SJGD, as ŉ onafhanklike NRO, moet daarom wel aan sekere minimumvereistes van die studenteraad voldoen. Elke studenteraadsportefeuljehouer (soos byvoorbeeld die SJGD-voorsitter) bestuur ŉ uitvoerende komitee. Die studenteraadslid vir die SJGD moes reeds ŉ vorige termyn op

hierdie uitvoerende komitee van die SJGD of 'n koshuisbestuur gedien het om as studenteraadslid die SJGD te verteenwoordig (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:15, 18). Die pligte en portefeuljes van die SJGD se uitvoerende komitee word in afdeling 3.5.2 uiteengesit.

Verdere besprekings aangaande Jool en die SJGD as studenteraadsportefeuljes kom in die volgende afdeling aan die orde. Daar word kortliks verwys na Jool as studenteraads-portefeulje. Dit is belangrik om te weet dat Jool slegs die hooffondswerwer van die SJGD is en dat die SJGD wel onafhanklik van hierdie studenteraadsportefeulje funksioneer.

### 3.4.2 Jool as studenteraadsportefeulje en sy rol in die SJGD

Jool het vanaf 1988 fondse wat by wyse van gemeenskaps- en koshuisaksies ingesamel is aan liefdadigheidsorganisasies gegee (Van Wyk, 2011). Sedert die naamsverandering van die SGD na SJGD in 1992, het Jool besluit om al die fondse wat gegenereer word eerder direk aan die SJGD toe te ken. Die SJGD versprei hierdie fondse aan verskeie gekeurde, plaaslike ontwikkelingsprojekte soos ooreengekom deur die dagbestuur van die SJGD, die studenteraadsvoorsitter en die finansiële assistent van die NWU-Pukke (Stidworthy, 2011a; Van Wyk, 2011).

Fondse word hoofsaaklik deur die algehele joolkompetisie ingesamel. Dit sluit onder andere aksies van die koshuise en die uitvoerende komitee soos jool-*olympics*, die vlotoptog, musiekoptredes tydens die jaarlikse jool asook interne koshuisaksies in. Die SJGD ondersoek wel tans die moontlikheid om hulle eie fondse in die toekoms te genereer (Van Wyk, 2011). Uit die bogenoemde bespreking kan verstaan word dat Jool die SJGD-portefeulje finansieel ondersteun. In die onderstaande afdeling word die SJGD se visie en missie sowel as die bestuur en onderskeie strukture bespreek.

### 3.4.3 Visie en missie van die SJGD

#### Visie van die SJGD:

Die oorkoepelende visie vir die SJGD is: 'SJGD – Die GUTS om te gee'. Stidworthy (2010) het aanbeveel dat die adviesraad van die SJGD in die toekoms na die moontlikheid moet kyk om die visie te verander. Die visie vir die termyn van 2009-'10 was: 'Giving hope, inspiring change' (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010d).

#### Missie van die SJGD:

Die SJGD se missie bestaan uit die volgende punte:

- "Die vestiging en aanmoediging van hoop deur identifisering van basiese behoeftes;

- Die nastreef van 'n gesamentlike visie deur alle betrokke partye;
- Volhoubare verandering te bring en te behou;
- Veranderinge te laat plaasvind om geleenthede te skep; en
- Voorkoming van geforseerde samewerking en die aanmoediging van vrywillige deelname" (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010d).


Uit die genoemde visie en missie word verduidelik dat die SJGD daarna streef om organisasies te ondersteun om volhoubare ontwikkeling te laat plaasvind. Die SJGD is 'n NRO wat hulle missie bereik deur die verskeie en komplekse skakels waaruit die SJGD bestaan. Die SJGD se bestuur word in die volgende afdeling bespreek.

## 3.5 BESTUUR VAN DIE SJGD

Die SJGD bestaan uit verskeie onderafdelings, naamlik die strategiese bestuur (adviesraad), die operasionele bestuur (uitvoerende komitee) en die uitvoerende bestuur (huis-komiteelede, projekleiers, Women Of Worth-komitee en lede van akademiese studenteverenigings). Die uitvoerende komitee behartig 11 projekte, die huiskomiteelede van die kampuskoshuise behartig 28 projekte, projekleiers behartig 20 projekte, die Women of Worth-komitee behartig 5 projekte en die lede van die akademiese studenteverenigings behartig 23 projekte. Die SJGD bestuur tans (soos voorheen aangedui) 87 projekte en het na bewering altesaam 4 000 komiteelede (Stidworthy, 2010).

Hierdie komiteelede skakel gereeld met mekaar en daarom is interne kommunikasie in die SJGD baie belangrik. Die verskeie besture van die SJGD (die adviesraad, die uitvoerende komitee en so meer) moet met mekaar skakel om te sorg dat die SJGD so doeltreffend moontlik funksioneer. Eksterne kommunikasie behels skakeling van die SJGD se interne bestuur en komiteelede (uitvoerende komitees, huiskomitees, die adviesraadslede en projekleiers) met die verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte wat die SJGD ondersteun. Die SJGD het 'n uitgebreide en gekompliseerde aantal interne skakels en netwerke. Dit is daarom vanselfsprekend dat interne kommunikasie baie belangrik is, aangesien dit eksterne kommunikasie (met verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte) beïnvloed. Die onderskeie besture van die SJGD word in figuur 1 en die volgende afdelings uiteengesit.

***Figuur 1*** *Organigram van die SJGD*



### 3.5.1 Strategiese bestuur van die SJGD (adviesraad)

#### *3.5.1.1 Doel van die adviesraad*

Die adviesraad van die SJGD is vanaf 2010 heringestel nadat dit vroeër weens ŉ tekort aan kundige personeel afgeskaf is. Volgens Stidworthy (2010) en Herbst (2010) is die adviesraad van die SJGD daar om te verseker dat die SJGD volhoubaar bestuur word en om die strategiese doel van die SJGD na te streef. Aangesien die SJGD-voorsitter en verskeie komiteeverteenwoordigers elke termyn verander, belemmer dit hierdie volhoubaarheidsbeginsel. Die adviesraad het daarom juis ontstaan om die kontinuïteitsprobleem aan te spreek en daar is tot ŉ gevolgtrekking gekom dat die voorsitter van die adviesraad vir vyf jaar op hierdie raad verteenwoordig behoort te wees.

Die adviesraad bestaan om strategiese leiding te gee en om hulle kundigheid te deel met die SJGD-voorsitter, sodat die NRO meer op ŉ volhoubare wyse bestuur kan word (Herbst, 2010). Stidworthy (2010) meen verder dat die SJGD se adviesraad die organisasie beskerm en waarborg dat die organisasie se finansies en borge verantwoordelik en met rekenskap hanteer word. Die adviesraad dien ook as spreekbuis vir die SJGD op ander universitêre komitees en strukture. Daar word beklemtoon dat die studentegedrewenheid nie van die SJGD weggeneem mag word nie. Die adviesraad maak voorstelle ten opsgite van hoe om die SJGD as NRO te bevorder, hou kontrole oor die SJGD se finansies en sorg dat die SJGD soos ŉ verantwoordelike NRO bestuur word (Stidworthy, 2010).

#### *3.5.1.2 Portefeuljehouers van die adviesraad*

Die adviesraad van die SJGD bestaan uit agt lede. Hierdie lede is aangestel om kundige aanbevelings te kan maak omtrent die SJGD se aktiwiteite en projekte. Die lede is:

- dr. Alida Herbst (voorsitter) — Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe;
- prof. Annette Combrink — die SJGD-beskermheer en voormalige rektor van die NWU-Pukke;
- prof. Hendré Reyneke — voormalige studentedekaan van die NWU-Pukke;
- prof. Mike Weyers — Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe;
- mev. Lenie Kotzé — maatskaplike werkster van die SJGD en die Potchefstroom-kampus;
- mnr. Louw Hattingh — finansiële raadgewer (oud-stadstesourier van die Stadsraad van Potchefstroom);
- mnr. Jean-Marc Stidworthy — die SJGD se voorsitter (2009-'10 asook 2010-'11); en
- me. Adéle Croucamp — voormalige studenteraadsvoorsitter (2008-'09 asook 2009-'10).

#### *3.5.1.3 Verwagtinge van die voorsitter van die adviesraad*

Dr. Alida Herbst is op 15 April 2010 as die voorsitter van die adviesraad aangewys. Die voorsitter is verantwoordelik vir die beplanning en lei van vergaderings wat deur die adviesraad gehou word (Stidworthy, 2010). Die voorsitter is die spreekbuis van die SJGD op universitêre vlak en neem noodbesluite indien die adviesraad nie kan vergader nie. Die voorsitter meng nie in met studentegedrewenheid nie, maar gee wel strategiese leiding en behartig die portefeuljeverdelings van die adviesraad. Die voorsitter is daar om seker te maak dat die operasionele bestuurder die strategiese plan van die SJGD volg en dat die etos en waardes van die organisasie uitgeleef word.

Uit die genoemde verpligtinge en verwagtinge is beklemtoon dat die adviesraad sowel as die voorsitter van die adviesraad leiding aan die operasionele bestuur van die SJGD gee. In die volgende afdeling word die take van die operasionele bestuur verder bespreek.

### 3.5.2 Operasionele bestuur (uitvoerende komitee) van die SJGD

Die SJGD bestaan uit verskeie skakels of netwerke van komiteelede, elk met sy eie unieke funksies en verpligtinge. Die portefeuljes van die uitvoerende komitee, wat vir hierdie studie relevant is, word in hierdie afdeling bespreek. Die portefeuljes wat nie direk met die studie verband hou nie word uiteengesit in Addendum A. Hierdie inligting is verkry vanuit die huishoudelike reglement van die SJGD, mondelinge mededeling van die SJGD-voorsitter en waarnemings as navorser.

#### *3.5.2.1 Projekkoördineerder*

Dié persoon is verantwoordelik vir doeltreffende kommunikasie tussen die uitvoerende komitee en die projekleiers. Hy of sy moet die projekleiers ten alle tye bystaan en omsien na hulle psigiese welstand. Verder moet alle aksies en reëlings deur hierdie persoon aan die projekleiers deurgegee word. Die lei van weeklikse vergaderings met die projekleiers, werksaamhede met die koshuiskoördineerder en verpligtinge omtrent die beoordeling van proses- en aksieverslae is deel van hierdie portefeuljehouer se verantwoordelikheid (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:5).

#### *3.5.2.2 Koshuiskoördineerder van mans- en dameskoshuise*

Hierdie persoon is die skakel tussen koshuise en die uitvoerende komitee. Die portefeulje behels die lei van huiskomiteevergaderings sowel as die samestelling van die sakelys om sodoende die interne kommunikasiekanale van die SJGD te verbeter. Hy of sy is verantwoordelik vir die deurgee van reëlings en aksies aan die huiskomiteelede. Hierdie portefeuljehouer moet die huiskomiteelede bystaan. In samewerking met die

projekkoördineerder funksioneer hierdie persone as spreekbuis van die SJGD na die studente (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:5).

#### *3.5.2.3 Eksterne betrekkinge*

Hierdie portefeulje behels die uitvoer van spesifieke aksies van die uitvoerende komitee byvoorbeeld Kaalvoetdag, Karnavaldag en die SJGD se Blikkieskosdag. Die spesifieke doel van die portefeulje is om die maksimum blootstelling vir die SJGD te verkry deur met eksterne organisasies te skakel en die betrokke ontwikkelingsprojekte van die SJGD se verteenwoordigers bekend te stel (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:4).

#### *3.5.2.4 Projekontwikkeling en bemagtiging*

Hierdie portefeulje handel oor die byvoeging van ontwikkelingsprojekte deur die toepassing van vasgestelde kriteria en die evaluering van die projekte. ’n Verdere doel van hierdie portefeulje is om te sorg dat doeltreffende bestuur van reeds bestaande ontwikkelingsprojekte, asook die verbetering daarvan, plaasvind. Hierdie persoon werk saam met die maatskaplike werkers as konsultante van die SJGD (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:4).

#### *3.5.2.5 Koördineerder van akademiese studenteverenigings*

Dié persoon is verantwoordelik vir doeltreffende kommunikasie tussen die uitvoerende komitee en die akademiese studenteverenigings, kunste-onderliggame en ander organisasies. Die akademiese studenteverenigings moet bygestaan word deur alle aksies en reëlings aan die betrokke projekleiers van die akademiese studenteverenigings deur te gee. Die lei van weeklikse vergaderings met die lede van die akademiese studenteverenigings is ook hierdie portefeuljehouer se verantwoordelikheid, asook skakeling en samewerking met die koshuiskoördineerder en die projekkoördineerder (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011a).

#### *3.5.2.6 Sand, See en Skulp*

Sand, See en Skulp is ’n ontwikkelingsprojek van die SJGD wat aan 24 leerlinge van Laerskool Promosa die geleentheid bied om vir die eerste keer see toe te kan gaan. Die lid van die uitvoerende komitee wat hierdie portefeulje bestuur is verantwoordelik vir alle reëlings. Reëlings sluit in die identifisering van leerlinge, verblyf, klerasie en alle logistieke reëlings. Die portefeulje het ’n groot omvang en die lid van die uitvoerende komitee werk nou saam met die leier van Sand, See en Skulp (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:4).

#### *3.5.2.7 Joolpersoonlikheid*

Die 14 joolfinaliste dien as ambassadeurs vir liefdadigheid. Die verkose joolpersoonlikheid word outomaties in die SJGD ingesluit as lid van die uitvoerende komitee. Die betrokke persoon se termyn strek van haar aanwysing tot en met die aanwysing van haar opvolger. Hierdie portefeuljehouer dien as voorsitter van die Women of Worth-komitee. Die ander 13 joolfinaliste, elk met haar eie portefeulje, dien op hierdie komitee. Sy is verantwoordelik daarvoor om sekere projekte aan te pak soos byvoorbeeld die organisering en reël van die Sand, See en Skulp-vakansie. Ook moet sy die beeld van die SJGD op 'n positiewe manier uitdra (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:5-6).

#### *3.5.2.8 Ondervoorsitter van administrasie*

Hierdie portefeuljehouer is verantwoordelik vir die koördinering van administratiewe take van die uitvoerende komitee sodat al die administratiewe dokumentasie van die SJGD tot op datum gehou word. Die ondervoorsitter dra die voorsitter van die SJGD se vereistes en bevele oor en dien as skakel tussen die uitvoerende komitee (administrasie) en die SJGD-voorsitter. Hierdie persoon dien outomaties ook op die SJGD-tugkomitee wat uit die voorsitter en twee ondervoorsitters van die SJGD bestaan (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:2).

#### *3.5.2.9 Ondervoorsitter van projekte*

Hierdie portefeuljehouer dien (saam met die ondervoorsitter van administrasie) op die SJGD se tugkomitee. Die take van hierdie persoon behels die koördinering van alle ontwikkelingsprojekte in oorleg met die SJGD-voorsitter. Hierdie persoon word gesien as die skakel tussen die uitvoerende komitee (projekte) en die SJGD-voorsitter (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:2).

Die bogenoemde portefeuljes verteenwoordig die interne skakeling en die uitvoerende komitee van die SJGD. Die uitvoerende komitee van die SJGD het elke jaar ook sekere aksies wat uitgevoer moet word. Die belangrikste aksies vir die studie is die volgende:

Die projek Sand, See en Skulp (soos reeds genoem in 3.5.2.6) word deur die ondervoorsitter van projekte van die uitvoerende komitee bestuur. Hierdie projek bied aan 24 leerlinge van Laerskool Promosa die geleentheid om vir die eerste keer see toe te gaan. Dié unieke geleentheid dra ook by tot die eksterne (instansies en individue buite die Potchefstroomgebied) bewusmaking van die SJGD (Stidworthy, 2011).

ŉ Ander belangrike aksie is Projekbestuursopleiding. Dié opleidingskursus help die projekbestuurders om hulle ontwikkelingsprojekte meer doeltreffend te bestuur (Herbst, 2010). Die SJGD se onderskeie projekleiers en huiskomiteelede verander elke jaar en daarom is dit belangrik dat die onderskeie studente opleiding ontvang om hulle ontwikkelingsprojekte vir die toekoms volhoubaar te kan maak (Herbst, 2010). Die SJGD bied jaarliks hierdie opleiding aan met behulp van kundiges in die maatskaplikewerksgebied. Die opleiding poog om die onderskeie projekleiers toe te rus met die nodige kennis en vaardighede om hulle projekte en finansies (geld vanaf die SJGD) op ŉ doeltreffende wyse te bestuur. Die projekbestuurders word gekontroleer deur maatskaplike werkers wat as konsultante gedurende dieselfde termyn aangestel word asook deur ŉ paneel van beoordelaars om verantwoording te doen teenoor die gemeenskap (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010b).

Hierdie opleidingskursus is in die proses om ŉ geakkrediteerde kursus te word in sosio-ekonomiese ontwikkeling (Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe). Dié opleidings-module sal in die toekoms aan elke projekleier en huiskomiteelid toegeken word, mits die opleidingsessies bygewoon word. Elke projekbestuurder wat al die sessies van die opleiding bygewoon het ontvang aan die einde van hulle SJGD-termyn ŉ sertifikaat (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010g:2).

In die bogenoemde opsommings is die uitvoerende komitee, as operasionele bestuur van die SJGD se portefeuljes, se take en funksies uiteengesit. Hierdie bestuur dien ook as die voogde van die uitvoerende bestuur van die SJGD. Die operasionele bestuur woon programme van die uitvoerende bestuur by om kontrole sowel as goeie kommunikasie en verhoudinge te laat plaasvind. In die volgende afdeling word die uitvoerende bestuur (huiskomiteelede en projekleiers) van die SJGD bespreek.

### 3.5.3 Uitvoerende bestuur van die SJGD

Die uitvoerende bestuur van die SJGD is ŉ noodsaaklike skakel binne die SJGD as NRO. Die uitvoerende bestuur van die SJGD oefen beheer uit oor verskeie ontwikkelingsprojekte deur middel van ontwikkelingsprogramme wat aangebied word om doelwitte vir die betrokke termyn te bereik. Hierdie betrokke bestuur bestaan uit die studentekorps en — soos reeds genoem — uit die huiskomiteelede van die koshuise se SJGD-portefeuljehouers, projekleiers, die jooldebutante as die Women of Worth-komitee, akademiese studenteverenigings (uit die fakulteite van die Potchefstroomkampus) en onderliggame. Hierdie eienskappe en funksies van die huiskomiteelede en die projekleiers as komitees word verder bespreek. Verdere inligting oor die Women of Worth-komitee, die akademiese

studenteverenigings en die onderliggame word in Addendum B uiteengesit aangesien dit nie direk vir hierdie studie relevant is nie.

#### *3.5.3.1 Huiskomiteelede van kampus- sowel as dorpskoshuise*

Daar is 28 koshuise op die Potchefstroomkampus. Hiervan is onderskeidelik 14 dames-koshuise en 14 manskoshuise waarvan 6 as dorpskoshuise (3 damesdorpskoshuise en 3 mansdorpskoshuise) bekend staan. Elke koshuis bestaan uit ŉ groep huiskomiteelede wat die koshuisbestuur van die koshuis verteenwoordig. Een van hierdie huiskomiteelede staan as die SJGD-huiskomiteelid bekend. Dit gebeur soms dat van hierdie lede nie noodwendig vir die portefeulje gestaan het tydens die huiskomiteeverkiesing nie, maar dat dit deur die betrokke verkiesingskorps aan hulle toegeken is. Hierdie SJGD-huiskomiteelede tree in samewerking met die operasionele bestuur (beter bekend as die uitvoerende komitee) van die SJGD op.

Die onderskeie SJGD-huiskomiteelede bestuur elk ŉ ontwikkelingsprojek van die SJGD vir hulle koshuise. Hierdie lede het ŉ interne koshuiskomitee wat hulle help om die doelwitte van hul ontwikkelingsprojek van hul termyn te kan bereik. As die SJGD-portefeuljehouers dien hulle as verteenwoordigers van hul onderskeie koshuise en moet hulle sekere aksies en verpligtinge namens die SJGD bestuur en nakom. Die SJGD het ŉ puntesisteem (wat later bespreek word in afdeling 3.7) waaraan die SJGD-huiskomiteelede moet voldoen om te sorg dat ontwikkelingsprojekte in die toekoms gehandhaaf kan word. Die kommunikasie van die uitvoerende komitee met die SJGD-huiskomiteelede vind hoofsaaklik plaas deur interpersoonlike kommunikasie, vergaderings, elektroniese pos en telefoniese oproepe of boodskappe van die koshuiskoördineerder van die SJGD se uitvoerende komitee.

#### *3.5.3.2 Projekleiers*

Hierdie 20 projekleiers verteenwoordig die NWU-Pukke se studentekorps. Projekleiers het verantwoordelikhede wat hulle moet nakom in hulle onderskeie ontwikkelingsprojekte, maar dit vind op ŉ informeler trant as dié van die SJGD-huiskomiteelede plaas. Dit was hierdie studente se eie keuse om as leiers vir die onderskeie ontwikkelingsprojekte te staan. Die projekleiers bestuur namens die SJGD verskeie ontwikkelingsprojekte. Hulle bied ondersteuning aan die huiskomiteelede en die lede van die uitvoerende komitee tydens aksies van die uitvoerende komitee, byvoorbeeld Blikkieskosdag, Kaalvoetdag en so meer.

Aangesien die SJGD ŉ geregistreerde NRO is en verantwoording moet doen van hulle take en funksies, moet die projekleiers (sowel as die huiskomiteelede) gedurende hulle termyn aksie- en prosesverslae inhandig en deur middel van aanbiedings terugvoer gee aan die

SJGD se paneel en die maatskaplike konsultante. Die kommunikasie van die uitvoerende komitee met die projekleiers vind hoofsaaklik plaas deur interpersoonlike kommunikasie, vergaderings, elektroniese pos en telefoniese oproepe of boodskappe van die projekkoördineerder van die uitvoerende komitee.

Soos reeds genoem ondersteun die uitvoerende bestuur van die SJGD verskeie ontwikkelingsprojekte. Die SJGD se ontwikkelingsprojekte moet daarom in een van die vier kategorieë van die SJGD geklassifiseer word. Die vier kategorieë word in die volgende afdeling uiteengesit.

## 3.6 VIER FUNKSIONERINGSKATEGORIEË VAN DIE SJGD

Soos reeds in hoofstuk 1 genoem kan die SJGD se fokus in vier kategorieë geplaas word, naamlik vroeëkinderontwikkeling, kinder- en jeugontwikkeling (laer- en hoërskole), kwesbare jeug en volwassenes asook uitreike. Die ontwikkelingsprojekte van die SJGD bestaan uit een van hierdie vier kategorieë en word deur die uitvoerende bestuur van die SJGD (huiskomiteelede, projekleiers, Women of Worth-komitee en lede van akademiese studenteverenigings) bestuur en deur maatskaplike werkers as konsultante deurlopend geëvalueer. Die ontwikkelingsprojekte wat in die bogenoemde kategorieë val, bestaan uit vaste of skakelprojekte.

Ontwikkelingsprojekte van die SJGD is in 2011 vir die eerste keer in hierdie onderskeie kategorieë geplaas (Stidworthy, 2011a). Hierdie aanbeveling is tydens ŉ adviesraad-vergadering gemaak en daarom is dit vir die termyn van 2010-'11 in werking gestel. Die kategorieë word in die volgende afdeling omskryf asook die vier vroeëkinderontwikkelings-projekte wat relevant is vir hierdie navorsingstudie. Beskrywings van die ontwikkelings-projekte in die kategorieë kwesbare jeug en volwassenes, kinder- en jeugontwikkeling en uitreike word in Addendum C uiteengesit.

### 3.6.1 Kategorie: kwesbare jeug en volwassenes

Die kategorie van die SJGD fokus op kinders en volwassenes wat verskeie fisiese, psigiese, emosionele of geestelike behoeftes het. Hierdie jeug en volwassenes sluit MIV- en Vigs-geïnfekteerde en geaffekteerde persone, persone met gestremdhede, ouer persone en vroue in (Weyers & Herbst, 2010:30). Dié kinders en volwassenes het nie die nodige hulpbronne en vaardighede om hulle omstandighede te verbeter en hulself te bemagtig nie. Die SJGD bied die nodige ondersteuning en hulpbronne aan die kinders en volwassenes en probeer om hulle op lang termyn te bemagtig. Die SJGD het die volgende ontwikkelingsprojekte wat in hierdie kategorie val (sien Addendum C):

- Ons Hulde Ouetehuis (Klawerhof Dameskoshuis);
- Tshwaraganang Dagsorgsentrum (Caput Manskoshuis);
- Witrand Hospitaal (De Wilgers Manskoshuis);
- Huis Hebron (Heimat Manskoshuis);
- Perdryprojek vir gestremde kinders (nievaste ontwikkelingsprojek);
- Sonderwater (ontwikkelingsprojek); en
- Droomhuis (ontwikkelingsprojek).

### 3.6.2 Kategorie: uitreike

Hierdie kategorie is belangrik vir die SJGD betreffende ondersteuning wat gebied word aan behoeftige instansies. Die onderskeie ontwikkelingsprojekte van hierdie kategorie is (sien Addendum C vir volledige bespreking):

- sportontwikkeling (ontwikkelingsprojek);
- Tshepo Primary School (dorpmanskoshuis);
- Promosa Parkie (ontwikkelingsprojek);
- hospitaalprojek (ontwikkelingsprojek);
- fisiese verbetering (Soetdorings Manskoshuis);
- evangelisasie (ontwikkelingsprojek);
- voedingskema (ontwikkelingsprojek);
- herwinning (ontwikkelingsprojek); en
- Thakaneng Shelter — straatkinders (ontwikkelingsprojek).

### 3.6.3 Kategorie: kinder- en jeugontwikkeling

Die kategorie kinder- en jeugontwikkeling verwys na kinders in die laer- of hoërskool. Volgens Weyers en Herbst (2010:26) maak dit nie saak in watter ontwikkelingsfase kinders is nie — sekere aspekte sal altyd behoeftes by kinders bly soos byvoorbeeld gesondheid, opvoeding, identiteit, verhoudinge, selfsorgvaardighede en emosionele gedragsontwikkeling. Die volgende ontwikkelingsprojekte van die SJGD val in hierdie kategorie vir kinder- en jeugontwikkeling (sien Addendum C rakende beskrywings van hierdie kategorie se projekte):

- Bert's Bricks (Heide Dameskoshuis);
- Keagile Intermediate (Over de Voor Manskoshuis);
- Loula Fourie-plaasskool (Kasteel Dameskoshuis);
- Ourief-plaasskool (Oosterhof Dameskoshuis);
- Padi-plaasskool (Wag-'n-bietjie Dameskoshuis);

- Jane Lesapo (Villagers Manskoshuis);
- Hoërskool Promosa se gr.10-meisies (Bellatrix Dameskoshuis);
- Hoërskool Promosa (Patria Manskoshuis);
- Laerskool President Pretorius (Veritas Manskoshuis);
- Pudulogo Lower Primary Public School (Ratau Lebone Manskoshuis);
- Thlabologo Primary School (Excelsior Manskoshuis);
- Laerskool Vyfhoek (Hombré Manskoshuis);
- Laerskool Promosa (ontwikkelingsprojek); en
- Pick-a-Leader (ontwikkelingsprojek).

### 3.6.4 Kategorie: vroeëkinderontwikkeling

Hierdie kategorie van die SJGD se ontwikkelingsprojekte fokus op behoeftige kleuterskole sowel as die kleuters betrokke. Die kleuterfase strek van ongeveer twee tot ses jaar. In hierdie tydperk moet die kleuter groot- en fynmotoriese bewegingsvaardighede ontwikkel (Weyers & Herbst, 2010:26). Die geheue, numeriese vaardighede, taalbegrip en kommunikasievaardighede sorg vir skoolgereedheid van hierdie kinders (Weyers & Herbst, 2010:26). Die vroeëkinderontwikkelingsprojekte van die SJGD is dus van kardinale belang wat hierdie kinders se toekoms betref. Die SJGD is trots om by die ontwikkelingsprojekte betrokke te kan wees en glo dit is belangrik om van ’n vroeë ouderdom in ons land se toekoms te belê (Stidworthy, 2011). Die volgende ontwikkelingsprojekte val in hierdie kategorie. Die spesifieke vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat in hierdie studie bestudeer is word in meer detail bespreek:

- Kids Paradise (Dinki Dameskoshuis);
- Goitsoine Preschool (Eikenhof Dameskoshuis);
- New Life Daycare Centre (La Varia Dameskoshuis);
- Ntsamaiseng Kleuterskool (Minjonet Dameskoshuis);
- Heaven for Angels (Vergeet-my-nie Dameskoshuis);
- Kagatolopelo Preschool (Laureus Manskoshuis);
- 4 L's Child Care Centre *(Love, Learn, Lecture* en *Laughter)* (Thaba-Jäh Manskoshuis);
- Kleuterskool: kurrikulumontwikkelingsprojek (ontwikkelingsprojek); en
- Kleuternote (ontwikkelingsprojek).

### 3.6.5 Vier vroeëkinderontwikkelingsprogramme wat gebruik word in hierdie kommunikasiestudie

Daar is reeds ŉ navorsingstudie vir ŉ meestersgraad (2010–11), uit die Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe, oor die kinder- en jeugontwikkelingsprogram Pick-a-Leader deur me. Japhta ingehandig. Me. Japhta se studie fokus op die impak wat hierdie program op die hoërskoolleerlinge kan hê en ook op die volhoubaarheid van die program in die gemeenskap. Daar is nie ŉ groot keuse van ontwikkelingsprojekte in die kategorie van kwesbare jeug en volwassenes vir hierdie studie nie. Verder is daar te veel skakelprojekte (nievaste ontwikkelingsprojekte) in die kategorie uitreike van die SJGD se ontwikkelingsprogramme. Daarom word ontwikkelingsprojekte vir die betrokke nagraadse studie oor vroeëkinderontwikkelingsprojekte as kategorie van die SJGD gedoen. Die vier ontwikkelingsprojekte wat gebruik word in die studie oor deelnemende kommunikasie van die SJGD met die verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte, is Veilige Nessie-kleuterskool, Sand, See en Skulp, Jesus Loves You Ministries (nasorgsentrum) en Mmabane Preschool.

#### *3.6.5.1 Veilige Nessie-kleuterskool (ŉ koshuisontwikkelingsprojek)*

Veilige Nessie-kleuterskool is geleë in Promosa met kinders tussen die ouderdomme van twee tot ses jaar. Daar is tans 80 kleuters en die onderwyseresse en organiseerders sukkel om die kleuters opvoedkundig te stimuleer asook daagliks die regte voedsel aan hierdie kleuters te voorsien. Die SJGD fokus op die opvoedkundige vaardighede en motoriese vaardighede van die kinders, die verbetering van hulle speelarea, die verf en inrig van hulle klaskamers en die opknapping van hulle badkamers (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010f).

Hierdie ontwikkelingsprojek is Karlien Dameskoshuis se nuwe projek vir die 2010-'11-termyn van die SJGD. Hierdie ontwikkelingsprojek is ook betrokke by Vodacom (ŉ groot borg van die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprogramme) se kurrikulumopleiding betreffende verdere vlakke van onderrig vir die onderwyseresse. Hierdie is dus die ideale navorsingsgeleentheid om die aard van kommunikasie tussen die uitvoerende komitee van die SJGD, die huiskomiteelid en die verteenwoordiger te ondersoek. Onderhoude kan gevoer word en waarnemings kan gemaak word (vanaf die behoeftebepaling tot by die evalueringsfase van die ontwikkelingsprojek) oor die kommunikasie wat tans plaasvind tussen die SJGD en die verteenwoordiger van hierdie ontwikkelingsprojek.

#### *3.6.5.2 Sand, See en Skulp (ontwikkelingsprojek sowel as ŉ ontwikkelingsprojek van die uitvoerende komitee)*

Elke jaar neem elke lid van die uitvoerende komitee van die SJGD ŉ kind uit Laerskool Promosa op ŉ seevakansie na Durban. Die doel van hierdie projek is nie om die vakansie te reël nie, maar om deur die jaar (voor en na Sand, See en Skulp) met die betrokke leerlinge te werk. Dit beteken dat die leerlinge voor die tyd van die see en alles daaromtrent geleer word, sodat dit nie vir hulle ŉ vreemde konsep is wanneer hulle in Durban aankom nie. Sand, See en Skulp is tans, baie meer as vorige vakansies, gefokus op die leerlinge se opvoedkundige stimulasie en daar gaan ook ŉ berader saam gedurende die 2010-'11 termyn (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010f). Na afloop van die vakansie gaan die projekleier voort om met die leerlinge te werk deur verskeie programme wat deur die berader aanbeveel is, soos byvoorbeeld aksies oor leierskap en hoe om ŉ sterk selfbeeld te bevorder. Die uitvoerende komiteelid en die projekleier werk saam met die berader (wat ook op hierdie vakansie gaan) asook die verteenwoordiger (die juffrou wat die aksies bywoon by die skool) wat by hierdie ontwikkelingsprojek betrokke is. Deelnemende kommunikasie is daarom baie belangrik tussen hierdie betrokke lede.

Hierdie projek kan gesien word as ŉ ideale projek aangaande navorsing wat gedoen kan word oor die deelnemendheid van die SJGD se kommunikasie met die betrokke verteenwoordiger van hierdie projek. Vergaderings, ontmoetings met ouers en programme wat deur die die uitvoerende komiteelid aangebied is, is bygewoon asook die projekleier se aksies wat bygewoon is. Die seevakansie is ook meegemaak en die projek se uitkomste (soos ooreengekom met die verteenwoordiger en die SJGD) is waargeneem. Die SJGD probeer hierdie projek op ŉ volhoubare wyse handhaaf deur die program met die leerlinge voort te sit na die vakansie en met die verteenwoordiger van hierdie projek saam te werk.

#### *3.6.5.3 Jesus Loves You Ministries (Huis Republiek Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)*

Jesus Loves You Ministries is ŉ kerk in Promosa wat gebruik word as ŉ nasorgsentrum vir die gemeenskap se kinders. Middagetes word ook aan kinders verskaf terwyl hulle ouers werk. Daar is ŉ groot behoefte aan aanvaarding en stimulasie, veral onder die meisies. Die SJGD fokus daarom op vroulike bemagtiging en verbetering van die meisies se selfbeeld. Finansies is ŉ groot probleem en daar is ook ŉ groot behoefte aan voedsel om daagliks uit te deel (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010f). Die SJGD ondersteun daarom hierdie nasorgsentrum om aan die behoeftes te kan voldoen.

Hierdie ontwikkelingsprojek is ŉ unieke vroeëkinderontwikkelingsprojek van die SJGD, aangesien dit ŉ nasorgsentrum is vir kinders van verskeie ouderdomme. Waarnemings is al gedoen oor die behoeftes en moontlike struikelblokke wat deur hierdie ontwikkelingsprojek se verteenwoordiger geïdentifiseer is. Daarom kan onderhoude en waarnemings voortgaan aangaande die evaluerings wat deur die maatskaplike werkers as konsultante gedoen word asook die skakeling met die betrokke verteenwoordiger.

#### *3.6.5.4 Mmabane Preschool (ŉ koshuisontwikkelingsprojek)*

Mmabane Preschool is in Ikageng geleë. Hierdie skool bestaan uit 28 leerders tussen die ouderdomme van twee en vyf jaar, asook twee personeellede. Een van die personeellede is sowel die hoof en verteenwoordiger van die skool as die eienares van die grond en die skool. Sy is ŉ gekwalifiseerde onderwyseres. Mmabane Preschool het twee baksteenklaskamers, een kraan en twee toilette tot hulle beskikking. By die skool is geen bome of gras nie en dit veroorsaak dat die leerders, as gevolg van die hitte en die harde grond, nie buite kan speel nie (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010f). Die SJGD ondersteun daarom hierdie kleuterskool om aan hierdie behoeftes aandag te gee.

Hierdie ontwikkelingsprojek is ŉ nuwe koshuisprojek wat aan Wanda Dameskoshuis toegeken is vanaf die termyn van 2010-'11. Die aard van kommunikasie van die projek is ondersoek en reeds tydens die behoeftebepaling met die maatskaplike werkster, mev. Kotzé, is konflik waargeneem tussen die verteenwoordiger en die huiskomiteelid. Hierdie ontwikkelingsprojek is daarom gepas vir hierdie kommunikasiestudie, aangesien kommunikasieprobleme reeds aan die begin van die termyn van 2010-'11 van die SJGD opgeduik het.

Bogenoemde ontwikkelingsprojekte sal deur middel van die navorsingsmetodes, soos in hoofstuk 4 vervat, ondersoek en bespreek word. Reeds voor die aanvang van die empiriese studie is ŉ goeie verhouding gevestig met die adviesraad, die uitvoerende komitee van die SJGD sowel as die verteenwoordigers en projekleiers van die bogenoemde vier ontwikkelingsprojekte.

Die SJGD ondersteun die verskeie ontwikkelingsprojekte en probeer verseker dat gemeenskappe op lang termyn bemagtig word. Die SJGD as NRO stel hulself verantwoordbaar om as ŉ volhoubare NRO te funksioneer. Die SJGD fokus daarom op die evaluering van hulle betrokke ontwikkelingsprojekte. Die evaluering deur middel van die SJGD se puntesisteem word in die volgende afdeling bespreek.

## 3.7 PUNTESISTEEM VAN DIE SJGD VIR EVALUERING VAN DIE BETROKKE ONTWIKKELINGSPROJEKTE

As gevolg van die verskeie besture wat as interne strukture van die SJGD dien, is daar ŉ strategiese puntesisteem waarvolgens die SJGD hulle ontwikkelingsprojekte evalueer en deurlopend kontroleer. Hierdie evaluering word deur drie aangestelde maatskaplike werkers as die SJGD-konsultante, die uitvoerende komitee as voogde en die SJGD se paneel onderneem. Die SJGD se hoofdoel met die puntesisteem is om drie fokuspunte te evalueer, naamlik volhoubaarheid, bemagtiging en bewusmaking (Esterhuyse, 2011; Esterhuyse, 2010:2; Weyers & Herbst, 2010:11).

Die SJGD se puntesisteem is belangrik om die huiskomitees en die projekleiers te evalueer. Bemagtiging van die gemeenskap vind plaas deur ontwikkelingsprojekte wat deur die SJGD ondersteun word, bewusmaking van die SJGD as unieke NRO geskied en die volhoubaarheidsbeginsel in die ontwikkelingsprojekte van die SJGD word toegepas. Die evaluering van vorige SJGD-termyne (tot en met 2008) deur die uitvoerende komitee van die SJGD is verskuif na professionele persone in die studieveld Maatskaplike Werk, om te verseker dat:

- die beoordeling objektief geskied; en
- persone met die nodige kundigheid ontwikkelingsprojekte sal beoordeel en goeie raad en leiding sal gee oor hoe om ontwikkelingsprojekte in die gemeenskap doeltreffend te bestuur (Stidworthy, 2011).

Die puntesisteem is nie deur die uitvoerende komitee ontwikkel nie, maar opgestel onder leiding van dr. A. Herbst en prof. M. Weyers, albei van die Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe. Die sisteem verseker dat die evaluerings fokus op die SJGD se drie fokuspunte. Hierdie fokusareas verseker dat die studente meer doeltreffend kan uitreik na die gemeenskap. Jool, as fondswerwer van die SJGD, het ook ŉ verantwoordelikheid om aan die gemeenskap terug te rapporteer dat die ontwikkelingsprojekte doeltreffend bestuur word deur die SJGD. Die vier konsultante wat aangestel word vir elke SJGD-termyn is derdejaar-maatskaplikewerkstudente wat die programme van die SJGD se ontwikkelings-projekte evalueer as deel van hulle praktiese ondervinding (Esterhuyse, 2011). Dié evalueringsproses help die SJGD om volhoubaarheid in hulle betrokke ontwikkelings-projekte se gemeenskap te handhaaf. Die puntesisteem word in figuur 2 geïllustreer (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010g:3).

***Figuur 2*** *Die SJGD se vierkwadrantepuntesisteem*

| **1** | **2** |
|---|---|
| Evaluering van die verteenwoordiger van die ontwikkelingsprojek: 10%<br>en<br>Verpligte aksies: 15%<br>• Blikkieskosdag<br>• Kaalvoetdag<br>• KANSA-koeverte<br>**25%** | Portefeuljes<br>**25%** |
| **3** | **4** |
| Deurlopende evaluering deur konsultante: 15%<br>(Prosesverslae en aksies) en voorleggings: 10%<br>**25%** | Doelwitformulering volgens behoeftebepaling en -bereiking<br>**25%** |

Die vier kwadrante van die sisteem bestaan uit 'n 66/33 verdeling. Ses-en-sestig persent van die projekbestuurder se aksies is gemeenskapsontwikkelingsgerig en drie-en-dertig persent daarvan is gemeenskapsdiensgerig (wat gee die studente aan die betrokke gemeenskap). Hierdie bogenoemde persentasiekonsep is 1/3 tot 3/3 en is so deur die SJGD bepaal om aan die huiskomiteelede te verduidelik en te demonstreer wat van hulle verwag word (Stidworthy, 2011).

Die eerste kwadrant is die evaluering van die verteenwoordiger van die ontwikkelingsprojek en *verpligte aksies*. Die betrokke huiskomiteelid en die projekleier se voog (lid van die uitvoerende komitee) voer onderhoude met die verteenwoordigers van die onderskeie ontwikkelingsprojekte. Hierdie leiers word geëvalueer na aanleiding van hulle kommunikasie en of die ontwikkelingsprojekte doeltreffend aangepak is. Die *verpligte aksies* (hierdie aksies is alleenlik op die huiskomiteelede van toepassing) bestaan uit Kaalvoetdag (5%), die KANSA-koeverte (5%) en Blikkieskosdag (5%) (Weyers & Herbst, 2010:80).

Die tweede kwadrant dui aan dat portefeuljes (van projekte) geëvalueer word deur die SJGD se paneel (dr. A. Herbst, dr. A. Nienaber, prof. P. Rankin, mev. L. Kotzé, die SJGD se voorsitter, die SJGD se ondervoorsitters en die vier konsultante). Die huiskomiteelid en die projekleier se portefeulje (in hardekopie) moet bestaan uit (Weyers & Herbst, 2010:81):

- visie;
- missie;
- doelstellings;
- programuiteensetting (watter programme is aangebied en die doel daarvan);
- aksiestaat (watter aksies is gehou vir elke program);
- prosesverslae (programme wat aangebied word om doelwitte te bereik);
- foto's;
- ʼn lys met lede van die interne komitee wat elke aksie bygewoon het;
- voorbeelde van hulpmiddels en hulpbronne wat gebruik is;
- ʼn oorkoepelende selfevaluering (die projekbestuurder neem die termyn in oënskou en evalueer hom- of haarself as projekbestuurder);
- die Skool vir Psigososiale Gedragswetenskappe se projekbestuurderverslag (Weyers & Herbst, 2010:66); en
- voorstelle vir die nuwe SJGD-termyn.

Die derde kwadrant behels die evaluering van die huiskomiteelede en die projekleiers se prosesverslae en aksies (deur die maatskaplike werkers as konsultante). Prosesverslae word deurlopend gemoniteer deur die konsultante en hulle gee advies oor die betrokke ontwikkelingsprogramme. Die konsultant gee aan die einde van die SJGD-termyn ʼn punt vir die programme wat aangebied was. Gedurende die termyn woon ʼn konsultant een van die projeksbestuurder se aksies by en evalueer hierdie aksie.

Voorleggings in Power Point vind elke termyn in Julie plaas. Hierdie voorleggings word aan die SJGD-paneel voorgelê, saam met ʼn onderhoud van 15 minute oor wat gedurende die betrokke termyn gedoen is (Weyers & Herbst, 2010:81). Projekbestuurders kry ʼn punt uit 10 vir die visuele uitbeelding van die ontwikkelingsprojek. Die kort- en langtermyndoelwitte moet verduidelik word en projekbestuurders kry ʼn punt uit 20 hiervoor. Die drie fokuspunte, naamlik volhoubaarheid, bemagtiging en bewusmaking, tel elk 20 punte. Ten laaste word 10 punte tydens die onderhoud oor die uitkomste en die doel van die ontwikkelingsprojek toegeken aan die portefeuljehouer van die betrokke ontwikkelingsprojek (Weyers & Herbst, 2010:82).

Die vierde kwadrant bepaal of die doelwitte wat vir die ontwikkelingsprojek gestel is, ooreenstem met die behoeftes van die ontwikkelingsprojek. Daar word ook geoordeel of die gestelde doelwitte bereik is en hoe dit bereik is (Weyers & Herbst, 2010:82). Punte aangaande die kwadrant word verkry uit die volgende (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010g):

- ontwikkelingsprojekte se verteenwoordigers;
- portefeuljes;
- konsultante se evaluerings; en
- voorleggings in Power Point.

Die puntesisteem van die SJGD is in die bogenoemde bespreek. Aangesien die SJGD uit ŉ wye netwerk van interne strukture bestaan, is dit belangrik dat die operasionele bestuur van die SJGD kontrole oor die ontwikkelingsprojekte moet hou. Hierdie sisteem maak dit duidelik dat die SJGD as NRO verantwoordbaar vir hulle ontwikkelingsprojekte se programme en aksies wil wees.

## 3.8 GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is verwys na die SJGD se historiese agtergrond, die missie en visie asook die interne strukture betrokke wat die SJGD in sy geheel vorm. Die SJGD is ŉ groot skakelnetwerk van besture wat hoofsaaklik deur studente bestuur word en wat aan die studenteraad gekoppel word. Hoewel die SJGD as studenteraadsportefeulje dien, funksioneer dit as ŉ onafhanklike NRO wat deur die NWU-Pukke opgerig is. Die SJGD probeer om as ŉ volhoubare organisasie bekend te staan, maar as gevolg van gedurig veranderende besture en ŉ gekompliseerde netwerk van strukture, is dit nie altyd moontlik nie.

Die SJGD moet op deelnemende wyse met die verteenwoordigers van hulle betrokke ontwikkelingsprojekte kommunikeer om volhoubaarheid as NRO-funksie te laat plaasvind. Hoewel dit nie deel vorm van hierdie studie nie, is in hierdie hoofstuk verduidelik dat die verskeie besture van die SJGD ook op deelnemende wyse met mekaar (interne netwerke) moet kommunikeer om sodoende kommunikasie met die verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte (eksterne netwerk) te laat plaasvind. Die SJGD het daarom ŉ puntesisteem ingestel om seker te maak dat kontrole van projekte regdeur die betrokke termyn geskied. Hierdie kontrole en evaluerings sorg dat die fokuspunte, naamlik volhoubaarheid, bemagtiging en bewustheid, nie agterweë gelaat word nie. Die evaluering is kenmerkend van die SJGD wat uit baie skakels bestaan wat saam moet werk en doeltreffend moet kommunikeer om volhoubaarheid te handhaaf. Hierdie studie oor deelnemende

kommunikasie van die SJGD met die verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte fokus op Veilige Nessie-kleuterskool, Sand, See en Skulp, Jesus Loves You Ministries (nasorgsentrum) en Mmabane Preschool.

In die volgende hoofstuk word die onderskeie navorsingsmetodes wat gebruik in hierdie studie is, bespreek.

# HOOFSTUK 4

# NAVORSINGSBENADERING EN -METODES

## 4.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk gee spesifiek aandag aan die navorsingsmetodes wat gebruik is in die studie om die navorsingsvrae soos uiteengesit in hoofstuk 1 te beantwoord. Hoofstuk 4 bied ŉ bespreking oor die navorsingsbenadering, die -ontwerp, -metodes en die redes waarom dit gepas is vir hierdie studie. Die empiriese komponent van dié studie fokus op kwalitatiewe inhoudsanalise, deelnemer-waarnemerverslaggewing sowel as semigestruktureerde onderhoude wat in ŉ kwalitatiewe navorsingsbenadering toegepas is.

Die doel van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die aard van die SJGD se kommunikasie met die verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinderontwikkelings-projekte. Die genoemde navorsingsmetodes is gekies om deeglike insig hierin te help verkry.

## 4.2 KWALITATIEWE NAVORSINGSBENADERING

Die ontwikkeling van kwalitatiewe navorsing as ŉ bepaalde metodologiese raamwerk is beïnvloed deur ŉ verskeidenheid van dissiplines, soos byvoorbeeld geskiedenis, mediese wetenskappe en kommunikasie asook subdissiplines van maatskaplike-, gesondheids- en gedragswetenskappe (Lockyer, 2008:706).

Kwalitatiewe navorsingsmetodes is tydens die empiriese deel van hierdie studie gebruik en daarom is dit belangrik om aan te dui hoekom die kwalitiatiewe navorsingsbenadering se kenmerke relevant vir hierdie studie is. ŉ Kwalitatiewe benadering tot kommunikasie-navorsing word beskryf as ŉ navorsingstrategie waarvan die hooffokus op ŉ oop benadering tot navorsing behels (Bryman, 2006:111). Kwalitatiewe navorsing lewer gereeld onverwagte resultate op, veronderstel voortdurend veranderings in die navorsingsrigting en vind en konseptualiseer gewoonlik nuwe begrippe van kwalitatiewe aspekte wat tydens ondersoek na vore kom (Du Plooy, 2009:30; Struwig & Stead, 2001:4-20; Bryman, 2006:111). Die kwalitatiewe navorsingsbenadering word veral gebruik om menslike gedrag en die ervarings van individue, groepe, gemeenskappe, organisasies of boodskappe te ondersoek (Du Plooy, 2009:88-89; Lockyer, 2008:706). Dit is dus gepas om hierdie navorsingsbenadering in die huidige navorsingstudie te volg, aangesien menslike gedrag en ervarings omtrent die aard van kommunikasie tussen verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte en die SJGD ondersoek is.

In kontras met die kwantitatiewe navorsingsbenadering wat ten doel stel om bevindinge te veralgemeen en statistiese resultate op te lewer, fokus kwalitatiewe navorsing op die eienskappe van 'n enkele geval en het die doel om indringend ondersoek daaroor in te stel (Jansen van Rensburg, 2007:97; Geisen, 2008:36; Hesse-Biber & Leavy, 2011:3-4). Die kwalitatiewe navorsingsbenadering gee betekenis aan komplekse situasies deur ingesamelde inligting interpretatief te ontleed en nie bloot te beskryf of te verklaar nie (Taylor, 2007:18; Geisen, 2008:37). Kwalitatiewe navorsers verkry betekenis vanuit situasies deur die geheel van elke situasie interpretatief te bestudeer en dan weer te gee in besprekings van wat waargeneem en bevind is. Kwalitatiewe navorsers glo met ander woorde dat die realiteit holisties is en nie onderverdeel kan word of uit onafhanklike dele bestaan nie (Greenhalgh & Taylor, 1997:1; Jonker, 2001:135; Hesse-Bieber & Leavy, 2011:3).

Daarom is die voordeel van kwalitatiewe navorsing dat die navorser die aard van kommunikasie tans binne die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte deeglik kan ondersoek. Die hooffokus van die kwalitatiewe benadering is op betekenis, taal en kulturele ervarings binne sosiale kontekste (Du Plooy, 2009:33-34; Struwig & Stead, 2001:4-20; Jansen van Rensburg, 2007:96). Hierdie eienskappe was relevant vir die betrokke studie, aangesien daar gepoog is om om mense se ervarings van die kommunikasieproses binne hulle eie konteks te begryp, asook om te bepaal watter betekenis daar aan kommuniksie geheg is.

Daar is sekere belangrike kenmerke van kwalitatiewe navorsing afgelei vir hierdie studie (Struwig & Stead, 2001:12-13; Wimmer & Dominick, 2011:116-17):

- die navorser interpreteer kwalitatiewe inligting wat uit die deelnemer se perspektief beskou word, hetsy deur die navorser wat as deelnemer betrokke is by die navorsing of die verteenwoordigers wat as deelnemers tydens die semigestruktureerde onderhoude kwalitatiewe inligting aan die navorser weergee;
- 'n deeglike beskrywing van die betrokke sosiale konteks word verskaf in die ondersoek oor die bepaalde problematiek (kontekstualisasie oor die aard van kommunikasie in die SJGD vind plaas deur die gebruik van verskeie navorsingsmetodes);
- dit is belangrik om veranderinge en prosesse en hulle funksie in die SJGD se interne funksionering te verstaan;
- die *rol en die posisie van die navorser* is belangrik, want sonder die aktiewe deelname van die kwalitatiewe navorser sou geen inligting oor die aard van kommunikasie binne die SJGD beskikbaar gewees het nie. Die benadering veronderstel daarom dat die navorser nie objektief en verwyderd van die navorsing kan staan nie;

- die *ontwerp* van die navorsing ontwikkel gedurende die navorsingsproses en kan gedurende die proses verander en aangepas word. Die kwalitatiewe navorsingsmetode is induktief van aard, aangesien die navorser se navorsing begin het met waarnemings en eindig met interpretasies van wat waargeneem is;
- kwalitatiewe navorsers probeer nie om eksterne veranderlikes te beheer nie, maar eerder om die normale vloei van sake in die natuurlike omgewing waar te neem en te probeer verstaan — die navorser het verskeie SJGD-vergaderings bygewoon en ook gereeld projekte besoek om situasies op ŉ *natuurlike wyse* te kon waarneem en in sommige gevalle te kon deelneem daaraan. Soos aangedui, kan die navorsing nooit werklik objektief wees nie; en
- die navorser is die *instrument* en geen ander persoon kan vir die navorser instaan nie — die navorser was die enigste instrument om inligting oor die aard van kommunikasie binne die SJGD te kon insamel.

ŉ Kwalitatiewe navorsingsbenadering het ook algemene prosedures in analise wat tydens hierdie studie deur die navorser uitgevoer is (Creswell & Plano Clark, 2007:129):

- inligting van dokumente word ondersoek — die navorser het die inligting ontleed en waarnemings daaruit gemaak;
- voorbereiding van inligting vir analise — relevante dokumente is deur die navorser gekies om die aard van die SJGD se kommunikasie te ondersoek;
- analisering van inligting — analises is gedoen deur inligting volgens temas (konsepte en konstrukte) in te deel;
- aanbieding van analise — bevindinge is bespreek volgens konsepte en konstrukte; en
- die geldigheid van inligting — die navorser het strategieë gebruik (byvoorbeeld deur die gebruik van verskeie navorsingsmetodes) om die geldigheid van resultate te verseker.

Die kwalitatiewe benadering gebruik metodes soos byvoorbeeld gevallestudies asook deurtastende analises om sekere situasies te verstaan (Geisen, 2008:36). Kwalitatiewe navorsingsmetodes sluit onder andere deelnemer-waarnemerverslaggewing, semigestruktureerde onderhoude en kwalitatiewe inhoudsanalise in (Du Plooy, 2009:88-90). Volgens Greenhalgh en Taylor (1997:2) asook Du Plooy (2009:40) behels ŉ kwalitatiewe navorsingstudie die gebruik van meer as een navorsingsmetode en verskeie bronne. Tydens hierdie studie het die navorser verskillende navorsingsmetodes gebruik om dieselfde navorsingsvraag te beantwoord om ŉ vollediger en deeglike begrip van die aard van kommunikasie binne die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte te verkry.

### 4.2.1 Redes vir die gebruik van hierdie navorsingsbenadering

Die navorser maak gebruik van die kwalitatiewe navorsingsbenadering, aangesien verskillende kontekste ŉ rol speel in die menslike gedrag van die betrokkenes (Du Plooy, 2009:88-89; Struwig & Stead, 2001:4-20). Die gedrag van SJGD-lede en die betrokke projekverteenwoordigers in verskillende kontekste kan dus deur die navorser ondersoek word. Die navorser kan oor die nodige vaardighede beskik om situasies te kan beskryf soos wat dit waargeneem word (Struwig & Stead, 2001:4-20). Kwalitatiewe navorsing maak dit veral vir die navorser moontlik om menslike gedrag te ondersoek en die interpretasies wat gemaak word in teksvorm weer te gee.

Die navorsingsvraag in hierdie studie is ondersoekend (oor die aard van kommunikasie in die SJGD) asook interpreterend van aard. Kwalitatiewe navorsing word gebruik wanneer daar weinig inligting beskikbaar is oor bepaalde tema en die literatuur daaroor boonop ook beperk is (Struwig & Stead, 2001:4-20).

Daar is tans min inligting oor SJGD se funksionering en daarom is literatuur rakende hierdie studie betreklik min. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering is daarom ideaal vir hierdie studie, omdat daar ondersoekend te werk gegaan moes word om meer inligting oor die SJGD se funksionering en die aard van sy kommunikasie te verkry. Die kwalitatiewe benadering is verder gepas vir hierdie studie, aangesien die navorser resultate oor die aard van kommunikasie binne die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte kan interpreteer deur middel van die waarnemings en semigestruktureerde onderhoude wat deur haar gedoen is. Kwalitatiewe navorsing word juis ook gebruik wanneer die navorser deur goeie menseverhoudinge asook interaksie oor ŉ lang tydperk deelneem aan die studie en wanneer die navorser se behoefte aan struktuur ook laag is (Struwig & Stead, 2001:4-20).

Hierdie navorsingsbenadering was daarom gepas vir huidige doeleindes, aangesien die navorser deur interaksie, menseverhoudinge kon bou met die SJGD-lede asook die verteenwoordigers van betrokke projekte. Die navorser se behoefte aan struktuur was laag tydens hierdie studie, omdat die navorser die soveel moontlike inligting vanaf die verteenwoordigers wou ontvang. Die buigsaamheid van die kwalitatiewe navorsingsmetode (byvoorbeeld tydens semigestruktureerde onderhoude), het dit moontlik gemaak dat vrae tydens die onderhoude aangepas kon word sodat die respondente die vrae beter kon verstaan (Strydom, 2011:327; Wimmer & Dominick, 2011:118). Die navorser kon daarom tydens die semigestruktureerde onderhoude (met die verteenwoordigers en SJGD-lede) opvolg vrae vra, aangesien die studie se struktuur laag was en aangesien die navorsingsmetode buigbaar was.

Die navorsingsprosedure en -metodes wat in hierdie studie gebruik is, word volgende bespreek.

## 4.3 NAVORSINGSPROSEDURE

Om die navorsingsdoelstellings van hierdie navorsingstudie te bereik moes die navorser bepaal watter kwalitatiewe navorsingsmetodes gepas sou wees. ’n Literatuurstudie is aangepak om te ondersoek of daar beskikbare literatuur oor die aard van die SJGD se kommunikasiepatrone is. Verskeie beleide van die SJGD en die studenteraad is bestudeer om agtergrond oor die funksionering van die SJGD as NRO te verkry. Elektroniese artikels sowel as verhandelinge is geraadpleeg om inligting oor ontwikkelingskommunikasie-benaderings in te samel. Daar is gebruik gemaak van drie navorsingsmetodes waarvan die kwalitatiewe inhoudsanalise baie belangrik was. Laasgenoemde sluit enige soort analise in waar die kommunikasie-inhoud soos byvoorbeeld onderhoude, waarneming en geskrewe dokumente ondersoek is.

Die tweede metode verwys na die deelnemer-waarnemernavorsingsmetode en was die belangrikste navorsingmetode om inligting oor die SJGD se struktuur, funksionering en betrokke ontwikkelingsprojekte in te samel. Semigestruktureerde onderhoude, as derde navorsingsmetode, kon deurtastende inligting van die betrokke situasie verstrek, byvoorbeeld hoe die SJGD met die verteenwoordigers van hulle projekte kommunikeer. Semigestruktureerde onderhoude is met die verteenwoordigers van Jesus Loves You Ministries, Veilige Nessie-kleuterskool, Sand, See en Skulp en Mmabane Preschool, sowel as huiskomiteelede, projekleiers, konsultante en adviesraadslede gevoer. Hierdie persepsies is vergelyk met inligting in die SJGD se beleidsdokumente en literatuur om gevolgtrekkings in hoofstuk 6 te kon maak.

Uit die kwalitatiewe navorsingsontwerp en die genoemde navorsingsprosedure was dit vir die navorser moontlik om navorsingsvrae (soos uiteengesit in hoofstuk 1) te kon beantwoord. Volgende word ’n uiteensetting gegee van die drie navorsingsvrae, die navorsingsmetodes wat gebruik is om die vrae te beantwoord asook die rigtinggewende argument (vervat in hoofstuk 1) en die teoretiese stellings wat uit die literatuur geformuleer is.

***Tabel 1*** *Navorsingsvrae en -metodes*

**Algemene navorsingsvraag**

*Wat is die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat deur hulle ondersteun word?*

| Spesifieke navorsingsvraag | Navorsingsmetode |
|---|---|
| 1. Wat is die beginsels van deelnemende kommunikasie, volgens die literatuur? | Literatuurstudie |
| 2. Watter beginsels van deelnemende kommunikasie is teenwoordig in die SJGD se kommunikasie met verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte? | Semigestruktureerde onderhoude, kwalitatiewe inhoudsanalise en deelnemer-waarnemerverslaggewing |
| 3. Wat is die persepsie van die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte van die kommunikasie tydens die SJGD se ontwikkelingsprojekte? | Deelnemer-waarnemerverslaggewing asook semigestruktureerde onderhoude |

***Tabel 2*** *Rigtinggewende argument*

| Rigtinggewende argument |
|---|
| Deelname veronderstel dialooggebaseerde bemagtiging tydens ontwikkelingsprojekte (Rahim, 1994:120; Servaes, 1995:47; Thomas, 1994:53; Tufte & Mefalopulos, 2009:5). |
| Die deelnemende benadering is tans dié norm in ontwikkelingskommunikasie in ontwikkelingsprojekte (Reason, 2005:2). |
| Deelnemende kommunikasie saam met die deelnemende benadering wat dit veronderstel, is noodsaaklik en relevant vir die SJGD as NRO. |
| Die SJGD moet probeer om op deelnemende wyse met die verteenwoordigers van hulle betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte te kommunikeer, sodat die gemeenskap direk betrokke is by die ontwikkelingsprojekte en so hulself tot selfonderhouding bemagtig. |

***Tabel 3** Teoretiese stellings*

| **Teoretiese stelling 1: Deelname** |
|---|
| Deelname tydens ontwikkelingsprojekte is baie belangrik in enige besluitneming vir ontwikkeling (Servaes, 1995:45). Deelname moet tydens die beplanning, die uitvoering en die evaluasie van ontwikkelingsprojekte geskied, sodat gemeenskapslede betrokke raak en projekte op die lang termyn self bestuur. |
| **Teoretiese stelling 2: Dialoog** |
| Die luisterproses is net so belangrik soos die artikulasieproses tydens dialoog as kommunikasieprosedure (Mefalopulos & Grenna, 2004:27). Doeltreffende dialoog sluit ook in: gedeelde betekenis tussen individue, 'n tweerigtingkommunikasie- en interpersoonlike kommunikasieproses. Deur doeltreffende dialoog toe te pas tussen gemeenskapslede, sal vertroue tussen hierdie betrokkenes verstewig kan word en die gemeenskap op 'n deelnemende wyse bemagtig word om hulself te ontwikkel. |
| **Teoretiese stelling 3: Kulturele sensitiwiteit** |
| Deur gemeenskapslede se kultuur te verstaan word verhoudinge versterk en vertroue tussen partye verbeter (Simmons, 2008:12). Indien tydens ontwikkelingsprojekte kultuursensitief te werk gegaan word, kan die gemeenskap positiewe uitkomste bereik deur die selfbestuur van projekte te handhaaf. |
| **Teoretiese stelling 4: Bemagtiging tot selfonderhouding** |
| Bemagtiging tot selfonderhouding van 'n gemeenskap is wanneer die gemeenskap van sy eie hulpbronne en energie vanuit sy eie omgewing gebruik maak (Servaes, 1995:43). Inheemse kennis vanuit die gemeenskap dra by tot die bemagtiging van die gemeenskap. Deur deelname, dialoog asook kulturele sensitiwiteit kan gemeenskapslede bemagtig word tot selfonderhouding en hulle word in staat gestel om hulle eie situasie te bestuur en te beheer. |
| **Teoretiese stelling 5: Gemeenskapsontwikkeling** |
| Gemeenskapsontwikkeling is 'n poging om gemeenskappe op volhoubare wyse te help ontwikkel (Weyers & Herbst, 2010:10). Dié doelwit kan slegs bereik word deur 'n beplande, langtermyn-, holistiese en ondersteunende proses van deelnemende kommunikasie wat tot voordeel van die gemeenskap is, aangesien ontwikkeling in 'n gemeenskap onmoontlik is sonder doeltreffende deelnemende kommunikasie. |

Hierdie teoretiese stellings is saamgestel en geformuleer uit die literatuurstudie oor die beginsels van deelnemende kommunikasie. Die stellings rakende die deelnemende benadering het dit vir die navorser moontlik gemaak om die onderhoudskedule vir semigestruktureerde onderhoude op te stel. Die hoofdoel van hierdie onderhoude was om die SJGD se deelnemende kommunikasie te meet aan beginsels van die deelnemende benadering van ontwikkelingskommunikasie.

In die volgende afdeling word die sekondêre konsepte en die konstrukte wat uit die genoemde teoretiese stellings geformuleer is, uiteengesit.

## 4.4 KONSEPTE EN KONSTRUKTE

***Tabel 4*** *Konsepte en konstrukte*

| KONSEP | SEKONDÊRE KONSEP | KONSTRUKTE |
|---|---|---|
| Deelnemende kommunikasie | 1. Deelname | Interaksie met individue |
| | | Betrokke by besluitneming deur hele proses |
| | | Behoeftebepaling — weerspieël gemeenskap se behoeftes |
| | | Betrokkenheid by beplanning |
| | | Betrokkenheid by uitvoering/toepassing |
| | | Betrokkenheid by evaluasie |
| | 2. Dialoog | Gedeelde betekenis |
| | | Luisterproses |
| | | Tweerigtingkommunikasie |
| | | Interpersoonlike kommunikasie |
| | 3. Kulturele sensitiwiteit | Begrip vir die diversiteit van die gemeenskap |
| | 4. Bemagtiging tot selfonderhouding | Inheemse kennis |
| | | Maak staat op bestaande hulpbronne |
| | | Selfbestuur |

| KONSEP | SEKONDÊRE KONSEP | KONSTRUKTE |
|---|---|---|
| Deelnemende kommunikasie | 5. Gemeenskaps-ontwikkeling | Volhoubare en langtermyn-ontwikkeling vir die gemeenskap |
| | | ŉ Beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap |

***Tabel 5*** *Konstrukte en operasionele definisies*

| KONSTRUKTE | OPERASIONELE DEFINISIES |
|---|---|
| Interaksie met individue | SJGD en die verteenwoordigers neem aktief aan ŉ kommunikasieproses deel ten einde kennis te verkry, inligting uit te ruil en saam besluite te neem. |
| Betrokke by besluitneming deur hele proses | Die verteenwoordiger neem as gelyke vennoot aktief deel aan alle besluite wat rakende die projek geneem word. |
| Behoeftebepaling — weerspieël gemeenskap se behoeftes | Die verteenwoordiger neem as gelyke vennoot aktief deel aan behoeftebepaling by ŉ projek sodat gemeenskapslede se behoeftes soos deur húlle aangedui is, geïdentifiseer kan word. |
| Betrokkenheid by beplanning | Die verteenwoordiger neem as gelyke vennoot aktief deel aan die beplanning van alle aspekte van die projek. |
| Betrokkenheid by uitvoering/toepassing | Die verteenwoordiger neem as gelyke vennoot aktief deel aan aan die uitvoering van beplande doelwitte en aksies. |
| Betrokkenheid by evaluasie | Die verteenwoordiger neem as gelyke vennoot aktief deel aan die evaluasieproses wat gewoonlik aan die einde van elke termyn gedoen word, ten einde die suksesse, asook leemtes van die projek te identifiseer. |
| Gedeelde betekenis | Die verteenwoordiger en die SJGD het begrip vir mekaar se situasie, en vorm saam betekenis in terme van die projek. |
| Luisterproses | Die verteenwoordiger en die SJGD luister aktief, met aandag en respek na mekaar met die doel om mekaar se standpunte en situasie te begryp. |

| KONSTRUKTE | OPERASIONELE DEFINISIES |
|---|---|
| Tweerigtingkommunikasie | Die verteenwoordiger en die SJGD tree albei as sender en ontvanger van inligting op, respekteer mekaar as gelykes in die kommunikasieproses en poog om deur kommunikasie 'n positiewe verhouding met mekaar te skep en te handhaaf. |
| Interpersoonlike kommunikasie | Die verteenwoordiger en die SJGD kommunikeer met mekaar van aangesig tot aangesig. |
| Begrip vir die diversiteit van die gemeenskap | Gemeenskapslede se identiteit, waardes, kultuur en ervaringe word erken, gerespekteer en in ag geneem. |
| Inheemse kennis | Kennis vanuit die gemeenskap self wat oor tyd heen opgebou is binne hulle bepaalde konteks om hulle eie behoeftes aan te spreek. |
| Maak staat op bestaande hulpbronne | Gemeenskapslede gebruik hulle eie hulpbronne (wat hulle reeds tot hulle beskikking het) om hulle ontwikkelingsbehoeftes aan te spreek. |
| Selfbestuur | Gemeenskapslede word in staat gestel om hulle eie situasies te beheer en hulle eie projekte te kan bestuur. |
| Volhoubare en langtermyn-ontwikkeling vir die gemeenskap | Wanneer gemeenskapslede in staat is om sonder die SJGD se ondersteuning met hulle projekte te kan voortgaan. |
| 'n Beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap | Die gemeenskap word deur die SJGD ondersteun om self beheer oor hulle eie ontwikkeling te neem. Dit is 'n doelbewuste en navorsingsgerigte poging, wat die gemeenskap in staat stel om op 'n volhoubare wyse te kan ontwikkel. |

Hierdie bogenoemde konsepte en konstrukte is gebruik om deur middel van die volgende navorsingsmetodes te kon bepaal wat die aard van die kommunikasie tussen die SJGD en die projekverteenwoordigers is.

## 4.5 NAVORSINGSMETODES

In hierdie studie is 'n literatuurstudie gedoen oor die SJGD en deelnemende kommunikasie. Soos aangedui, is gebruik gemaak van drie navorsingsmetodes, naamlik kwalitatiewe inhoudsanalise, deelnemer-waarnemerverslaggewing en semigestruktureerde onderhoude.

### 4.5.1 Literatuurstudie

ŉ Navorsingstudie se eerste fase word gebaseer op ŉ teoretiese agtergrond wat deur ŉ literatuurstudie verkry word (Jansen van Rensburg, 2007:99). ŉ Literatuurstudie is die opsomming van kennis en inligting wat verkry is uit akademiese boeke en artikels oor die betrokke probleem en vakgebied (Anon., 2005b:1; Anon., 2004:1; Hart aangehaal deur Ferfolja & Burnett, 2002:1). ŉ Literatuurstudie sorg dat die navorser by haar tema hou om die navorsingsvraag te raam en te verduidelik (Ferfolja & Burnett, 2002:1). Volgens Ferfolja en Burnett (2002:1) is ŉ literatuurstudie belangrik om:

- relevante inligting vir ŉ studie te identifiseer;
- die aard van die navorsing te beklemtoon;
- inligting (wat verkry is oor die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte) te evalueer aan die hand van belangrike konsepte omtrent die onderwerp (deelnemende kommunikasie) van die navorsing; en
- geloofwaardigheid aan die relevansie van die studie te verleen (deur aan te toon dat deelnemende kommunikasie noodsaaklik is vir ŉ gemeenskap se ontwikkeling).

Die doel en toepassing van die literatuurstudie word volgende bespreek.

#### *4.5.1.1 Doel en toepassing van die literatuurstudie*

Die literatuurstudie stel die navorser in staat om konseptuele inhoude en die teoretiese raamwerk van die betrokke vakgebied te ondersoek vir die samestelling van huidige navorsingsdoeleindes (byvoorbeeld die aard van kommunikasie binne die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte). Die literatuurstudie het in hierdie studie inligting verskaf om te bepaal wie die SJGD is, hoe hierdie unieke NRO funksioneer en of daar reeds inligting beskikbaar is oor die aard van kommunikasie in die SJGD. Daar is ook ondersoek ingestel of die SJGD kommunikasiebeleide in plek wat aandui dat die SJGD deelnemend met die betrokke verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte behoort te kommunikeer. Die deelnemende kommunikasiebenadering omvat sekere universele beginsels en die doel van die literatuurstudie was om te ondersoek wat hierdie beginsels se inhoude en definisies behels.

Die volgende elektroniese databasisse is geraadpleeg: EbscoHost Academic Search Premier, Nexus Lexus Search, Emerald Online, Sabinet Online, Google Scholar, die katalogus van die Ferdinand Postma Biblioteek, NWU-Pukke en NWU-Pukke se argief.

Hierdie databasisse het die navorser in staat gestel om te kan bepaal of daar inligting oor die SJGD beskikbaar is asook enige inligting rakende NRO's, deelnemende kommunikasie en die SJGD se aard van kommunikasie beskikbaar is. Die navorser het aan die hand van die literatuurstudie die teoretiese stellings (sien tabel 3) geformuleer. Hierdie teoretiese stellings is tot konsepte en konstrukte (sien tabel 4) gereduseer wat die onderhoudskedule bepaal het. Die literatuurstudie is dus die rugsteun vir hierdie studie en het die inhoud van die empiriese studie bepaal. Die doel en toepassing van kwalitatiewe inhoudsanalise as navorsingsmetode word volgende bespreek.

### 4.5.2 Kwalitatiewe inhoudsanalise

Du Plooy (2009:89-90) en Devi (2009:5) definieer kwalitatiewe inhoudsanalise as 'n navorsingsmetode wat die sistematiese studie van geskrewe of verbale kommunikasieboodskappe behels. Tekstuele data (insluitend ongeskrewe teks), soos byvoorbeeld onderhoude, waarneming en antwoorde op oop vrae, kan op hierdie manier geanaliseer word (Julien, 2008:120; Devi, 2009:5; Wimmer & Dominick, 2011:119). Kwalitatiewe inhoudsanalise lewer bydraes aan die studie deur 'hoekom'-vrae te beantwoord (Julien, 2008:120). In hierdie studie behels dit vrae oor die aard van die SJGD se kommunikasie binne die vroeëkinderontwikkelingsprojekte. Kwalitatiewe inhoudsanalise is 'n buigsame navorsingsmetode wat kwalitatiewe inligting in temas rangskik (Julien, 2008:120; Wimmer & Dominick, 2011:121). 'n Tema kan in sy grotere geheel en konteks binne inhoudsanalise bestudeer word (Fourie, 2004:5). In afdeling 4.4 (in tabel en tabel 5) is die relevante temas, naamlik konsepte en konstrukte asook die operasionele definisies daarvan, uiteengesit.

Kwalitatiewe inhoudsanalise is interpretatief van aard en bestaan uit deeglike analise van tekste asook die identifisering van boodskappe wat onbewustelik of bewustelik deur tekste gekommunikeer word (Julien, 2008:120). Die toepassing van hierdie navorsingsmetode het dit vir die navorser moontlik gemaak ok inligting en boodskappe (tussen die SJGD-lede en die verteenwoordigers) te interpreteer ten opsigte van die aard van kommunikasie binne die vroeëkinderontwikkelingsprojekte van die SJGD. Die metode kan in die vroeëre navorsing-stadium asook regdeur die navorsing geskied (Wimmer & Dominick, 2011:119). Dit is vir die navorser moontlik om beskikbare dokumente nie net aan die begin van die navorsing te ondersoek nie, maar indien nodig ook gedurende die navorsing. Die redes vir die gebruik van hierdie navorsingsmetode word in die volgende afdeling aangedui en uiteengesit.

Kwalitatiewe inhoudsanalise kan in die eerste plek gebruik word om die inhoudelike van bestaande dokumente van ontwikkelingsprojekte te evalueer (Fourie, 2004:3; Zhang &

Wildemuth, 2009b:1-12). Tweedens kan kwalitatiewe inhoudsanalise gebruik word om inligting te verkry deur byvoorbeeld onderhoude, wat in gemeenskappe gevoer is, te ontleed (*ibid.*). Kwalitatiewe inhoudsanalise is deur die navorser gebruik deur verskeie dokumente van die SJGD te bestudeer, soos byvoorbeeld die grondwet en vergaderingsnotules asook transkripsies van semigestruktureerde onderhoude wat met die verteenwoordigers gevoer is.

Die dokumente is vooraf geanaliseer terwyl die onderhoude na afloop van hierdie analise bestudeer is. Deur middel van beleidstukke (gedragskodes, verpligtinge en struktuur van die SJGD) asook bestaande dokumente van die SJGD (die SJGD se 2010-jaarverslag, portefeulje-omskrywings, oordragsverslae en vergaderingsnotules van 2010 en 2011), is 'n oorsig en agtergrond verkry oor wie die SJGD is, wat hulle doen en watter soort ontwikkelingsprojekte hulle ondersteun. Op 'n latere stadium van die navorsing is inligting van die semigestruktureerde onderhoude, wat met die verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte en SJGD-belangegroepe gedoen is, ontleed. Hierdie metode is gebruik om sekere navorsingsvrae te kon beantwoord (soos uiteengesit in afdeling 4.3). Volgens Devi (2009:4) is kwalitatiewe inhoudsanalise 'n geskikte metode om navorsingsvrae te kan beantwoord.

Die genoemde redes en beskrywing hoe die navorsingsmetode aangepak is, dui aan dat hierdie navorsingsmetode relevant is vir hierdie studie oor die SJGD en sy huidige aard van kommunikasie. Die toepassing van kwalitatiewe inhoudsanalise word vervolgens bespreek.

#### *4.5.2.1 Toepassing van kwalitatiewe inhoudsanalise*

***Tabel 6*** *Dokumentanalise*

| DOKUMENT GEANALISEER | REDE VIR RELEVANSIE VAN STUDIE |
|---|---|
| Grondwet van die studenteraad (2010) | Hierdie dokument dui aan wat die rolle van die verskillende portefeuljes binne die studenteraad is. Hieruit kon afgelei word presies waar die SJGD inpas en of inligting oor kommunikasieprosedures binne die struktuur van die studenteraad verduidelik en beklemtoon word. |
| Grondwet van die SJGD (2010) | Buiten die grondwet van die studenteraad het die SJGD ook hulle eie grondwet, aangesien |

| | |
|---|---|
| Grondwet van die SJGD (2010) | hierdie studenteraadsportefeulje as ŉ onafhanklike NRO funksioneer. Hierdie grondwet dui die verantwoordelikhede, skakeling en rolle van die uitvoerende komitee van die SJGD aan. |
| Notules van vergaderings van die SJGD en die adviesraad (2010-'11) | Bestudering van die notules van 2010-'11 van die SJGD en die adviesraad stel die navorser in staat om kommunikasieprosedures en -probleme te ondersoek. Tydens vergaderings duik verskeie kommunikasie-situasies op en daarom is hierdie dokumente relevant vir grondige inhoudsanalise. |
| Die SJGD se sosio-ekonomiese opleidingsgids vir komitees (2010-'11) | Hierdie opleidingsgids word elke termyn aan SJGD-lede verskaf en gaan gepaard met verskeie opleidingsessies wat voor elke SJGD-termyn gedoen word. Die opleidingsgids dui aan wat die SJGD is, hoe die evalueringsisteem werk en hoe om in verskeie gevalle (tydens projekbesoeke) as SJGD-lede op te tree. Ondersoek oor die aard van kommunikasie binne die SJGD is ingestel. |
| Oordragsverslae van die betrokke vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte van hierdie studie:<br>• Veilige Nessie-kleuterskool<br>• Jesus Loves You Ministries<br>• Sand, See en Skulp<br>• Mmabane Preschool | Aangesien navorsing oor hierdie vier ontwikkelings-projekte gedoen word, is dit relevant om die oordragsverslae van 2010-'11 te bestudeer. Die inhoud van hierdie verslae bevat baie aspekte, soos byvoorbeeld kommentaar van die konsultante oor die prosesverslae na afloop van elke aksie. |
| Vorm vir die evaluering van die skakelpersoon en terugvoer (notas tydens onderhoude gemaak) | Gedurende die termyn besoek elke uitvoerende komiteelid wat as voog optree, die verskillende projekte en evalueer die skakelpersone. Hierdie vorm bevat ŉ vyfpuntskaal, waarvan 5 |

| | |
|---|---|
| Vorm vir die evaluering van die skakelpersoon en terugvoer (notas tydens onderhoude gemaak) | uitstekend is, 4 goed, 3 gemiddeld, 2 redelik, 1 swak, en die motivering vir hierdie punt. Die vorm sal weergee of daar enigsins vrae gevra word oor die kommunikasieproses en met die notas as terugvoer, of die verteenwoordigers hierdie vrae verstaan het. |

Met behulp van die sekondêre konsepte en konstrukte (sien tabel 4) het die navorser hierdie genoemde dokumente (tabel 6) geanaliseer en ondersoek. Elke dokument is ontleed en ondersoek is ingestel oor die aard van die SJGD se kommunikasie met die projekverteenwoordigers. Hierdie inligting is saamgegroepeer in die verskeie konsepte van deelnemende kommunikasie, naamlik deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding asook gemeenskapsontwikkeling en word in hoofstuk 5 bespreek.

Die navorser het ondersoek ingestel of die dokumente van tabel 6 inligting bevat omtrent konsepte van deelnemende kommunikasie wat belangrik is vir ŉ ontwikkelings-kommunikasieproses. In die geval van elke konsep, naamlik deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, selfonderhouding tot bemagtiging asook gemeenskapsontwikkeling is die grondwet van die studenteraad, die grondwet van die SJGD, vergaderingsnotules van die SJGD en die adviesraad, die opleidingsgids, oordragsverslae van die SJGD-lede en die vrae op die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon bestudeer. Die navorser het bepaal of hierdie dokumente, konstrukte (sien tabel 4 en tabel 5 in afdeling 4.4) aan die hand van elke konsep vir deelnemende kommunikasie vervat. Die navorser kon bepaal of die SJGD hierdie konsepte (sien tabel 4 in afdeling 4.4) insluit wanneer daar te werk gegaan word met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte, die kinders en die gemeenskapslede. Die navorser het die proses herhaal met al die genoemde dokumente en konsepte van deelnemende kommunikasie om te kon bepaal wat die aard van kommunikasie tans tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte is.

### 4.5.3 Deelnemer-waarnemerverslaggewing

Deelnemer-waarnemerverslaggewing is ŉ kwalitatiewe navorsingsmetode wat beklemtoon dat inligting nie deur syfers of numeriese waardes beskryf kan word nie (Strydom, 2002:276; Strydom, 2011:329). Inligting word deur waarneming en deelname in teksvorm weergegee. Die doel van deelnemer-waarnemerverslaggewing is om navorsers te help om temas, situasies of die individue (gemeenskapslede) se persepsies te verstaan (Mack *et al.*, 2005:13; McKechnie, 2008:598). Die deelnemers aan ŉ navorsingsprojek kan net verstaan

word indien hulle woorde en emosies tydens sekere situasies ontbloot word (Strydom, 2002:275; Strydom 2011, 329). Die navorser het gereeld tydens projekbesoeke situasies waargeneem en soms deelgeneem aan aksies. Die gevolg was dat die navorser inligting wat tydens hierdie besoeke ingesamel is (en wat volgens die konsepte en konstrukte in tabel 4 saamgevoeg is) kon vergelyk met die inligting wat verkry is deur die semigestruktureerde onderhoude.

Waarneming verleen begrip aan individue se woorde en hulle liggaamstaal tydens situasies (Angrosino & Mays de Pérez, 2000:673). Soos reeds genoem word gemeenskapslede se kommunikasiereaksies en emosies deur die navorsers waargeneem en in die vorm van notas opgeskryf. Hierdie proses van waarneming, luister en notas neem is belangrik vir deelnemer-waarnemerverslaggewing (Strydom, 2002:277). Mack *et al.* (2005: 13) beklemtoon dat dit vir die navorser belangrik is om tydens waarneming informele gesprekke met die deelnemers te voer en dit ten slotte in soveel moontlike detail neer te skryf. Angrosino en Mays de Pérez (2000:696) beklemtoon verder dat navorsers met behulp van tegnologie, soos ŉ rekenaar en ŉ klankopnemer, gesprekke kan boekstaaf. Deur middel van tegnologie was dit moontlik vir die navorser om al die inligting van die notas en die onderhoude elektronies op ŉ rekenaar te kon stoor, asook die gesprekke met die SJGD-lede wat opgeneem is.

Strydom (2002:277) en McKechnie (2008:599) beskryf moontlike vier rolle van ŉ waarnemer, naamlik die:

- 'totale waarnemer' wat by geen deelname betrokke is nie;
- 'deelnemer-as-waarnemer' wat by meer waarneming as deelname betrokke is;
- 'waarnemer-as-deelnemer' wat by meer deelname as waarneming betrokke is; en
- 'totale deelnemer' wat by slegs deelname en so te sê geen waarneming nie, betrokke is.

Hierdie rol van die navorser vind in ŉ sekere gemeenskapsarea plaas wat relevant is vir die navorsingsvrae (Mack *et al.*, 2005:13). In hierdie studie was die navorser by die ontwikkelingsprojekte in Ikageng en Promosa betrokke. ŉ Deelnemer-waarnemernavorser besef nie noodwendig aan die begin die relevansie van sy of haar waarneming nie (Strydom, 2002:275; Strydom, 2011:329) en daarom moet soveel inligting moontlik tydens hierdie stadium ingesamel word. In ŉ verdere stadium van die navorsing kon die navorser deur gereelde waarneming en selfs informele gesprekke beter begrip verkry van situasies en gedrag wat ondersoek word (vir doeleindes van navorsingsvrae).

Navorsers benader deelnemers binne hulle eie omgewing eerder as wat deelnemers self die navorser moet besoek (Mack *et al.*, 2005:13). Die navorser plaas hom- of haarself in die natuurlike omgewing van die gemeenskap en probeer om gemeenskapslede nie te verhinder in hul daaglikse roetine nie (Angrosino & Mays de Pérez, 2000:674). Die minimumstruktuur wat deelnemer-waarneming bied, hou situasies so natuurlik moontlik en bied navorsingsresultate van ŉ hoë gehalte (Strydom, 2002:277). Afgesien van hierdie bedoeling van die navorser, verduidelik Strydom (2002:277) dat die natuurlike situasie verander indien die deelnemers weet dat hulle waargeneem word. In teenstelling met Strydom verduidelik Angrosino en Mays de Pérez (2000:678-79) dat, indien navorsers deel van die span is *(membership role)* in plaas van net ŉ waarnemer, dit moontlik is dat deelnemers die navorser aanvaar en nie as ŉ bedreiging beskou nie.

ŉ Bekommernis aangaande deelnemer-waarnemerverslaggewing is dat die navorser vir ŉ redelike lang tydperk in sekere situasies betrokke is, wat die navorser se objektiwiteit kan verminder (Strydom, 2002:277). Objektiwiteit word verkry wanneer deelnemers en waarnemers ooreenstem met wat regtig gebeur tydens ŉ sekere situasie (Angrosino & Mays de Pérez, 2000:676). Daarom verduidelik Angrosino en Mays de Pérez (2000:676) dat dit belangrik is om eerder klem te lê op die interaktiewe konteks tussen die deelnemers van die navorsingstudie en weg te kyk van waarneming as net ŉ metode. Chambers (2000: 859) verduidelik dat die langtermynbetrokkenheid van die deelnemer-waarnemer kan sorg dat deeglike begrip verkry word vir deelnemers se gedrag. Sonder die interaktiewe deelname van die navorser in die deelnemers se natuurlike omgewing, sal inligting nie beskikbaar kan wees nie. Deur ŉ evaluasiemetode, soos byvoorbeeld ná die studie onderhoude te voer met die deelnemers, kan ondersoek ingestel word of die navorser inbreuk op die natuurlike omgewing gemaak het en of die waarneming van die navorser dieselfde as die deelnemers se siening is. Die voordeel van hierdie navorsingsmetode is dat die navorser nie hoef staat te maak op wat die mense sê hulle doen nie, maar dat daar eerder gekyk word hoe dinge in realiteit gedoen word. Verder kan mense nie altyd situasies in woorde weergee nie en daarom is dit waardevol vir die navorser om self deel te wees van die situasie om begrip oor die mense en kontekste te verkry.

Die bogenoemde eienskappe van deelnemer-waarnemerverslaggewing het kritiek laat ontstaan oor hierdie soort navorsingsmetode, maar volgens Chambers (2000:862) kan hierdie kritiek ook as sterkpunte van deelnemer-waarneming beskou word. Deelnemer-waarneming kan kulturele metodes (wat byvoorbeeld rede gee vir menslike gedrag) identifiseer (Chambers, 2000:862). Volgens die analisering van navorsing, bied deelnemer-waarneming ŉ 'kulturele dimensie' wat nie in ander navorsingsmetodes gevind word nie (Chambers, 2000:862).

Nagraadse studie en inligting oor die SJGD se struktuur, kommunikasiepatrone en funksionering ontbreek. Deelnemer-waarneming is daarom ŉ gepaste metode om resultate en inligting oor die SJGD as NRO en sy huidige kommunikasiepatrone weer te gee. Die notas wat geneem is, is deur middel van kwalitatiewe inhoudsanalise geanaliseer en volgens die konsepte en konstrukte ingedeel om navorsingsvrae te kon beantwoord.

Deelnemer-waarnemerverslaggewing is ŉ kwalitatiewe navorsingsmetode wat fokus op die verduideliking en beskrywing van situasies (Wimmer & Dominick, 2011:124). Die volgende is redes vir die gebruik van deelnemer-waarnemerverslaggewing (Wimmer & Dominick, 2011:125):

- hierdie navorsingsmetode bied toegang tot deelnemers (die SJGD se verteenwoordigers) wat gewoonlik moeilik is om waar te neem;
- deelnemer-waarnemerverslaggewing is bekostigbaar, aangesien notas geneem word en somtyds gebruik gemaak word van ŉ klein klankopnemer; en
- die natuurlike omgewing asook die situasies van deelnemers word waargeneem om deeglike inligting vir die navorsingstudie te kan verskaf.

Tydens hierdie studie het die SJGD die navorser toegang verleen tot die vroeëkinderontwikkelingsprojekte. Dit het die navorser die geleentheid gebied om die natuurlike omgewing en sy situasies te kon waarneem. Die deelnemer-waarnemermetode was bekostigbaar, aangesien die navorser ŉ notaboek en pen gebruik het om notas te neem en tydens die onderhoude (met sommige SJGD-lede) gebruik gemaak het van ŉ klein (bekostigbare) klankopnemer.

Deelnemer-waarnemerverslaggewing is ŉ baie belangrike en geskikte navorsingsmetode vir hierdie navorsingstudie. Deelnemer-waarneming bied deeglike beskrywing van situasies soos byvoorbeeld die kommunikasieverhouding van die vier verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte met die SJGD. Sonder die navorser as deelnemer-waarnemer kon hierdie betrokke ontwikkelingsprojekte nie besoek word nie, aangesien die navorser as 'nieamptelike lid' van die SJGD betrokke was. Die navorser het die natuurlike kommunikasieproses van die SJGD bestudeer en eerder waargeneem as om te vra hoe hulle kommunikeer. Die navorser het gereeld die vier betrokke ontwikkelingsprojekte (in hulle natuurlike omgewing) besoek en waargeneem. Na afloop van elke besoek is notas oor die waarneming in detail neergeskryf. Daarom het hierdie navorsingsmetode gesorg dat deelnemers nie ontwrig word nie, verhoudinge is gebou, notas is gemaak vir kwalitatiewe inligting en die navorsingsmetode was bekostigbaar (byvoorbeeld deur nie duur toerusting te gebruik tydens die waarnemings nie).

Volgens Wimmer en Dominick (2011:126-31) het deelnemer-waarnemerverslaggewing vyf tegnieke wat tydens hierdie navorsingstudie uitgevoer is, as bewys dat deelnemer-waarnemerverslaggewing relevant is vir hierdie navorsingstudie:

- die navorsingsarea wat gekies word — die SJGD en sy projekte het die ideale geleentheid gebied vir navorsing;
- toegang tot projekte en toestemming wat verkry word — toestemming is vir die SJGD gevra om die navorsingstudie te kan doen, aangesien die NRO en sy betrokke ontwikkelingsprojekte kan baat vind by die studie oor hulle huidige kommunikasie;
- steekproefneming — die navorsingsprobleem en die navorsingsdoelwitte het bygedra tot die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat gekies was vir hierdie studie;
- die insameling van inligting is afkomstig deur waarneming en notas wat gemaak is; en
- die analisering van inligting is gedoen deur omskrywings in temas (konsepte en konstrukte) in te deel en kwalitatiewe inhoudsanalise is voortgesit.

Sonder deelnemer-waarnemerverslaggewing sou dit vir die navorser nie moontlik gewees het om ŉ verhouding met die deelnemers aan die navorsingstudie te kon opbou nie. Hierdie metode het dit vir die navorser moontlik gemaak om semigestruktureerde onderhoude met die deelnemers te kon voer, aangesien die navorser nie as vreemdeling (teen hierdie tyd en deel van die navorsing) gesien is nie.

#### *4.5.3.1 Toepassing van deelnemer-waarnemerverslaggewing*

Die navorser het drie rolle tydens hierdie navorsingstudie vertolk. In sommige gevalle het die navorser as waarnemer (tydens vergaderings) opgetree en in ander gevalle het die navorser as 'deelnemer-waarnemer' of 'waarnemer-deelnemer' (tydens aksies en projekbesoeke) opgetree.

Die navorser was betrokke tydens die formele vergaderings van die uitvoerende komitee op Maandagaande in die raadsaal van die studenteraad, informele kommunikasievergaderings van die uitvoerende komitee op Donderdae tussen 13:00 en 14:00 in die kantoor, huiskomiteelede se vergaderings op Maandae tussen 13:00 en 14:00 in die Besemboslokaal in die biblioteek, vergaderings van die adviesraad een maal per maand en die oordragsvergaderings van die uitvoerende komitee se termyn van 2009-'10 en die termyn van 2010-'11. Soms is vergaderings van die Women of Worth-komitee, die akademiese studenteverenigings en projekleiers op Dinsdae bygewoon. Tydens hierdie vergaderings het die navorser meestal as waarnemer opgetree om die 'interne' funksionering van die SJGD te kon ondersoek. Die navorser het waargeneem en aktief deelgeneem aan die aksies van die uitvoerende komitee soos byvoorbeeld Kaalvoetdag, Blikkieskosdag, KANSA se 'kleur en

skeer', Karnavaldag, besoeke tydens die jaarlikse behoeftebepaling deur die maatskaplike werkster van projekte, opleidingsessies vir die SJGD-lede, die SJGD se bosberaad, die evaluering van die skakelpersoon en die prestige onderhoude van die vier projekte relevant tot hierdie studie.

Die navorser het ook gereeld (maandeliks) saam met die huiskomiteelede en die projekleier van die vier ontwikkelingsprojekte uitgegaan en aksies bygewoon. Hierdie besoeke het die navorser in staat gestel om aksies te kon waarneem, soms deel te neem en om die vertroue van die verteenwoordigers te wen. Deelnemer-waarnemerverslaggewing het dit vir die navorser moontlik gemaak om semigestruktureerde onderhoude met die verteenwoordigers (SJGD-term: skakelpersone) op ŉ gemaklike wyse te kon voer, aangesien hierdie persone bekend was met die navorser. Die semigestruktureerde onderhoude was ondersteunend tot die waarneming. Semigestruktureerde onderhoude as navorsingsmetode word vervolgens bespreek.

### 4.5.4 Semigestruktureerde onderhoude

Onderhoude is ŉ belangrike navorsingsmetode wat interaksie tussen die navorser en deelnemers behels. Daar is drie soorte onderhoude, naamlik gestruktureerd, ongestruktureerd en semigestruktureerd. Gestruktureerde onderhoude bestaan uit gestandaardiseerde vrae en bied minimale interaksie tussen die navorser en die deelnemers (Du Plooy, 2009:196-197). Gestruktureerde onderhoude bestaan uit vooraf-opgestelde vrae wat deur die navorser geïdentifiseer is. Hierdie vrae word presies net so deur die navorser aan die betrokke deelnemers gevra en daarom is daar nie buigsaamheid om die vrae aan te pas tydens hierdie soort onderhoude nie. Die nadeel van hierdie soort onderhoud is dat daar nie aan deelnemers die geleentheid gebied word nie om relevante inligting, waarvan die navorser nie vooraf bewus is nie, te bespreek. Daar kan dus belangrike inligting verlore gaan wat vir die kwalitatiewe aard van hierdie studie onontbeerlik is.

Ongestruktureerde onderhoude vind plaas wanneer die deelnemers slegs blootgestel word aan ŉ breë tema sonder dat spesifieke vrae gevra word, en as gevolg hiervan kan dit ŉ tydrowende proses wees (Du Plooy, 2009:198-99; Patton, 2002:339-45; Zhang & Wildemuth, 2009a:6). Die navorser sal byvoorbeeld tydens die onderhoud ŉ tema soos projekontwikkeling aan die deelnemer bekendstel en die deelnemer sal dan oor hierdie tema praat. Die feit dat daar nie spesifieke vrae gevra word nie beteken dat deelnemers enige inligting wat hulle as relevant vir die tema beskou kan bespreek, wat baie tydrowend kan wees. Hoewel daar deur hierdie metode ryk inligting ingesamel kan word, is dit baie moeilik om die inligting wat verkry is tot ŉ eenheid te verwerk, veral in gevalle waar daar baie

deelnemers betrokke is. Aangesien baie deelnemers uit verskillende groepe in hierdie studie betrokke was, is die metode nie as toepaslik beskou nie.

Semigestruktureerde onderhoude as navorsingsmetode is belangrik vir hierdie navorsingstudie. Gestandaardiseerde vrae asook temas word gelys, maar die navorser kan tydens die onderhoude vrae aanpas, weglaat en ook opvolgvrae vra (Du Plooy, 2009: 198). Die navorser het meer interaksie met die deelnemers in vergelyking met gestruktureerde onderhoude en die buigsaamheid van hierdie soort onderhoud is belangrik vir die ondersoekende aard van die studie.

Semigestruktureerde onderhoude is volgens Sanchez (2006:1) ŉ algemene soort onderhoud wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word. Die moontlike rede hiervoor is die buigsaamheid van hierdie soort onderhoude. Volgens Horton *et al.* (2004:340) is die buigsaamheid van die ontwerp van semigestruktureerde onderhoude die belangrikste komponent van hierdie metode se sukses. Semigestruktureerde onderhoude bied ruimte aan die deelnemers om hulle denke te verduidelik en om sekere reaksies in detail te kan bespreek, asook om sekere situasies wat nie voorheen oorweeg is nie te identifiseer sodat opvolgvrae gevra kan word (Horton *et al.*, 2004:340). Tydens dié studie het die navorser verskeie opvolgvrae gevra om duidelikheid oor die inhoud van situasies te kry. Tydens hierdie onderhoude word navorsers in staat gestel om ook bewus te wees van deelnemers se nieverbale gedrag, aangesien die gevoel wat die deelnemers oor sekere temas het, deur emosie en houdings beklemtoon word.

ŉ Verdere voordeel van semigestruktureerde onderhoude is dat, sodra ŉ persoonlike onderhoud begin het, dit moeilik vir die deelnemers is om die onderhoud te ontduik. Deelnemers kan ander soorte onderhoude, byvoorbeeld telefoniese onderhoude, vinniger beëindig deur net die telefoon neer te sit (Wimmer & Dominick, 2011:208).

Semigestruktureerde onderhoude is in hierdie navorsingstudie gevoer met persone (SJGD-lede en verteenwoordigers van die vier betrokke projekte) wat kon bydra tot die navorsings-doelwitte. Semigestruktureerde onderhoude is van groot belang in hierdie navorsingstudie, sodat grondige inligting oor die aard van die kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte verkry kon word. Gestandaardiseerde vrae is opgestel maar tydens die onderhoude aangepas, aangesien deelnemers bygedra het tot inligting wat nie voorheen bekend was aan die navorser nie. Hierdie voorvalle (byvoorbeeld oor kulturele sensitiwiteit) het die navorser in staat gestel om opvolgvrae te kon vra. Aangesien die navorser self die onderhoude gevoer het, was dit nie nodig dat mense opgelei moes word om onderhoude met deelnemers te voer nie.

#### *4.5.4.1 Toepassing van semigestruktureerde onderhoude*

Die onderhoudskedule is saamgestel deur ŉ paar algemene vrae te formuleer, asook vrae oor die konsepte en konstrukte wat uiteengesit word in die teoretiese stellings. Hierdie konstrukte is geformuleer deur die bevindinge van die literatuurhoofstuk (hoofstuk 2) toe te pas op die kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

Dertien semigestruktureerde onderhoude is aan die einde van die SJGD-termyn van 2010-'11 met verskeie individue gevoer. Onderhoude is gevoer met twee van die SJGD se lede van die uitvoerende komitee, naamlik die voorsitter en die ondervoorsitter van die SJGD-administrasie. Hierdie lede was al meer as twee jaar betrokke by die SJGD en is kundig oor die SJGD se funksionering. Onderhoude is ook gevoer met die voorsitter van die adviesraad, dr. Herbst, en die maatskaplike werkster, mev. Kotzé, wat op die adviesraad dien en tydens behoeftebepalings betrokke is.

Een van die konsultante (mnr. Kondos) is genader en uit die onderhoud was dit duidelik wat die rol van die konsultante binne die SJGD is. Verdere semigestruktureerde onderhoude is gevoer met die huiskomiteelede van Karlien, Wanda en Huis Republiek Dameskoshuise asook die projekleier van Sand, See en Skulp. Hierdie vier SJGD-lede se betrokkenheid by die semigestruktureerde onderhoude was belangrik, aangesien die projekte deel van die navorser se waarneming was. Die onderhoude het tussen ŉ halfuur en ŉ uur geduur en die vrae is deur die navorser self gevra. Die navorser het tydens hierdie onderhoude notas geneem en het ook ŉ klankopnemer gebruik tydens die onderhoude op kampus. Die navorser het nie die klankopnemer tydens die onderhoude met die verteenwoordigers van die vier betrokke projekte gebruik nie, aangesien sy nie die verteenwoordigers ongemaklik wou maak nie en die situasie so natuurlik moontlik wou hou. Die navorser het tydens hierdie betrokke onderhoude van ŉ medestudent gebruik gemaak om ook notas tydens dié onderhoude te neem.

Die navorser het self die onderhoude getranskribeer vanaf haar notas en die opnames. Die transkribering van die onderhoude het gesorg dat die navorser ooreenkomste en teenstrydighede in die navorser se waarneming en die dokumente en beleide wat geanaliseer was, kon identifiseer. Transkripsies van die onderhoude is geanaliseer op dieselfde wyse as wat die inhoudsanalise gedoen is — aan die hand van die konsepte en konstrukte. Die analisering van hierdie onderhoude het aan die hand van die konsepte en die konstrukte deur middel van kwalitatiewe inhoudsanalise plaasgevind, byvoorbeeld konstrukte wat bygedra het tot deelname is bymekaar gevoeg.

Die onderhoudskedule, wat aan die hand van konsepte en konstrukte (tabel 4) geformuleer is, lyk soos volg:

#### *4.5.4.2 Onderhoudskedule*

***Tabel 7*** *Onderhoudskedule*

| VRAE AAN VERTEENWOORDIGERS |
|---|
| **Algemeen** |
| 1. Van wanneer af is die SJGD by hierdie projek betrokke? |
| 2. Vertel hoe hierdie kleuterskool/nasorgsentrum (drie koshuisprojekte) of ontwikkelings-projek (Sand, See en Skulp) funksioneer. |
| **Deelname** |
| 1. Hoe het die SJGD by u uitgekom en besluit dat hulle u wil ondersteun? |
| 2. Tot watter mate is die SJGD betrokke by hierdie projek? |
| 3. Hoe werk die besluitneming (hoe is die behoeftebepaling gedoen)? |
| 4. Hoe werk die beplanning? |
| 5. Hoe werk die toepassing van die doelwitte en programme wat vir hierdie projek uitgewys is? |
| 6. Wat is die aard van die evaluasie? (Hoe het die SJGD by u gehoor of aandag aan die regte behoeftes gegee is en of die doelwitte bereik was?) |
| **Dialoog** |
| 1. Hoe vind kommunikasie tussen u en die SJGD plaas? |
| **Kulturele sensitiwiteit** |
| 1. Wat het die SJGD gedoen om u gemeenskap se agtergrond, kultuur en tradisies beter te probeer verstaan? |
| 2. Is die manier hoe u dinge nou doen vandat die SJGD u help, versoenbaar met die kultuur en tradisies van die gemeenskap? |
| **Bemagtiging, selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling** |
| 1. Hoe het die SJGD u gedurende die termyn ondersteun? |

2. Watter vaardighede het u en die kinders gedurende die termyn (van die SJGD) aangeleer?
3. Indien die SJGD nie meer betrokke by hierdie projek in die toekoms is nie, sal u sonder enige hulp kan voortgaan met die projek?

**VRAE AAN LEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE**

**Algemeen**

1. Wat verstaan u onder die term 'langtermynvolhoubaarheid'?

**Deelname**

1. Hoe het die SJGD besluit om hierdie projekte te ondersteun?
2. Hoe werk die besluitneming (hoe word die behoeftebepalings gedoen)?
3. Hoe werk die beplanning van die programme van die SJGD?
4. Hoe werk die toepassing van die programme van die SJGD?
5. Hoe word die SJGD se ontwikkelingsprojekte geëvalueer?
6. Hoe maak die SJGD seker dat die gemeenskap se ware behoeftes vasgestel word tydens die behoeftebepalings?

**Dialoog**

1. Hoe werk die kommunikasieproses tussen die SJGD en die skakelpersone (verteenwoordigers) van hierdie projekte?

**Kulturele sensitiwiteit**

1. Hoe maak die SJGD seker dat die ontwikkelingsprojekte se skakelpersone (verteenwoordigers) en die kinders wat betrokke is, se kultuur, taal en tradisies in ag geneem word tydens besluitneming?
2. Hoe ondersteun die SJGD (die uitvoerende komitee en die adviesraad) die huiskomiteelede en projekleiers om kultuursensitief tydens hulle programme van die ontwikkelingsprojekte te wees?
3. Tot watter mate probeer die SJGD om die skakelpersone (verteenwoordigers) se bestaande kennis en hulpbronne in projekte te gebruik?

**Bemagtiging, selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling**

1. In watter mate ondersteun die SJGD die betrokke ontwikkelingsprojekte?
2. Hoe sorg die SJGD dat die skakelpersone (verteenwoordigers) van die betrokke ontwikkelingsprojekte gebruik maak van vaardighede en van hulle bestaande hulpbronne?
3. Hoe besluit die SJGD dat projekte nie meer die SJGD se ondersteuning nodig het nie en dat hulle selfonderhoudend is?

**VRAE AAN DIE PROJEKLEIER VAN DIE PROJEK SAND, SEE EN SKULP**

**Algemeen**

1. Wat verstaan u onder die term 'langtermynvolhoubaarheid'?
2. Vertel my wat is die projek Sand, See en Skulp en wat is die doel van hierdie projek?

**Deelname**

1. Tot watter mate was u en u komitee by hierdie projek betrokke?
2. Tot watter mate was die skakelpersoon (verteenwoordiger) betrokke?
3. Verduidelik hoe die besluitneming werk (hoe is die behoeftebepaling gedoen)?
4. Hoe werk die beplanning van die programme en doelwitte wat toegepas moet word?
5. Hoe werk die toepassing van die doelwitte en programme wat vir hierdie projek uitgewys is?
6. Hoe werk die evaluering van die SJGD?

**Dialoog**

1. Hoe vind kommunikasie tussen u as SJGD-verteenwoordiger en u skakelpersoon (verteenwoordiger) plaas?

**Kulturele sensitiwiteit**

1. Op watter wyse is die kultuur, taal en tradisies van die skakelpersoon en kinders belangrik vir die doeltreffendheid van die projek? Watter pogings is aangewend om die kultuur, taal en tradisies van die gemeenskap beter te verstaan?
2. In watter mate is u bewus van die skakelpersoon (verteenwoordiger) en die kinders se kultuur, taal en tradisies?
3. Hoe sorg u as SJGD-verteenwoordiger, tydens besluite wat geneem moet word, dat die skakelpersoon (verteenwoordiger) en die kinders se unieke kultuur en tradisies gerespekteer word?

4. In watter mate het u die skakelpersoon (verteenwoordiger) en die kinders se bestaande kennis in ag geneem?

**Bemagtiging, selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling**

1. Hoe het u gedurende die termyn van 2010-'11 hierdie projek as SJGD-verteenwoordiger ondersteun?
2. Hoe sorg die SJGD dat die skakelpersone (verteenwoordigers) van die betrokke ontwikkelingsprojekte gebruik maak van hulle eie vaardighede en hulle bestaande hulpbronne? Hoe word hierdie reeds bestaande kennis en vaardighede in die projek geïnkorporeer?
3. Indien die SJGD in die toekoms nie meer betrokke by hierdie projek is nie, sal die skakelpersoon (verteenwoordiger) sonder enige hulp kan voortgaan met die projek? (opvolgvraag: 'Hoekom of hoekom nie?')

**VRAE AAN HUISKOMITEELEDE**

**Algemeen**

1. Wat verstaan u onder die term 'langtermynvolhoubaarheid'?
2. Het u as huiskomiteelid u verkiesbaar gestel vir die SJGD-portefeulje van u koshuis?
3. Indien 'ja', hoe was u voorheen betrokke en hoe het u voorheen geskakel met die SJGD?
4. Indien 'nee', hoe help en ondersteun die SJGD huiskomiteelede wat niks van hierdie portefeulje af weet nie?

**Deelname**

1. Tot watter mate was u en u komitee by hierdie projek betrokke?
2. Tot watter mate was die skakelpersoon (verteenwoordiger) betrokke?
3. Verduidelik hoe die besluitneming werk (hoe is die behoeftebepaling gedoen?).
4. Hoe werk die beplanning van die programme en doelwitte wat toegepas moet word?
5. Hoe werk die toepassing van die doelwitte en programme wat vir hierdie projek uitgewys is?
6. Hoe werk die evaluering van die SJGD?

**Dialoog**

1. Hoe vind kommunikasie tussen u as SJGD-verteenwoordiger en u skakelpersoon (verteenwoordiger) plaas?

**Kulturele sensitiwiteit**

1. Op watter wyse is die kultuur, taal en tradisies van die skakelpersoon en kinders belangrik vir die doeltreffendheid van die projek? Watter pogings is aangewend om die kultuur, taal en tradisies van die gemeenskap beter te verstaan?
2. In watter mate is u bewus van die kultuur, taal en tradisies van die skakelpersoon (verteenwoordiger) en die kinders?
3. Hoe sorg u as SJGD-verteenwoordiger, tydens besluite wat geneem moet word, dat die skakelpersoon (verteenwoordiger) en die kinders se unieke kultuur en tradisies gerespekteer word?
4. In watter mate het u die skakelpersoon (verteenwoordiger) en die kinders se bestaande kennis in ag geneem?

**Bemagtiging, selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling**

1. Hoe het u gedurende die termyn van 2010-'11 hierdie projek as SJGD-verteenwoordiger ondersteun?
2. Hoe sorg die SJGD dat die skakelpersone (verteenwoordigers) van die betrokke ontwikkelingsprojekte gebruik maak van hulle eie vaardighede en hulle bestaande hulpbronne? Hoe word hierdie reeds bestaande kennis en vaardighede in die projek geïnkorporeer?
3. Indien die SJGD in die toekoms nie meer betrokke by hierdie projek is nie, sal die skakelpersoon (verteenwoordiger) sonder enige hulp kan voortgaan met die projek? (opvolgvraag: 'Hoekom of hoekom nie?')

**VRAE AAN DIE KONSULTANT**

**Algemeen**

1. Wat verstaan u onder die term 'langtermynvolhoubaarheid'?
2. Van wanneer af is die vier konsultante by die SJGD se projekte betrokke?
3. Wat is u funksie en doel as konsultant van die SJGD?
4. In watter mate baat die SJGD by hierdie funksies van die konsultante?

**Deelname**

1. In watter mate is die SJGD betrokke by hulle ontwikkelingsprojekte?
2. Hoe werk die besluitneming om die betrokke behoeftes van elke projek te bepaal?

3. Hoe werk die beplanning (die behoeftebepaling)?
4. Hoe werk die uitvoering of toepassing van die programme van elke projek?
5. Hoe vind evaluasie van hierdie projekte binne die SJGD plaas?
6. In watter mate maak die SJGD seker dat aandag aan die betrokke gemeenskap se behoeftes gegee word deur die projekte wat geloods word?

**Dialoog**

1. Hoe werk die kommunikasieproses tussen die SJGD en die skakelpersone (verteenwoordigers) van hierdie projekte?

**Kulturele sensitiwiteit**

1. Hoe maak die SJGD seker dat die skakelpersone (verteenwoordigers) van die ontwikkelingsprojekte en die kinders wat betrokke is, se kultuur, taal en tradisies in ag geneem word tydens besluitneming?
2. Hoe ondersteun die SJGD (die uitvoerende komitee en adviesraad) die huiskomiteelede en projekleiers om tydens hulle programme van die ontwikkelingsprojekte kultuur-sensitief te wees?
3. Tot watter mate probeer die SJGD om die skakelpersone (verteenwoordigers) se bestaande kennis en hulpbronne in projekte te gebruik?

**Bemagtiging, selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling**

1. In watter mate ondersteun die SJGD die betrokke ontwikkelingsprojekte?
2. Hoe besluit die SJGD dat projekte nie meer die SJGD se ondersteuning nodig het nie en dat hulle selfonderhoudend is?

**VRAE AAN ADVIESRAADSLEDE**

**Algemeen**

1. Wat verstaan u onder die term 'langtermynvolhoubaarheid'?

**Deelname**

1. In watter mate is die SJGD betrokke by hulle ontwikkelingsprojekte?
2. Hoe werk die besluitneming om die betrokke behoeftes van elke projek te bepaal?
3. Hoe werk die beplanning (die behoeftebepaling)?
4. Hoe werk die uitvoering of toepassing van die programme van elke projek?
5. Hoe vind evaluasie van hierdie projekte binne die SJGD plaas?

6. In watter mate maak die SJGD seker dat aandag aan die betrokke gemeenskap se behoeftes gegee word deur die projekte wat geloods word?

**Dialoog**

1. Hoe werk die kommunikasieproses tussen die SJGD en die skakelpersone (verteenwoordigers) van hierdie projekte?

**Kulturele sensitiwiteit**

1. Hoe maak die SJGD seker dat die ontwikkelingsprojekte se skakelpersone (verteenwoordigers) en die kinders wat betrokke is, se kultuur, taal en tradisies in ag geneem word tydens besluitneming?
2. Hoe ondersteun die SJGD (die uitvoerende komitee en die adviesraad) die huis-komiteelede en projekleiers om tydens hulle programme van die ontwikkelingsprojekte kultuursensitief te wees?
3. Tot watter mate probeer die SJGD om die skakelpersone (verteenwoordigers) se bestaande kennis en hulpbronne in projekte te gebruik?

**Bemagtiging, selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling**

1. In watter mate ondersteun die SJGD die betrokke ontwikkelingsprojekte?
2. Hoe besluit die SJGD dat projekte nie meer die SJGD se ondersteuning nodig het nie en dat hulle selfonderhoudend is?

Die genoemde onderhoudskedule is gebruik tydens onderhoude wat met verskeie SJGD-lede asook die verteenwoordigers van die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte gevoer is (sien Addendum D).

Die studie se geloofwaardigheid is van die grootste belang. Betroubaarheid en geldigheid as konsepte van die geloofwaardigheid van hierdie navorsing word volgende bespreek.

## 4.6 BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID

Kwalitatiewe sowel as kwantitatiewe navorsers vereis geloofwaardigheid in hulle navorsing (Bashir *et al.,* 2008:38). Volgens Bashir *et al. (*2008:38) is die geloofwaardigheid van kwalitatiewe navorsing afkomstig van die vermoë en inspanning van die navorser. Die navorser het tydens hierdie studie sterk klem gelê daarop om inligting so akkuraat moontlik te kon insamel. 'Betroubaarheid' as konsep word gewoonlik gebruik vir die evaluering of meting van kwantitatiewe navorsing en tydens kwalitatiewe navorsing om inligting te voorskyn te bring (Bashir *et al.,* 2008:39). Daarom is die belangrikste uitgangspunt van

enige kwalitatiewe navorsingstudie die kwaliteit en betroubaarheid daarvan (Golafshani, 2003:601; Bashir *et al.,* 2008:39). Volgens Stenbacka (2001:551) is die doel van kwaliteit, as konsep, om 'verstaanbaarheid te kweek'. Persepsies kan beter begryp word deur die navorser indien die kwalitatiewe data betroubaar is.

Babbie (1992:129) verduidelik dat 'betroubaarheid' verhoog word wanneer ŉ sekere tegniek (byvoorbeeld deelnemer-waarnemerverslaggewing tydens dieselfde projek wat ondersoek word) wat herhaaldelik gebruik word, keer op keer dieselfde resultaat oplewer. Babbie (1992:129) beklemtoon verder dat 'betroubaarheid' nie noodwendig akkuraatheid verseker nie, aangesien vooroordeel van die navorser kan voorkom. Probleme wat kan opduik sluit waninterpretasie van die navorser se waarnemings (as gevolg van gevoel, houding en gemoed) in, asook vrae wat aan deelnemers gevra word wat nie relevant is nie, te abstrak is en wat deelnemers nie kan beantwoord nie (Babbie, 1992:130). Die navorser het tydens haar studie probeer om verteenwoordigers se vertroue te wen deur haar aktiewe betrokkenheid, asook vrae aangepas tydens die onderhoude om dit beter aan die verteenwoordigers te kon verduidelik. Afgesien van hierdie probleme kan 'betroubaarheid' verkry word deur duidelikheid, opleiding en herhaling van tegnieke (Babbie, 1992:132).

Volgens Babbie (1992:132) verwys 'geldigheid' na die mate wat die empiriese betekenis die werklike betekenis van die konsep weerspieël. In hierdie studie het die literatuurstudie bygedra dat die konsepte en konstrukte op ŉ geldige manier verkry is. Die navorser kon ondersoek instel na die SJGD se deelnemende kommunikasiepatrone deur middel van onderhoude wat met die interne belangegroepe van die SJGD (byvoorbeeld komiteelede) en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte (eksterne belangegroepe) gevoer is, asook die beleide van die SJGD wat geanaliseer was. Ten slotte het persoonlike waarneming deur die navorser aangedui of dit wat die mense in die onderhoude gesê het en dit wat in die SJGD-beleide vervat word, ooreengestem het met dit wat waargeneem is.

Bashir *et al.* (2008:40) verduidelik dat navorsers op ervaring en literatuur staatmaak om 'betroubaarheid' en 'geldigheid' as konsepte te bespreek. Volgens Bashir *et al.* (2008:40) is kwalitatiewe navorsers onder die indruk dat 'geldigheid' nie relevant vir kwalitatiewe navorsing is nie, maar besef hulle ook dat daar ŉ mate van geloofwaardigheid vir hulle navorsing moet wees. Bashir *et al.* (2008:38) verduidelik verder dat betroubaarheid en geldigheid nie as aparte konsepte in die kwalitatiewe navorsingsbenadering beskou kan word nie. Hierdie twee konsepte is soms verwarrend in kwalitatiewe navorsing. Kwalitatiewe navorsing bestaan byvoorbeeld uit waarnemings, opinies en inligting wat uit teks bestaan teenoor kwantitatiewe navorsing wat uit numeriese data bestaan en moontlik 'betroubaarheid' en 'geldigheid' duideliker vir die navorser kan weergee.

Afgesien hiervan kan betroubaarheid en geldigheid gekonseptualiseer word as geloofwaardigheid en kwaliteit in die kwalitatiewe benadering (Golafshani, 2003:604; Bashir *et al.,* 2008:43). Die kwaliteit van navorsing word verseker wanneer die geldigheid of geloofwaardigheid van die navorsing bevorder word (Bashir *et al.,* 2008:41). ŉ Goeie en betroubare kwalitatiewe navorsingstudie kan verseker word wanneer meer as een navorsingsmetode en verskeie bronne gebruik word om dieselfde navorsingsvrae te beantwoord (Greenhalgh & Taylor, 1997:2; Du Plooy, 2009:40). Tydens hierdie studie is gebruik gemaak van verskillende bronne om meer volledige en grondige insig oor die aard van die SJGD se kommunikasie met die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte te verkry.

Volgens Bashir *et al.* (2008:41) kan vooroordeel beperk word indien die navorser genoeg tyd in die navorsingsveld spandeer asook verskeie data-insamelingsmetodes gebruik. Kwalitatiewe navorsers maak van verskeie navorsingmetodes (metode-triangulasie) gebruik en in hierdie studie het die navorser verskeie dokumente, notas van die deelnemer-waarnemerverslaggewing sowel as notas van die semigestruktureerde onderhoude afsonderlik geanaliseer. Die studie het gebruik gemaak van bron-triangulasie deur die beginsels van deelnemende kommunikasie te analiseer sowel as die SJGD se beleide en dokumente oor deelnemende kommunikasie.

Bashir *et al.* (2008:43-44) beklemtoon dat hoewel kwalitatiewe navorsing soms as 'eenvoudig en maklik' deur navorsers beskou kan word, kwalitatiewe navorsers probeer om betroubaarheid en geldigheid in hulle navorsing deur te gee (deur byvoorbeeld verskeie data-insamelingsmetodes en -tegnieke). Die navorser het die geloofwaardigheid van hierdie studie bevorder deur van drie navorsingsmetodes, vanuit die kwalitatiewe navorsingsbenadering, gebruik te maak, naamlik kwalitatiewe inhoudsanalise, semigestruktureerde onderhoude en deelnemer-waarnemerverslaggewing.

Die probleme wat tydens hierdie studie ervaar is, word volgende bespreek.

## 4.7 STRUIKELBLOKKE/PROBLEME ERVAAR

Struikelblokke en probleme wat in elke navorsingsmetode ervaar is, word in hierdie afdeling afsonderlik bespreek.

### 4.7.1 Kwalitatiewe inhoudsanalise

Die SJGD se dokumente word gereeld aangepas (byvoorbeeld die omskrywings van projekte) en soms was die beleide nie op datum nie. As gevolg hiervan het die navorser met

verslae van 2010 gewerk, aangesien die verslae van 2011 nog nie gefinaliseer was nie. Hier word verwys na die grondwette van die studenteraad en die SJGD. Afgesien van die genoemde probleem, het die navorser met die inligting gewerk wat tot haar beskikking was en sy het gedurende die studie inligting opgedateer soos wat dit byvoorbeeld in die vergaderings deurgegee is.

### 4.7.2 Deelnemer-waarnemerverslaggewing

Die navorser het van die begin van die SJGD-termyn van 2010-'11 deelnemer-waarnemerverslaggewing begin doen. Daar was bevind dat die SJGD 'n baie groot NRO is, wat uit 'n wye reeks netwerke bestaan. Dit het veroorsaak dat die navorser aan die begin van haar studie oorweldig was deur 'n massa inligting oor die SJGD se inhoud en funksionering (tydens vergaderings en projekbesoeke). Hoewel hierdie probleme aan die begin van die navorsingstudie ontstaan het, het dit verbeter namate die navorser die funksionering en projekte van die SJGD as NRO verstaan het en vertroud was met wat relevant was vir hierdie studie.

Die navorser het aan die begin moeite gehad om die SJGD-lede se vertroue te wen, aangesien hierdie lede onseker was oor die navorser se rol binne die SJGD. Hierdie probleme het deur die loop van die studie afgeneem, as gevolg van die navorser se gereelde betrokkenheid by die SJGD. Vertrouensbande is mettertyd deur aktiewe betrokkenheid gesmee.

### 4.7.3 Semigestruktureerde onderhoude

Die semigestruktureerde onderhoude is gevoer teen die einde van die SJGD-termyn van 2010-'11. Teen hierdie tyd was die studenteraad besig met hulle verkiesing van 2011-'12 en die nuwe huiskomiteelede is aangekondig. Dit was moeilik om die betrokke huiskomiteelede in die hande te kry vir onderhoude. Afgesien hiervan het die navorser 'n paar vrae hersien en aanpassings gemaak. Dit was weereens moeilik om terugvoer op hierdie vrae (via e-pos) van huiskomiteelede en die projekleier van Sand, See en Skulp te kry, aangesien dit September was en die semestertoetsweek vir voorgraadse studente reeds begin het.

Dit was ook moeilik vir die navorser om die huiskomiteelede en die projekleier te bereik om die onderhoude met die verteenwoordigers te voer, aangesien die huiskomiteelede se termyn reeds verby was, die SJGD-lede se programme te vol was en die navorser nie presies geweet het hoe om self by die projekte uit te kom nie. Hoewel die genoemde probleme voorgekom het tydens die semigestruktureerde onderhoudvoeringe, het die navorser tye met die betrokkenes afsonderlik geskeduleer en wel die onderhoude

afgehandel. Die buigbaarheid van die kwalitatiewe navorsingsbenadering het die navorser in staat gestel om die semigestruktureerde onderhoude suksesvol te kon afhandel.

Tydens die onderhoud met die verteenwoordiger van die Veilige Nessie-kleuterskool het die navorser dit problematies gevind om met hierdie persoon 'n onderhoud te voer. Aangesien die verteenwoordiger nuut aangestel was, kon sy nie al die vrae beantwoord nie. Hierdie insident het nie negatiewe implikasies vir die studie gehad nie, aangesien die navorser in die studie aangedui het wat die situasie behels het en dit het ook meer perspektief aan die realiteit verleen deurdat verteenwoordigers (in die geval) en SJGD-lede gedurig verander.

Tydens 'n kwalitatiewe navorsingstudie moet verskeie etiese kwessies in ag geneem word. Hierdie kwessies word in die volgende afdeling bespreek.

## 4.8 ETIESE OORWEGINGS

'n Baie belangrike punt om in ag te neem tydens die uitvoering van 'n navorsingstudie, is dat navorsing op 'n etiese wyse moet geskied en dat die gemeenskap bewus moet wees wat die navorser besig is om te doen. Ten eerste het die navorser toestemming van sowel die SJGD as die verteenwoordigers van die vier betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte verkry (verbaal en 'n geskrewe brief van die SJGD) om tydens projekte waar te neem, deel te neem asook om informele en semigestruktureerde onderhoude te voer. Dit is duidelik gemaak (aan die deelnemers) dat hierdie navorsingsprosedures belangrike kwessies in belang van die gemeenskap kan beskryf. Die verteenwoordigers is ook as anoniem aangeteken en daar is aan hulle beklemtoon dat hulle identiteit (naam en van) nie in die studie bekend gemaak sou word nie. Geen sensitiewe onderwerpe (byvoorbeeld oor die verteenwoordigers se persoonlike agtergrond en so meer) was aangeraak tydens semigestruktureerde onderhoude nie, aangesien vrae direk gemik was op die aard van kommunikasie binne die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

Die navorser het aan sekere aksies deelgeneem om verhoudinge en vertroue met die verteenwoordigers en komiteelede te bou. Tydens hierdie deelname was die navorser deurentyd bewus van die etiese kwessies, soos byvoorbeeld objektiwiteit, en het sy slegs deelgeneem om verhoudinge te kon opbou. Sonder die aktiewe betrokkenheid van die navorser sou hierdie verhoudinge met die verteenwoordigers van die betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte nié moontlik gewees het nie. Na afloop van die studie sal die navorser seker maak dat die resultate aan die SJGD bekend gemaak sal word om sodoende hul projekte vir die toekoms op 'n meer deelnemende manier te kan ondersteun.

## 4.9 GEVOLGTREKKING

Die doel en toepassing van die verskeie kwalitatiewe navorsingsmetodes (soos uiteengesit in hoofstuk 1) is bespreek in hierdie hoofstuk. Kwalitatiewe navorsingsmetodes, naamlik kwalitatiewe inhoudsanalise, deelnemer-waarnemerverslaggewing asook semigestruktureerde onderhoude is gebruik om te bepaal wat die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte is. Tydens die empiriese analise van hierdie studie het die navorser van hierdie drie navorsingsmetodes gebruik gemaak om ook die geloofwaardigheid van die studie te bevorder.

Kwalitatiewe inhoudsanalise is gebruik om dokumente van SJGD te ondersoek. Semigestruktureerde onderhoude is gevoer om te kon uitvind wat die betrokkenes (SJGD-lede asook die vier verteenwoordigers) gedink het oor die aard van SJGD se kommunikasie. Ten slotte is deelnemer-waarnemerverslaggewing gebruik om te kon vergelyk of dit wat waargeneem word wel ooreenstem met die dokumentasie en met dit wat die mense gesê het oor SJGD se aard van kommunikasie met die verteenwoordigers.

Verskeie probleme is afsonderlik uitgewys wat tydens elke navorsingsmetode ondervind is. Die navorser het ook in hierdie hoofstuk aangedui watter etiese oorwegings relevant vir hierdie studie was.

Hoofstuk 4 is belangrik om die leser in te lig oor die rede vir die gebruik van die navorsingsmetodes en hoe hierdie drie navorsingsmetodes toegepas is. Die volgende hoofstuk, hoofstuk 5, sluit besprekings in oor die resultate en bevindinge.

# HOOFSTUK 5

# ANALISE EN INTERPRETASIE VAN BEVINDINGE

## 5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die inligting wat ingesamel is deur die empiriese studie (soos uiteengesit in hoofstuk 4) bespreek en vergelyk met die teoretiese stellings (verduidelik en bespreek in hoofstuk 2) om ŉ gevolgtrekking te kan maak oor die aard van die kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

Die bespreking van die resultate word aan die hand van die konsepte en konstrukte soos in hoofstuk 4 geïdentifiseer (sien tabel 4) gedoen. Die vyf konsepte wat gebruik word om die resultate te struktureer, is deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding, en gemeenskapsontwikkeling.

## 5.2 DEELNAME

Deelname as sekondêre konsep van deelnemende kommunikasie is ŉ proses waartydens individue of groepe deur interaktiewe kommunikasie kennis ontvang, inligting uitruil of besluite neem (Bátori *et al.*, 2003:4; Taylor, 1994:105). Gemeenskapsdeelname kan ŉ bydrae lewer tot die bemagtiging van gemeenskappe deurdat hulle beheer neem oor hulle eie ontwikkeling (Dorsner, 2004:366). Gemeenskappe kan met ander woorde bemagtig word wanneer hulle deel is van alle fases en fasette van die ontwikkelingsproses. Die konstrukte waaruit *deelname* bestaan is interaksie met individue, besluitneming deur die hele proses, die behoeftebepaling wat die gemeenskap se behoeftes moet weerspieël, en die betrokkenheid by die beplanning, uitvoering en evaluasie. Die resultate hieroor word in die volgende afdeling bespreek.

### 5.2.1 Interaksie met individue

Die beginsel van interaktiewe betrokkenheid van gemeenskapslede is in alle aspekte van gemeenskapsontwikkeling belangrik, sodat bemagtiging van hierdie gemeenskappe kan plaasvind (Reid, 2000:1-4). Interaksie met individue beteken dat persone op ŉ deelnemende wyse met mekaar kommunikeer asook op ŉ interaktiewe manier aan prosesse of aktiwiteite deelneem.

Verskeie dokumente en notas van die SJGD is ondersoek om te bepaal of daar tans enige verwysings bestaan oor die proses van deelname tussen die SJGD en die

verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte. Die eerste stap in hierdie analise was om die grondwet van die studenteraad (2010) te bestudeer. Hierdie grondwet beklemtoon dat die studenteraad se algemene funksionering bestaan uit deelname en interaksie met NWU-Pukke se kampusbestuurslede, studenteliggame en skakeling met ander akademiese instellings vir hoër onderwys (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1-2). Die grondwet van die studenteraad dui slegs die rol en funksie van die studenteraadslede, onder meer die rol van die SJGD se voorsitter, aan (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:9). Hierdie dokument dui nie aan dat interaktiewe deelname tussen NWU-studente en die verteenwoordigers of gemeenskapslede belangrik is om aan die nodige behoeftes in die gemeenskap aandag te gee nie.

Die grondwet van die studenteraad dui wel aan dat dit die SJGD-voorsitter se verantwoordelikheid is om toe te sien dat die SJGD betrekkinge bevorder met verskeie komiteelede van die SJGD en sy betrokke gemeenskappe. Die SJGD-voorsitter moet toesien dat die SJGD ook goeie betrekkinge bevorder met staatsdepartemente en ander organisasies wat betrokke is by maatskaplike hulpverlening aan sy betrokke gemeenskappe. Daar word egter nie spesifiek verwys na goeie betrekkinge of skakeling met die verteenwoordigers van die SJGD se projekte nie (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:9).

Soos bo genoem, word hierdie belangrike proses waarby verteenwoordigers betrek kan word om hulle projekte self te bestuur en te onderhou, nie aangedui in die grondwet van die studenteraad of in die grondwet van die SJGD nie.

Die jaarlikse evaluering van die verteenwoordigers van die SJGD kan gesien word as eksterne interaksie met die verteenwoordigers van die SJGD se projekte, hoewel dit nie in die grondwet van die SJGD genoem word nie. Indien die interaksie tussen SJGD-lede en die verteenwoordigers in die SJGD grondwet gemeld word, behoort SJGD-lede in staat gestel te word om interaktiewe geleenthede met die verteenwoordigers te skep om die gemeenskap (waarmee hulle moet werk) te kan verstaan.

Die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon wat bestudeer is, sluit vrae in oor die besoeke van die komitee by die projekte en skakeling van die SJGD-lid met die verteen-woordigers (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011b:1-2). Tydens die evalueringsonderhoud van die skakelpersoon besoek lede van die uitvoerende komitee (voogde van projekte) die verteenwoordigers van die projekte as deel van die SJGD se evaluering (Kondos, 2011; Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a). Volgens Dorsner (2004:366) is interaksie tussen albei partye belangrik, om gemeenskapslede in staat te stel om hulself te bemagtig. Uit die onderhoude het geblyk dat drie van die vier verteenwoordigers wat betrokke is by hierdie

studie se projekte, positiewe terugvoer gegee het oor die SJGD se betrokkenheid by die projek asook oor die verteenwoordiger. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool, die projek van Wanda Dameskoshuis, het egter gemeld dat slegs sekere komiteelede aktief betrokke was tydens die aksies. Uit hierdie terugvoer word gemerk dat interaksie nie tussen al die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte en die SJGD plaasgevind het nie. Verteenwoordigers word tans nie deur die SJGD optimaal die geleentheid gebied om hulle projekte vir die toekoms self te onderhou of te bestuur nie.

Uit die oordragsverslae van die SJGD-lede het geblyk dat hierdie SJGD-lede interaksie met die betrokke verteenwoordigers gehad het, aangesien hierdie verslae herhaaldelik verwys na kommunikasie met die 'skakelpersoon' en die betrokke kinders (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23). Hoewel hierdie verslae aangedui het dat interaksie plaasgevind het, is dit nie duidelik of dit van die SJGD én van die verteenwoordigers se kant afkomstig was nie. Die gemeenskapslede en verteenwoordigers kan slegs aandag aan die gemeenskap se behoeftes gee indien direkte interaksie tussen albei partye gehandhaaf word.

Die vergaderingsnotules van die adviesraad van die SJGD se termyn van 2010-'11 dui aan dat goeie verhoudinge tussen die lede van die uitvoerende komitee, huiskomiteelede, projekleiers, organisasies en die adviesraad gehandhaaf moet word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010j:1). Die notule van die bosberaad, 'n vergadering waar lede van die uitvoerende komitee, komiteelede en adviesraadslede bymekaarkom om besluite omtrent die SJGD-struktuur en doelwitte vir die SJGD-termyn te handhaaf, maak dit duidelik dat behoeftes wat deur SJGD-lede uitgewys word met die verteenwoordigers bespreek moet word en met die verteenwoordigers se behoeftebepaling vergelyk moet word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h).

Volgens Servaes (1995:45; 1999:89) speel tyd as 'n langtermynfaktor 'n belangrike rol sodat 'n verhouding van vertroue en terugvoering van behoeftes kan plaasvind. Die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte kan mettertyd 'n vertrouens-verhouding bou en aan noodsaaklike behoeftes aandag gee. Die bosberaad beklemtoon verder dat die gemeenskap meer betrek moet word by die SJGD om bewusmaking van die SJGD teweeg te bring (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:10).

Die vergaderingsnotule van die uitvoerende komitee van 21 Februarie 2011 dui aan dat die projekleiers en die huiskomiteelede maandeliks moet vergader om mekaar beter te leer ken, sodat hulle kan saamwerk tydens verskeie aksies van projekte wat aangebied moet word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011e:4). Die interne interaksie tussen SJGD-lede word meestal uitgewys in hierdie notules (buiten die notule van die bosberaad), maar daar word

nie spesifiek aangedui dat die eksterne interaksie met die projekverteenwoordigers ook belangrik is nie. Die SJGD moet dus nog aandag daaraan skenk om tydens vergaderings die belangrikheid van die interaksie met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte te beklemtoon. Hierdie verteenwoordigers behoort verantwoordelik te wees vir hulle eie bemagtiging, maar indien die SJGD nie sorg dat hierdie verteenwoordigers aktief deelneem aan die interaksie nie, kan só 'n proses van ontwikkeling nie plaasvind nie.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids – wat tydens die opleidingsessies gegee word aan al die lede van die SJGD se uitvoerende komitee, huiskomiteelede en projekleiers – is ook een van die dokumente wat tydens die studie geanaliseer is.

Hierdie opleidingsgids dui die belangrikheid van SJGD-lede se gemeenskapsdiens in hulle gemeenskap aan, asook om volhoubaar te funksioneer in sy programme en ontwikkelingsprojekte (Weyers & Herbst, 2010:8). Die proses van interaksie tussen SJGD-lede en die gemeenskapslede of verteenwoordigers van die projekte word in hierdie gids beklemtoon (Weyers & Herbst, 2010:8; 19-20). Hierdie opleidingsgids maak dit duidelik aan SJGD-lede 'hoe' en 'wat' om te doen wanneer verhoudinge met hierdie verteenwoordigers gebou moet word. Die opleidingsgids meld ook dat ander instansies (byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Polisiediens [SAPD]) saam met die SJGD kan werk om insette te koördineer en dat die verteenwoordigers van die SJGD se ontwikkelingsprojekte tydens hierdie koördinering betrokke moet wees (Weyers & Herbst, 2010:20). Deelname van 'n gemeenskap bevorder gemeenskapsontwikkeling op lang termyn (Kenny, 1997:5; Mefalopulos & Grenna, 2004:26). Hierdie gids is 'n belangrike hulpmiddel om SJGD-lede bewus te maak om die belangrikheid van deelname van die verteenwoordigers, ten einde gemeenskapsontwikkeling vir die toekoms te bevorder.

Kotzé, die maatskaplike werkster van die NWU-Pukke (2011), het tydens die onderhoud wat met haar gevoer is, aangedui: "Studente word uitgevat [na projekte] en neem deel aan die uitruil van gedagtes met die skakelpersoon". Tydens hierdie geleenthede word die studente na die perseel geneem waar die projek geleë is en hierdie SJGD-lede kommunikeer met die projek se verteenwoordiger om behoeftes te kan bepaal. Die SJGD-lede en die verteenwoordigers van die ontwikkelingsprojekte word aangemoedig om saam idees en doelwitte uit te wys voor elke nuwe termyn. Volgens Kotzé (2011) het die verteenwoordigers van die SJGD se projekte nie direkte kontak met die SJGD-bestuur nie, maar meestal net met die huiskomiteelid of projekleier.

Die SJGD (huiskomiteelede of projekleiers) is gereeld in kontak met die verteenwoordigers van hulle projekte, veral tydens die behoeftebepaling wat voor elke termyn gedoen word

(Herbst, 2011; Kotzé, 2011, Labuschagne, 2011a; Naudé, 2011a; Saunders, 2011a; Stidworthy, 2011a; Van der Merwe, 2011a; Van Vuuren, 2011a).

Die navorser as *deelnemer-waarnemer* kon 'n deegliker perspektief kry oor die verteenwoordigers se deelname aan projekontwikkeling. Tydens die projekbesoeke is bevind dat die huiskomiteelede en die projekleiers meestal met die SJGD se verteenwoordigers skakel. Hierdie huiskomiteelede en projekleiers dien as 'skakel' of 'tussenganger' tussen die uitvoerende komitee van die SJGD en die verteenwoordigers van elke projek. Die drie huiskomiteelede en die projekleier van die vier betrokke vroeëkinderontwikkelingsprojekte maak gebruik van interpersoonlike kommunikasie met die verteenwoordigers tydens aksies van die SJGD, soos byvoorbeeld die behoeftebepaling. Die studente (huiskomiteelede, projekleiers en studenteraadslede) wat betrokke was tydens die projek Sand, See en Skulp se opleidingsprogram (voor die Sand, See en Skulp-vakansie) het interaktief tydens hierdie opleidingsessie met die verteenwoordiger gekommunikeer. Hierdie opleidingsessie het aan die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp die geleentheid gegee om verskeie van die SJGD-lede se vrae te beantwoord.

Deelname kan beskryf word as die aktiewe en betekenisvolle betrokkenheid van die gemeenskap in projekbeplanning en -ontwikkeling, asook om die projek toe te pas en in stand te hou om sodoende hulself daarmee te identifiseer (Taneja, 2006:280). Die SJGD het tydens hierdie opleidingsprogram probeer om die verteenwoordiger aktief te betrek, sodat sy deel kan neem aan die projek se ontwikkeling.

Die lede van die uitvoerende komitee van die SJGD kom slegs by twee geleenthede per termyn in kontak met die verteenwoordigers. Die eerste daarvan is tydens die bustoere wat aan die begin van elke termyn onderneem word, en die tweede tydens die evalueringsonderhoud van die skakelpersoon wat aan die einde van die termyn plaasvind. Die maatskaplike werkster (Kotzé) is die enigste adviesraadslid wat in kontak kom met die verteenwoordigers van elke projek tydens die behoeftebepaling. Hierdie maatskaplike werkster het mettertyd 'n vertrouensverhouding met die verteenwoordigers en gemeenskapslede gebou. Só 'n verhouding kan bydra tot doeltreffende deelname uit die gemeenskap, aangesien die SJGD die verteenwoordigers aanmoedig om aan programme deel te neem. Die verteenwoordigers sal met verloop van tyd genoeg kennis en selfvertroue opbou om hulle projekte self te kan bestuur en te onderhou wanneer die SJGD nie meer betrokke is nie.

Die navorser het gedurende die termyn as deelnemer-waarnemer bevind dat die interne interaksie wat tydens vergaderings, die sosio-ekonomiese opleidingsessies en die aksies van die uitvoerende komitee plaasvind, binne die SJGD meer aandag geniet het as die

eksterne interaksie met die verteenwoordigers tydens die SJGD se projekbesoeke. Aktiewe deelname deur middel van interaksie tussen die SJGD en die verteenwoordigers is slegs waarneembaar tydens behoeftebepaling. Dit is egter belangrik dat die verteenwoordigers nie net by behoeftebepaling betrokke is nie, maar dat hulle ook tydens die algehele besluitneming betrokke behoort te wees aangesien deelname aan besluitneming tot bemagtiging kan lei (Thomas, 1994:49).

### 5.2.2 Besluitneming deur hele proses

Deelname is noodsaaklik vir besluitneming in ontwikkeling (Servaes, 1995:45). 'n Gebrek aan plaaslike deelname kan verantwoordelik wees vir die mislukking van verskeie ontwikkelingsprogramme (Anon., 2003:1). Deelname behoort nie net tydens die beplannings- of uitvoeringsfase van ontwikkelingsprojekte te geskied nie, maar is veronderstel om vanaf die eerste fase, naamlik die identifisering- en besluitnemingsfase, tydens ontwikkelingsprojekte gebruik te word (Mefalopulos & Grenna, 2004:25). Daarom is dit belangrik dat mense deel moet wees aan besluitnemingsprosesse in alle opsigte, sodat die mense hulle op die ou einde self kan bemagtig. Die bevindinge oor deelname tydens die besluitnemingsprosesse wat gedoen is, word volgende bespreek.

Dit wil voorkom asof die SJGD (huiskomiteelede of projekleiers) gereeld in kontak is met die verteenwoordigers van hulle projekte, veral tydens die behoeftebepaling (Herbst, 2011; Labuschagne, 2011a; Naudé, 2011a; Saunders, 2011a; Stidworthy, 2011a; Van der Merwe, 2011a; Van Vuuren, 2011a). Van der Merwe (2011a) het tydens haar onderhoud verduidelik dat die meeste inligting oor die behoeftebepaling van die projek waarby sy betrokke was, van die verteenwoordiger self gekom het. Labuschagne (2011a) verduidelik: "Dus word die gemeenskap se behoeftes ook aangespreek op 'n indirekte manier, aangesien die skakelpersoon meer kennis dra van die behoeftes by die projek, maar ook bewus is van die behoeftes in die gemeenskap". Die verteenwoordigers kommunikeer dus met die SJGD sodat die gemeenskap se behoeftes weerspieël word. In so 'n proses word kennis en mag wederkerig en dinamies uitgeruil en dit is tekenend van aktiewe deelname (Valdés, 2009:11).

Thomas (1994:49) dui aan dat deelname tydens die hele besluitneming tot 'n gemeenskap se bemagtiging kan lei. Volgens die verteenwoordigers van Mmabane Preschool, Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries was hulle saam met die SJGD-lede betrokke tydens die besluitneming oor die behoeftes in die gemeenskap en by die projekte. Veilige Nessie-kleuterskool se (nuwe) verteenwoordiger was nie betrokke by die behoeftebepaling nie, maar het verduidelik dat sy en die huiskomiteelid gereeld aangeleenthede bespreek het en dat sy insette tydens aksies kon lewer.

Deur deelneming-waarneming het die navorser bevind dat die verteenwoordigers van die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte van die studie aktief betrokke was tydens die besluitneming omtrent projekte se behoeftes. Die verteenwoordiger het die behoeftes waaraan aandag gegee moet word gedurende die SJGD-termyn van 2010-'11 met die huiskomiteelede, die projekleier van Sand, See en Skulp, die maatskaplike werkster en die ondervoorsitter van projekte (die lid van die SJGD se uitvoerende komitee) bespreek. Hoewel hierdie bogenoemde terugvoer en waarneming aandui dat besluitneming deur die behoeftebepaling tussen albei partye plaasgevind het, weerspieël al die dokumente wat geanaliseer is nie dieselfde bevindinge nie. Die SJGD verseker nie tans dat die relevante dokumente beklemtoon dat albei partye (die SJGD en die verteenwoordigers) tydens die algehele besluitneming betrokke behoort te wees nie. Indien die SJGD die nodige riglyne in hierdie dokumente bied, behoort verteenwoordighers meer betrokke by besluitneming te wees wat ‘n belangrike rol speel in hul bemagtiging asook in gemeenskapsontwikkeling in die geheel.

Die eerste dokument wat ondersoek is om te bepaal of albei partye betrek word by besluitneming, is die grondwet van die studenteraad. Hierdie grondwet dui nie aan dat verteenwoordigers moet deelneem aan die besluitnemingsprosesse van die behoeftes van hulle projekte nie. Daar word slegs na die betrokkenheid van die studenteraad en die studente oor studentebelange tydens kampusbesluitnemingsprosesse verwys (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1). Die grondwet van die SJGD verwys na interne besluitneming wat met aktiewe deelname gepaard moet gaan tydens vergaderings, hetsy huiskomitee-, akademiese studentevereniging-, projekleier-, adviesraadvergaderings of vergaderings van die uitvoerende komitee (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:6). Daar word egter geen melding gemaak van die verteenwoordigers se aktiewe betrokkenheid tydens besluitneming omtrent hulle projekte se doelwitte nie. Die genoemde grondwette dui geensins aan dat deelname tussen die SJGD en die verteenwoordigers belangrik is vir besluitneming in ontwikkeling nie.

Die evalueringsvorm van die skakelpersoon sluit ook geen vrae in oor die betrokkenheid van die verteenwoordiger by besluitneming ten opsigte van die doelwit- en behoeftesbepalings, nie (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011b:1-2). Daar word wel in afdeling 3 van die sosio-ekonomiese opleidingsgids verwys na besluitneming en in afdeling 1 word verduidelik dat die SJGD-lede saam met die verteenwoordigers besluite omtrent behoeftebepaling moet neem (Weyers & Herbst, 2010:20). Die gids dui aan dat besluitneming verwys na deelname tussen albei partye (die SJGD en die verteenwoordigers), sodat die gemeenskap betrek kan word by hierdie proses en deel kan word van die projekte se bestuur.

Die oordragsverslae van die SJGD-lede verwys egter glad nie na besluitneming tydens die behoeftebepaling nie. Daar word ook nêrens verwys na verteenwoordigers se betrokkenheid tydens besluitneming nie (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23). Die SJGD het dit nie aan hierdie SJGD-lede duidelik gemaak dat hulle moet aandui waar, hoe en wanneer die verteenwoordigers tydens besluitneming betrokke was nie. Hoewel die navorser waargeneem het dat hierdie verteenwoordigers wel deelgeneem het aan die behoeftebepaling, word dit nie in die projekte se oordragverslae aangedui nie.

In die notule van die adviesraad se vergadering van 27 Mei 2010 word aangedui dat projekte meer doelgerig bestuur moet word, deur te bepaal wat die behoeftes in die gemeenskap is en dan daarop te fokus (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010i:2). Hieruit kan 'n mens aflei dat die SJGD probeer om projekte te bestuur. Die SJGD behoort eerder projekte te *ondersteun* as te *bestuur*, aangesien die verteenwoordigers sodoende die geleentheid gebied kan word om in die toekoms hulle eie programme by die vroeëkinderontwikkelingsprojekte te kan toepas en bestuur. Die notule van die bosberaad maak dit duidelik dat behoeftes wat deur SJGD-lede uitgewys word, met die verteenwoordigers bespreek moet word en met die verteenwoordigers se behoeftebepaling vergelyk moet word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h: 1-10). Hierdie notule dui aan dat die SJGD ten doel wil stel om verteenwoordigers te betrek by besluitneming. Verteenwoordigers kan hierdeur bemagtig word om in die toekoms selfonderhoudend te wees.

Hoewel dit belangrik is dat die verteenwoordigers betrokke moet wees tydens die algehele besluitneming, is dit ook noodsaaklik dat hierdie verteenwoordigers betrek moet word by beplanning van ontwikkelingsprojekte. Deur die verteenwoordigers se aktiewe deelname aan behoeftepapaling word die kanse verhoog dat die geïdentifiseerde behoeftes ŉ ware weerspieëling van die gemeenskap se behoefte is.

### 5.2.3 Behoeftebepaling weerspieël die gemeenskap se behoeftes

Behoeftebepaling vóór elke termyn moet nie net gesamentlik deur die SJGD en die verteenwoordigers gedoen word nie, maar die behoeftes wat uitgewys word moet ook die betrokke gemeenskap se behoeftes weerspieël sodat relevante behoeftes aangepak kan word. Só ŉ proses is ŉ bewys van aktiewe deelname (Valdés, 2009:11). Dit is goed dat die SJGD die verteenwoordigers betrek by die behoeftebepaling, maar die SJGD moet seker maak dat hulle aan die werklike behoeftes, wat die gemeenskap weerspieël, aandag gee. Indien die werklike behoeftes van die gemeenskap nie weerspieël word nie, verhoed dit die volhoubaarheid en doelgerigtheid van die projek. Die navorser het afgelei dat die grondwet

van die studenteraad slegs na die SJGD-voorsitter se take en verpligtinge verwys. Een van hierdie take dui aan dat hy moet toesien dat projekte geloods word vir ad hoc-behoeftes wat gedurende die betrokke termyn by SJGD-projekte kan opduik (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:9). Daar word nie spesifiek verwys na behoeftebepaling nie. Daar word ook nie verwys na wie veronderstel is om hierdie behoeftes te identifiseer nie. Die grondwet van die SJGD verwys geensins na die behoeftebepaling of wie betrokke moet wees tydens hierdie proses nie en ook nie of dit aandag moet gee aan die betrokke gemeenskap se behoeftes nie.

Die vrae op die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon is gemik op die verhouding met en betrokkenheid van die SJGD by die verteenwoordiger van elke projek. Daar word egter geen vrae oor die behoeftebepaling, die deelnemendheid daarvan, asook of hierdie proses die gemeenskap se behoeftes weerspieël, gevra nie.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids verwys hierteenoor na behoeftebepaling en wat behoeftes kan wees, maar daar word nêrens aan SJGD-lede duidelik gemaak dat die behoeftebepaling die gemeenskap se behoeftes moet weerspieël nie asook dat die verteenwoordigers die hoofrol moet speel in die bepaling van behoeftes nie (Weyers & Herbst, 2010:10; 15; 20-34). Aangesien hierdie opleidingsgids baie belangrik is vir elke (nuwe) SJGD-lid ter voorbereiding van sy of haar SJGD-termyn, behoort hierdie gids breedvoerig te beklemtoon dat die verteenwoordigers betrokke moet wees tydens die behoeftebepaling om die gemeenskap se noodsaaklike behoeftes te identifiseer en daaraan aandag te gee asook hoe dit gefasiliteer kan word. Die inligting in hierdie opleidingsgids stel SJGD-lede nog nie optimaal in staat om te besef dat deelname tydens behoeftebepaling belangrik is en dat die gemeenskap se behoeftes daardeur aan die lig gebring moet word nie en stel SJGD-lede ook nog nie tans instaat om hierdie proses van deelname te fasiliteer nie.

Daar word nêrens in die oordragsverslae van die SJGD-lede wat betrokke is by Mmabane Preschool, Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries aangedui of verteenwoordigers by behoeftebepaling betrokke was, of dat die behoeftebepaling die gemeenskap se behoeftes weerspieël het nie. Die huiskomiteelid van Karlien Dameskoshuis redeneer hierteenoor dat dit belangrik was om die verteenwoordiger van Veilige Nessie-kleuterskool te betrek om inligting te kon verkry oor die gemeenskap en die kinders se behoeftes (Saunders, 2011b:1-10). Die behoeftebepaling word wel in die ander lede se oordragsverslae bespreek, maar daar word geensins aangedui dat hierdie ondersoek die gemeenskapsbehoeftes aan die lig moet bring deur deelname van die verteenwoordiger nie (Naudé, 2011b:1-31; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23).

Die vergaderingsnotule van die adviesraad van 27 Mei 2010 dui aan dat projekte meer doelgerig bestuur behoort te word deur te kyk na wat die behoeftes in die gemeenskap is, sodat die SJGD daarop kan fokus (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010i:2). Hierdie notule meld egter nie dat die verteenwoordigers betrokke behoort te wees tydens hierdie proses nie en beklemtoon ook nie dat deelname as beginsel van deelnemende kommunikasie ten volle teenwoordig behoort te wees tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte nie.

Labuschagne (2011a), Stidworthy (2011a) asook Van der Merwe (2011a) het tydens die semigestruktureerde onderhoude beklemtoon dat die verteenwoordigers ŉ baie belangrike rol speel tydens die behoeftebepaling wat voor elke termyn gedoen word, om behoeftes vir hulle projekte asook vir die gemeenskap te identifiseer. Herbst (2011) meld dat die SJGD seker maak dat aandag aan die gemeenskappe se behoeftes geskenk word deur twee meganismes, naamlik behoeftebepaling en evaluasie.

Ten spyte daarvan dat dit nie in amptelike dokumente voorgeskryf word nie, was verteenwoordigers wel aktief betrokke tydens besluitneming tydens behoeftebepaling. Die feit dat die verteenwoordigers van Mmabane Preschool, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries ook uit die gemeenskap kom, bevestig dat hulle behoeftes geïdentifiseer het uit húlle oogpunt. Hoewel die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp (wat deelgeneem het aan besluite) nie in dieselfde gemeenskap as die leerlinge woonagtig is nie, is sy al baie jare lank by die skool, sy omgewing en die leerlinge betrokke. Die maatskaplike werkster (Kotzé) stel tydens die behoeftebepaling voor aan watter behoeftes van die projek aandag gegee moet word. Aangesien sy al baie jare lank by die SJGD se behoeftebepaling betrokke is, ken sy die gemeenskap goed en is die verteenwoordigers vertroud met haar teenwoordigheid. Die maatskaplike werkster het mettertyd ŉ verhouding van vertroue gebou met hierdie verteenwoordigers. Hierdie verhouding stel die verteenwoordigers in staat om insette te lewer oor wat werklike behoeftes in hulle gemeenskappe is en uit hierdie insette kan programme aangewend word om hulle op lang termyn te bemagtig. Laasgenoemde kan slegs gebeur indien die behoeftebepaling eerstens deur die verteenwoordigers gedoen word en dit daarna bespreek word met die SJGD.

### 5.2.4 Betrokkenheid by beplanning

Gemeenskapslede speel 'n belangrike rol in die beplanning van gemeenskapsontwikkeling, aangesien hierdie lede 'n belang het in ontwikkelingsbesluite waardeur hulle geraak word (Rietbergen-McCracken, 2003:1). Uit die navorser se bevindinge word die gevolgtrekking gemaak dat die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte nie

deelgeneem het aan die beplanning van hulle projekte en besluite vir die gemeenskap se ontwikkeling nie. Slegs SJGD-lede was verantwoordelik vir beplanning en daarom ontbreek gemeenskapsbetrokkenheid. Soos reeds genoem (sien 5.2.3) word slegs die rol en funksie van die SJGD-voorsitter as lid van die studenteraad in die grondwet van die studenteraad aangedui.

Hierteenoor verwys laasgenoemde dokument na die lede van die uitvoerende komitee se funksies en rolle asook die lede van die uitvoerende komitee se skakeling met verskeie ander SJGD-lede (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:6-20). Die grondwet dui wel aan dat elke organisasie wat betrokke is by die SJGD vóór die aanvang van elke termyn 'n beplanning van hulle aktiwiteite moet inhandig en by die verstryking van die termyn moet verslag doen oor hulle werksaamhede (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:18). Hierdie organisasies verwys na instansies soos byvoorbeeld KANSA, maar nie spesifiek na die SJGD se projekte ten opsigte van hulle verteenwoordigers nie. Ten opsigte van gemeenskapsontwikkeling is die huidige probleem dat die meerderheid van ontwikkelingsprojekte deur eksterne mense en instansies van die betrokke gemeenskap beplan en ontwikkel word in plaas van deur die plaaslike gemeenskap self (Botes & Van Rensburg, 2000:42). Die SJGD dui nie in hulle grondwet aan dat die gemeenskapslede of verteenwoordigers betrokke moet wees by die beplanning van programme vir projek-ontwikkeling nie.

Die grondwet van die SJGD dui wel aan dat die bepaling van behoeftes en die beplanning van aksies ingehandig moet word by die SJGD voor die aanvang van elke termyn (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:19-20). Die grondwet versuim egter om aan te dui wie betrokke moet wees tydens die beplanning van die behoeftes waaraan aandag gegee moet word.

Aangesien die SJGD-grondwet geen melding maak van deelname vanaf die verteenwoordigers in beplanning van projekte nie, sluit die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon geen vrae in oor die verteenwoordiger se betrokkenheid by die beplanning van doelwitte en aksies vir die termyn nie.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids maak aan SJGD-lede duidelik hoe die beplanning behoort te verloop en wat die proses behels, maar nêrens word aangedui dat die projekverteenwoordigers hiertydens betrokke moet wees nie (Weyers & Herbst, 2010:53-54). Deelname tydens beplanning is van kardinale belang vir die ontwikkeling van enige gemeenskap en behoort in die genoemde gids beklemtoon te word. Die verteenwoordigers behoort nie net betrek te word by ontwikkeling nie, maar behoort ook aktief deel te neem aan

die beplanningsproses ten einde te verseker dat projekte op gepaste wyses uitgevoer word en op kwessies wat vir die gemeenskap relevant is, fokus.

Die oordragsverslae van die SJGD-lede verwys verskeie kere na beplanning. Op grond hiervan veronderstel die navorser dat die beplanning slegs deur die SJGD-lede gedoen word, aangesien daar geensins aangedui word dat die verteenwoordigers tydens hierdie proses betrokke is nie. SJGD-lede verwys slegs na "my beplanning" (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23). Die SJGD wend tans nie pogings aan om seker te maak dat die verteenwoordigers saam met die projekleiers en die huiskomiteelede by die beplanning betrokke is nie. Hierdie situasie is problematies en behoort in die toekoms reggestel te word.

Die vergaderingsnotules van die uitvoerende komitee van die SJGD en die adviesraad wat bestudeer is, verwys na verskeie beplannings oor aksies van die uitvoerende komitee, soos byvoorbeeld Blikkieskosdag, en die strategiese beplanning van die organisasie (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011c:6; Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010h:1). Tog word nie spesifiek na die beplanning van die aksies van die SJGD om aan behoeftes aandag te gee, verwys nie. Daar word nêrens bevestig dat die verteenwoordigers deel moet wees van die beplanning (ten opsigte van aksies en doelwitte) om kennis en inligting te verskaf omtrent hulle behoeftes, verwagtinge en kulturele agtergrond, nie.

Die konsultant van die SJGD (Kondos) redeneer dat dit "heeltemal die HK-lede en projekleiers se verantwoordelikheid, tesame met die verteenwoordiger en die maatskaplike werkster is, om programme vir elke termyn op te stel". Deur semigestruktureerde onderhoude het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat die huiskomiteelid of die projekleier die doelwitte en programme vir die termyn identifiseer terwyl die verteenwoordiger nie deel is van hierdie beplanning nie (Labuschagne, 2011a; Naudé, 2011a; Saunders, 2011a; Stidworthy, 2011a; Van der Merwe, 2011a; Van Vuuren, 2011a). Van der Merwe (2011a) dui aan: "Dit is totaal en al in jou as HK-lid se hande". Die verteenwoordigers van al vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte verduidelik dat net die projekleier en die huiskomiteelede verantwoordelik was vir die beplanning wat ná die behoeftebepaling plaasgevind het. Hierdie terugvoer stem nie ooreen met die SJGD-konsultant se redenasie dat die verteenwoordiger ook betrokke moet wees tydens die beplanning nie, maar is wel 'n bevestiging van die afleiding wat uit die dokumente gemaak is, naamlik dat SJGD-lede nie daarop attent gemaak word om verteenwoordigers by die beplanningsproses te betrek nie.

Op 'n vraag oor haar betrokkenheid by die beplanning, het die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp uitdruklik beklemtoon: "Ek het nie deel daaraan gehad nie". Die SJGD-voorsitter (Stidworthy, 2011a) redeneer hierteenoor dat dit belangrik is vir elke

projekbestuurder om ná behoeftebepaling terug te gaan na die verteenwoordigers en aan hulle te verduidelik wat in die projekte gedoen gaan word, sodat die verteenwoordigers se goedkeuring ook verkry word. Hierdie terugvoer dui aan dat verteenwoordigers steeds nie aktief deelneem aan die beplanning van projekte se ontwikkeling nie, aangesien hier veronderstel word dat die verteenwoordiger bloot besluite wat reeds geneem is, moet aanvaar, eerder as om aktief deel te neem aan die besluitneming. Botes en Van Rensburg (2000:42) dui aan dat die plaaslike gemeenskap self betrokke moet wees by die beplanning of ontwikkeling en uit hierdie terugvoer word beklemtoon dat dit nie die geval is tydens SJGD-projekte nie.

Tydens die deelnemer-waarneming is hierdie gevolgtrekking bevestig: Die verteenwoordigers neem nie deel aan die beplanning nie en die SJGD neem alle besluite in terme van beplanning van projekte self. Indien die verteenwoordigers nie saam met die SJGD betrokke is tydens hierdie laasgenoemde beplanning nie, kan die behoeftes nie doelgerig en toepaslik aangespreek word nie, aangesien beplanning gepaard behoort te gaan met deelname van albei partye.

Die drie huiskomiteelede en die projekleier van Sand, See en Skulp was alleen verantwoordelik vir die beplanning van die programme wat toegepas moes word om aandag aan behoeftes gedurende die termyn van 2010-'11 te gee. Hoewel die projekleier van Sand, See en Skulp en die huiskomiteelid betrokke by Jesus Loves You Ministries gaan uitvind het watter aktiwiteite die kinders alreeds gedoen het, het hierdie lede alleen hierdie fase uitgevoer sonder enige aktiewe betrokkenheid van die verteenwoordigers. Dit wil ook voorkom asof die konsultante en lede van die uitvoerende komitee wat hierdie beplanningsraamwerk na inhandiging nasien, dit (in sekere gevalle) goedkeur selfs al is hulle nie altyd vooraf bewus van wat reeds by die projek toegepas word nie. Gemeenskapslede en verteenwoordigers kan slegs projekte bestuur en self onderhou indien hulle deur die SJGD in staat gestel word om dit te doen. Aangesien die SJGD alleen verantwoordelik is vir hierdie deel van ontwikkeling, kan die verteenwoordigers tans nie insette lewer wat kan bydra dat hulle hul projekte eindelik self bestuur en te onderhou nie.

Die SJGD behoort nie net te probeer om die verteenwoordigers by die beplanning te betrek nie. Hulle moet ook die verteenwoordigers tydens die uitvoeringsproses betrek sodat die verteenwoordigers aktief betrokke is by die totale ontwikkeling van hulle projekte. Die volgende afdeling bespreek die betrokkenheid van die verteenwoordigers by die SJGD se uitvoering of toepassing, soos byvoorbeeld die aksies wat by projekte gehou word.

### 5.2.5 Betrokkenheid by uitvoering

Mefalopulos en Grenna (2004:25) voer aan dat kommunikasie deurlopend in ontwikkelingsprogramme en -projekte moet geskied. Die navorser het bevind dat die grondwet van die studenteraad slegs fokus op die uitvoer van die studenteraadslede se take. Daar word geen melding gemaak van die betrokkenheid van die projekverteenwoordigers van die SJGD tydens die toepas van aksies van projekte nie. Buiten die grondwet van die studenteraad dui die grondwet van die SJGD ook nie aan of die verteenwoordigers van die SJGD aan projekte deelneem of behoort deel te neem tydens die uitvoer of toepas van hierdie aksies nie. Die grondwette behoort studente daarop bedag te maak dat verteenwoordigers die geleentheid gegun behoort te word om verantwoordelikheid vir die implementering van projekte te aanvaar, sodat toekomstige programme sonder die SJGD se hulp aangepak kan word.

Die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon sluit vrae in oor die aard van die uitvoer van die aksies van die SJGD en dan ook die skakeling met die teikengroep (verteenwoordigers en kinders) van elke projek (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011b:2). Uit die terugvoer op hierdie vrae is die aksies van die SJGD baie goed aangebied en hulle betrokkenheid is as 'uitstekend' (punt 5 op die skaal) en 'goed' (punt 4 op die skaal) deur die verteenwoordigers ervaar. Daar word egter geen vrae oor die betrokkenheid van die verteenwoordiger by hierdie fase van ontwikkeling gevra nie. Die SJGD kan tans nie bepaal of al die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte betrokke is tydens die toepas van die projek en die gemeenskap se ontwikkeling nie, aangesien die vrae tydens die evalueringsonderhoud van die skakelpersoon glad nie daarop fokus nie.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids verwys na die uitvoering van projekontwikkeling, maar daar word nie aangedui dat die verteenwoordigers betrokke moet wees by die uitvoeringsproses van projekte nie (Weyers & Herbst, 2010:60-61). Die navorser veronderstel dat dit slegs die SJGD-lede is wat aksieplanne tydens die SJGD se projekbesoeke toepas en uitvoer. Die sosio-ekonomiese opleidingsgids is belangrik, aangesien dit aan elke SJGD-lid die nodige riglyne bied om hulle projekte doelgerig te ondersteun, maar hierdie gids behoort aan te dui dat die verteenwoordigers tydens die uitvoering of toepassing betrek behoort te word sodat hulle op lang termyn self in staat kan wees om te kan voortgaan met aksies van hulle projekte. Die SJGD-lede se oordragsverslae bevat ook geen inligting wat aandui of die projekverteenwoordigers deel was van die uitvoering of toepassing nie (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23).

Die vergaderingsnotules van sowel die adviesraad as die uitvoerende komitee van die SJGD se termyn van 2010-'11 dui ook nie aan dat die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte betrokke moet wees tydens die aktiwiteite van aksies en doelwitte nie. Hierdie notules beklemtoon slegs die toepassing van aksies van die uitvoerende komitee, soos byvoorbeeld Blikkieskosdag, wat deur die lede van die uitvoerende komitee behartig word asook die betrokkenheid van die adviesraadslede tydens die SJGD se strategiese beplanning (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010h:1). Deelname is 'n proses wat tussen die SJGD en die verteenwoordigers moet plaasvind en uit die genoemde bevindinge word gesien dat slegs deelname binne die SJGD aktief plaasvind. Daar geskied tans nie aktiewe deelname vanaf die verteenwoordigers tydens die implementering van projekte nie.

Kondos (2011) meld dat programme hoofsaaklik deur die huiskomiteelede, projekleiers en hulle komiteelede uitgevoer word. Gemeenskapslede of verteenwoordigers word nie verantwoordelik gehou vir hulle eie projekte se ontwikkeling of uitvoering daarvan nie en daar word ook nie van hulle verwag om daaraan deel te neem nie. Huiskomiteelede en projekleiers is daarvoor verantwoordelik om aksies by projekte aan te bied wat op drie programme (uiteengesit volgens die termyn se doelwitte) fokus, soos byvoorbeeld ontwikkeling van motoriese vaardigheid, fisiese verbetering van die skool- of sportterrein en leierskapsontwikkeling (Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a).

Hoewel Kondos (2011) beklemtoon dat programme hoofsaaklik deur die huiskomiteelede, projekleiers en hulle komiteelede uitgevoer word, was die verteenwoordigers van Sand, See en Skulp en Mmabane Preschool betrokke by die toepas van doelwitte en behoeftes (Naudé, 2011a; Van Vuuren, 2011a). Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool verduidelik: "soms help ons hulle [huiskomiteelid en haar komitee] tydens die aksies". Die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp verduidelik dat sy nie tydens die aksies in die middae met die leerlinge betrokke kon wees nie, maar sy was wel in die aande by die aksies vir ouers betrokke. Saunders (2011a) het ook gemeld dat sy die personeellede van Veilige Nessie-kleuterskool saam met haar geneem het om borge vir die kleuterskool te kry "sodat hulle in die toekoms kan weet hoe om dit self te doen". Die afleiding word gemaak dat die inhoud van SJGD-projekte verskil en dat sekere verteenwoordigers meer betrokke is by die uitvoeringsproses as ander.

Die inligting wat deur deelnemer-waarneming ingesamel is, het hierdie afleiding bevestig. Die verteenwoordigers van Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool was aktief betrokke tydens die aksies wat die SJGD aangebied het. Hierdie verteenwoordigers het self deelgeneem aan die aksies en hulle het ook aan die kinders verduidelik wat hulle

moet doen en wat die waarde van hierdie aksies was. Die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp was nie in die middae by die aksies betrokke nie, aangesien sy self klas gee gedurende hierdie tyd (13:00–14:00). Hierdie verteenwoordiger het wel die studente kom oplei en gedurende die aande aksies vir ouers bygewoon, hoewel sy nie aktief gedurende die aksies vir ouers deelgeneem het nie. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool het in die onderhoud verduidelik dat sy soms die komiteelede help, maar die navorser het tydens haar besoeke waargeneem dat die verteenwoordiger nie deelgeneem het aan die aksies nie. Indien die SJGD seker maak dat al die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte deelneem tydens die uitvoering van hulle programme, kan hierdie verteenwoordigers bemagtig word om in die toekoms self aksies te kan loods.

Dit wil voorkom asof slegs die verteenwoordigers van Veilige Nessie-kleuterskool en Mmabane Preschool die Vodacom-opleidingsessies vir verteenwoordigers van vroeë-kinderontwikkelingsprojekte bygewoon het. Die verteenwoordigers van Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries was nie by hierdie opleidingsessies betrokke nie. Aktiewe deelname van die verteenwoordigers van alle vroeëkinderontwikkelingsprojekte, tydens enige SJGD-program, is van kardinale belang vir die ontwikkeling van hierdie SJGD-projekte. In die geval van die Vodacom-opleidingsessies vir die verteenwoordigers, behoort alle verteenwoordigers betrokke te wees by die opleidingsprogram — of hulle gekwalifiseerde verteenwoordigers is of nie. Hierdie verteenwoordigers kan die ontwikkeling dan beter verstaan en die kennis wat hulle het, toepas tydens die aksies wat hulle aanbied.

Die SJGD se sosio-ekonomiese opleiding dui breedvoerig aan wat gedoen moet word tydens die uitvoering van projekte, maar daar word nie beklemtoon dat die verteenwoordigers aktief betrokke moet wees tydens hierdie proses nie. Die SJGD se interne uitvoering in verband met aksies van die uitvoerende komitee, en die eksterne uitvoering soos byvoorbeeld die aksies van projekte, word aktief benader deur SJGD-lede, maar die verteenwoordigers word nie ten alle tye betrek by hierdie proses nie.

Die verteenwoordigers moet aktief betrokke wees tydens die toepassing van vroeë-kinderontwikkelingsprojekte sodat projekontwikkeling gehandhaaf word. Daarom is dit ook belangrik dat die verteenwoordigers tydens die evaluering van die SJGD aktief betrokke moet wees om te verseker dat die projekte deurentyd verbeter word. Die betrokkenheid van die verteenwoordigers tydens die evaluering van die SJGD word volgende bespreek.

### 5.2.6 Betrokkenheid by evaluasie

Besluitneming oor doelwitte en behoeftes van projekte gaan gepaard met 'n deelnemende evaluasieproses waarin die die gemeenskap of bevoordeeldes van projekte 'n aktiewe rol speel (Smith, 2003:56-85).

Uit die semigestruktureerde onderhoude kom die navorser tot die gevolgtrekking dat daar verskeie evaluasies deur die SJGD gedoen word (Herbst, 2011; Kondos, 2011; Kotzé, 2011; Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a). "Evaluering is basies deur die prosesverslae en die prestige onderhoude asook die skakelpersoonevaluering" (Stidworthy, 2011a). Herbst, die adviesraadvoorsitter, (2011) redeneer dat die evaluering van die SJGD uit vier meganismes bestaan, naamlik die "deurlopende evaluering deur die konsultante, die middeltermynevaluering deur te kyk na verslae en UK-aksies, die prestige beoordelings aan die einde van elke termyn asook die meestergraadstudies wat in plek begin val". Niemand het in die onderhoude aangedui dat die verteenwoordigers self ook SJGD-projekte evalueer nie. Daar is slegs klem gelê op die verteenwoordigers se deelname tydens die evalueringsonderhoud van die skakelpersoon, maar nie in die evaluasieproses nie. Indien die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte ook insette lewer oor die evaluering van die SJGD, kan laasgenoemde in staat gestel word om verbeteringe aan te bring en beter evaluasiepraktyke te bepaal.

Die verteenwoordigers van SJGD-projekte is betrokke by die evaluering van skakelpersone wat voor die einde van elke termyn gedoen word. Volgens Stidworthy, die voorsitter van die SJGD se termyn van 2010-'11 (2011a), ontvang lede van die uitvoerende komitee terugvoer van die verteenwoordigers oor die huidige funksionering van die SJGD. Die lede van die SJGD se uitvoerende komitee voer onderhoude met die verteenwoordigers. Die huiskomiteelid of die projekleier is nie betrokke tydens hierdie evaluering nie (Kondos, 2011; Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a; Van der Merwe, 2011a). Kondos (2011) beklemtoon dat dit in die toekoms 'n vereiste vir konsultante moet wees om deurentyd met die verteenwoordigers te kommunikeer om op hoogte te bly oor die stand van sake van die SJGD se projekte. Hoewel Kondos (2011) meer geleenthede vir interaksie met die verteenwoordigers vereis, dui die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries aan dat interaksie plaasgevind het tydens haar evalueringsonderhoud asook tydens die besoeke van die konsultante wat soms haar aksies kom bywoon het. Aangesien die verteenwoordiger van Veilige Nessie-kleuterskool nuut aangestel is, was sy nie betrokke tydens die evalueringsonderhoude met die verteenwoordigers nie. Hierdie terugvoer het bevestig dat die verteenwoordigers wel betrokke is tydens evaluering, maar daar is nêrens gemeld dat hulle die SJGD se evaluering spesifiek beoordeel het nie. Dit wil ook nie voorkom asof hulle

ʼn aktiewe rol speel in die ontwikkeling en inhoud van die evaluasieproses nie. Verteenwoordigers behoort die SJGD se evaluering te beoordeel sodat die SJGD bewus kan word van die verteenwoordigers se behoeftes om die gemeenskap se behoeftes te weerspieël; sodat die SJGD kan verstaan wat die verteenwoordigers se siening is omtrent suksesse, sterk- en swakpunte van die program; om die SJGD se evaluering te verbeter en sodoende mettertyd 'n vertrouensverhouding te kan bou.

Die navorser het afgelei dat die grondwet van die studenteraad slegs interne kommunikasiestrukture aandui. Hierdie interne kommunikasiestrukture verwys na kommunikasie tussen die studenteraadslede en studente of kampusbestuur. Hierdie grondwet verwys nie na enige betrokkenheid van die SJGD-verteenwoordigers by die evaluasie nie, maar dit verwys wel na studenteraadslede se terugvoer oor hulle verantwoordelikhede (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:24). Hierdie grondwet is nie noodwendig opgestel vir SJGD-lede nie. Die doel van hierdie grondwet van die studenteraad is om die studenteraad leiding te gee oor hulle pligte en verantwoordelikhede. Die SJGD-voorsitter het naas SJGD-pligte verskeie studenteraadspligte en slegs hierdie verantwoordelikhede word in die dokument saamgevat.

In die grondwet van die SJGD word onder meer verwys na die evaluasie van projekte (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:4; 13-18). Hierdie grondwet dui aan dat die konsultante projekte evalueer, die ondervoorsitter van projekte die evaluering moet koördineer, die lid van die uitvoerende komitee verantwoordelik vir projekontwikkeling en projekte se vordering moet monitor, en dat oordragsverslae ingehandig moet word deur huiskomiteelede en projekleiers (*ibid.*). Die grondwet van die SJGD dui egter nie aan dat die verteenwoordigers betrokke is of behoort te wees tydens die evaluering van SJGD-projekte nie. Volgens Smith (2003:56-85) behoort die evaluasie gepaard te gaan met die deelname van gemeenskapslede, in dié geval die verteenwoordigers. Daar word egter nie tans in die grondwet van die SJGD van gemeenskapsdeelname tydens die evaluering melding gemaak nie. Daar word ook nie verwys na die 'skakelpersoon se evalueringsonderhoud' wat deel is van die SJGD se evaluering, asook die prestige onderhoude wat huiskomiteelede en projekleiers in verband met die evaluasie van hulle projekte met die paneel moet voer nie.

Die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon evalueer die verhouding van die huiskomiteelid of projekleier met die verteenwoordiger van elke projek, asook die betrokkenheid van die SJGD volgens die ontwikkeling van gemeenskapsprojekte. Hierdie vorm fokus nie op die mate van betrokkenheid van die verteenwoordiger by die SJGD se projekte nie. Hoewel die onderhoud deel is van die SJGD se evaluering, behoort verteenwoordigers ook betrokke te wees by die beoordeling van die SJGD se

evalueringsproses. Dit is egter nie tans nie die geval nie. Verteenwoordigers wat ook deelneem aan die beoordeling van die SJGD se evaluasie kan na afloop van elke termyn bepaal of die SJGD se evaluering suksesvol is en in watter mate hulle evaluasie met die van die verteenwoordigers ooreenstem. Dit sal die SJGD in staat stel om te weet hoe die projek en die prosesse wat daarmee gepaard gaan, vorder uit die oogpunt van die verteen-woordigers.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids maak die evaluasieproses aan die SJGD-lede duidelik (Weyers & Herbst, 2010:61). Hierdie opleidingsgids beklemtoon dat SJGD-evaluering geskied deur met die regte persone (verteenwoordigers van projekte) tydens 'n sekere tyd en in die regte 'formaat' te kommunikeer (*ibid.*). Hierdie gids beklemtoon nie dat die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte self die SJGD se evaluering moet beoordeel nie en ook nie dat die verteenwoordigers ‘n inset behoort te hê in terme van die aspekte waarop die SJGD se evaluasie behoort te fokus nie. Indien die SJGD seker maak dat verteenwoordigers aktief deelneem aan die algehele ontwikkeling van die evaluasie van projekte, behoort die SJGD hulle projekte in die toekoms meer doelgerig te kan ondersteun.

Die oordragsverslae van die huiskomiteelede en die projekleiers van die SJGD word deur die paneel van die SJGD bestudeer. Hierdie verslae sluit die omskrywings in van doelwitte asook evalueringsverslae (prosesverslae) van die aksies wat deur die konsultante nagesien is. Dié oordragsverslae beskryf ook die selfevaluering wat deur elke huiskomiteelid en projekleier gedoen is (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23). Hierdie oordragsverslae word nie met die insette van die verteenwoordigers opgestel nie, maar dit word slegs deur die projekleier van die SJGD of die huiskomiteelid uitgevoer vir die evaluering deur die SJGD. Die verteenwoordigers neem weinig deel aan die evaluering en behoort regdeur die termyn betrek te word, sodat goeie deelname en 'n verhouding van wedersydse respek tussen die SJGD en die verteenwoordigers gebou kan word.

Die vergaderingsnotules van sowel die adviesraad as die uitvoerende komitee van die SJGD se termyn van 2010-'11, verwys verskeie kere na die evaluering. Hierdie verwysings word volgende bespreek. Die ondervoorsitter van projekte herinner die UK-lid van projek-ontwikkeling daaraan om seker te maak dat die konsultante by die projekte uitkom en dat die projekte ook deur die konsultante geevalueer word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010k:5). Volgens die adviesraadvoorsitter is die vroeëkinderontwikkelingsprogram nog in die beginstadium en daarom is goeie evaluering belangrik om die uitdagings van hierdie program te kan uitlig (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011f:3). Die adviesraadvergadering op

15 April 2010 en die vergadering van die uitvoerende komitee op 11 April 2011 maak die toepassing van die evaluering tydens die evaluering van skakelpersone duidelik en dui aan dat die verteenwoordigers gevra moet word om terugvoer te gee oor die SJGD en sy projekbestuurders se betrokkenheid by die projekte (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011g:1). Daar word ook aangedui dat van die verteenwoordigers verwag word om die projekbestuurders te evalueer, sodat die betrokkenheid van die SJGD tydens aksies van projekte bepaal kan word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010h:6-7). Die verteenwoordigers behoort egter nie net deel te neem aan hierdie proses nie, maar behoort die SJGD se evaluering self ook te beoordeel en insette in die proses van evaluasie te hê om projekte op lang termyn te ontwikkel en by te dra tot 'n doeltreffende evaluering.

Die navorser is bewus van verskeie deurlopende evaluerings wat deur die SJGD gedoen word. Die sogenaamde evalueringsonderhoud van die skakelpersoon is een van hierdie geleenthede waarby die verteenwoordigers van die projekte betrokke is. Tydens hierdie onderhoude vra lede van die uitvoerende komitee verskeie vrae aan die verteenwoordigers oor die projekdeelname en -betrokkenheid van die SJGD.

Hoewel die verteenwoordigers van Mmabane Preschool, Sand, See en Skulp, Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool betrokke was tydens hierdie evaluering, was sommige vrae in die onderhoud nie altyd duidelik genoeg gestel nie. Die navorser het bevind dat die verteenwoordigers nie noodwendig die vraag, *of deurlopende volhoubaarheid in die projekte gevestig word*, verstaan het nie. Die navorser se rol het in hierdie geval na totale deelnemer verander, aangesien sy voorbeelde moes noem om aan die verteenwoordiger te kon verduidelik wat 'deurlopende volhoubaarheid' beteken. Hierdie onderhoude het geensins vrae ingesluit om te bepaal hoe die verteenwoordigers dink die projekte geëvalueer behoort te word nie en die vrae wat op die funksionering van die projekte fokus maak ook geen melding van deelname deur die verteenwoordigers nie. Die navorser het bevind dat die nuwe verteenwoordiger van Veilige Nessie-kleuterskool die meeste van die vrae nie kon beantwoord nie, aangesien sy nog net twee maande by hierdie projek as verteenwoordiger betrokke was.

Dit is van kardinale belang dat die verteenwoordigers nie net deel is van die SJGD se beoordeling tydens die evalueringsonderhoud van die skakelpersoon nie, maar dat hulle die SJGD se projekte ook beoordeel sodat hulle kan aandui of die projek, volgens hulle verwagtinge en standaarde, suksesvol is. Dit is ook belangrik dat toepaslike vrae tydens die evalueringsonderhoude gevra word. Die SJGD moet deur middel van die evaluering kan agterkom of die behoeftebepaling wat toegepas is die gemeenskap se behoeftes weerspieël. Indien die gemeenskap se behoeftes weerspieël word, kan gemeenskapsontwikkeling

plaasvind. Hierdie proses van gemeenskapsontwikkeling moet egter met deelname van albei partye gepaard gaan. Die volgende afdeling dui aan of die SJGD probeer om aandag te gee aan die behoeftes van die gemeenskap.

### 5.2.7 Gevolgtrekking: Deelname

Na aanleiding van bogenoemde bevindinge kan afgelei word dat die SJGD probeer om die verteenwoordigers te betrek by verskillende fasette van die programme, maar daar is tans nog baie uitdagings omtrent deelnemende kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte. Die deelnemende benadering tot ontwikkeling is 'n benadering wat aangewend word om gemeenskappe te bemagtig om hulself te help en om optredes aangaande ontwikkelingswerk volhoubaar voort te sit (Anon., 2009:1). Hierdie benadering probeer om verantwoordelikheid aan te spoor onder gemeenskappe, sodat hulle eie ontwikkeling deur hulle aktiewe betrokkenheid by ontwikkelingsprojekte kan plaasvind.

Die SJGD bied geleenthede vir interaksie met die verteenwoordigers tydens bustoere, skakeltoere, behoeftebepaling, evaluering of aksies van projekte. Die verteenwoordigers is ook aktief betrokke tydens besluitneming, aangesien hulle saam met die SJGD besluite neem oor behoeftes waaraan aandag gegee moet word. Die behoeftebepaling wat gedoen word, weerspieël ook die gemeenskap se behoeftes, want die verteenwoordigers is aktief betrokke tydens die behoeftebepaling. Hoewel daar aan die genoemde konstrukte van deelname voldoen word, word dit nie aangedui in die dokumente wat bestudeer is, dat die verteenwoordigers saam met die SJGD tydens hierdie prosesse betrokke behoort te wees nie.

Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie aan verskeie konstrukte voldoen word nie. Ten eerste is die verteenwoordigers nie deel van die beplanning van hulle projekte nie. Die navorser het bevind dat dit slegs die huiskomiteelid of die projekleier is wat die beplanningsraamwerk vir elke termyn opstel. Die verteenwoordigers is ook nie ten alle tye by die uitvoeringsproses betrokke nie, omdat die verteenwoordiger van Mmabane Preschool nie tydens aksies van projekte betrokke was nie en aangesien al die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte nie betrokke is by die Vodacom-opleidingsessies nie. Terwyl verteenwoordigers deelneem tydens die SJGD se evalueringsonderhoude, beoordeel die verteenwoordigers tans nie die SJGD se evaluering nie en word daar nie aangedui wat die SJGD kan verbeter om doelgerigte ondersteuning aan die verteenwoordigers te bied nie.

Dit wil voorkom asof verteenwoordigers tans nog nie aktief deelneem aan die algehele ontwikkelingsprojekte nie. Individue kan hulself net help indien hulle in staat gestel word om

hul omgewing en hulle eie potensiaal te ontdek, geleer word om dié potensiaal doeltreffend te gebruik en oortuig word om hul vermoë in daadwerklike optrede te omskep (Weyers & Herbst, 2010:11, 12). Hierdie ontwikkelingsbeginsel is afhanklik van deelname van gemeenskapslede wat aktief betrokke behoort te wees by die ontwikkeling (Ayee, 1993: 47).

Hoewel die SJGD probeer om op deelnemende wyse hulle projekte te ondersteun, moet in die toekoms verseker word dat doeltreffende deelname en deelnemende kommunikasie tussen die lede van die organisasie en die verteenwoordigers plaasvind. Verteenwoordigers word dan betrek by hulle eie ontwikkeling en hulle projek se volhoubaarheid aangesien hulle deur hul deelname aan die projek self bemagtig kan word. Dialoog is daarom 'n belangrike konsep vir deelnemende kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers.

Ware deelname van die lede van die gemeenskap is gebaseer op kommunikasie en vind plaas in die vorm van dialoog (Mefalopulos & Grenna, 2004:26; Thomas, 1994:53). Indien dialoog tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte plaasvind, behoort hierdie doelgerigte ontwikkelingskommunikasie by te dra tot die gemeenskap se volhoubare ontwikkeling. Die bevindinge van hierdie konsep en sy konstrukte word volgende bespreek.

## 5.3 DIALOOG

Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie is gebaseer op dialoog, waar luister net so belangrik soos artikulasie geag word (Mefalopulos & Grenna, 2004:27). Dialoog is ŉ proses waartydens betekenisse en boodskappe oor ontwikkeling gevorm word, sodat insig daaroor vanaf die deelnemers aan kommunikasie verkry word (Rahim, 1994:122-130). Deelnemende kommunikasie is nodig sodat studente die kennis sal hê om gesprekke en aktiwiteite van so ŉ aard aan te bied dat vertrouensverhoudinge tussen die SJGD en die verteenwoordigers gebou kan word, sodat gemeenskapsontwikkeling op die lang termyn plaasvind. Dialoog kan meebring dat konsensus tussen albei partye bereik word om sodoende behoeftes, risiko's, persepsies, probleme en geleenthede in ŉ gemeenskap te ondersoek, om verandering vir ontwikkeling teweeg te bring (Mefalopulos & Grenna, 2004:27). Ongelukkig word die genoemde voordele van gedeelde betekenis en dialoog nie in die grondwette beklemtoon nie. Die konstrukte van *dialoog* sluit gedeelde betekenisvorming, die luisterproses, tweerigtingkommunikasie en interpersoonlike kommunikasie in. Dié dialogiese konstrukte word in die volgende afdelings bespreek.

### 5.3.1 Gedeelde betekenis

Die hoofdoel van dialoog is om betekenis tussen die betrokke partye – die SJGD en die verteenwoordigers – te skep en te handhaaf. Die betekenisse van woorde en boodskappe kan in sommige situasies verkeerd geïnterpreteer word indien gedeelde betekenis nie tussen partye plaasvind nie (Rahim, 1994:121). Betekenis wat gedeel word, as kommunikasieproses, gaan daaroor dat SJGD-lede en die verteenwoordigers van hulle projekte betekenis met mekaar moet deel en mekaar moet verstaan oor behoeftes waaraan aandag gegee behoort te word, aktiwiteite wat toegepas kan word by hierdie projekte asook die wyses waarop dit gedoen kan word. Hoewel hierdie betekenis tussen partye uiters belangrik is, het die navorser bevind dat sowel die grondwet van die studenteraad as die grondwet van die SJGD geen inligting insluit wat aandui dat die SJGD en die verteenwoordigers van die projekte moet ooreenstem oor behoeftes en doelwitte van die projekte nie (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1-28; SJGD, 2010a:1-35). Hierdie grondwette verwys nie na die nodige konstrukte van deelnemende kommunikasie (in dié geval gedeelde betekenis) nie.

Die SJGD se vorm vir die evaluering van die skakelpersoon sluit vrae in oor die samewerking en skakeling van die SJGD met die verteenwoordigers tydens aksies van projekte. Uit die terugvoer op hierdie vrae het die verteenwoordigers van Jesus Loves You Ministries, Veilige Nessie-kleuterskool en Sand, See en Skulp aangedui dat hulle en die SJGD mekaar verstaan het en dat hulle ŉ goeie kommunikasieverhouding gehad het. Hieruit word afgelei dat gedeelde betekenis tussen die SJGD en die verteenwoordigers gehandhaaf is, aangesien hierdie lede mekaar verstaan het en saamgestem het oor behoeftes en aktiwiteite. In sommige situasies kan die betekenisse van woorde en boodskappe verkeerd verstaan word (Rahim, 1994:121). Daarom speel die konteks van kommunikasie, die bewustheid van die kultuur van die verteenwoordigers en die kommunikeerder se persepsies van die wêreld ŉ belangrike rol in die waarde en betekenisskepping van boodskappe wat oorgedra word (Rahim, 1994:121). Indien die konteks van kommunikasie nie ooreenstem tussen die partye is nie kan boodskappe verkeerd oorgedra word, soos in die geval van die projek van Wanda Dameskoshuis. Die huiskomiteelid van Wanda Dameskoshuis en die verteenwoordiger van Mmabane Preschool het nie ŉ goeie kommunikasieverhouding gehad nie, aangesien die verteenwoordiger keer op keer aangedui het dat sy en die huiskomiteelid kommunikasieprobleme (kommunikasie is as 'gemiddeld' bestempel) ervaar het. Die verteenwoordiger het gevoel dat die huiskomiteelid nie na haar wou luister nie en gedeelde betekenis kan juis nie geskep word as mense nie na mekaar luister nie.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids toon aan dat goeie verhoudinge met die verteenwoordigers van die SJGD-projekte geskep moet word (Weyers & Herbst, 2010:20).

Daar word nêrens spesifiek verwys na die belangrikheid van gedeelde betekenis tussen die SJGD-lid en die verteenwoordiger van die betrokke projek nie, maar daar word wel aangedui dat die albei belangegroepe saam behoeftebepaling moet doen en ŉ "aangename" verhouding behoort te hê (*ibid.*). Indien SJGD-lede en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte mekaar verstaan ten opsigte van die behoeftes waaraan aandag gegee moet word, kan ŉ goeie kommunikasieverhouding en -proses gehandhaaf word.

Die oordragsverslae van die huiskomiteelede wat betrokke is by Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool asook die projekleier van Sand, See en Skulp, dui aan dat daar goeie kommunikasie tussen hulle en die verteenwoordigers van hierdie vroeëkinderontwikkelingsprojekte was (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12). Gedeelde betekenis het egter nie voorgekom tussen die huiskomiteelid van Wanda Dameskoshuis en die verteenwoordiger van Mmabane Preschool nie, aangesien beloftes (byvoorbeeld die aanbou van ŉ nuwe kombuis) wat deur die huiskomiteelid gemaak is, nie nagekom kon word nie (Van Vuuren, 2011b:1-23). Dialoog in die vorm van gedeelde betekenis was nie doeltreffend toegepas tussen hierdie verteenwoordiger en die huiskomiteelid nie. Dialoog moet deur albei partye aangewend word sodat insig (en konsensus) vanaf die deelnemers aan kommunikasie verkry word, oor hulle behoeftes waaraan byvoorbeeld aandag gegee behoort te word (Rahim, 1994:122, 130).

Die notule van die bosberaad van die uitvoerende komitee van die SJGD se termyn van 2010-'11 dui aan dat behoeftes wat deur huiskomiteelede of projekleiers uitgewys word, met die verteenwoordigers bespreek behoort te word en ook met laasgenoemde se voorafbepaalde behoeftebepaling vergelyk moet word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:1-5). Hierdie vergadering beklemtoon verder dat die SJGD moet probeer om deur ŉ "deelnemende gesindheid" te fokus op die bemagtiging van die gemeenskap (*ibid.*). Dialoog en betekenisvorming tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte dien as beginsels van deelnemende kommunikasie en sorg dat projekte doelgerig aangepak word.

Uit die terugvoer van die onderhoude bevestig die lede van die uitvoerende komitee van die SJGD dat die huiskomiteelede en die projekleiers saam met die verteenwoordigers ŉ gesamentlike behoeftebepaling moet opstel (Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a). "So dus het alle partye ŉ sê daarin en kom dit nie net van een kant af, byvoorbeeld ŉ HK-lid wat net sy [eie] behoeftes raaksien, nie" (Labuschagne, 2011a). Dialoog kan meebring dat konsensus moontlik tussen albei partye bereik word om aan die regte behoeftes aandag te gee, sodat verandering vir ontwikkeling kan plaasvind. Volgens Van der Merwe (2011a) kan

die maatskaplike werkster nie alleen die behoeftes volledig en ingelig deurgee nie. Daarom het hulle (huiskomiteelid en maatskaplike werkster) saam met die verteenwoordiger besluit oor die behoeftes waaraan aandag gegee moet word.

Van Vuuren (2011a) verduidelik: "Ek en Tannie Lenie het na die skooltjie gegaan om saam met die skakelpersoon te besluit oor wat werklike behoeftes is". Die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries het verder verduidelik: "Ek het saam met die vrou van die PUK en Luzanne gesit en praat en van onse kant gesê wat is onse behoefte hier by die kerk se nasorgsentrum". Die verteenwoordigers van Sand, See en Skulp en Mmabane Preschool het ook saam met die projekleiers en die huiskomiteelede gesels oor die behoeftes waaraan gedurende die nuwe termyn aandag gegee moet word. Die terugvoer oor die verteenwoordigers se deelname aan die besluite oor behoeftes word nie net deur die SJGD-lede bevestig nie, maar ook deur die verteenwoordigers. Die SJGD probeer om te verseker dat gedeelde betekenis tussen sy lede en die verteenwoordigers geskep word en indien dit wel gebeur, behoort albei partye ooreen te stem met die boodskappe wat oorgedra word en só 'n goeie kommunikasieverhouding bevorder.

Deur die deelnemer-waarnemernavorsing is bevind dat gedeelde betekenis tussen die SJGD-lede en die verteenwoordigers van die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte tydens die besluitneming van die behoeftebepaling voorkom. Dit was 'n gesamentlike besluit oor die behoeftes waaraan aandag gegee moet word. Hoewel die verteenwoordiger van Mmabane Preschool saam met SJGD-lede besluit het oor behoeftes, het sy meestal net op die fisiese behoeftes (byvoorbeeld die kombuis) gefokus. Die maatskaplike werkster (Kotzé) het gereeld (tydens die behoeftebepaling) aan haar duidelik gemaak dat die SJGD nie net kan fokus op fisiese behoeftes nie, maar dat die kinders se emosionele en psigiese behoeftes ook aandag behoort te kry. Hierdie insident is weereens 'n voorbeeld daarvan dat die konteks waarin kommunikasie voorkom 'n baie belangrike rol speel wanneer boodskappe tussen partye oorgedra word. Die SJGD se projekte verskil en daarom moet die SJGD in die toekoms seker maak dat gedeelde betekenis (oor verwagtinge of behoeftes waaraan aandag gegee moet word) tussen SJGD-lede en al die verteenwoordigers voorkom.

Uit die navorser se bevindinge (semigestruktureerde onderhoude asook terugvoer tydens die evalueringsonderhoud van die verteenwoordiger) word aangedui dat gedeelde betekenis, oor die behoeftes waaraan aandag gegee moet word, deur die verteenwoordigers van Sand, See en Skulp, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries ervaar is. Hoewel die verteenwoordiger van Mmabane Preschool deelgeneem het aan die behoeftebepaling, het sy nie saamgestem met al die behoeftes wat uitgewys is nie. Gedeelde betekenis kan

slegs geskep en gehandhaaf word deur doeltreffende tweerigtingkommunikasie wat tussen die SJGD en die verteenwoordigers moet geskied.

### 5.3.2 Luisterproses

Tydens dialoog moet daar eers geluister word, dan gepraat word en meer geluister word en minder gepraat word (Mody, 1991:44). Die navorser het tydens deelnemer-waarneming bevind dat die luisterproses vanaf SJGD se kant af redelik goed is by die vroeëkinderontwikkelingsprojekte, behalwe tussen Mmabane Preschool se verteenwoordiger en die HK-lid. Die navorser het waargeneem dat die verteenwoordiger en die student nie mekaar se boodskappe altyd mooi begryp het as gevolg van die taalkwessie dat die verteenwoordiger nie altyd mooi boodskappe verstaan nie. Die navorser het ook opgemerk dat SJGD se groot struktuur veroorsaak dat die luisterproses nie altyd effektief tydens vergaderings plaasvind nie. Wanneer boodskappe deur soveel kanale moet gaan, kom dit voor of die luisterproses vaag word en nie regtig meer belangrik is nie. Sommige studente doen ook dinge op hulle eie manier en maak hulle eie aannames oor take en neem nie verantwoordelikheid om byvoorbeeld na die UK-lede te luister nie. Die navorser het ook opgemerk dat niemand iets beklemtoon het oor die belangrikheid van die luisterproses nie. Dat daar meer geluister moet word na die verteenwoordigers nie. Die behoeftebepalingsproses is wel beklemtoon en die studente is ingelig dat hulle die verteenwoordigers moet vra watter behoeftes die verteenwoordigers dink aangespreek behoort te word.

Dokumente, soos byvoorbeeld die grondwet van die SR en SJGD, oordragverslae van projekleiers en die evalueringsvorm van SJGD dui nie samevattings aan dat SJGD-lede die luisterproses as belangrik moet ag en moet toepas tydens projekaksies nie. Hoewel die sosio-ekonomiese opleidingsgids aan ŉ paar konstrukte, soos byvoorbeeld deelname, aandag gee, verskaf hierdie gids nie inligting aan studente om die belangrikheid van die luisterproses en hoe om dit toe te pas nie.

Tydens die semigestruktureerde onderhoude het die navorser bevind dat die SJGD-lede en die verteenwoordigers betrokke by Sand, See en Skulp, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries probeer het om gedeelde betekenis onder mekaar te verkry deur te luister. Hierdie tipe luisterproses het nie tussen Mmabane Preschool se verteenwoordiger en die HK-lid plaasgevind nie. Die verteenwoordiger het gevoel dat die HK-lid nie na haar wou luister nie en die HK-lid het gesê dat die taal soms problematies was en dat die verteenwoordiger nie na háár ook wou luister nie. Die verteenwoordiger het ook verduidelik dat die kommunikasieproses (veral via telefoon) nie effektief was nie. Die luisterproses is belangrik tydens dialoog in die vorm van tweerigtingkommunikasie – die individue moet

mekaar ruimte gee om te praat en om te luister en in die geval van Mmabane preschool het dit nie plaasgevind nie.

### 5.3.3 Tweerigtingkommunikasie

Tufte en Mefalopulos (2009:13) verduidelik dat dialogiese kommunikasiebenaderings verwys na tweerigtingkommunikasie (wat plaasvind tussen twee of meer persone) waar die proses kennis en oplossings in gemeenskappe genereer in plaas van slegs inligting wat oorgedra word deur eenrigtingkommunikasie. Ontwikkelingskommunikasie wat tydens ontwikkelingsprojekte gebruik word, is ŉ proses wat tussen gemeenskapslede in die vorm van tweerigtingkommunikasie moet plaasvind.

Tydens die semigestruktureerde onderhoude is bepaal dat die kommunikasieproses hoofsaaklik tussen die verteenwoordiger van die projek en die huiskomiteelid of die projekleier plaasvind (Kotzé, 2011; Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a). Labuschagne (2011a) verduidelik: "SJGD (UK) probeer so min as moontlik inmeng tussen die skakelpersoon en die projekleier, alhoewel ons met die skakelpersoon kontak het tydens die evaluering". Volgens die maatskaplike werkster, Kotzé (2011), kan die SJGD se kommunikasienetwerk met die verteenwoordigers nie wyer aangewend word nie, aangesien goeie kommunikasie en reëlings reeds so doeltreffend moontlik toegepas word. In teenstelling met hierdie terugvoer verduidelik Kondos (2011) dat die kommunikasieproses tussen die SJGD en die verteenwoordigers nog "bietjie gebrekkig is", aangesien die lede van die uitvoerende komitee van die SJGD nie genoeg skakel met die verteenwoordigers nie.

Uit die onderhoude met die projekleier van Sand, See en Skulp, die huiskomiteelede van Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool en die verteenwoordigers van hierdie projekte, het die navorser bevind dat hulle oor die algemeen ŉ goeie kommunikasieverhouding gehad het. Die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries verwys spesifiek na tweerigtingkommunikasie en verduidelik: "ons het ŉ baie goeie verhouding en kommunikasie het van albei kante af gekom". Saunders (2011a) noem dat haar verhouding met albei die verteenwoordigers goed was, maar sy verduidelik dat dit nie noodwendig die geval is by al die SJGD-projekte nie. Die verhouding tussen die huiskomiteelid en die verteenwoordiger van Mmabane Preschool was nie so goed nie, aangesien "die taal tot ŉ groot mate die probleem van kommunikasie" was (Van Vuuren, 2011a). Hoewel Van Vuuren (2011a) verwys na die taalkwessie, het die verteenwoordiger van Mmabane Preschool verduidelik dat sy nie altyd, veral tydens telefoniese kommunikasie, dadelik terugvoer van die huiskomiteelid gekry het nie. Hier word weereens beklemtoon dat die konteks van kommunikasie ŉ belangrike invloed het op die boodskap wat oorgedra wil word tussen die SJGD en hierdie verteenwoordiger. Die navorser kom tot die gevolgtrekking

dat tweerigtingkommunikasie in sekere projekte ontbreek tussen die SJGD en die verteenwoordigers, aangesien projekte se inhoud en doelwitte verskil.

Die grondwet van die studenteraad verwys na tweerigtingkommunikasie tussen die studenteraadslede en die studentekorps sowel as die bestuurslede van die NWU-Pukke (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1-2). Die grondwet van die SJGD verwys na tweerigtingkommunikasie tussen die lede van die SJGD se uitvoerende komitee, adviesraadslede, konsultante, projekleiers, huiskomiteelede en akademiese studenteverenigings (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:2-20). Albei hierdie beleide of grondwette het geensins verwys na tweerigtingkommunikasie tussen SJGD-lede en die projekte se verteenwoordigers nie. Tweerigtingkommunikasie moet in hierdie dokumente beklemtoon word, aangesien doeltreffende dialoog vertroue tussen die verteenwoordigers en die NWU-studente of die SJGD verstewig, sodat die kommunikasieproses kan bydra tot volhoubare projekontwikkeling.

Die terugvoer op die vorm vir die evaluering van die verteenwoordiger beklemtoon dat die huiskomiteelede van Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool asook die projekleier van Sand, See en Skulp tweerigtingkommunikasie gehad het met die projekverteenwoordigers en dat dit, volgens die verteenwoordigers, ŉ goeie kommunikasieproses was. Drie van die projekte (Sand, See en Skulp, Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool) se SJGD-lede het gemeld dat reëlings veral vooraf met die verteenwoordigers getref was, hetsy persoonlik of telefonies. Die SJGD beklemtoon tans nog nie die ideaal van doeltreffende tweerigtingkommunikasie met al die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte nie. Tweerigtingkommunikasie tussen die SJGD en hierdie verteenwoordigers behoort goeie verhoudinge op te bou en gemeenskapslede te ondersteun sodat ware behoeftes aandag kan kry.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids dui aan dat SJGD-lede moet saamwerk met die verteenwoordigers van die projekte en dat die "luisterproses" ook baie belangrik is (Weyers & Herbst, 2010:19-20). Hierdie gids dui aan dat daar veral tydens evaluasie gebruik gemaak moet word van tweerigtingkommunikasie (Weyers & Herbst, 2010:61). Die opleidingsgids bied die nodige riglyne aan SJGD-lede om tweerigtingkommunikasie met die verteenwoordigers van hulle projekte te handhaaf, sodat ooreenstemming bestaan oor die behoeftes waaraan aandag gegee behoort te word en die projekaktiwiteite wat gedurende die termyn moet plaasvind.

Daar word herhaaldelik in die oordragsverslae van die huiskomiteelede, wat betrokke is by die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte van hierdie studie, beklemtoon dat die kommunikasie wedersyds was en dat hierdie betrokke SJGD-lede en verteenwoordigers ŉ

goeie kommunikasieverhouding gehad het (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12). Die navorser het egter bevind dat doeltreffende tweerigtingkommunikasie tussen die huiskomiteelid van Wanda Dameskoshuis en die verteenwoordiger van Mmabane Prechool nie plaasgevind het nie. Die verteenwoordiger het gevoel dat die HK-lid nie vir haar luister nie en dat sy nie terugvoer op haar SMS-boodskappe ontvang het nie. Sowel die artikulasie- as die luisterproses van dialoog was nie doeltreffend toegepas tussen die huiskomiteelid van Wanda Dameskoshuis en die verteenwoordiger van Mmabane Preschool nie (Van Vuuren, 2011b:1-23). Tydens gesprekke tussen die SJGD en die verteenwoordigers is sowel die luister- as die artikulasieproses belangrik om doeltreffende tweerigtingkommunikasie te handhaaf. Albei partye moet gewillig wees om werklik na mekaar te luister sodat gedeelde begrip geskep kan word.

Uit die vergaderingsnotules van die adviesraad en die uitvoerende komitee (2010-'11) wat ondersoek is, dui die bosberaad aan dat die SJGD die breë publiek oor hulle bedrywighede moet inlig en dat daar goeie kommunikasie met ander organisasies moet plaasvind (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:1-6). Hierdie vergaderingsnotules verwys egter nie na die belangrike tweerigtingkommunikasie wat tussen die SJGD en die verteenwoordigers moet plaasvind vir die gemeenskap se ontwikkeling nie. Die adviesraadvergadering op 27 Mei 2010 het aangedui dat verteenwoordigers van die SJGD meestal oningelig is en dit kan 'n goeie verhouding tussen die gemeenskap en die SJGD in die toekoms in gedrang bring (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010i:4). Die bosberaad toon aan dat interne en eksterne kommunikasie en swak verhoudinge met die verteenwoordigers tans as struikelblokke van die SJGD gesien word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:1-5). Hierdie notules dui aan dat daar in die toekoms nog baie aandag aan eksterne tweerigtingkommunikasie met die verteenwoordigers van die SJGD geskenk moet word. Tweerigtingkommunikasie moet tussen die SJGD en die verteenwoordigers aangemoedig word sodat hierdie partye kan saamwerk om op lang termyn gemeenskapsontwikkeling te kan bereik.

Die navorser as deelnemer-waarnemer bevind dat die SJGD veral tydens sy interne kommunikasieproses tydens vergaderings tweerigtingkommunikasie binne die SJGD handhaaf. Tydens besoeke aan die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte is egter waargeneem dat tweerigtingkommunikasie in sommige gevalle nie tussen die SJGD en hierdie verteenwoordigers voorgekom het nie. Die navorser het waargeneem dat goeie tweerigtingkommunikasie tussen die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp en die projekleier plaasgevind het, maar daar het weinig doeltreffende tweerigtingkommunikasie tussen hierdie verteenwoordiger en die lid van die SJGD se uitvoerende komitee (wat die Sand, See en Skulp-vakansie gereël het) voorgekom.

Die navorser het afgelei dat die lid van die uitvoerende komitee nie tydens aksies (voor die vakansie) met die verteenwoordiger gekommunikeer het nie en dat hierdie lid net 'n paar keer SMS-boodskappe na die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp gestuur het. Om slegs via SMS 'n boodskap oor te dra aan 'n verteenwoordiger verwys nie na doeltreffende tweerigtingkommunikasie nie. Hoewel die verteenwoordiger van die projek nie saam was gedurende die vakansie nie, het die lid van die uitvoerende komitee (tydens die vakansie) gereeld die verteenwoordiger op hoogte gehou van die leerlinge se welstand. Die projekleier van Sand, See en Skulp (wat gereeld met die verteenwoordiger en leerlinge geskakel het) was egter nie deel van besluitneming tydens hierdie vakansie nie, aangesien haar verpligtinge by die groep wat kos gemaak het, was.

Dit maak nie sin dat die projekleier gedurende die termyn aktief skakel met die leerlinge en die verteenwoordiger van haar projek, maar nie deelneem aan die besluitneming oor die vakansie nie. Dat daar 'n vertrouensverhouding tussen haar en die leerlinge bestaan, maar sy tydens die vakansie slegs betrokke was by die groep wat kos gemaak het en nie met die leerlinge in aanraking was nie, is problematies aangesien hierdie vertrouensverhouding nie tot voordeel van die leerlinge aangewend is nie. Hierdie projekleier is juis veronderstel om steeds met haar verteenwoordiger te skakel (tydens die vakansie) en haar verteenwoordiger op hoogte te hou van die leerlinge se welstand, aangesien sy en hierdie verteenwoordiger reeds 'n beter en langer vertrouensverhouding het as wat die lid van die uitvoerende komitee en die verteenwoordiger het. In die toekoms behoort dit beter te wees indien die projekleier en die lid van die uitvoerende komitee dan saam 'leiers' is tydens hierdie vakansie, sodat die leerlinge vertroud is met die projekleier en na haar sal luister. Die projekleier sal gedurende die vakansie bewus wees van die leerlinge se welstand en terugvoer aan haar verteenwoordiger kan verskaf.

Hoewel die huiskomiteelid betrokke by Jesus Loves You Ministries in haar onderhoud bevestig het dat die kommunikasie tussen haarself en die verteenwoordiger gedurende die SJGD-termyn van 2010-'11 doeltreffend was, het die navorser waargeneem dat kommunikasie aan die begin van die termyn eers baie moeilik was tussen hierdie twee partye. Die huiskomiteelid kon onder andere nie die verteenwoordiger bereik nie, omrede haar telefoonnommer verander het.

Tydens die navorser se waarneming by Mmabane Preschool het die navorser bevind dat daar kommunikasieprobleme tussen die huiskomiteelid en die verteenwoordiger was, aangesien die luisterproses deur al twee partye nie doeltreffend toegepas is nie. Die huiskomiteelid wou eers die erf koop voordat die kombuis gebou kon word, maar die boodskap is nie doeltreffend oorgedra aan die verteenwoordiger nie. Die verteenwoordiger

het gevoel dat die huiskomiteelid nie na haar luister nie en het daarom gefrustreerd geraak met die langdradige proses van fisiese verbetering vir Mmabane Preschool. Volgens Mefalopulos en Grenna (2004:27) is sowel luister as artikulasie tydens dialoog belangrik. Gemeenskapsontwikkeling kan nie ontstaan indien albei groepe (die SJGD en die verteenwoordigers) nie werklik na mekaar luister nie. Tweerigtingkommunikasie verg 'n dialoog tussen die SJGD en die verteenwoordigers waar hulle na mekaar luister om mekaar te verstaan sodat ontwikkeling kan plaasvind.

Tweerigtingkommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte behoort nog baie aandag te geniet, maar hierdie proses is moeilik aangesien projekte se inhoud verskil en die persoonlikhede van die huiskomiteelede of die projekleiers (wat met verteenwoordigers moet kommunikeer) verskil. Tweerigtingkommunikasie bied die geleentheid tot kommunikasie tussen beide partye. Die standpunte en insette van sowel die SJGD as die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte is ewe belangrik. In die geval van Mmabane Preschool behoort die SJGD nog baie aandag te gee aan hierdie tweerigtingkommunikasie, om respek vir mekaar te bevorder. Die huiskomiteelid betrokke by Veilige Nessie-kleuterskool het geen probleme met al twee haar verteenwoordigers gehad nie, aangesien daar wedersydse respek gehandhaaf was en haar verteenwoordigers was gereeld ingelig deur interpersoonlike gesprekke. Interpersoonlike kommunikasie sal vervolgens bespreek word.

### 5.3.4 Interpersoonlike kommunikasie

Doeltreffende interpersoonlike kommunikasie is belangrik sodat betekenisse van woorde en boodskappe tussen individue gestruktureer en herformuleer kan word (Rahim, 1994:121). Interpersoonlike kommunikasie vind plaas tussen twee of meer individue in die vorm van dialoog. Die grondwet van die studenteraad verwys slegs na die interpersoonlike kommunikasieproses wat tydens vergaderings en funksies tussen studenteraadslede en personeellede van die NWU-Pukke plaasvind (Noordwes-Universiteit: Studenteraad, 2010a:1-28). Die grondwet van die SJGD toon aan dat interpersoonlike kommunikasie tussen SJGD-lede — byvoorbeeld die uitvoerende komitee, huiskomiteelede, projekleiers, konsultante, akademiese studenteverenigings en die adviesraadslede — tydens formele (vergaderings) en informele geleenthede (aksies) plaasvind (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:2-20). Hierdie twee grondwette verwys geensins na interpersoonlike kommunikasie met die verteenwoordigers van die projekte van die SJGD nie. Hierdie dokumente is veronderstel om studente aan te moedig om interpersoonlike kommunikasie tussen hulle (of dan die SJGD) en die gemeenskapslede (verteenwoordigers) toe te pas aangesien

interpersoonlike kommunikasie kan bydra tot die skep van vertrouensverhoudinge, asook tot die volhoubaarheid van die SJGD-programme.

Uit die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon blyk dit dat die projekverteenwoordigers van Sand, See en Skulp, Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool goeie interpersoonlike kommunikasie met die betrokke SJGD-lid gehad het. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool was egter nie tevrede met die kommunikasieproses tussen haar en die huiskomiteelid nie, aangesien daar baie kommunikasieprobleme aan die begin van die termyn opgeduik het. Indien hierdie huiskomiteelid meer interpersoonlike kommunikasie met die verteenwoordiger gehad het, sou verskeie kommunikasieprobleme en misverstande moontlik voorkom en oorkom kon word.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids dui aan dat SJGD-lede "warm en persoonlik" moet wees tydens hulle optrede met die verteenwoordigers van die verskeie projekte van die SJGD (Weyers & Herbst, 2010:20). Die SJGD word aangemoedig om interpersoonlike kommunikasie met die projekverteenwoordigers toe te pas.

In die oordragsverslag van die huiskomiteelid van Huis Republiek Dameskoshuis word gereeld aangedui dat daar doeltreffende interpersoonlike kommunikasie tussen haar en die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries plaasgevind het (Van der Merwe, 2011b:1-12). Dit word veronderstel uit die oordragsverslae van die huiskomiteelid wat betrokke is by Veilige Nessie-kleuterskool en die projekleier van Sand, See en Skulp, dat goeie interpersoonlike kommunikasie met die verteenwoordigers plaasgevind het (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10). Die navorser het afgelei dat doeltreffende interpersoonlike kommunikasie tussen die huiskomiteelid van Wanda Dameskoshuis en die verteenwoordiger van Mmabane Preschool ontbreek het, as gevolg van die taalverskil en 'n swak luisterproses (Van Vuuren, 2011b:1-23). Die SJGD wend tans nie genoeg pogings aan om seker te maak dat interpersoonlike kommunikasie tussen al die verteenwoordigers en projekleiers of huiskomiteelede geskied nie. Sonder interpersoonlike kommunikasie kan misverstande voorkom en kan gebrekkige kommunikasie dus ontstaan.

Die vergaderingsnotules (2010/2011) van die adviesraad en uitvoerende komitee wat ondersoek is, beklemtoon veral dat interpersoonlike kommunikasie binne die SJGD tydens aksies, funksies en vergaderings plaasvind. Die notule van die bosberaad wat bestudeer is, maak die SJGD se eksterne interpersoonlike kommunikasieproses met die verteenwoordigers duidelik en dui aan dat behoeftes wat deur SJGD-lede uitgewys word met die verteenwoordigers bespreek behoort te word, maar hierdie notule dui nie aan *hoe* dit gedoen moet word nie (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:1-5). Interpersoonlike

kommunikasie is nie net belangrik tydens behoeftebepaling nie, maar indien dit deur die algehele ontwikkeling aangewend word behoort die SJGD en die verteenwoordigers mekaar te verstaan en wedersydse respek teenoor mekaar toon.

Soos reeds genoem, blyk uit die terugvoer van die semigestruktureerde onderhoude dat die kommunikasieproses hoofsaaklik tussen die verteenwoordiger van die projek en die huiskomiteelid of die projekleier plaasvind (Kotzé, 2011; Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a). Volgens Herbst (2011) is daar verskeie kommunikasiegeleenthede wat SJGD-lede met die verteenwoordigers het. Die skakeltoer aan die begin van die jaar met die eerstejaarstudente, stel studente bekend aan die verteenwoordiger by elke projek en die huiskomiteelede het ook interaksie met die verteenwoordigers van hulle projekte tydens die ete vir skakelpersone wat jaarliks gehou word (Herbst, 2011). Van Vuuren (2011a) verduidelik dat sy "persoonlik" en telefonies met haar verteenwoordiger geskakel het. Hierteenoor verduidelik die verteenwoordiger van Mmabane Preschool dat die kommunikasie soms so swak was dat niemand haar ná die aksie persoonlik kom groet het nie. "Ek het hulle net sien wegry in die karre na die aksie". Die konteks van die genoemde kommunikasie verskil volgens die huiskomiteelid en hierdie verteenwoordiger. Indien interpersoonlike kommunikasie doeltreffend plaasgevind het, sou hierdie kommunikasieprobleme moontlik vermy kon word. Saunders (2011a) verduidelik hierteenoor: "Ek het interpersoonlike en telefoniese kontak op 'n gereelde basis met my skakelpersoon gehad". Van der Merwe (2011a) redeneer dat haar verteenwoordiger by die meeste aksies betrokke was waar sy "self met haar gekommunikeer" het.

Die navorser as deelnemer-waarnemer het bevind dat die uitvoerende komitee van die SJGD, tydens die skakeltoere (aan die begin van die termyn) en tydens die evaluerings-onderhoud van die skakelpersoon (aan die einde van die termyn), deur middel van interpersoonlike kommunikasie met die verteenwoordigers van die vier vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte gekommunikeer het. In teenstelling met die terugvoer van die semigestruktureerde onderhoude was daar geen ete vir skakelpersone gedurende die termyn van 2010-'11 nie. Die adviesraadslid van die SJGD en maatskaplike werkster (Kotzé) het wel interpersoonlik gekommunikeer met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte tydens behoeftebepaling.

Die navorser het ook waargeneem dat die konsultant, Deon Kondos, tydens sy besoeke interpersoonlike gesprekke met die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries gevoer het. Die huiskomiteelede betrokke by Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries, asook die projekleier van Sand, See en Skulp, het gereeld tydens die aksies en behoeftebepaling gebruik gemaak van interpersoonlike kommunikasie met die

verteenwoordigers. Hierdie SJGD-lede het tydens die aksies persoonlike gesprekke met die verteenwoordigers aangeknoop om reëlings deur te gee en terugvoer van hierdie aksies te bespreek. Die navorser het bevind dat interpersoonlike kommunikasie tussen die verteenwoordiger van Mmabane Preschool en die huiskomiteelid plaasgevind het, maar dat misverstande tog voorgekom het. Daar is waargeneem dat die taalverskil grootliks die oorsaak van misverstande tussen die huiskomiteelid en die verteenwoordiger was.

### 5.3.5 Gevolgtrekking: Dialoog

Dialoog, in die vorm van tweerigting- sowel as interpersoonlike kommunikasie, is die proses waar gedeelde betekenis geskep word tussen die SJGD en die verteenwoordigers. Gedeelde betekenis as konstruk het plaasgevind tussen die SJGD en die verteenwoordigers van Sand, See en Skulp, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries. Hierdie verteenwoordigers het saam met die SJGD besluit oor die behoeftes vir die termyn van 2010-'11 en uit die terugvoer tydens die onderhoude het die drie verteenwoordigers aangedui dat die SJGD hulle gerespekteer het. Hoewel die verteenwoordiger van Mmabane Preschool betrokke was by die behoeftebepaling, het sy nie altyd saamgestem met die behoeftes wat as die belangrikste vir haar projek geïdentifiseer is nie en word afgelei dat gedeelde betekenis nie in hierdie geval geskep is nie. Aangesien slegs die SJGD die beplanning toepas, kon die verteenwoordigers nie insette lewer nie. Gedeelde betekenis het daarom nie tydens die beplanning plaasgevind nie.

Tydens die studie het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat daar in sommige gevalle aan tweerigting- en interpersoonlike kommunikasie voldoen word, maar nie altyd in alle gevalle nie. Die verteenwoordigers van Sand, See en Skulp, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries het gemeld dat hulle en die SJGD (projekleier en huiskomiteelede) goeie kommunikasie gedurende aksies van projekte gehad het en dat die SJGD hulle met respek behandel het. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool was egter ontevrede met die kommunikasieproses tussen haar en die SJGD. Die huiskomiteelid het, volgens haar, nie dadelik terugvoer gegee op haar vrae tydens telefoniese kommunikasie nie en die huiskomiteelid het ook beloftes gemaak en dit nie nagekom nie. Daar was gevolglik nie wedersydse respek tussen dié twee partye nie. Die SJGD staar nog talle uitdagings in die gesig met dialoog, aangesien dialoog van albei partye af moet aangewend word sodat wedersydse respek gehandhaaf kan word. Die SJGD moet ook die grondwet asook die vraelys vir die evaluering van die skakelpersoon hersien ten einde die die noodsaaklikheid van dialoog te beklemtoon en student toe te rus om dit te kan fasiliteer. Gedeelde betekenis en tweerigtingkommunikasie moet tussen die verteenwoordigers en die

SJGD-lede tydens projekaksies toegepas word om deelnemende kommunikasie te kan verky.

Dit is belangrik dat die SJGD sensitief te werk gaan wanneer met die verteenwoordigers gekommunikeer word, aangesien die taal, kultuur en die agtergrond van lede van die gemeenskap ŉ baie belangrike rol speel in die toepassing van doeltreffende dialoog. Die konteks van kommunikasie, bewustheid van die kultuur van sosiale groepe, die kommunikeerder se persepsies van die wêreld, en so meer het ŉ uitwerking en ŉ invloed op die waarde en betekenis van boodskappe wat oorgedra word (Rahim, 1994:121). Dit is daarom belangrik om te begryp dat mense uniek is en dat mense se ervaring, geloof, waardes en taal ŉ uitwerking het op die manier hoe hulle met ander mense in die gemeenskap kommunikeer asook hoe hulle kommunikasie interpreteer. Die bevindinge van die konstrukte van kulturele sensitiwiteit word in die volgende afdeling bespreek.

## 5.4 KULTURELE SENSITIWITEIT

Die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie lê klem op die unieke kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe (Ayee, 1993:46; Servaes, 1995:45). Kultuur speel ŉ belangrike rol in die deelnemende kommunikasieproses, aangesien interkulturele kommunikasie net doeltreffend kan wees as individue mekaar verstaan en respekteer. Begrip vir die diversiteit van die gemeenskap vorm die konstruk vir kulturele sensitiwiteit. Die bevindinge van hierdie konstruk waaruit *kulturele sensitiwiteit* bestaan word hierna bespreek.

### 5.4.1 Begrip vir die diversiteit van die gemeenskap

Kultuur weerspieël hoe mense die wêreld sien en waarom mense op ŉ sekere manier tydens sekere situasies reageer (Quappe & Cantatore, 2007:1). Dit is daarom belangrik om begrip te hê dat mense uniek is en dat mense se ervaring, geloof, waardes en taal ŉ invloed het op die manier hoe hulle met ander mense kommunikeer asook hoe hulle kommunikasiesituasies en boodskappe ervaar. ŉ Kultuur van ŉ gemeenskap kan verstaan word deur die aanwending van kennis en deur verhoudinge só te versterk dat gemeenskapslede die organisasie vertrou en verstaan (Simmons, 2008:12). Aangesien die deelnemende benadering sterk klem lê op die rol van kultuur in ontwikkelingskommunikasie, beteken die rol van kommunikasie in dié benadering dat identiteit, waardes en ervaringe van mense verstaan, erken en in ag geneem moet word (Ayee, 1993:49).

Die navorser as deelnemer-waarnemer het die sosio-ekonomiese opleidingsessies bygewoon en het tot die gevolgtrekking gekom dat gereeld beklemtoon word dat enige

SJGD-lid die lede van die gemeenskap met respek moet behandel, aangesien die studente se taal en kultuur nie noodwendig dieselfde is as hierdie lede van die gemeenskap nie.

Tydens die behoeftebepaling en die projekbesoeke het die navorser waargeneem dat die betrokke SJGD-lede die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte met respek behandel het tydens gesprekke met hierdie verteenwoordigers, asook tydens die aktiwiteite met die kinders. Die projekleier van Sand, See en Skulp was deur middel van die verteenwoordiger bewus daarvan dat die leerlinge uit moeilike huislike omstandighede kom en indien sy gesukkel het om die leerlinge te beheer tydens die aksies, het sy die verteenwoordiger in kennis gestel van die situasie. Die huiskomiteelid betrokke by Veilige Nessie-kleuterskool was bewus dat die kinders Afrikaans "op hulle manier" praat, soos byvoorbeeld 'glas' wat as 'glase' uitgespreek word. Hierdie huiskomiteelid het dit onder haar komiteelede se aandag gebring dat dit die aanvaarbare taalgebruik in die gemeenskap is en dat hulle nie die kinders daaroor moet aanspreek nie. Die huiskomiteelid betrokke by Mmabane Preschool het tydens die meeste aksies gebruik gemaak van 'n komiteelid wat Setswana kon praat. Dit het die kinders op hulle gemak laat voel en hulle kon die aktiwiteite verstaan. Na afloop van verskeie gesprekke met die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries was die huiskomiteelid bewus daarvan dat die kinders uit minderbevoorregte omstandighede kom. Hierdie huiskomiteelid het daarom haar programme vir die termyn aangepas om op toepaslike aspekte te fokus, soos byvoorbeeld kinderregte.

Die inagneming van kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe is baie belangrik vir die deelnemende kommunikasieproses (Ayee, 1993:46; Servaes, 1995:45). SJGD-lede behoort die diverse gemeenskap waarmee hulle werk beter te verstaan indien hulle tydens hulle dialoogvoering 'n deelnemende kommunikasieproses handhaaf. Hierdie proses kan dan ook die verteenwoordigers in staat stel om gedurende die algehele ontwikkeling by die projekte betrokke te wees.

Tydens die bestudering van die grondwet van die studenteraad het die navorser geen inligting verkry wat bepaal dat die studenteraad, of dan die SJGD, begrip vir sy betrokke gemeenskap moet hê nie. Die grondwet van die SJGD dui slegs aan dat die SJGD-lede altyd in belang van die betrokke projekte moet optree (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:20). Hoewel hierdie grondwet aanhaal dat die SJGD in belang van die ontwikkelingsprojekte moet optree, versuim hierdie dokument om aan te dui dat die SJGD in belang van die gemeenskapslede en die verteenwoordigers ook moet optree. Dié grondwette van die studenteraad en die SJGD moet nie net reëls en verpligtinge van studente aandui nie, maar hierdie pligte moet ook beklemtoon dat die gemeenskappe waarmee die studente werk, in ag geneem moet word. Studente kan deur middel van hierdie

dokumente riglyne gebied word om kultuursensitief te wees wanneer hulle met gemeenskapslede of verteenwoordigers van die SJGD se projekte moet kommunikeer en werk.

Die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon sluit geen vrae in aangaande kulturele sensitiwiteit teenoor die verteenwoordiger, die kinders en die gemeenskap van die betrokke SJGD-projekte nie (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011b:1-2). Aangsien die vrae redelik 'oop' was, kon die projekverteenwoordiger gemotiveer het indien sy ŉ probleem ervaar het met SJGD-lede se begrip van en deernis vir hulle gemeenskappe, maar dit is nie spesifiek beklemtoon nie. Indien die SJGD seker maak dat die SJGD-lede kultureelsensitief te werk gaan tydens projekbesoeke, kan wedersydse respek tussen die verteenwoordigers en die SJGD verbeter word. Die sosio-ekonomiese opleidingsgids wat ondersoek is, dui aan dat gemeenskappe se kultuur (wat as sterkpunte vir projekte gesien word) soms misgekyk word (Weyers & Herbst, 2010:12), maar dui nie aan hoe dit binne ontwikkelingsprojekte benader moet word nie. Volgens Ayee (1993:46) kan geen verandering in enige gemeenskap plaasvind sonder dat kulturele, tradisionele en wêreldbeskouinge in aanmerking geneem word nie. Hierdie opleidingsgids dui verder aan dat SJGD-lede op gelyke voet en met menswaardigheid teenoor gemeenskappe moet optree, sodat wedersydse kennis en begrip oor hulle kultuur, geloof en denke verkry kan word (Weyers & Herbst, 2010:21). SJGD-lede moet ook sensitief optree teenoor donateurs en behoort respek en bemoeienis met alle gemeenskapslede te hê (Weyers & Herbst, 2010:20-21). Die sosio-ekonomiese opleidingsgids bevat ŉ baie basiese "Setswana taalvaardigheidsgids" (2010) om huiskomiteelede en projekleiers toe te rus met die basiese taalvaardighede wat lede kan help tydens projekbesoeke.

Die SJGD beveel aan dat sy lede kultuursensitief te werk gaan met die verteenwoordigers van hulle projekte, maar hierdie gids dui nie aan hoe hulle dit kan regkry nie. Die SJGD se dokumente beskryf nie breedvoerig hoe wedersydse respek in die gemeenskappe waar hulle werk, gehandhaaf kan word nie. Dit is noodsaaklik dat die SJGD sy lede oplei om kultuursensitief te wees teenoor die betrokke gemeenskap wat hulle ondersteun. Hulpbronne word dan nie onnodig aangewend in gemeenskappe nie en produktiewe sowel as positiewe uitkomste tot ontwikkeling vir kulturele selfbestuur kan bereik word (Simmons, 2008:3).

Hierteenoor word daar nêrens in die oordragsverslae van die huiskomiteelede of die projekleier wat betrokke is by enige van die projekte melding gemaak van kulturele sensitiwiteit nie (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23). Begrip vir die gemeenskap se diversiteit word nêrens weerspieël

in hierdie verslae nie. Hoewel die SJGD in die opleidingsgids aandui dat dit belangrik is om begrip te hê vir die gemeenskap, dui projekleiers en huiskomiteelede nie in hulle verslae aan dat hierdie beginsel tot deelnemende kommunikasie tydens hulle betrokke termyn toegepas is nie. Die SJGD behoort begrip te hê vir die gemeenskapslede en die verteenwoordigers se kultuur, sodat wedersydse vertrouensverhoudinge gebou kan word en SJGD-lede behoort hiervan bewus gemaak te word.

Die vergaderingsnotules van sowel die adviesraad as die uitvoerende komitee van die SJGD se termyn van 2010-'11, verwys na die Setswana-opleiding wat belangrik is vir huiskomiteelede en projekleiers, aangesien taal soms 'n probleem is by projekte. Hierdie notules verwys nie direk daarna dat dit belangrik is dat SJGD-lede begrip vir gemeenskappe moet hê nie (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011g:4; Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:8). Dit is goed dat hierdie notules aandui dat die Setswana-opleiding belangrik is, maar hierdie opleiding sowel as die gids is nie genoeg om die taal te kan aanleer nie. Hierdie opleidingsessies is ook opsioneel en daar word nie genoeg tydens vergaderings beklemtoon watter aanwins hierdie sessies en opleiding vir die lede kan wees nie. As SJGD-lede die verteenwoordigers se taal probeer verstaan en pogings aanwend om dit tydens aksies van projekte te gebruik, skep dit reeds by die verteenwoordigers dat hulle deur die SJGD-lede gerespekteer word.

In die semigestruktureerde onderhoude meld Van Vuuren (2011c) dat die kultuur en taal van die gemeenskap 'n belangrike rol speel by die ontwikkeling van die projekte, aangesien dit deel vorm van die kinders se agtergrond. Sonder inagneming van gemeenskappe se agtergrond kan die projekte nie doeltreffend funksioneer nie. Projekte kan nie doeltreffend funksioneer indien die SJGD self projekte probeer bestuur nie. Die SJGD moet bewus wees van gemeenskappe se kultuur, sodat wedersydse respek tussen albei partye gehandhaaf word om gemeenskapsontwikkeling teweeg te bring. Die terugvoer vanaf die SJGD-lede en die verteenwoordigers tydens die semigestruktureerde onderhoude toon aan dat kultuursensitiwiteit 'n basiese beginsel in die SJGD is. Daarom word in die algemeen aanvaar dat SJGD-lede sensitief te werk moet gaan met die gemeenskap waarmee hulle werk (Kotzé, 2011; Labuschagne, 2011a).

Stidworthy (2011a) en Kondos (2011) redeneer dat huiskomiteelede en projekleiers gereeld herinner word dat gemeenskappe uniek en divers is, hetsy deur die opleiding of die aanbevelings van die konsultante oor sekere kultuursensitiewe kwessies tydens projekbesoeke. Stidworthy (2011a; 2011b) dui aan dat die SJGD begrip het vir sy gemeenskappe, aangesien die gemeenskapslede (verteenwoordigers by projekte) saam met 'n gekwalifiseerde maatskaplike werkster betrek word tydens behoeftebepaling. Die SJGD

behoort egter tydens al die verskeie prosesse in die ontwikkeling begrip te kry vir die gemeenskap waarmee gewerk word en nie net tydens die behoeftebepaling nie. Stidworthy (2011a) redeneer soos volg: "ons wil mense betrek by die proses, dat hulle nie naderhand voel 'ek kan myself nie help nie' ". Herbst (2011) verduidelik dat die behoeftebepaling SJGD-lede bewus moet maak van kultuurverskille. Volgens die twee adviesraadslede, Kotzé (2011) en Herbst (2011), bied die SJGD ŉ opleidingskursus aan voor elke termyn om SJGD-lede daarop attent te maak om tydens hulle projekbesoeke kultuursensitief met die verteenwoordigers te werk te gaan.

Kondos (2011) verduidelik dat taalverskille een van die grootste probleme van die SJGD is. Herbst (2011) en Labuschagne (2011a), voorsitter van die adviesraad en lid van die uitvoerende komitee, verduidelik dat die Setswanakursus geleentheid aan SJGD-lede bied om basiese taalvaardighede aan te leer en dat hierdie vaardighede gebruik kan word tydens die projekbesoeke. Van Vuuren (2011a) beklemtoon hierteenoor dat die opleidingsessie en die Setswanataalvaardigheidsgids nie voldoende is nie, aangesien die SJGD-lede steeds nie die taal kan praat na afloop van die opleiding nie. Van Vuuren (2011a) dui aan dat sy gereeld gebruik gemaak het van ŉ tolk en dat sy vooraf by haar verteenwoordiger uitgevind het van die 'geloofsaspek' in konteks van die kinders se kultuur, byvoorbeeld of hulle vir die kinders mag bid voordat middagete bedien word.

Saunders (2011a) verduidelik dat sy, indien die verteenwoordiger haar opinie oor iets wou vra, graag gehelp het, maar dat sy steeds toegesien het dat die verteenwoordiger van Veilige Nessie-kleuterskool besluite op haar eie kon neem. Hierdie huiskomiteelid het byvoorbeeld nie ingemeng met die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV) se kurrikulum nie. Indien die verteenwoordiger hulp nodig gehad het om ŉ sekere program aan te bied, het Saunders verskeie opsies aan die verteenwoordiger gegee sodat sy self kan besluit hoe om hierdie lesse doeltreffend aan te bied. Kondos (2011) meld dat kultuursensitiwiteit nie noodwendig by al die SJGD se projekte gesien word nie. Naudé (2011a) was nie heeltemal bewus van die kultuur en agtergrond van die leerlinge van Sand, See en Skulp nie, aangesien hulle nie dieselfde kultuur as die verteenwoordiger het nie en dit ook tussen die leerlinge verskil. Van der Merwe (2011a) bevestig: "Ek het geen poging aangewend om die kultuur en taal beter te verstaan nie, aangesien my skakelpersoon goed Afrikaans kan praat en sy het hoofsaaklik met die kinders geskakel". Volgens Van der Merwe (2011a) is sy bewus daarvan dat die kinders divers is (ten opsigte van tradisies en agtergrond), maar die meeste kon tydens haar aksies Afrikaans verstaan.

Hoewel die genoemde terugvoer nie noodwendig positief van aard is nie, het die verteenwoordigers van hierdie studie se vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte positiewe

terugvoer gegee oor die SJGD se begrip vir hulle gemeenskap en diverse kultuur. "Ons gaan nog steeds net so aan met die dinge wat ons mense ken, SJGD was nie teen ons kultuur nie" (Mmabane Preschool); "Karlien se dames was glad nie indringerig nie" (Veilige Nessie-kleuterskool); "Die goed waarmee SJGD ons kinders mee help, is ŉ aanwins vir hulle en dit is nie ŉ bedreiging vir hulle kultuur nie" (Sand, See en Skulp) en "Daar was, hoe kan mens sê, wedersydse respek en geen afgedwingde goeters en bedreigings teenoor onse gemeenskap se kultuur nie" (Jesus Loves You Ministries). Uit hierdie stellings van die verteenwoordigers kan afgelei word dat die SJGD probeer om kultureelsensitief te wees teenoor die lede van die gemeenskap en dat dit so deur die verteenwoordigers ervaar is.

Kulturele sensitiwiteit – deur begrip vir kulture te hê – bevorder ŉ deelnemende kommunikasiebenadering tot ŉ gemeenskap se ontwikkeling en doen weg met verouderde beginsels van modernisme.

### 5.4.2 Gevolgtrekking: Kulturele sensitiwiteit

Die inagneming van die unieke kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe is belangrik vir enige pogings tot volhoubare ontwikkeling. Volgens die verteenwoordigers van die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte respekteer die SJGD hul eie, die kinders en die betrokke gemeenskap se diverse kultuur, aangesien die SJGD kultuursensitief te werk gaan met die programme wat aangebied word tydens die projekbesoeke. Die navorser het hierteenoor bevind dat, hoewel die verteenwoordigers positiewe terugvoer gegee het oor die respek wat die SJGD vir hulle het, die SJGD in die toekoms moet probeer om voor elke termyn meer ingelig te wees oor die kultuur van die gemeenskappe waarmee hulle werk. Die evalueringsonderhoude met die verteenwoordigers het ook nie vrae ingesluit oor die SJGD se pogings tot kulturele sensitiwiteit nie. Die SJGD moet daarom aanpassings maak op die vraelys wat tydens die evalueringsonderhoud van die skakelpersoon aan verteenwoordigers gevra word om sodoende seker te maak dat die SJGD begrip het vir sy gemeenskap en in ag neem dat hierdie individue uniek en divers is.

Om deernis met gemeenskappe te hê, is nie die enigste konstruk om deelnemende kommunikasie te bevorder nie. Dit is belangrik dat die SJGD sy vroeëkinderontwikkelingsprojekte ondersteun om bemagtig te word om op hulle eie te kan funksioneer. Die resultate van hierdie konstrukte word vervolgens bespreek.

## 5.5 BEMAGTIGING TOT SELFONDERHOUDING

Deelnemende kommunikasie vorm die basis van ŉ gemeenskap se bemagtiging (Thomas, 1994:49). Sowel Servaes (1995:43) as Ayee (1993:47) beskryf bemagtiging as ŉ

selfonderhoudende optrede waar elke gemeenskap op sy eie bestaande hulpbronne en energie staatmaak uit die gemeenskap se natuurlike sowel as kulturele omgewing. Lede van die gemeenskap moet dus bemagtig word om hulle eie situasie te bestuur en te beheer. Die konstrukte van *bemagtiging tot selfonderhouding* verwys na die gebruik en respektering van inheemse kennis en dat gemeenskappe moet staat maak op hulle eie hulpbronne, sodat hulle op lang termyn selfonderhoudend kan wees.

### 5.5.1 Inheemse kennis

Bemagtiging vind plaas wanneer die individu die inheemse kennis wat beskikbaar is in sy of haar alledaagse aktiwiteite toepas. Daar word nie in die grondwette van die studenteraad en van die SJGD aangetoon dat gemeenskappe se inheemse kennis belangrik is vir SJGD-projekte nie.

Die vrae op die vorm vir die evaluering van die verteenwoordiger verwys ook nie na die inheemse kennis van gemeenskapslede wat gebruik behoort te word by die ontwikkeling van die projek nie. Die sosio-ekonomiese opleidingsgids dui wel aan dat inheemse kennis tydens aksies van projekte aangewend behoort te word, deur gemeenskapslede se wêreldkennis, hulle kultuur en hulle kennis om hulpbronne te kan gebruik en aan te wend tydens projekontwikkeling (Weyers & Herbst, 2010:12). Hoewel die belangrikheid van inheemse kennis in die sosio-ekonomiese opleidingsgids aangedui word, beklemtoon hierdie gids nie *hoe* die huiskomiteelid of die projekleier moet sorg dat dit aangewend word in hulle programme nie. Die SJGD kan nie beoog om gemeenskapslede of verteenwoordigers te bemagtig en daar word nie riglyne beskikbaar gestel aan die projekleiers of die huiskomiteelede hoe om dit te doen nie.

Die oordragsverslae van die vier SJGD-lede wat betrokke is by hierdie studie dui nêrens aan dat inheemse kennis van die gemeenskap belangrik is of dat dit beklemtoon is tydens die projekontwikkeling nie (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23).

Die navorser het vergaderingsnotules (2010-'11) van die adviesraad en van die uitvoerende komitee bestudeer, maar kon geen inligting vind oor die gebruik van bestaande en inheemse kennis van die gemeenskap tydens die aksies van projekte van die SJGD nie. Daar word in die genoemde dokumente (behalwe die opleidingsgids) geen melding gemaak van die belangrike konstruk, inheemse kennis, wat tydens projekte 'n belangrike rol in ontwikkeling van die gemeenskap kan speel nie. Bemagtiging tot ontwikkeling vind slegs plaas wanneer SJGD-lede al die inheemse kennis wat bekom is vanaf die verteenwoordigers (tydens dialoogvoering en deelname) insluit in hulle alledaagse aktiwiteite en handelinge om

ontwikkeling aan te spoor en te ondersteun. Deelnemende ontwikkeling sorg dat gemeenskappe bemagtig word om hulself te help en om optredes aangaande ontwikkelingswerk volhoubaar voort te sit (Anon., 2009:1).

Tydens die semigestruktureerde onderhoude het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat daar weinig na die inheemse kennis van die gemeenskap, wat tydens projekte gebruik behoort te word, verwys word. Naudé (2011a) reken dat sy inheemse kennis aangewend het by die projek Sand, See en Skulp , aangesien sy saam met haar komitee, lede van die NWU-Pukke, eksterne skakels soos die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), die leerlinge en ook met hulle ouers geskakel het. Hoewel die huiskomiteelid die genoemde beklemtoon het, is hierdie nie ŉ voorbeeld van inheemse kennis wat toegepas word tydens die projek nie. Inheemse kennis kom uit die gemeenskap self en word deur gemeenskapslede of verteenwoordigers tydens aksies aangewend.

Die sosio-ekonomiese opleidingsessies dui aan dat huiskomiteelede en projekleiers gebruik moet maak van die inheemse kennis wat lede van die gemeenskap tydens projekontwikkeling kan bied. Hoewel die SJGD dit tydens hierdie sessies uitgelig het, maak die SJGD nog te min van inheemse kennis tydens aksies van hulle projekte gebruik. Die navorser het opgemerk dat inheemse kennis gebruik word tydens projekte soos byvoorbeeld Veilige Nessie-kleuterskool waar die SJGD voortgegaan het om die liedjies wat hulle onderwyseresse vir hulle geleer het, saam met die kinders te sing. Die huiskomiteelid betrokke by Mmabane Preschool het byvoorbeeld die kinders bewus gemaak van wat wilde diere is, aangesien die kinders die *Big Five*-liedjie gereeld gesing het (wat deur hulle eie verteenwoordiger aan hulle geleer is). Hierdie huiskomiteelid het ook lede van die gemeenskap betrek tydens die verbetering van die fondasie van die kleuterskool se kombuis. Hierdie genoemde voorbeelde van inheemse kennis wat gebruik word vir projekontwikkeling is tans nie voldoende vir die gemeenskappe se bemagtiging nie.

Uit die genoemde bevindinge word beklemtoon dat die SJGD weinig aandag gee aan die konstruk van inheemse kennis by al hulle vroeëkinderontwikkelingsprojekte. Die SJGD moet in die toekoms seker maak dat alle huiskomiteelede en projekleiers gebruik maak van die inheemse kennis van die lede van die gemeenskap tydens projekontwikkeling. Die verteenwoordigers moet daarom in alle aspekte aktief betrokke wees tydens ontwikkeling en bestaande hulpbronne van die gemeenskap moet by die projek en tydens die toepassing gebruik word. Hierdie bevindinge word vervolgens bespreek.

### 5.5.2 Maak staat op bestaande hulpbronne

Die gemeenskap van die SJGD is veronderstel om selfonderhoudend te wees deur staat te maak op hulle eie beskikbare hulpbronne. Energie (gemotiveerde individue uit die gemeenskap wat ten gunste is van verandering) uit hulle eie gemeenskap moet gebruik kan word vir hulle ontwikkeling (Servaes, 1995:43; Ayee, 1993:47). Hierdie stelling word nie ondersteun deur die grondwette van die studenteraad en van die SJGD nie. Daar word nêrens in hierdie dokumente uitgewys dat die SJGD se betrokke gemeenskappe moet staatmaak op hulle eie beskikbare hulpbronne vir selfonderhouding nie.

Die vrae op die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon, asook terugvoer op hierdie vrae, het nie aangedui of die verteenwoordigers gebruik gemaak het van hulle eie bestaande hulpbronne tydens aksies van projekte nie. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool het gemeld dat die kleuterskool nog baie fisiese hulpbronne kortkom, veral 'n kombuis. Hierdie vorm behoort in die toekoms drasties aangepas te word, aangesien vrae tans net op die SJGD se betrokkenheid gerig is maar nie op die bestaande hulpbronne en sterkpunte van die projek nie. Indien die korrekte vrae gevra word tydens hierdie onderhoud, behoort die SJGD 'n idee te kan kry of die gemeenskap op lang termyn selfonderhoudend kan wees en of hulle in staat is om hulle eie bestaande hulpbronne tans en op lang termyn te kan gebruik.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids toon aan dat SJGD-lede nie gemeenskappe se bestaande hulpbronne moet ignoreer nie en dat die gemeenskap self ryk is aan sy eie mense, organisasies en hulpbronne wat kan bydra tot projekontwikkeling (Weyers, 2011:23). Hierdie verslag behoort aan te dui *hoe* hulpbronne aangewend kan word, sodat SJGD-lede altyd probeer om die verteenwoordigers aan te moedig om hulle eie hulpbronne aan te wend en hierdeur ook die waarde van só 'n selfonderhoudende proses kan besef.

Hoewel hierdie gids aandui dat die projekte moet staatmaak op die gemeenskap se hulpbronne, maak die oordragsverslae van sowel die huiskomiteelede betrokke by Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool as die projekleier van Sand, See en Skulp duidelik dat die hulpbronne wat gebruik is nie uit die gemeenskap kom nie, maar deur die SJGD voorsien word (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12). Die huiskomiteelid van Wanda Dameskoshuis se SJGD-projek, Mmabane Preschool*,* het wel aangedui dat sy hulpbronne, soos byvoorbeeld plaaslike bouers, uit die gemeenskap gebruik het (Van Vuuren, 2011b:1-23).

Daar word nie in die vergaderingsnotules (2010-'11) van die adviesraad en die uitvoerende komitee aangetoon dat die huiskomiteelede en die projekleiers moet sorg dat die betrokke

gemeenskappe waarmee hulle werk, staat moet maak op hulle eie bestaande hulpbronne nie en ook nie dat die SJGD-lid ondersoek moet instel na bestaande hulpbronne nie.

Tydens die semigestruktureerde onderhoude het die verteenwoordiger van Mmabane Preschool verduidelik dat sy reeds plakkate op die klaskamer se mure gehad het. Danksy die Vodacom-opleidingsprogram van die SJGD vir die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte, kon sy hierdie plakkate begin gebruik het. Herbst (2011) verduidelik dat die SJGD projekte ondersteun na gelang van die behoeftes en die reeds bestaande programme by die projek. "Thakaneng Shelter het byvoorbeeld ŉ reeds bestaande sportontwikkelingsprojek gehad waar SJGD inskakel" (Herbst, 2011). Van der Merwe (2011a) meld dat haar verteenwoordiger self borge vir voedsel soek en "sy maak beslis gebruik van bestaande hulpbronne, veral as sy in die kinders se taal vir hulle goedjies verduidelik". Kondos (2011) redeneer hierteenoor dat hy ŉ projek (nie een van hierdie studie se projekte nie) besoek het waar die verteenwoordiger van ŉ vroeëkinderontwikkelingsprojek nuwe Tswanahandboeke van die biblioteek gebruik het en weggegooi het om 'herwinning' te illustreer. Die huiskomiteelid was so besig met die aksie dat hy nie bewus was dat reeds bestaande hulpbronne vir ŉ ander moontlike program so te sê vernietig word nie. Die navorser lei af dat die SJGD by sommige projekte alles self probeer toepas en nie gereeld individue uit die gemeenskap kry om insette te lewer nie, of om aan te dui wat hulle reeds beskikbaar het by hulle projekte nie. Só ŉ proses is nie tekenend van deelnemende ontwikkeling nie.

Die navorser het tydens haar deelneming-waarneming bevind dat die SJGD se sosio-ekonomiese opleidingsessies aandui dat die SJGD-lede gebruik moet maak van gemeenskappe se bestaande hulpbronne, maar die SJGD beklemtoon dit nie tydens vergaderings met die huiskomiteelede en die projekleiers nie. Die navorser het verder bevind dat die huiskomiteelid betrokke by Veilige Nessie-kleuterskool nie die programme van haar aksies laat inskakel het by die kurrikulum van ATKV, wat reeds voorsien word nie.

Die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries kry geen ondersteuning van die gemeenskap nie en fokus nie op die psigiese en liggaamlike stimulasie van die kinders nie, daarom het die SJGD self hulpbronne aan hierdie projek verskaf. Die verteenwoordiger het gereeld saam met die SJGD gewerk en sy kan hierdie ervarings in die toekoms gebruik. Sand, See en Skulp is ŉ unieke vroeëkinderontwikkelingsprojek, aangesien die leerlinge elke jaar by hierdie projek verskil. Die hulpbronne, veral die fisiese hulpbronne, word deur die SJGD self verskaf.

Die huiskomiteelid betrokke by Mmabane Preschool en haar komitee het gebruik gemaak van die fisiese hulpbronne, soos byvoorbeeld die klimraam by die skool, en het hulle aksies

met behulp van hierdie hulpbronne aangebied. Hierdie huiskomiteelid het ook gebruik gemaak van bouers uit die plaaslike omgewing tydens fisiese verbeterings van die kombuis. Uit die navorser se waarneming word beklemtoon dat die SJGD nog te veel hulpbronne van sy kant af aanwend en nie noodwendig aandag gee aan individue en ander bestaande hulpbronne uit die gemeenskap, wat dalk ŉ beter bydrae kan lewer in verband met die projek en die gemeenskap se ontwikkeling nie.

### 5.5.3 Selfbestuur

Selfbestuur as konsep impliseer die mees gevorderde vorm van gemeenskapslede se deelname aan hulle eie ontwikkelingsprojekte (Servaes, 1999:85; 1995:47). Tydens die semigestruktureerde onderhoude het Stidworthy (2011a) beklemtoon dat die SJGD ontwikkelingsprojekte só ondersteun dat hulle oor vyf jaar nie meer by die projekte betrokke hoef te wees nie, aangesien die betrokke persone in staat behoort te wees om die projek self te kan bestuur. Jesus Loves You Ministries se verteenwoordiger het hierteenoor beklemtoon dat sy wel kan voortgaan met die voedingskema na skool, maar dat sy nie sonder SJGD se hulp in die toekoms, die opvoedkundige lesse en aktiwiteite sal kan aanbied nie. Sand, See en Skulp is ook ŉ projek wat nie in die toekoms self deur die juffrou sal kan bestuur word nie, aangesien SJGD finansiële ondersteuning bied en aangesien die juffrou nie genoeg tyd het om dit self te bestuur nie. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool en die verteenwoordiger van Veilige Nessie-kleuterskool het verduidelik dat hulle SJGD sal mis in die toekoms, maar dat hulle wel (soos verduidelik deur Stidworthy) in die toekoms sonder SJGD die projek sal kan bestuur.

Die grondwet van die SR asook die grondwet van SJGD bevat nie inligting om te staaf dat die verteenwoordigers van ontwikkelingsprojekte in staat gestel moet word om ten einde die projekte te kan self bestuur oor die langtermyn sonder SJGD se hulp nie. Die evalueringsvorm van SJGD bevat ook nie vrae rakende hierdie konstruk nie en die sosio-ekonomiese opleidingsgids verduidelik ook nie aan die studente dat ontwikkelingsprojekte se verteenwoordigers in staat gestel moet word om die projekte self in die toekoms te kan bestuur nie. Die oordragverslae het ook nie aangedui dat die verteenwoordigers van die betrokke projekte in staat sal wees om in die toekoms sonder SJGD (en die studente) se hulp te kan voortgaan en die projekte self te sal kan bestuur nie.

Tydens die deelnemer-waarneming het die navorser bevind dat die sosio-ekonomiese opleidingsessie gereeld beklemtoon dat die 'skakelpersone' by die projekte bemagtig moet word, maar daar is nie duidelik uiteengesit wat hierdie konsep behels nie. Tydens hierdie sessie is daar nie byvoorbeeld verduidelik dat die projekverteenwoordiger ten einde in staat

gestel behoort te word om die projek oor vyf jaar self te moet kan bestuur (en ook hóé om dit te doen) nie. Die deelnemer-waarnemer as navorser het bevind dat Veilige Nessie-kleuterskool en Mmabane Preschool wel sonder SJGD sal kan voortgaan in die toekoms en dat die verteenwoordigers die projekte sal kan self bestuur. Sand, See en Skulp sal nie deur die projekverteenwoordiger bestuur kan word in die toekoms nie, aangesien SJGD grotendeels vir die finansies ondersteuning bied en aangesien die projekaksies deur die SJGD-projekleier self aangebied word. Die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries is tans nog nie in staat om in die toekoms die projek self te kan bestuur nie, aangesien SJGD haar nog baie ondersteun met die aksies wat by die nasorgsentrum aangebied word vir die kinders.

### 5.5.4 Gevolgtrekking: Bemagtiging tot selfonderhouding

Bemagtiging behoort te lei tot 'n selfonderhoudende optrede waar elke gemeenskap op sy eie bestaande hulpbronne uit die gemeenskap staatmaak. Inheemse kennis van die verteenwoordigers word weinig in projekte gebruik en daar word nie gereeld (behalwe tydens die sosio-ekonomiese opleidingskursus) deur die SJGD beklemtoon dat dit gebruik behoort te word nie. Huiskomiteelede en projekleiers moet regdeur hulle termyn met die betrokke verteenwoordigers kommunikeer en gereeld die verteenwoordigers se insette vra.

Verteenwoordigers behoort ook nie net tydens besluitneming van die algehele ontwikkeling betrokke te wees nie, maar ook tydens uitvoering, beplanning en evaluering. Indien ontwikkelingsprojekte gebruik maak van hulle bestaande hulpbronne word hulle bemagtig vir die toekoms, maar hoewel die SJGD tydens die sosio-ekonomiese opleiding leiers aanmoedig om bestaande hulpbronne te gebruik, word dit nie gereeld by aksies van projekte gedoen nie. Twee van die vier projekte se verteenwoordigers beklemtoon dat hulle nie in staat sal wees om in die toekoms hulle projekte sonder SJGD se hulp sal kan bestuur nie, daarom is die ideaal vir bemagtiging tot selfonderhouding nog nie ten volle bereik nie. Die SJGD moet groter pogings aanwend om die verteenwoordigers te bemagtig tot selfonderhouding, aangesien dit kan lei tot 'n gemeenskap se volhoubare ontwikkeling. Die resultate van gemeenskapsontwikkeling in die SJGD se kommunikasie met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte word in die volgende afdeling bespreek.

## 5.6 GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Gemeenskapsontwikkeling verteenwoordig 'n doelbewuste en navorsingsgerigte poging om enige gemeenskap op 'n volhoubare wyse te help ontwikkel (Weyers & Herbst, 2010:10). Gemeenskapsontwikkeling is 'n proses waar gemeenskapslede gesamentlik optree om

gemeenskapsprobleme op te los (Frank & Smith, 1999:6). Die konstrukte waaruit gemeenskapsontwikkeling bestaan, is volhoubare en langtermynontwikkeling vir die gemeenskap asook ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap. Die resultate van hierdie konstrukte waaruit *gemeenskapsontwikkeling* bestaan word in die volgende afdelings bespreek.

### 5.6.1 Volhoubare en langtermynontwikkeling vir die gemeenskap

Die grootste uitdaging van gemeenskapsontwikkeling is om konsensus tussen langtermynoplossings en die daaglikse uitdagings van korttermynoptredes te verkry (Frank & Smith, 1999:7). Die SJGD moet sy projekverteenwoordigers aanmoedig om insette te lewer tydens die SJGD se korttermynbetrokkenheid, sodat hulle in staat kan wees om hulle eie uitdagings en probleme op lang termyn te kan oplos. Tydens die semigestruktureerde onderhoude het die navorser terugvoer ontvang vanaf huiskomiteelede, die projekleier van Sand, See en Skulp, adviesraadslede, die SJGD-konsultant en lede van die uitvoerende komitee oor wat hulle onder die term 'langtermynvolhoubaarheid' verstaan. Volgens hierdie SJGD-lede beteken die term dat gemeenskapslede (betrokke by ŉ sekere projek) bemagtig word en na ŉ sekere tyd sonder die SJGD se hulp kan funksioneer deur selfonderhoudend te wees (Herbst, 2011; Kondos, 2011; Kotzé, 2011; Labuschagne, 2011a; Naudé, 2011a; Saunders, 2011a; Stidworthy, 2011a; Van Vuuren, 2011a). Soos Labuschagne (2011a) dit stel: "In terme van projekte sal dit wees dat oor die lang termyn as jy iets by ŉ projek geïmplementeer het, dat hulle selfonderhoudend kan wees teen vyf jaar en kan aangaan met dit en voortbou op dit wat hulle gedoen het of wat aan hulle gegee is". Labuschagne (2011a) dui verder aan: "Die maatskaplike werkster bepaal of projekte selfonderhoudend is en wanneer SJGD moet onttrek, aangesien sy die projekte goed ken en weet wanneer behoeftes nie meer by die projek ŉ 'need' is nie, maar eerder ŉ 'want' is". Volgens die maatskaplike werkster, Kotzé (2011), moet rolspelers evaluering doen en indien die SJGD onttrek, besoek die SJGD steeds hierdie projek van tyd tot tyd ter wille van diens en omgee. Kondos (2011) sê die betrokkenheid van verskeie organisasies by projekte, buiten die SJGD, sorg dat projekte so te sê versadig word.

Dit is belangrik om in ag te neem dat die inhoud van die SJGD se projekte verskil. Naudé (2011a), asook die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp, verduidelik dat dit nie vir hierdie projek moontlik sal wees om in die toekoms sonder die SJGD se hulp voort te gaan nie, aangesien die SJGD die projek veral finansieel ondersteun. Hoewel Sand, See en Skulp ŉ andersoortige projek is as die SJGD se vroeëkinderontwikkelingsprojekte, is hierdie projek nie in staat om selfonderhoudend te wees nie, as gevolg van die SJGD se finansiële steun.

Hierdie projek is nie ideaal tot die beginsel van gemeenskapsontwikkeling nie, maar elke jaar word ŉ nuwe groep leerlinge nuwe vaardighede aangeleer wat hulle wel in hulle gemeenskap kan toepas. Tydens die aksies vir ouers word hierdie leerlinge se ouers (uit die gemeenskap) betrek en hulle neem deel aan verskeie programme om vaardighede aan te leer wat hulle in die toekoms ook kan aanwend in hulle eie gemeenskap. Die SJGD probeer om gemeenskappe te bemagtig, maar dit kan nie suksesvol wees indien idees nie self uit die gemeenskap kom nie. Daarom moet die verteenwoordiger en die ouers uit die gemeenskap gereeld te kan insette lewer en in die toekoms self in staat te kan wees om, sonder die SJGD se hulp, sulke sessies vir ouers of werkswinkels aan te bied in hulle eie gemeenskap of vir die nuwe leerlinge van die projek Sand, See en Skulp en hulle ouers.

Volgens die projekverteenwoordigers van Mmabane Preschool, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries asook die huiskomiteelede, sal hierdie projekte selfonderhoudend kan wees indien die SJGD sou onttrek (Saunders, 2011a; Van der Merwe, 2011a; Van Vuuren, 2011a). Hoewel Van der Merwe (2011a) en die verteenwoordiger van Jesus Loves You Ministries ook verduidelik het dat die SJGD aan sekere behoeftes voorsien het waaraan die kerk nie kon aandag gee nie, soos byvoorbeeld die kinders se psigiese en liggaamlike ontwikkeling en stimulasie. Indien die SJGD nie meer betrokke is by hierdie projek nie, kan hierdie tipe ontwikkeling nie voortgaan nie, maar die projek in geheel sal nogsteeds kan voortgaan as nasorgsentrum vir die kinders.

Die grondwet van die studenteraad sowel as dié van die SJGD verwys geensins na die volhoubare en langtermynontwikkeling van gemeenskappe nie.

Vraag vyf van die evalueringsvorm van die skakelpersoon wil bepaal of deurlopende volhoubaarheid in die projek gevestig is (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011b:2). Die navorser het bevind dat die verteenwoordigers nie hierdie vraag begryp het nie. Hulle is nie noodwendig ingelig oor wat die term 'volhoubaarheid' beteken nie. Afgesien hiervan het die verteenwoordigers verduidelik dat die SJGD hulle fisiese behoeftes verbeter het en gereeld aksies kom aanbied het. Dit was nie duidelik of die verteenwoordigers betrokke was en of hulle self in die toekoms sonder die SJGD sal kan funksioneer nie. Gemeenskapsontwikkeling 'behoort' aan ŉ gemeenskap en ontwikkel uit die betrokke gemeenskap. Daarom moet ontwikkeling nie deur eksterne invloede toegepas word nie, maar ontwikkeling moet geskied deur die samewerking van die organisasie en gemeenskapslede (Frank & Smith, 1999:79). Indien albei partye saamwerk, kan gemeenskappe aktief betrokke wees tydens die algehele ontwikkeling en op dié manier hulle eie gemeenskap help ontwikkel.

Die sosio-ekonomiese opleidingsgids maak aan die SJGD-lede duidelik dat 'volhoubaarheid' op verskillende wyses gedefinieer en geïnterpreteer word (Weyers & Herbst, 2010:15). Hierdie gids maak aan huiskomiteelede en projekleiers duidelik dat die term verwys na die toepaslike inset van die geïdentifiseerde behoefte wat beplan moet word om op lang termyn daaraan aandag te gee (*ibid.*). Die gids maak die term 'volhoubaarheid' baie duidelik, maar praktiese voorbeelde behoort in die gids aangedui word. Huiskomiteelede en projekleiers behoort dan in staat gestel te word om op praktiese wyse volhoubaarheid tydens hulle projekte toe te pas.

Die oordragsverslae van al vier projekte dui aan dat hierdie SJGD-lede probeer het om aksies te loods op lang termyn en vir volhoubaarheid van die projekte se ontwikkeling (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23). Volhoubaarheid as konstruk van gemeenskapsontwikkeling is die enigste konstruk waarna die oordragsverslae van die huiskomiteelede en die projekleiers verwys. Dit is ook belangrik dat die SJGD na al die konstrukte van deelnemende kommunikasie in hierdie verslae verwys, aangesien die SJGD tydens die evaluering van hierdie verslae kan bepaal of hulle op deelnemende wyse probeer om die gemeenskap waarmee hulle werk, te ondersteun soos deur die verteenwoordigers verlang.

Uit die vergaderingsnotules (2010-'11) van die adviesraad en die uitvoerende komitee wat ondersoek is, dui die notule van die bosberaad aan dat dit die SJGD se missie is om deurlopend te fokus op die volhoubaarheid en bemagtiging van die gemeenskap (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:1-5). Hier word egter nie aangedui hoe om dit te doen nie. SJGD-lede behoort tydens vergaderings (veral tydens die bosberaad wanneer alle SJGD-lede teenwoordig is) riglyne te ontvang oor wat presies volhoubaarheid behels en hoe om dit tydens hulle projekte toe te pas. Indien SJGD-lede toegerus word met hierdie inligting kan gemeenskapsontwikkeling op lang termyn plaasvind.

Die navorser as deelnemer-waarnemer het bevind dat die SJGD gedurende sy vergaderings, sy sosio-ekonomiese opleidingsessies, sy behoeftebepaling en tydens die prestige onderhoude klem lê op die volhoubaarheid van projekte op lang termyn. Die verteenwoordigers en die kinders van Mmabane Preschool en Veilige Nessie-kleuterskool sal die programme (byvoorbeeld higiëne en herwinning) wat die huiskomiteelede toegepas het, in die toekoms kan gebruik en die verteenwoordigers sal op hulle eie daarmee kan voortgaan. Hoewel hierdie projekte selfonderhoudend kan funksioneer in die nabye toekoms, verskil hierdie projekte aansienlik baie van mekaar. Veilige Nessie-kleuterskool val onder die bestuur van die ATKV en sal definitief kan voortgaan sonder die SJGD, maar hoewel Mmabane Preschool se verteenwoordiger opgelei is, het sy nie aktief deelgeneem

aan die programme nie en daar is nie sekerheid of sy op haar eie sal voortgaan met aktiwiteite wat kan lei tot die projek se volhoubaarheid nie.

Ten opsigte van die Jesus Loves You Ministries- en Sand, See en Skulp-projekte het die navorser bevind dat hierdie projekte nie volhoubaar sal wees indien die SJGD nie meer by hulle betrokke is nie. Jesus Loves You Ministries voorsien slegs voedsel aan die kinders in die middae en die SJGD ondersteun hierdie projek deur stimulasie en opvoedkundige programme vir hierdie kinders aan te bied. Dié verteenwoordiger werk saam met die SJGD om hierdie programme aan te bied, maar die SJGD verskaf die toerusting. Die SJGD het voorsien aan al die fisiese behoeftes in die kombuis en Jesus Loves You Ministries het al die toerusting om te kan voortgaan met die voedingskema, maar die navorser het bevind dat hierdie projek sonder die SJGD nie die kinders op lang termyn opvoedkundig sal kan stimuleer nie. Verteenwoordigers moet gesamentlik optree om hulle eie projekte te ontwikkel, maar die SJGD bied tans nie genoeg ondersteuning om verteenwoordigers in staat te stel om in die toekoms sonder die SJGD te kan aangaan nie.

Die SJGD ondersteun ten volle die projek Sand, See en Skulp, veral deur middel van die finansiële steun wat hulle bied. Die verteenwoordiger sal nie kan aangaan met hierdie projek nie, aangesien sy nie die finansies en personeellede het om programme toe te pas nie.

Die SJGD ondersteun hulle vroeëkinderontwikkelingsprojekte deur aan baie behoeftes aandag te gee, maar sommige projekte is te afhanklik van die SJGD en sal nie volhoubaar op lang termyn kan wees nie. Die ontwikkeling vir ŉ gemeenskap moet ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede uit die gemeenskap se betrokkenheid wees. Hierdie konstruk se bevindinge word in die volgende afdeling bespreek.

### 5.6.2 Beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap

Gemeenskapsontwikkeling moet volgens Frank en Smith (1999:6) ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap wees. Die grondwet van die studenteraad verwys geensins na gemeenskapontwikkeling nie. Die grondwet van die SJGD dui slegs aan dat die SJGD-lede projekte aktief moet bestuur (nie ondersteun nie) en die sosio-ekonomiese opleidingsessies móét bygewoon word deur huiskomiteelede, projekleiers, lede van die uitvoerende komitee en konsultante (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2010a:16, 26). Die SJGD is nie veronderstel om die ontwikkelingsprojekte te bestuur nie, maar moet wel sy projekte ondersteun. Indien vroeëkinderontwikkelingsprojekte deur die verteenwoordigers bestuur word, sal gemeenskapsontwikkeling kan plaasvind in die vorm

van ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede uit die gemeenskap.

Die navorser het bevind dat die terugvoer op die vrae op die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon geensins aangedui het of die ontwikkeling ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap was of nie was nie. Hierdie vorm is deel van die SJGD se evaluering en indien die regte vrae nie gevra word nie, stel dit die SJGD tans nie in staat om te weet waar presies hy tekort skiet om die vroeëkinderontwikkelingsprojekte doelgerig te ondersteun nie.

In teenstelling hiermee beklemtoon die sosio-ekonomiese opleidingsgids dat gemeenskapsontwikkeling ŉ doelbewuste en beplande inset is waaraan op lang termyn aandag gegee moet word, om die gemeenskap op ŉ breë front (holistiese aspek) en op ŉ volhoubare wyse te laat ontwikkel (Weyers & Herbst, 2010:10-15). Hierdie gids toon aan dat die SJGD die gemeenskap moet ondersteun deur projekte aktief te bestuur (Weyers & Herbst, 2010:10-16). Die SJGD behoort daarom projekte só te ondersteun dat verteenwoordigers in staat gestel word om hulle eie projekte in die toekoms te kan bestuur en onderhou. Die opleidingsgids is van kardinale belang vir elke SJGD-lid en bevat baie inligting oor die beginsels van deelnemende kommunikasie, maar hierdie gids moet aangepas word om ook aan te dui *hoe* hierdie beginsels prakties toegepas word. SJGD-lede word dan toegerus met die nodige vaardighede om te sorg dat hulle projekte ondersteun om ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede uit die gemeenskap te kan wees.

Die oordragsverslae van al vier projekte maak dit duidelik dat die SJGD verantwoordelik was vir die aktiewe betrokkenheid van beplande, langtermyn-, holistiese en voordelige optredes vir die gemeenskap se ontwikkeling, maar hierdie verslae maak nie duidelik of die verteenwoordigers of die gemeenskap aktief betrokke was by hierdie beplanning of ontwikkeling en aksies nie (Naudé, 2011b:1-31; Saunders, 2011b:1-10; Van der Merwe, 2011b:1-12; Van Vuuren, 2011b:1-23). Verteenwoordigers behoort tydens die algehele ontwikkeling betrokke te wees om verantwoordelik te wees vir hulle eie gemeenskap se langtermynontwikkeling. Deelname tydens ontwikkelingsprojekte is baie belangrik in enige besluitneming vir ontwikkeling (Servaes, 1995:45). Deelname moet daarom tydens die beplanning, uitvoering en evaluasie van ontwikkelingsprojekte geskied, aangesien gemeenskapslede betrokke raak en projekte op lang termyn kan bestuur.

Die notule van die SJGD se bosberaad wat bestudeer is, toon aan dat evaluering gedoen moet word tydens projekte sodat doelwitte op lang termyn by projekte bereik kan word (Noordwes-Universiteit: SJGD, 2011h:8). Hierdie vergadering verwys nie daarna dat

verteenwoordigers die SJGD se evaluering moet beoordeel nie. Hierdie gids dui ook nie aan wat presies gemeenskapsontwikkeling is nie.

Uit die semigestruktureerde onderhoude word bevestig dat die projekverteenwoordigers van die SJGD betrokke is by besluitneming wanneer die behoeftebepaling opgestel word, maar nie betrokke is by die beplanning om hierdie doelwitte uit te voer nie. Die SJGD (wat aktief betrokke is by die beplanning) probeer om hulle projekte op lang termyn te bemagtig (Labuschagne, 2011a; Stidworthy, 2011a). Kotzé (2011) verduidelik dat die "SJGD projekte ten volle ondersteun, aangesien SJGD na die ideaal strewe om gemeenskappe te dien al is daar soms struikelblokke teenwoordig". Herbst (2011) redeneer dat besluite geneem word deur die SJGD wat met ŉ "holistiese uitkyk aan fisiese, emosionele, sosiale asook geestelike behoeftes aandag gee". Die terugvoer wat verkry is van hierdie onderhoude maak dit duidelik dat die SJGD sy gemeenskap wil bemagtig en hulle pas programme toe tot voordeel van die verteenwoordigers en die gemeenskap. Die vraag ontstaan of die gemeenskap en die verteenwoordigers genoeg betrek word, aktief deelneem aan aksies en of daar te alle tye deelnemende kommunikasie teenwoordig is om projekte op lang termyn te ontwikkel.

Die navorser het tydens haar deelnemer-waarneming bevind dat die SJGD van sy kant af probeer om sy vroeëkinderontwikkelingsprojekte so doeltreffend moontlik te help. Hoewel die projekleiers en die huiskomiteelede reeds probeer om gemeenskapsontwikkeling teweeg te bring, kan hulle pogings verbeter word deur gedurende hulle termyn nodige kennis van die beginsels van deelnemende kommunikasie aan te wend. Die opleidingsgids beoog om SJGD-lede toe te rus met die nodige kennis om te sorg dat langtermyn-, holistiese en voordelige programme aangewend word vir hulle projekte se ontwikkeling en selfonderhoudende toekoms, maar hierdie gids moet aangepas word en moet aandui hoe dit gedoen kan word. Hierteenoor is die beplanning van die aksies van projekte van die SJGD slegs afkomstig van SJGD-lede en hulle probeer die projekte tans self te bestuur. Die SJGD behoort in die toekoms eerder te dien as ondersteuner van die projekte en moet daarom seker maak dat hulle voordelige geleenthede aan die verteenwoordigers bied, ten einde volhoubare en langtermynontwikkeling in die gemeenskap en selfbestuur en -onderhouding by hulle projekte te kan toepas.

### 5.6.3 Gevolgtrekking: Gemeenskapsontwikkeling

Gemeenskapsontwikkeling is die doelbewuste poging om gemeenskappe op te hef tot selfonderhouding en om volhoubare ontwikkeling in hulle eie gemeenskap te laat plaasvind. Die verteenwoordigers van die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte het egter aangedui dat hulle nie by die beplanning betrek word nie en daarom is daar weinig inheemse kennis wat

toegepas word tydens die projekontwikkeling van die SJGD. Van die SJGD se kant af word programme beplan op lang termyn en hierdie beplanning is holisties van aard, aangesien aan ŉ reeks behoeftes aandag gegee word. Hierdie beplanning van die SJGD probeer om ondersteunend van aard te wees om eindelik die betrokke gemeenskappe te bevoordeel. Tog kan dit nie gebeur nie, aangesien hierdie proses nie in samewerking met die verteenwoordigers geskied nie.

Doeltreffende deelnemende kommunikasie ontbreek tussen die SJGD en die verteenwoordigers van sy vroeëkinderontwikkelingsprojekte. Hoewel die SJGD verwys na die 'projekbestuur' wat hulle toepas, behoort die SJGD slegs te dien as ondersteuningsbasis van hierdie betrokke projekte sodat dat dit deur die verteenwoordiger self bestuur word om langtermyn-, volhoubare gemeenskapsontwikkeling te ondersteun. Die SJGD bied pogings tot volhoubare en langtermynontwikkeling van gemeenskappe aan, maar die verteenwoordigers word tans nie genoeg betrek by die algehele ontwikkeling nie.

## 5.7 OPSOMMING

Hierdie hoofstuk bied die bevindinge van die empiriese studie aan. Hierdie empiriese studie beklemtoon dat die SJGD nié die verteenwoordigers van sy vroeëkinderontwikkelingsprojekte genoeg betrek by beplanning om aan behoeftes aandag te gee nie. In sommige gevalle was die kommunikasieproses tussen die SJGD en die verteenwoordigers doeltreffend en interpersoonlik, maar in ander gevalle was wedersydse kommunikasie tussen hierdie twee partye nie teenwoordig nie. Die navorser het bevind dat die verteenwoordigers nie aktief deelgeneem het aan en aktief betrokke was by die algehele ontwikkeling van Mmabane Preschool, Veilige Nessie-kleuterskool, die projek Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries nie.

Die SJGD se dokumente (buiten die sosio-ekonomiese opleidingsgids) dui ook nie aan dat die verteenwoordigers en die gemeenskap aktief betrokke moet wees by die ontwikkeling van hulle projekte nie. Hoewel die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte se inhoude van mekaar verskil, maak die SJGD nie seker dat deelnemende kommunikasie in hierdie projekte tussen hom en die verteenwoordigers geskied nie. Die ondersteunende pogings van die SJGD streef tans nie (in al hulle betrokke projekte) na die ideale beginsels van doeltreffende deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling na nie en as gevolg hiervan word verteenwoordigers nie werklik bemagtig om projekte self te kan bestuur en tot gemeenskapsontwikkeling by te dra nie. In die volgende hoofstuk word die navorsingsvrae wat vir die studie gestel is beantwoord, waarna daar ook aanbeveslings vir toekomstige studies gemaak word.

# HOOFSTUK 6

# GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

Argumente en besprekings in die voorafgaande hoofstukke het beklemtoon dat deelnemende kommunikasie noodsaaklik is vir bemagtiging en ontwikkeling van gemeenskappe. Die beginsels van deelnemende kommunikasie, naamlik deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskaps-ontwikkeling is van kardinale belang in die kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte, om volhoubare ontwikkeling op lang termyn mee te bring. Hierdie hoofstuk bied die gevolgtrekkings omtrent die aard van kommunikasie tussen die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte en die SJGD ten opsigte van hierdie beginsels van deelnemende kommunikasie soos uiteengesit in hoofstuk 2 aan. Die hoofdoel van hierdie hoofstuk is om die navorsingsvrae (sien hoofstuk 1) wat vir die studie gestel is, te beantwoord.

Die spesifieke navorsingsvrae word telkens uiteengesit, waarna die navorsingsvrae beantwoord word. Die eerste navorsingsvraag word uit die literatuurstudie beantwoord na aanleiding van die teoretiese stellings geformuleer in hoofstuk 2. Die tweede en derde navorsingsvraag word uit die resultate van die empiriese navorsing beantwoord, soos in hoofstuk 5 bespreek.

Die tweede deel van die hoofstuk fokus op die beantwoording van die algemene navorsingsvraag, naamlik, *Wat is die aard van kommunikasie tussen die SJGD (NWU-Pukke) en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat deur hulle ondersteun word?* Hierdie vraag word beantwoord uit ʼn opsomming van die antwoorde op die spesifieke navorsingsvrae.

Die hoofstuk word afgesluit deur aanbevelings te maak vir deelnemende kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers en toekomstige navorsingsgeleenthede word ook aangedui.

## 6.2 BEANTWOORDING VAN NAVORSINGSVRAE

### 6.2.1 Spesifieke navorsingsvraag 1

Wat is die beginsels van deelnemende kommunikasie, volgens die literatuur?

#### *6.2.1.1 Beantwoording van navorsingsvraag 1*

Die beginsels van die deelnemende benadering tot ontwikkelingskommunikasie wat vir die studie as relevant geidentifiseer is, is deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling. Hierdie beginsels word vervolgens weer kortliks voorgehou.

##### *6.2.1.1.1 Deelname*

| **Teoretiese stelling 1: Deelname** |
|---|
| Deelname tydens ontwikkelingsprojekte is baie belangrik in enige besluitneming vir ontwikkeling (Servaes, 1995:45). Deelname moet tydens die beplanning, die uitvoering en die evaluasie van ontwikkelingsprojekte geskied, sodat gemeenskapslede betrokke raak en projekte op die lang termyn self bestuur. |

Gemeenskapslede moet interaktief betrokke wees (tydens projekontwikkeling), sodat hulle in staat is om hulself te ontwikkel (Reid, 2000:1-4). Aktiewe deelname behoort plaas te vind tussen die SJGD-lede en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte en gereelde interaksie tussen hierdie partye is noodsaaklik ten einde ontwikkeling in die hand te werk. Die verteenwoordigers behoort betrokke te wees by alle fases en fasette van die ontwikkelingsprojekte, insluitend die behoeftebepaling, beplanning, uitvoering en evaluasie van projekte en behoort ŉ aktiewe rol in alle besluitneming te speel. ŉ Interaktiewe proses weerspieël die beginsels van die deelnemende benadering en doen weg met verouderde teorieë soos byvoorbeeld die moderniserings- en afhanklikheidsbenaderings (sien afdeling 2.4.3.1).

Doeltreffende deelname vind plaas deur dialoog en die SJGD behoort daarom tweerigting- en interpersoonlike kommunikasie tussen sy lede en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte teweeg te bring om te sorg dat boodskappe verstaan word en om goeie verhoudinge te bevorder.

*6.2.1.1.2 Dialoog*

| **Teoretiese stelling 2: Dialoog** |
|---|
| Die luisterproses is net so belangrik soos die artikulasieproses tydens dialoog as kommunikasieprosedure (Mefalopulos & Grenna, 2004:27). Doeltreffende dialoog sluit ook in: gedeelde betekenis tussen individue, ŉ tweerigtingkommunikasie- en interpersoonlike kommunikasieproses. Deur doeltreffende dialoog toe te pas tussen gemeenskapslede, sal vertroue tussen hierdie betrokkenes verstewig kan word en die gemeenskap op 'n deelnemende wyse bemagtig word om hulself te ontwikkel. |

Dialoog is ŉ proses waartydens betekenis geskep en gedeel word tussen individue as gevolg van die boodskappe wat onder mekaar uitgeruil word (Rahim, 1994:122-30). Die doel van dialoog is om te verseker dat die SJGD en die verteenwoordigers betekenis in terme van ontwikkelingsdoelwitte deel. Dialoog word geskep deur doelgerigte tweerigting-kommunikasie tussen die betrokke partye sodat aandag aan behoeftes, persepsies, probleme en geleenthede in die gemeenskap gegee word. Die aard van die tweerigtingkommunikasie moet interpersoonlik wees, sodat betekenis effektief geskep en gedeel kan word. Interpersoonlike kommunikasie stel die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte en die SJGD-lede in staat om inligting en idees tussen mekaar uit te ruil. Deur gedeelde betekenis deur dialoog te skep, word die luisterproses net so belangrik soos die praatproses geag en word alle deelnemers se insette en deelname ewe belangrik in die ontwikkelingsproses (sien afdeling 2.4.3.2).

Dit is noodsaaklik dat die SJGD tydens dialoog met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte ook kultuursensitief te werk moet gaan, aangesien die betekenis van kommunikasie verlore kan gaan as die deelnemers nie mekaar se kulturele agtergrond (byvoorbeeld hulle geloof en tradisies) in ag neem en nie mekaar se denkwyses en behoeftes verstaan nie.

### *6.2.1.1.3 Kulturele sensitiwiteit*

| **Teoretiese stelling 3: Kulturele sensitiwiteit** |
|---|
| Deur gemeenskapslede se kultuur te verstaan word verhoudinge versterk en vertroue tussen partye verbeter (Simmons, 2008:12). Indien tydens ontwikkelingsprojekte kultuursensitief te werk gegaan word, kan die gemeenskap positiewe uitkomste bereik deur die selfbestuur van projekte te handhaaf. |

Dit is belangrik om in ag te neem dat mense se doen en late van mekaar verskil en dat mense se agtergrond en taal ŉ invloed het op die manier hoe hulle met ander mense in die gemeenskap kommunikeer asook hoe hulle kommunikasie van ander interpreteer. Wedersydse vertroue en respek kan tussen SJGD-lede en die verteenwoordigers gekweek word indien die SJGD kulturele sensitiwiteit as beginsel van deelnemende kommunikasie handhaaf tydens dialoogvoering en projekprogramme. Kulturele sensitiwiteit kan verkry word wanneer betrokkenes begrip vir die diversiteit van mekaar se gemeenskappe en kulture het. Die SJGD behoort sy verhoudinge met die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte sodanig te versterk dat hierdie verteenwoordigers ten volle kan verstaan wat die SJGD se ondersteuningsrol tydens ontwikkeling behels (sien afdeling 2.4.3.3). Vir die ontwikkelingsprojekte om suksesvol te wees, moet die verteenwoordigers ook ervaar dat die SJGD die diversiteit van hul kultuur begryp en respekteer.

Indien kulturele sensitiwiteit tydens ontwikkelingsprojekte toegepas word, kan die gemeenskap bemagtig word om hulself te onderhou.

### *6.2.1.1.4 Bemagtiging tot selfonderhouding*

| **Teoretiese stelling 4: Bemagtiging tot selfonderhouding** |
|---|
| Bemagtiging tot selfonderhouding van 'n gemeenskap is wanneer die gemeenskap van sy eie hulpbronne en energie vanuit sy eie omgewing gebruik maak (Servaes, 1995:43). Inheemse kennis vanuit die gemeenskap dra by tot die bemagtiging van die gemeenskap. Deur deelname, dialoog asook kulturele sensitiwiteit kan gemeenskapslede bemagtig word tot selfonderhouding en hulle word in staat gestel om hulle eie situasie te bestuur en te beheer. |

Verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte moet deur die SJGD bemagtig word om hulle eie situasie te bestuur en te beheer. Bemagtiging vind plaas indien die SJGD-

lede die verteenwoordigers toelaat om hulle inheemse kennis en eie beskikbare hulpbronne in hulle alledaagse aktiwiteite aan te wend. Hierdie verteenwoordigers neem dan op deelnemende wyse deel aan hulle eie ontwikkeling, sodat hulle op die lang termyn sonder die SJGD se hulp kan voortgaan (sien afdeling 2.4.3.4). Hierdie proses van selfonderhouding sorg vir die gemeenskap se volhoubare ontwikkeling sodat ontwikkelingsprojekte sal voortgaan nadat die SJGD daarvan onttrek het.

##### *6.2.1.1.5 Gemeenskapsontwikkeling*

| **Teoretiese stelling 5: Gemeenskapsontwikkeling** |
|---|
| Gemeenskapsontwikkeling is 'n poging om gemeenskappe op volhoubare wyse te help ontwikkel (Weyers & Herbst, 2010:10). Dié doelwit kan slegs bereik word deur ŉ beplande, langtermyn-, holistiese en ondersteunende proses van deelnemende kommunikasie wat tot voordeel van die gemeenskap is, aangesien ontwikkeling in 'n gemeenskap onmoontlik is sonder doeltreffende deelnemende kommunikasie. |

ŉ Gemeenskap ontwikkel nie as gevolg van eksterne (Westerse) invloede nie, maar 'behoort' aan ŉ samelewing en groei en ontstaan deur middel van die plaaslike gemeenskapslede self. Gemeenskapsontwikkeling behoort ŉ ondersteunende handeling tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte te wees, wat deur gesamentlike beplanning aandag gee aan ŉ wye reeks behoeftes vir die gemeenskap se volhoubare ontwikkeling op die lang termyn (sien afdeling 2.4.3.5). Gemeenskapsontwikkeling moet volgens Frank en Smith (1999:6) ŉ beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap wees. Die SJGD behoort op deelnemende wyse met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte te skakel om hierdie genoemde optrede in verband met gemeenskapsontwikkeling te bereik. Verteenwoordigers is nie passiewe individue nie en hulle kan, deur aktiewe betrokkenheid, kritiese en noodsaaklike voorstelle doen en bydraes tydens projekontwikkeling lewer.

#### *6.2.1.2 Gevolgtrekking*

Die beginsels van deelnemende kommunikasie wat relevant is vir kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkeling is deelname, dialoog, kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling. Hierdie beginsels is noodsaaklik in die kommunikasie om ontwikkeling te bevorder. Die deelnemende kommunikasiebenadering moet egter nie net normatief van aard wees nie,

maar ook prakties uitvoerbaar tydens projekontwikkeling. Die tweede navorsingsdoelwit fokus op die praktiese toepassing van die beginsels van deelnemende kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

### 6.2.2 Spesifieke navorsingsvraag 2

Watter beginsels van deelnemende kommunikasie is teenwoordig in die SJGD se kommunikasie met verteenwoordigers van vroeëkinderontwikkelingsprojekte?

#### *6.2.2.1 Beantwoording van navorsingsvraag 2*

Die bevindinge van die konstrukte waaruit die vyf beginsels van deelnemende kommunikasie bestaan (sien hoofstuk 5) word kortliks opgesom om aan te toon watter beginsels teenwoordig is in die SJGD se kommunikasie met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

##### *6.2.2.1.1 Deelname*

Die konstrukte waaruit deelname, as beginsel van deelnemende kommunikasie, bestaan is interaksie met individue, besluitneming tydens die hele proses, behoeftebepaling wat die gemeenskap se behoeftes moet weerspieël en betrokkenheid by beplanning, uitvoering en evaluasie (sien afdeling 5.2 vir 'n volledige bespreking).

Na aanleiding van die bevindinge kan afgelei word dat die SJGD poog om die verteenwoordigers te betrek by verskillende fasette van die programme, maar dat daar tans nog baie uitdagings is in terme van deelnemende kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte.

Die SJGD bied geleenthede vir interaksie met die verteenwoordigers tydens bus- en skakeltoere, behoeftebepaling, evaluering en projekaksies. Die verteenwoordigers is ook aktief betrokke by besluitneming, aangesien hulle saam met die SJGD besluite neem oor behoeftes waaraan aandag gegee moet word. Die behoeftebepalings wat gedoen word, weerspieël ook die gemeenskap se behoeftes, want die verteenwoordigers is aktief betrokke tydens die proses.

Die navorser het egter tot die gevolgtrekking gekom dat daar sekere konstrukte is waaraan daar egter nie voldoen word nie. Ten eerste is die verteenwoordigers nie deel van die beplanning van hulle projekte nie. Die navorser het bevind dat slegs die huiskomiteelid of die projekleier die beplanningsraamwerk vir elke termyn opstel. Die verteenwoordigers is ook nie ten alle tye by die toepassing betrokke nie, omdat die verteenwoordiger van Mmabane Preschool nie tydens projekaksies betrokke was nie en aangesien al die

verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte nie betrokke is by die Vodacom-opleidingsessies nie. Hoewel verteenwoordigers deelneem aan die SJGD se evalueringsonderhoude, evalueer die verteenwoordigers tans nie die SJGD se evaluering nie en word daar nie aangedui waar die SJGD kan verbeter om doelgerigte ondersteuning aan die verteenwoordigers te bied nie.

Dit wil voorkom asof verteenwoordigers tans nog nie aktief deelneem aan die hele ontwikkelingsproses nie. Verteenwoordigers moet betrokke wees by hulle eie ontwikkeling sodat die projek op die lang termyn volhoubaar kan wees. Dialoog is daarom 'n kritiese en belangrike beginsel wat saam met deelname aangewend behoort te word.

#### *6.2.2.1.2 Dialoog*

Dialoog is die tweede beginsel van deelnemende kommunikasie en bestaan uit vier konstrukte, naamlik gedeelde betekenis, die luisterproses, tweerigtingkommunikasie en interpersoonlike kommunikasie. Ware deelname van die lede van die gemeenskap is gebaseer op kommunikasie en vind plaas in die vorm van dialoog (Mefalopulos & Grenna, 2004:26; Thomas, 1994:53). Indien dialoog tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte plaasvind, behoort hierdie doelgerigte ontwikkelings-kommunikasie plaas te vind. Dialoog veronderstel nie 'n eenrigtingkommunikasieproses nie, want alle partye is veronderstel om aan hierdie beginsel te kan deelneem. Die volledige bespreking van hierdie konsep en sy konstrukte kan gevind word in afdeling 5.3.

Gedeelde betekenis en die luisterproses as konstrukte het tydens *behoeftebepaling* tussen die SJGD en die verteenwoordigers van Sand, See en Skulp, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries plaasgevind. Hoewel die verteenwoordiger van Mmabane Preschool betrokke was by die behoeftebepaling, het sy nie altyd saamgestem met die behoeftes wat namens haar as die belangrikste vir haar projek geïdentifiseer is nie en was daar dus nie in hierdie geval gedeelde betekenis of 'n goeie luisterproses nie. Gedeelde betekenis het nie tydens *beplanning* tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte plaasgevind nie, aangesien SJGD-lede alleen die beplanning van die programme opgestel het.

Die afleiding kan verder gemaak word dat SJGD-lede poog om interpersoonlike en tweerigtingkommunikasie te handhaaf met die verteenwoordigers, maar by projekte soos Mmabane Preschool is die taalverskil tussen hierdie individue tot 'n groot mate problematies om doelgerigte dialoog toe te pas.

Die SJGD voldoen tot ŉ redelike mate aan gedeelde betekenis, die luisterproses, interpersoonlike kommunikasie en tweerigtingkommunikasie as konstrukte van dialoog, maar dit word tans nie by alle vroeëkinderontwikkelingsprojekte en tydens al die ontwikkelingsfases (byvoorbeeld tydens die beplanning) gehandhaaf nie. Dit is belangrik dat die SJGD sensitief te werk gaan wanneer met die verteenwoordigers gekommunikeer word. Die taal, kultuur en die agtergrond van gemeenskapslede verskil van dié van die SJGD-lede en daarom kan dit ŉ direkte uitwerking hê op die aard van dialoog tussen hierdie individue.

*6.2.2.1.3 Kulturele sensitiwiteit*

Die derde beginsel van deelnemende kommunikasie is kulturele sensitiwiteit. Die konteks van kommunikasie, die bewustheid van die kultuur en die kommunikeerders se persepsies van die wêreld het ŉ uitwerking op die betekenis van boodskappe wat tussen mekaar oorgedra word (Rahim, 1994:121). Dit is daarom belangrik om begrip te hê dat mense divers is en dat mense verskillend kommunikeer. Die gevolgtrekking van die bevindinge van die konstruk van kulturele sensitiwiteit word kortliks in hierdie afdeling uiteengesit. Hierdie konsep bestaan uit die konstruk begrip vir die diversiteit van die gemeenskap se kultuur (sien afdeling 5.4 vir ŉ volledige bespreking).

Die inagneming van die unieke kulturele identiteit en waardes van plaaslike gemeenskappe is belangrik vir enige poging tot volhoubare ontwikkeling. Die navorser het tot die gevolgtrekking gekom dat, hoewel die verteenwoordigers positiewe terugvoer gegee het oor die respek wat die SJGD vir hulle het, die SJGD in die toekoms moet poog om voor elke termyn meer ingelig te wees oor die kultuur van die gemeenskappe waarmee hulle werk. Die meerderheid SJGD-lede het nie voor die termyn ŉ gesprek met die verteenwoordigers gevoer om presies uit te vind wat hulle kultuur en tradisies behels nie. Die evalueringsonderhoude met die verteenwoordigers het ook nie vrae ingesluit oor die SJGD se pogings tot kulturele sensitiwiteit nie. Die SJGD moet daarom in die toekoms die vrae aanpas wat aan verteenwoordigers gestel word in die vraelys vir die evaluering van die skakelpersoon, om sodoende seker te maak dat die SJGD begrip het vir sy gemeenskap. Die Setswana-opleidingskursus stel SJGD-lede nie in staat om in een kwartaal ŉ ander taal aan te leer nie. Die meeste van hierdie lede woon ook nie die nieverpligte opleiding by nie, aangesien hulle programme reeds te vol is.

Aandag word nie in ŉ groot mate aan kulturele sensitiwiteit gegee nie en daar is tans nog baie leemtes in hierdie konsep van deelnemende kommunikasie. Kulturele sensitiwiteit is ook nie die enigste konsep wat aangewend behoort te word om deelnemende kommunikasie te bevorder nie. Dit is belangrik dat die SJGD sy vroeëkinderontwikkelingsprojekte

ondersteun om bemagtig te word om op hulle eie te kan funksioneer. Die resultate van hierdie konsep se konstrukte word vervolgens kortliks bespreek.

### *6.2.2.1.4 Bemagtiging tot selfonderhouding*

Die konstrukte van bemagtiging tot selfonderhouding verwys na inheemse kennis, gemeenskappe wat op hulle eie hulpbronne moet staatmaak en selfbestuur wat moet toegepas word deur die verteenwoordigers (sien afdeling 5.5 vir 'n volledige bespreking). Inheemse kennis van die verteenwoordigers word weinig in projekte gebruik en daar word nie gereeld (behalwe tydens die sosio-ekonomiese opleidingskursus) deur die SJGD beklemtoon dat dit gebruik behoort te word nie. Hoewel die SJGD tydens die sosio-ekonomiese opleiding leiers aanmoedig om ook van bestaande hulpbronne gebruik te maak, word dit nie gereeld by projekaksies gedoen nie.

Die SJGD voldoen tans nie aan die konstrukte van bemagtiging tot selfonderhouding (as konsep van deelnemende kommunikasie) nie. Die SJGD moet groter pogings aanwend om die verteenwoordigers te bemagtig tot selfonderhouding en die selfbestuur van projekte, aangesien dit kan lei tot 'n deelnemende kommunikasieproses tot gemeenskapsontwikkeling. Die gevolgtrekking oor die resultate van gemeenskapsontwikkeling in die SJGD se kommunikasie met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte word kortliks in die volgende afdeling saamgevat.

### *6.2.2.1.5 Gemeenskapsontwikkeling*

Die konstrukte waaruit gemeenskapsontwikkeling bestaan is volhoubare en langtermyn-ontwikkeling vir die gemeenskap asook 'n beplande, langtermyn-, holistiese, voordelige en ondersteunende optrede van die gemeenskap (sien afdeling 5.6 vir 'n volledige bespreking).

Die SJGD voldoen nie aan die volgende konstrukte van gemeenskapsontwikkeling nie, naamlik volhoubare en langtermynontwikkeling vir die gemeenskap sowel as die beplande, langtermyn- en ondersteunende optrede van die gemeenskap nie. Die SJGD sorg wel dat die projekaksies vir die gemeenskap holisties ('n wye verskeidenheid behoeftes waaraan aandag gegee word) en voordelig (verskeie pogings tot ontwikkeling soos byvoorbeeld motoriese ontwikkeling van die kinders) is.

Gemeenskapsontwikkeling is dus slegs *gedeeltelik* in die kommuniksie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van projekte teenwoordig.

#### *6.2.2.2 Gevolgtrekking*

Die resultate van die empiriese studie (sien hoofstuk 5) het aangedui dat die SJGD poog om aan die konsepte van deelnemende kommunikasie te voldoen. Die ideaal is egter nog nie tans bereik nie, aangesien die SJGD nie al die konsepte in praktyk toepas nie. Tot 'n groot mate word reeds aan deelname en dialoog by die meerderheid van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte aandag gegee, maar kulturele sensitiwiteit, bemagtiging tot selfonderhouding (by alle projekte) en gemeenskapsontwikkeling behoort in die toekoms nog baie aandag te kry.

Sowel die verteenwoordigers as die SJGD behoort aan die hele ontwikkelingsproses deel te neem en ook doelgerigte dialoog met mekaar te hê. Die SJGD behoort kultuursensitief te wees tydens hierdie proses sodat die verteenwoordigers bemagtig kan word tot selfonderhouding om gemeenskapsontwikkeling te bevorder. Indien al hierdie beginsels wel in die toekoms toegepas word tydens alle projekaksies van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte, behoort die SJGD die gemeenskapsprojekte op die ideale manier ondersteun om selfonderhoudend te wees.

Die persepsies van beide SJGD-lede en die verteenwoordigers oor die kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte sal volgende saamgevat word.

### 6.2.3 Spesifieke navorsingsvraag 3

Wat is die persepsie van die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte van die kommunikasie tydens die SJGD se ontwikkelingsprojekte?

#### *6.2.3.1 Beantwoording van navorsingsvraag 3*

Die persepsies van sowel SJGD-lede as die verteenwoordigers in terme van die beginsels van deelnemende kommunikasie is as volg:

##### *6.2.3.1.1 Deelname*

Volgens sowel die SJGD as die verteenwoordigers se terugvoer, is die huiskomiteelede en projekleiers gereeld in interaktiewe kontak met die projekverteenwoordigers, veral tydens behoeftebepaling. Volgens SJGD-lede speel die verteenwoordigers 'n baie belangrike rol om behoeftes vir hulle projekte te identifiseer asook om die gemeenskap se behoeftes uiteen te sit tydens die behoeftebepaling wat voor elke termyn gedoen word. Volgens die verteenwoordigers van Mmabane Preschool, Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries was hulle saam met die SJGD-lede betrokke by die besluitneming oor die

behoeftes in die gemeenskap en by die projekte. Veilige Nessie-kleuterskool se (nuwe) verteenwoordiger was nie betrokke by die behoeftebepaling nie, maar het verduidelik dat sy en die huiskomiteelid gereeld aangeleenthede bespreek het en dat sy voorstelle tydens aksies kon doen.

Hoewel die SJGD en die verteenwoordigers gemeld het dat die kommunikasie tydens hierdie proses goed was, het die huiskomiteelede en die projekleier beklemtoon dat dit slegs die SJGD is wat die doelwitte en programme vir die termyn identifiseer en dat die verteenwoordiger geensins betrokke is by die beplanning van die behoeftes wat aangespreek word nie. Ter bevestiging van hierdie SJGD-lede se terugvoer, het die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp uitdruklik beklemtoon dat sy nie deelgeneem het aan die beplanning van die doelwitte en aktiwiteite van Sand, See en Skulp nie. Botes en Van Rensburg (2000:42) dui aan dat die plaaslike gemeenskap self betrokke moet wees by die beplanning en dit is tans nie die geval nie, soos bevestig deur die SJGD en die verteenwoordigers.

Die SJGD-lede en verteenwoordigers betrokke by Veilige Nessie-kleuterskool, Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries het tydens hulle onderhoude bevestig dat hulle (so ver moontlik) betrokke was tydens die uitvoering van aksies by hulle projekte. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool het gemeld dat sy soms die huiskomiteelid bygestaan het tydens projekaksies, maar dat sy meestal 'n bietjie gerus het terwyl die studente aksies aangebied het. Die persepsie van die huiskomiteelid van hierdie projek het ook dié verteenwoordiger se terugvoer bevestig. Die verteenwoordigers het gemeld dat hulle tydens evaluering betrokke was deur slegs onderhoudsvrae tydens die evaluerings-onderhoude te beantwoord.

Die persepsies van die SJGD-lede asook die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte weerspieël dat deelname tot 'n groot mate plaasgevind het, hoewel daar uitsonderings was (Mmabane Preschool) en die verteenwoordigers nie deel is van die hele ontwikkelingsproses (soos byvoorbeeld tydens die beplanning) nie (sien afdeling 5.2). Die bevindinge van die persepsies van sowel die SJGD as die verteenwoordigers omtrent dialoog word hierna kortliks saamgevat.

#### *6.2.3.1.2 Dialoog*

Die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte asook SJGD-lede het bevestig dat hulle saam besluit het (gedeelde betekenis) aan watter behoeftes gedurende die termyn aandag gegee behoort te word. Hulle het ook beklemtoon dat slegs die SJGD die beplanning van doelwitte, om aan behoeftes aandag te gee, uitgevoer het (geen gedeelde

betekenis). Uit die terugvoer van die semigestruktureerde onderhoude met die SJGD-lede blyk dit dat kommunikasie hoofsaaklik tussen die verteenwoordiger van die projek en die huiskomiteelid of die projekleier plaasvind.

In die onderhoude met die projekleier van Sand, See en Skulp, die huiskomiteelede van Jesus Loves You Ministries en Veilige Nessie-kleuterskool en hierdie projekte se verteenwoordigers, het hulle gemeld dat hulle oor die algemeen ŉ goeie kommunikasieverhouding gehad het. Die verhouding tussen die huiskomiteelid en die verteenwoordiger van Mmabane Preschool was nie so goed nie, aangesien die taalkwessie, volgens die huiskomiteelid, kommunikasie belemmer het en volgens die verteenwoordiger was daar nie genoeg tweerigting- en interpersoonlike kommunikasie nie.

SJGD-lede en verteenwoordigers het aangedui dat doelgerigte dialoog soms tussen die SJGD en die verteenwoordigers ontbreek het, aangesien projekte se inhoud, lede se persoonlikhede en doelwitte verskil (sien afdeling 5.3). Dit is ook belangrik dat SJGD-lede se kommunikasie sensitief behoort te wees wanneer hierdie lede met die diverse gemeenskap kommunikeer. Hierdie gevolgtrekking word kortliks saamgevat.

#### *6.2.3.1.3 Kulturele sensitiwiteit*

Die terugvoer van die SJGD-lede en verteenwoordigers tydens die empiriese studie toon dat kultuursensitiwiteit ŉ basiese beginsel in die SJGD is. Daar word in die algemeen aanvaar dat SJGD-lede sensitief of respekvol te werk moet gaan met die gemeenskap waarmee hulle werk.

SJGD-lede meld dat die SJGD poog om die diversiteit van die gemeenskap in ag te neem en Setswana- en ander opleidingskursusse aanbied, om toe te sien dat huiskomiteelede en projekleiers kulturele sensitiwiteit tydens hulle projekbesoeke toepas. Die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte het gedurende die semigestruktureerde onderhoude beklemtoon dat die SJGD-lede respek teenoor hulle en die kinders getoon het.

Die afleiding word gemaak dat die SJGD nie die gemeenskap se tradisies wil verander nie en dat die gemeenskapslede nie bedreig voel wanneer die SJGD hulle kom besoek nie (sien afdeling 5.4). Dit blyk dus dat die betrokke partye wel gevoel het dat daar wedersydse begrip en respek vir mekaar se kultuur en die diversiteit daarvan was. Die verteenwoordigers en SJGD-lede se persepsies ten opsigte van die konstrukte van bemagtiging tot selfonderhouding word hierna kortliks bespreek.

*6.2.3.1.4 Bemagtiging tot selfonderhouding*

Verskeie SJGD-lede (behalwe die SJGD-konsultant) het gemeld dat die konstrukte vir bemagtiging tot selfonderhouding, naamlik inheemse kennis van die verteenwoordigers en bestaande hulpbronne, aangewend word tydens projekaksies. SJGD-lede het verder verduidelik dat die SJGD die projekte ondersteun na gelang van die behoeftes en die reeds bestaande programme. Die verteenwoordiger van Mmabane Preschool het beklemtoon dat die SJGD haar in staat gestel het om dit wat reeds in haar klaskamer beskikbaar was, te gebruik vir toekomstige aktiwiteite (sien afdeling 5.5). Hierteenoor het die sommige verteenwoordigers beklemtoon dat hulle projekte nie selfonderhoudend kan wees sonder SJGD se hulp nie. Die SSS-projek is byvoorbeeld finansieel afhanklik van SJGD en Jesus loves you ministries is weer afhanklik van SJGD se hulp rakende die kinders se opvoedkundige ontwikkeling. Sommige van die persepsies van die verteenwoordigers en SJGD-lede het aangedui dat hulle projekte tans bemagtig is om selfonderhoudend in die toekoms te kan funksioneer, maar dit is nie die geval by al die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte van SJGD nie. Persepsies omtrent gemeenskapsontwikkeling as konsep word vervolgens kortliks saamgevat.

*6.2.3.1.5 Gemeenskapsontwikkeling*

Volgens SJGD-lede beteken langtermynvolhoubaarheid dat gemeenskapslede (betrokke by ŉ sekere projek) bemagtig word en na ŉ sekere tyd sonder die SJGD se hulp kan funksioneer. Die terugvoer wat verkry is vanaf die SJGD-lede, het aangedui dat die SJGD sy gemeenskap wil bemagtig en daarom programme toepas wat holisties van aard en tot voordeel van die verteenwoordigers en die gemeenskap is. Volgens die projekverteenwoordigers van Mmabane Preschool, Veilige Nessie-kleuterskool en Jesus Loves You Ministries, asook die huiskomiteelede, sal hierdie projekte selfonderhoudend kan wees indien die SJGD sou onttrek. Volgens die huiskomiteelid en die verteenwoordiger van Sand, See en Skulp is dit nie moontlik vir hierdie projek om in die toekoms sonder die SJGD se hulp voort te gaan nie, aangesien die SJGD hierdie projek veral finansieel ondersteun. Hoewel Jesus Loves You Ministries se verteenwoordiger genoem het dat die nasorgsentrum in die algemeen sonder SJGD nogsteeds sal kan voortgaan, het sy ook beklemtoon dat die kinders se opvoedkundige ontwikkeling nie verder bevorder kan word, indien SJGD van die projek onttrek nie.

Die verteenwoordigers het gemeld dat hulle die SJGD se ondersteuning en bydraes opreg waardeer. In sommige gevalle (Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries) sal die projek sonder die SJGD se befondsing, toerusting en programondersteuning (soos byvoorbeeld die aanbied van sekere vaardigheidsprogramme) nie kan voortgaan nie.

Hoewel SJGD 'n wye reeks programme by die projekte aanbied, word die holistiese beplanning van hierdie programme (volgens die verteenwoordigers) nie saam met die verteenwoordigers gedoen nie (sien afdeling 5.6). Die verteenwoordiger en die projekleier betrokke by die Sand, See en Skulp projek het aangedui dat die ouers vanuit die gemeenskap hierdie projek ondersteun en meestal aktief betrokke is by die oueraande en opleidingsessies wat deur SJGD aangebied word. Hierteenoor verkry die ander drie projekte, volgens die verteenwoordigers en HK-lede, nie die nodige ondersteuning vanuit die gemeenskap nie.

#### *6.2.3.2 Gevolgtrekking*

Die persepsies van die SJGD-lede en die projekverteenwoordigers oor SJGD se kommunikasie bevestig dat die SJGD hulle projekte op baie wyses interaktief probeer ondersteun, veral tydens behoeftebepaling, en grotendeels aan die konsepte van deelname, dialoog en kulturele sensitiwiteit voldoen. Hierteenoor is daar ook sekere terugvoer wat aandui dat die SJGD nog verskeie uitdagings van deelnemende kommunikasie in die gesig staar, aangesien verskeie persepsies van die kommunikasie in terme van die konsepte van bemagtiging tot selfonderhouding en gemeenskapsontwikkeling nie voldoen nie.

## 6.3 BEANTWOORDING VAN ALGEMENE NAVORSINGSVRAAG

*Wat is die aard van kommunikasie tussen die SJGD (NWU-Pukke) en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat hulle ondersteun?*

Hierdie navorsingsvraag het die algemene doelwit van hierdie studie bepaal; om die aard van die kommunikasie tans tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte te vergelyk met die normatiewe teoretiese beginsels van deelnemende ontwikkelingskommunikasie.

Die bevindinge van die empiriese studie, soos uiteengesit in hoofstuk 5, is vergelyk met die teoretiese beginsels van die literatuurstudie, soos uiteengesit in hoofstuk 2. Die vyf teoretiese stellings is gebruik om die algemene navorsingsvraag te beantwoord.

### 6.3.1 Deelname

Volgens Servaes (1995:45) is deelname tydens besluitneming belangrik vir projekte se ontwikkeling. Dit is dus noodsaaklik dat SJGD-lede en die verteenwoordigers saam besluite moet neem om die projek te ontwikkel (sien hoofstuk 2).

Die navorser het afgelei dat SJGD-lede poog om doelgerigte deelname tussen hulle en die verteenwoordigers te laat plaasvind, maar hierdie doelwit is tans nog nie ten volle bereik nie, aangesien nie al die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte betrokke is tydens die hele ontwikkelingsproses nie (sien afdeling 5.2). Hoewel projekverteenwoordigers aktief deelneem aan behoeftebepaling, neem hierdie verteenwoordigers nie noodwendig aktief deel aan die ander belangrike prosesse (soos byvoorbeeld beplanning) nie.

Die persepsies van die SJGD-lede asook die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte weerspieël dat deelname tot ŉ groot mate plaasgevind het. Daar was wel ŉ uitsondering (Mmabane Preschool). Verteenwoordigers is nie tans deel van die hele ontwikkelingsproses (soos byvoorbeeld tydens beplanning) nie (sien afdeling 5.2).

Tot ŉ redelike groot mate word reeds aandag gegee aan deelname as sekondêre konsep van deelnemende kommunikasie in die SJGD, veral tydens behoeftebepaling, maar die ideaal is nog nie bereik nie, aangesien die verteenwoordigers tans nie in alle opsigte aktief betrokke is nie.

### 6.3.2 Dialoog

Soos uiteengesit in hoofstuk 2, beïnvloed Freire se idees aangaande dialogiese kommunikasie as normatiewe teorie van deelnemende kommunikasie tot vandag toe kommunikasie vir sosiale verandering. Mefalopulos en Grenna (2004:27) beklemtoon dat dit nie net die artikulasieproses is wat aandag moet geniet nie, maar dat die luisterproses tydens dialoog ook noodsaaklik is. Dialoog veronderstel ŉ proses waar gedeelde betekenis geskep word en dit geskied deur interpersoonlike en tweerigtingkommunikasie.

Doeltreffende dialogiese kommunikasie is nie bereik tussen die verteenwoordigers van al vier die vroeëkinderontwikkelingsprojekte en SJGD-lede nie. Aandag word tot ŉ redelike groot mate aan dialoog gegee, maar dit vind slegs plaas by sekere projekte en sekere prosesse (soos byvoorbeeld behoeftebepaling) van die hele ontwikkelingsproses. Een van die verteenwoordigers (Mmabane Preschool) het pertinent gevoel dat die HK-lid nie na haar wou luister nie, wat dus beteken dat dialogiese kommunikasie nie plaasgevind het nie.

Die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte asook SJGD-lede het bevestig dat hulle saam besluite geneem het, maar nie tydens beplanning nie. Die SJGD-lede en verteenwoordigers het verder beklemtoon dat doelgerigte dialoog soms tussen die SJGD en die verteenwoordigers ontbreek, aangesien projekte se inhoud, lede se persoonlikhede, en doelwitte van projek tot projek verskil.

### 6.3.3 Kulturele sensitiwiteit

Kulturele sensitiwiteit bevorder ’n deelnemende kommunikasiebenadering tot ’n gemeenskap se ontwikkeling en skakel verouderde beginsels van modernisme uit (sien afdeling 2.4.3.3). Deur gemeenskapslede se kultuur te verstaan word verhoudinge versterk en vertroue word tussen partye teweeggebring (Simmons, 2008:12).

Hoewel die verteenwoordigers gemeld het dat die SJGD die projekte ondersteun en nie hulle gemeenskap se kultuur probeer verander het nie, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat SJGD-lede nie vooraf seker maak wat die kinders en die verteenwoordigers se kultuur en tradisies behels nie. Sekere projekte is uitsonderings, maar daar is geen waarborg dat dit as ’n verpligte aksie of gesprek gesien word tussen die SJGD en die verteenwoordigers nie (sien afdeling 5.4). Vervolgens bestaan daar nie noodwendig berip die die diversiteit van mekaar se kultuur nie, hoewel die ervaring tog was dat almal se kultuur gerespekteer is.

Kulturele sensitiwiteit is ’n noodsaaklike konsep vir die ontwikkeling van die gemeenskapslede of verteenwoordigers en vereis nog baie aandag.

### 6.3.4 Bemagtiging tot selfonderhouding

Selfonderhouding en bemagtiging van ’n gemeenskap is wanneer die gemeenskap van sy eie kennis, hulpmiddele en plaaslike mense gebruik maak (Servaes, 1995:43).

Bemagtiging tot selfonderhouding is ’n noodsaaklike konsep wat deur middel van deelnemende kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte behoort plaas te vind. Hieraan moet die SJGD nog baie aandag skenk. Die SJGD maak tans nie seker dat daar genoeg inheemse kennis en bestaande hulpbronne in projekte aangewend word nie (sien afdeling 5.5). Om tydens behoeftebepaling op die projek se terrein te stap en aan te dui watter hulpbronne reeds beskikbaar is, is nie genoeg om seker te maak dat die SJGD hierdie bronne wel gebruik tydens ontwikkeling nie. Die gemeenskapslede en projekverteenwoordigers moet in staat wees om sonder die SJGD se hulp te kan voortgaan en as hulle nie voorstelle doen tydens ontwikkeling nie, kan volhoubare ontwikkeling en selfbestuur nie geskied nie.

Daar is vroeëkinderontwikkelingsprojekte wat bemagtig word tot selfonderhouding, maar daar is ook projekte wat nie sonder die SJGD se (veral finansiële) ondersteuning selfstandig met die programme en aktiwiteite kan voortgaan nie.

### 6.3.5 Gemeenskapsontwikkeling

Gemeenskapsontwikkeling is afkomstig van die plaaslike gemeenskap (sien afdeling 2.4.3.5). Daarom moet ontwikkeling nie deur eksterne invloede tot stand gebring word nie (Frank & Smith, 1999:79). Ontwikkeling in 'n gemeenskap is onmoontlik sonder doeltreffende deelnemende kommunikasie.

Die terugvoer wat verkry is vanaf die SJGD-lede, het aangedui dat die SJGD sy gemeenskap wil bemagtig en hulle pas programme toe wat holisties van aard en tot voordeel van die verteenwoordigers en die gemeenskap is. Die verteenwoordigers het gemeld dat hulle die SJGD se ondersteuning en bydraes opreg waardeer, maar in sommige gevalle (Sand, See en Skulp en Jesus Loves You Ministries) sal die projek nie kan voortgaan sonder die SJGD se befondsing en programondersteuning wat tans gebied word nie (sien afdeling 5.6).

Die SJGD poog om gemeenskapsontwikkeling teweeg te bring, maar uit die bevindinge in afdeling 5.6 is dit tans nie die geval by al die vroeëkinderontwikkelingsprojekte nie, aangesien die SJGD nie seker maak dat deelnemende kommunikasie en deelname tussen SJGD-lede en die verteenwoordigers tydens die hele ontwikkeling plaasvind nie.

Gemeenskapsontwikkeling kan slegs geskied indien die SJGD die verteenwoordigers van hulle projekte oor 'n sekere tydperk ondersteun en die verteenwoordigers in staat stel om in die vervolg met die programme by hulle projekte aan te gaan sonder die SJGD se hulp. Dit is tans nie die geval nie.

### 6.3.6 Algemene gevolgtrekking

Die kommunikasie tans tussen SJGD-lede en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte is nie heeltemal deelnemend van aard nie. Aandag word wel in 'n mate aan verskeie sekondêre konsepte van deelnemende kommunikasie gegee, maar nie tydens die hele ontwikkelingsproses nie en ook nie by al die projekte nie. Die SJGD poog om die gemeenskapslede te bemagtig op lang termyn, maar sonder die konsep van deelnemende kommunikasie kan hierdie doel nie bereik word nie. Die volgende afdeling bied aanbevelings en riglyne vir die SJGD aan om deelnemende kommunikasie in die toekoms by hulle projekte toe te pas, sodat die gemeenskap betrokke kan wees by sy eie ontwikkeling.

## 6.4 AANBEVELINGS VIR DEELNEMENDE KOMMUNIKASIE

Die SJGD kan gebruik maak van hierdie studie se aanbevelings om deelnemende kommunikasie tussen die SJGD-lede en die verteenwoordigers te bevorder om projekte meer deelnemend te maak.

### 6.4.1 Deelname

Die SJGD moet in die toekoms seker maak dat die SJGD-grondwet en die sosio-ekonomiese opleidingsgids duidelik aandui, asook die sosio-ekonomiese opleidingsessies duidelik beklemtoon, dat SJGD-lede saam met die verteenwoordigers van die vroeëkinder-ontwikkelingsprojekte by die *hele ontwikkelingsproses* betrokke behoort te wees en nie net tydens behoeftebepaling nie. Hierdie dokumente sal die huiskomiteelede en die projekleiers in staat stel om deelname as beginsel (asook die ander beginsels) prakties aan te wend tydens projekaksies en in hulle oordragsverslae aan te dui wanneer en hoe hierdie beginsel toegepas is. Die vorm vir die evaluering van die skakelpersoon behoort ook aangepas te word, aangesien die vrae tans nie kan bepaal of die verteenwoordigers ook aktief deel-geneem het aan prosesse nie. Die verteenwoordigers behoort ook in die toekoms self die SJGD se evaluering te evalueer, sodat die SJGD die nodige aanpassings kan maak om doelgerigte ondersteuning aan hierdie NRO's te kan bied.

Buiten die genoemde aanbevelings rakende deelname, behoort SJGD ook seker te maak dat die SJGD-lede, tydens die vergaderings en die opleidingskursus voor elke termyn, opgelei word oor hoe om deelname as beginsel toe te kan pas. SJGD-lede moet bemagtig word om hierdie noodsaaklike beginsels van deelnemende kommunikasie te kan implementeer tydens die projekaksies.

### 6.4.2 Dialoog

Aangesien die SJGD ŉ groot NRO is en verskeie kommunikasiekanale gebruik moet word, moet SJGD-lede bewus wees dat dit die huiskomiteelid of die projekleier is wat hoofsaaklik met die verteenwoordigers van die SJGD-projekte kommunikeer. Die beste vorm van kommunikasie is interpersoonlik en tweerigting van aard, want dan kan albei partye mekaar se boodskappe probeer verstaan en begryp en gedeelde betekenis geskep word. Dit is ook baie belangrik dat studente, betrokke by alle SJGD-projekte, besef dat die luisterproses óók belangrik is en aangewend behoort te word om presies te kan weet wat die gemeenskapslede se behoeftes werklik is. Telefoniese kommunikasie via SMS-boodskappe word nie aanbeveel nie, omdat dit eenrigtingkommunikasie veronderstel. Die SJGD moet die grondwet asook die vraelys vir die evaluering van die skakelpersoon hersien en seker maak

dat doelgerigte dialoog tussen SJGD-lede en die verteenwoordigers beklemtoon word, sodat deelnemende kommunikasie kan geskied en volhoubare ontwikkeling by die projekte aangespoor word. Buiten die genoemde aanbeveling, behoort SJGD ook die lede op te lei sodat hulle kan weet hoe om dialoog (asook die ander beginsels) in die praktyk toe te kan pas en te kan fasiliteer.

### 6.4.3 Kulturele sensitiwiteit

Die gemeenskapslede waarmee SJGD-lede werk, is divers in taal (in sommige gevalle), tradisies, geloof en agtergrond. Dit is daarom belangrik dat die SJGD moet seker maak dat die lede die erns besef om begrip en respek te hê vir die gemeenskapslede waarmee hulle werk asook dat die lede opgelei word oor hoe om kulturele sensitiwiteit in die projek se programme te implementeer. Huiskomiteelede en projekleiers kan gereeld aangemoedig word om tydens behoeftebepaling seker te maak wat die taal, tradisies, geloof en agtergrond van die verteenwoordiger sowel as die kinders behels. Hierdie bied die ideale geleentheid om die verteenwoordigers se vertroue te wen en om hulle aan te moedig om betrokke te wees gedurende die termyn sodat inheemse kennis tydens die toepassingsprogramme aangewend kan word.

Wat die taalkwessie betref (in die geval van Mmabane Preschool), is die taalvaardigheidsgids alleen nie genoeg nie en moet huiskomiteelede en projekleiers gebruik maak van die tolkdienste van die NWU-Pukke. Die uitvoerende komitee van die SJGD behoort seker te maak dat die huiskomiteelede en die projekleiers wie se verteenwoordigers nie Afrikaans of Engels verstaan nie, wel die taalvaardigheidsopleiding móét bywoon en ook gebruik moet maak van tolke tydens die projekaksies. Daar word aanbeveel dat die SJGD in die toekoms ŉ ooreenkoms met die tolkdienste aangaan, sodat SJGD-lede alles moontlik kan doen om seker te maak dat deelnemende kommunikasie tussen hulle en die verteenwoordigers geskied.

### 6.4.4 Bemagtiging tot selfonderhouding

Die SJGD moet seker maak dat die huiskomiteelede en die projekleiers die verteenwoordigers betrek by die hele ontwikkelingsproses, insluitend die beplanning, toepassing en evaluasie van projekte. SJGD se lede behoort nie net verteenwoordigers te betrek by die proses nie, maar moet uiteindelik ook in staat te kan wees om te kan weet hoe om hierdie beginsel van deelnemende kommunikasie by hulle projekte te kan bereik. Na die behoeftebepaling moet die verteenwoordigers voorstelle (inheemse kennis en hulpbronne reeds tot hulle beskikking) doen aan hierdie SJGD-lede oor die beplanning wat gedoen moet word.

Elke SJGD-termyn is wel kort, maar indien die prosedures van deelnemende kommunikasie nie doelgerig gevolg word nie, is hierdie 'n kringloop waar verteenwoordigers wel ondersteun word, maar nie in staat is om programme in die toekoms self aan te wend en te bestuur nie. SJGD se verantwoordelikheid lê nie by die bestuur van die projekte nie, maar by die ondersteun van die projekte. Die SJGD moet seker maak dat al hulle lede bewus is dat hulle slegs ondersteuning aan die verteenwoordigers van die gemeenskapsprojekte lewer, eerder as om projekte self van stapel te stuur, te bestuur en toe te pas. Die verteenwoordigers word dan in staat gestel om in die toekoms selfbestuur by die projekte toe te pas en ten einde selfonderhoudend te wees deur hierdie bemagtigingsproses. SJGD-lede moet nié die projekte bestuur nie, maar hulle moet slegs die verteenwoordigers ondersteun en betrek by die hele ontwikkeling. Daarom moet SJGD-lede so opgelei word dat hulle bemagtig kan wees en kan weet hoe om bemagtiging tot selfonderhouding as beginsel te kan aanwend in hulle projekte wat hulle ondersteun. Hierdie is tekenend van deelnemende kommunikasie vir volhoubare gemeenskapsontwikkeling.

### 6.4.5 Gemeenskapsontwikkeling

Hoewel SJGD probeer om gemeenskapsontwikkeling toe te pas deur te fokus op volhoubare en langtermynontwikkeling vir die gemeenskap. Kan dit nie gebeur sonder die gemeenskap se ondersteunende betrokkenheid by die beplanningsprosesse van holistiese programme nie. Almal moet betrokke wees in hierdie ontwikkelingsproses wat dan tot voordeel sal wees vir die gemeenskap in sy geheel, aangesien die gemeenskap self sorg vir sy ontwikkeling. SJGD moet daarom seker maak dat die lede toegerus word met die nodige kennis oor hoe om gemeenskapsontwikkeling ten einde te kan bereik. Die navorser stel ook voor dat die SJGD in die toekoms minder projekte ondersteun, aangesien kwantiteit nie noodwendig kwaliteit veronderstel nie. Wat die ondersteuning van die SJGD ingewikkeld maak, is dat die lede na elke termyn verander en daarom moet die adviesraad toesien dat die SJGD-lede die beginsels van deelnemende kommunikasie gedurende die hele ontwikkeling toepas wanneer hulle met die betrokke verteenwoordigers werk. Hierdie lede moet weereens opgelei word oor hoe om hierdie beginsels van deelnemende kommunikasie te implementeer en te fasiliteer.

## 6.5 AANBEVELINGS VIR TOEKOMSTIGE STUDIE

Verdere navorsingsgeleenthede oor kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers is volop, aangesien die SJGD navorsing belangrik ag vir die toekomstige doelgerigte ontwikkeling en sukses van hierdie unieke NRO. Toekomstige studies kan weereens bepaal of die SJGD deelnemende kommunikasie tydens hulle projekbesoeke toepas en of hulle dokumente aangepas is om die nodige riglyne omtrent deelnemende

kommunikasie aan huiskomiteelede en projekleiers te verskaf. Die vroeëkinder-ontwikkelingskategorie kan die onderwerp wees van studies wat na vyf jaar herhaal word om te bepaal watter veranderinge plaasgevind het. Studies kan ook tans op die ander drie kategorieë van die SJGD toegepas word, naamlik die kategorieë kwesbare jeug en volwassenes, kinder- en jeugontwikkeling en uitreike.

ŉ Volgende area van navorsing wat geïdentifiseer is, is die interne sektor van die SJGD. Navorsing kan gedoen word oor die aard van kommunikasie tussen die lede van die uitvoerende komitee en hoe die kommunikasie met die huiskomiteelede en projekleiers hierdeur beïnvloed word, wat dan uiteraard ŉ uitwerking het op die soort kommunikasie binne die SJGD teenwoordig. Indien die Vaaldriehoek- of die Mafikengkampus van die NWU poog om ŉ soortgelyke organisasie te stig, kan hierdie studie as riglyn vir deelnemende kommunikasie tussen die organisasie en die verteenwoordigers aangewend word.

## 6.6 OPSOMMING

Hierdie afdeling het navorsingsvrae beantwoord deur die gevolgtrekkings en samevattings van die empiriese studie oor die aard van kommunikasie tussen die SJGD en die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte kortliks aan te dui. Uit die bevindinge van die kwalitatiewe inhoudsanalise, semigestruktureerde onderhoude en die deelnemer-waarnemerverslaggewing word beklemtoon dat die SJGD tans nog nie al die normatiewe beginsels van deelnemende kommunikasie tydens hulle kommunikasie met die verteenwoordigers van die vroeëkinderontwikkelingsprojekte volledig toepas nie. Hierdie leemte en probleem word onder andere veroorsaak deurdat die SJGD se dokumente en opleidingsessies tans nie die belangrikheid van deelnemende kommunikasie beklemtoon nie. Die nodige riglyne word nie gebied om SJGD-lede in staat te stel om die beginsels van deelnemende kommunikasie doelgerig toe te pas by hulle projekte nie. Verskeie aanbevelings omtrent die sekondêre konsepte van deelnemende kommunikasie (hoofkonsep) is ook in hierdie afdeling gemaak, sodat die SJGD in die toekoms hierdie riglyne kan gebruik om ontwikkeling te verseker.

Deelnemende kommunikasie is belangrik vir enige gemeenskap se ontwikkeling, aangesien ŉ gemeenskapsprojek nie volhoubaar en selfonderhoudend kan voortgaan sonder hierdie noodsaaklike konsep van ontwikkeling nie.

# ADDENDUM A

## PORTEFEULJES VAN DIE SJGD SE UITVOERENDE KOMITEE

Die SJGD se operasionele bestuur bestaan uit verskeie portefeuljes. Die portefeuljes relevant tot hierdie navorsingstudie is reeds uiteengesit in afdeling 3.5.2. Portefeuljes van die SJGD se uitvoerende komitee wat nie relevant tot hierdie navorsingstudie is nie, is die volgende:

### A.1 SOSIAAL EN KLERASIE

Dié portefeuljehouer is verantwoordelik vir al die funksies wat die uitvoerende komitee moet bywoon, soos byvoorbeeld skakelaksies tussen komitees, die uitbetalingsfunksie en die dinee. Hierdie persoon is dus verantwoordelik vir ŉ goeie verstandhouding met huiskomitees, die uitvoerende komitee en projekleiers. Goeie verhoudings word gehandhaaf met kommunikasie tussen hierdie portefeuljehouer (van die SJGD se uitvoerende komitee) en die huiskomitees, akademiese studenteverenigings en Pukke-projekleiers. Kommunikasie vind plaas tydens formele en informele vergaderings asook skakelaksies.

Hierdie portefeuljehouer op die SJGD se uitvoerende komitee sorg verder dat die drag van die uitvoerende komitee (formeel en informeel) netjies en volgens die gestelde riglyne sigbaar is. Aangesien die SJGD as studenteraadsportefeulje dien, moet die vereiste NWU-logo te alle tye op die klere van die uitvoerende komitee sigbaar wees om sodoende die identiteit van die studenteraad en NWU-Pukke uit te dra en te verseker (SJGD, 2010a:3). Die SJGD se ou logo word nie meer gebruik nie, aangesien die SJGD dieselfde logo moet hê as die res van die studenteraadsportefeuljes. Alhoewel die SJGD as onafhanklike NRO funksioneer, is dit belangrik om in gedagte te hou dat die SJGD steeds deel van die struktuur en identiteit van die studenteraad vorm. Die vorige en huidige logo's word in figuur A en figuur B geïllustreer.

***Figuur A*** *SJGD se ou logo* ***Figuur B*** *SJGD se nuwe logo*

## A.2 FINANSIES

Die lid getaak met finansies is verantwoordelik vir al die finansies van die SJGD. Dit behels begrotings van die uitvoerende komitee, koshuise en Puk-projekte. Die lid monitor dat almal binne begroting spandeer en hy of sy hou boek van die SJGD se uitgawes (SJGD, 2010a:3).

## A.3 VERVOER

Die lid sorg dat al die aansoeke vir vervoer (huur van motors om komiteelede na die projekte te vervoer) gereeld deurgegaan en vervoer bespreek word, asook om ŉ goeie verstandhouding met die Puk se vervoerdienste te verseker. Aksies soos bustoere en Sand, See en Skulp is belangrik in hierdie persoon se portefeulje. Daar moet ook inligting oor al die motorbestuurders gehou word vir kontroledoeleindes (SJGD, 2010a:4).

## A.4 TEGNIES

Die portefeulje behels die reël van tegniese apparate vir die verskillende projekte wat deur die uitvoerende komitee geloods word. Die persoon moet ook deeglike kennis dra van die werking van rekenaars. Verpligtinge aangaande die SJGD se klanksisteem, beligting en die SJGD-stoor val ook onder hierdie portefeulje (SJGD, 2010a:4).

## A.5 SEKRETARESSE EN INTERNE BETREKKINGE

Die sekretaresse van die SJGD behartig alle papier- en tikwerk. Notulering van vergaderings, die netheid van lêers en die kantoor word deur hierdie persoon behartig. Dié portefeuljehouer moet ook verseker dat die uitvoerende komitee se verslae op die rekenaar beskikbaar en op datum is. Die rekenaarstelsel moet daarom vir almal verstaanbaar gemaak word en toeganklik wees. Bystand word ook aan die SJGD-voorsitter verleen. Dié

portefeuljehouer sorg vir geskenke en bedankings aan belanghebbendes van die SJGD, soos byvoorbeeld personeellede van die NWU-Pukke (SJGD, 2010a:2).

## A.6 BEMARKING

Die lid sorg dat die kampus goed ingelig is oor gebeure en aksies van die SJGD. Hierdie persoon is verantwoordelik vir die ontwerp van plakkate, logo's en so meer. Dié portefeuljehouer sorg vir bewusmaking van Puk-projekte sowel as enige bemarkingsaktiwiteite wat verlang word (SJGD, 2010a:5).

## A.7 KORPORATIEWE IDENTITEIT: PUBLIKASIES

Hierdie lid is verantwoordelik vir publikasies in die gedrukte media asook skakeling met PUKfm (NWU-Pukke se kampusradiostasie) sowel as ander radiostasies. Enige publikasie van enige SJGD-projek moet taalversorg word en daar moet verseker word dat die inligting korrek is. Hierdie portefeuljehouer stel die SJGD se maandelikse (interne) nuusbrief op en is ook verantwoordelik vir die uitstuur van die nuusbrief na die verskillende belangegroepe (SJGD, 2011a).

## A.8 KORPORATIEWE IDENTITEIT: SKAKELTOERE

Hierdie lid is verantwoordelik vir die bestuur van die korporatiewe identiteit van die SJGD deur middel van skakeltoere wat onderneem word. Skakeltoere is toere (uitstappies na verskeie ontwikkelingsprojekte) wat gereël word vir belangegroepe, byvoorbeeld borge, om ŉ beter begrip te verkry wat die SJGD as NRO doen en by watter soort projekte die SJGD betrokke is. Hierdie persoon is ook verantwoordelik vir die bekendstelling van die SJGD tydens die radebekendstelling van die Ontvangs- en Bekendstellingsprogram van die eerstejaars. Dit behels gewoonlik ŉ DVD, wat aandui wat die SJGD is en doen, wat aan die eerstejaars vertoon word saam met die bekendstelling van die uitvoerende komitee en projekleiers van die SJGD. Hierdie portefeuljehouer sorg vir goeie kommunikasie deur regdeur die jaar en veral tydens die Ontvangs- en Bekendstellingsprogram se jool-aktiwiteite met die joolkomitee te skakel. Die SJGD se beeld word uitgedra tydens die joolweek en daarom is die SJGD betrokke by die aktiwiteite wat daarmee gepaard gaan (SJGD, 2010a:5).

## A.9 FONDSWERWING

Hierdie portefeuljehouer sorg vir identifisering van borge, voorleggings, besoeke, funksies en nasorg. Die hoofdoel van die portefeulje is om borge vir die uitvoerende komitee se

portefeuljes te kry. Hierdie persoon moet nou saamwerk met Jool en die SJGD se projekleiers en huiskomiteelede om te verseker dat borge nie oorvleuel nie. Alle borgvoorleggings van ander SJGD-verwante projekte word dus deurgegaan en word aan die ondervoorsitter van die studenteraad gegee vir evaluering. Hierdie persoon help enige huiskomiteelid of projekleier om ŉ borgvoorlegging te doen en om dit te versorg (SJGD, 2010a:3).

Die bogenoemde portefeuljes verteenwoordig die interne skakeling en uitvoerende komitee van SJGD.

Die uitvoerende komitee van SJGD het elke jaar sekere aksies wat uitgevoer moet word en dit sluit die volgende in:

**Marathonsokkie**

Dit is ŉ deurnagsokkie wat die SJGD jaarliks aanbied om fondse te werf vir die onderskeie ontwikkelingsprojekte. Hierdie aksie word by die Impala Hotel gehou en begin gewoonlik 18:00 en eindig 06:00 die volgende oggend (SJGD, 2010b). Die Puk-projekkoördineerder is verantwoordelik vir hierdie aksie van die SJGD en het verpligtinge betreffende skakeling met die lede van die uitvoerende komitee, die huiskomitees, die projekleiers en die bestuur van die Impala Hotel.

**Blikkieskosdag**

Hierdie aksie wat op die Potchefstroomkampus plaasvind maak die gemeenskap (veral die studente en dosentekorps) bewus van die werk wat elke lid van die SJGD en die SJGD in die geheel doen, omdat die mense soms nie die omvang van die SJGD besef nie. Hierdie blikkies word aan die verskeie SJGD-ontwikkelingsprojekte en onder die gemeenskap versprei waar daar nood is. Blikkieskosdag behels dat al die koshuise vooraf niebederfbare produkte onder die koshuise se inwoners insamel (SJGD, 2010b). Die huiskomiteelede word die geleentheid gebied om al die ingesamelde produkte in Lover's Lane (ŉ bekende paadjie op die Potchefstroomkampus) uit te stal met ŉ tema wat vir die dag aangewys word. Daar is verskeie kompetisies wat deur die dag van stapel gestuur word om tot die atmosfeer by te dra. Die lid belas met eksterne betrekkinge is verantwoordelik vir die organisering en beplanning van hierdie aksie. Hierdie lid skakel met die lede van die uitvoerende komitee, die huiskomitees en verskeie personeellede van die NWU-Pukke.

**Kaalvoetdag**

Die lid getaak met eksterne betrekkinge is verantwoordelik vir die organisering en beplanning van hierdie aksie. Hierdie lid skakel met die lede van die uitvoerende komitee, die

huiskomitees en verskeie personeellede van die NWU-Pukke. Die doel van hierdie dag is om die studente bewus te maak dat daar mense is wat nie klere of skoene het nie (SJGD, 2010b; Van Niekerk, 2010:3). Gedurende Kaalvoetdag word studente en dosente uitgedaag om kaalvoet kampus toe te kom om hulle ondersteuning aan die dag te wys. Daar word ŉ uitstalling van die klere en skoene, wat deur die koshuise en besighede ingesamel is, in Lover's Lane gehou (Taute, 2010:1). Dit help ook om die gemeenskap en die kampus bewus te maak van die werk wat elke huiskomiteelid, projekleier, komiteelid en lid van die uitvoerende komitee doen. Hierdie dag vind plaas in sleepverband (ŉ dames- en mans-koshuis wat saamwerk). Elke 'sleep' kry ŉ gebied waar hulle kan uitstal wat hulle ingesamel het. Studente (hetsy aan ŉ koshuis verbonde of nie) se voetspore word gedurende hierdie aksie op ŉ lang stuk lap afgedruk. Koshuise begin om 08:00 met hulle stalletjies en dan vind kompetisies (byvoorbeeld wie die grootste voet het en so meer) gewoonlik plaas vanaf 12:00 tot 13:00.

### Karnavaldag

Karnavaldag is ŉ dag waar die kinders van verskeie SJGD-ontwikkelingsprojekte (vroeëkinderontwikkeling- en kinder- en jeugontwikkelingskategorieë) aan sportaktiwiteite (tydens die jaarlikse jool) deelneem. Karnavaldag gaan oor die bewusmaking van die SJGD, veral onder die eerstejaars. Dit bied ook aan die kinders (van die onderskeie ontwikkelingsprojekte) wat deelneem die geleentheid om net te kan speel en die geleentheid te geniet. Karnavaldag het ontstaan uit die jool se X-spele en word gehou tydens jool aan die begin van die universiteitstermyn. Die Potchefstroomse brandweerdiens en die SAPD is ook tydens hierdie dag betrokke en verduidelik hulle rol in die gemeenskap aan die kinders. Daar is springkastele, ŉ sokkerbaan, aksies om die kinders motories te stimuleer, glybane en boeresport. Karnavaldag word gehou op die Joolplaas. Daar word ŉ gebied afgebaken vir spesiale instansies (mense wat fisies en verstandelik gestremd is). Hulle word besig gehou met krieket speel, gesigsverf, vroteier en speel met klei. Elke persoon wat die aksie bywoon ontvang middagete en koeldrank (SJGD, 2010b). Die lid belas met eksterne betrekkinge is verantwoordelik vir die organisering en beplanning van hierdie aksie. Hierdie lid skakel met die lede van die uitvoerende komitee, die huiskomitees, die Potchefstroomse brandweerdiens, die SAPD en verskeie personeellede van die NWU-Pukke.

### Teetuin

Hierdie aksie vind plaas tydens jool en word op dieselfde dag as Karnavaldag gehou. Die joolpersoonlikheid en haar debutantekomitee is verantwoordelik vir die organisering en beplanning van hierdie aksie van die uitvoerende komitee. Sy en haar komitee skakel met

verskeie ouetehuise in Potchefstroom, die huiskomitees en lede van die uitvoerende komitee. Die doel van die Teetuin is om die bejaardes van Potchefstroom te bederf en hulle bewus te maak van die SJGD (SJGD, 2010b). Hier ontvang hulle etes en hulle speel speletjies soos Bingo. Verskeie pryse word tydens die aksie uitgedeel.

### Bustoere

Tydens die Ontvangs- en Bekendstellingsprogram van die eerstejaars vind hierdie aksie plaas. Die verskeie koshuise se eerstejaars word na hulle onderskeie SJGD-ontwikkelingsprojekte geneem om bewus te word van hulle koshuis se projek en gemeenskapsdienste waarby hulle in die toekoms betrokke kan raak. Hierdie aksie van die uitvoerende komitee word georganiseer en beplan deur die lid getaak met vervoer. Die lid skakel met die busdiens (wat op daardie dag gebruik gaan word), die huiskomitees, projekleiers en die res van die lede van die uitvoerende komitee.

### Uitbetalingsfunksie

Die Uitbetalingsfunksie is die SJGD se glansaand en ŉ gulde geleentheid vir die SJGD om aan die gemeenskap te wys wat die SJGD is en presies wat hulle doen. Tydens hierdie funksie word bekend gemaak hoe die SJGD die finansies, wat deur die Joolportefeulje van die studenteraad toegewys is, gedurende die betrokke termyn spandeer het en daar word ongeveer R700 000 aan behoeftige instansies uitbetaal, waarvan R250 000 tydens hierdie geleentheid uitbetaal word (Fouché, 2010:1). Aansoekvorms word ŉ geruime tyd voor hierdie funksie saamgestel en bied aan instansies, hetsy uitreike of NRO's, die geleentheid om vir ŉ uitbetaling aansoek te doen. Die aansoeke word deurgegaan en die SJGD se dagbestuur besluit hoe om die fondse toe te ken aan die persone of behoeftige instansies (SJGD, 2010c:1). Die lid belas met Sosiaal en Klerasie is verantwoordelik vir die beplanning en organisering van hierdie glansaand. Hierdie lid skakel met medelede van die uitvoerende komitee, huiskomitees, projekleiers, persone wat uitbetalings op daardie aand ontvang, personeellede van die NWU-Pukke en die spyseniers.

### Skakeltoere

Skakeltoere word in die agtergeblewene gebiede van Potchefstroom onderneem om die SJGD se ontwikkelingsprogramme bekend te stel. Hierdie skakeltoere word gehou om die belanghebbendes van die SJGD in te lig omtrent die werk van die SJGD. Die belanghebbendes sluit die uitvoerende komitee van die Jool, verskeie borge van die SJGD en die studenteraad in (De Bruyn, 2010a:2; De Bruyn, 2010b:3; De Bruyn, 2010c:3; SJGD,

2010b). Die lid belas met Korporatiewe Identiteit: Skakeltoere is verantwoordelik vir verskeie skakeltoere asook skakeling met genoemde persone.

### Let's play-inisiatief (sportdag)

Hierdie ontwikkelingsprojek se hoofdoel is om sport in Ikageng en Potchefstroom te bevorder (SJGD, 2010g). Die projek behels ŉ sportdag wat gereël word vir laerskole in die betrokke area. Die kinders neem deel aan ŉ toernooi wat uit verskeie sportsoorte bestaan en word die geleentheid gegun om meer oor spesifieke sportsoorte uit te vind (SJGD, 2010f). Die aksie word beplan en georganiseer deur die lid belas met Projekontwikkeling en Bemagtiging. Hierdie lid skakel met die huiskomitees, die projekleier vir Sportontwikkeling en verskeie instansies wat op hierdie dag bydraes lewer.

### Betrokkenheid by KANSA (Kankervereniging van Suid-Afrika)

Die lid getaak met Ontwikkeling en Bemagtiging skakel met verskeie personeellede van KANSA, huiskomitees en projekleiers. Hierdie lid is verantwoordelik vir die beplanning en organisering van die volgende aksies:

- *Borskankerdag* – die SJGD se Women of Worth-komitee, onder leiding van die joolpersoonlikheid, bied die afgelope twee jaar ŉ borskankerbewusmakingsveldtog op die kampus aan tydens Kaalvoetdag (SJGD, 2010b);
- *Kleur en Skeer* – Hierdie aksie is weereens om die realiteit van kanker tuis te bring aan die studente (SJGD, 2010b). Die studente kan hulle hare kleur of skeer en ŉ donasie ter ondersteuning van die organisasie gee. Die geleentheid word saam met Blikkieskosdag gehou;
- *Koeverte* – Elke koshuis se SJGD-huiskomiteelid ontvang KANSA-donasievorms. Hierdie vorms word onder inwoners versprei en die geld wat ingesamel word, word aan KANSA oorhandig. Die SJGD bestuur en administreer die geld en maak seker dat al die koeverte weer ingevorder word. In 2010 is R85 000 ingevorder (SJGD, 2010c); en
- *CANSA Relay For Life* – Hierdie is ŉ fondsinsameling wat van 18:00 tot 06:00 op die NWU se sportterrein gehou word. Die aksie help die Potchefstroomse gemeenskap om vrywillig deel te neem aan hierdie fondsinsameling en om meer bewus te raak van die stryd teen kanker (SJGD, 2010b). Die SJGD, inwoners van Potchefstroom, studente en verskeie projekte van die NWU-Pukke skakel met KANSA om steun te toon (SJGD, 2010b). In 2010 het vier koshuisprojekte, die Women of Worth-komitee en die uitvoerende komitee van die SJGD ingeskryf. In 2011 het 31 spanne vir hierdie fondsinsameling ingeskryf.

# ADDENDUM B

## UITVOERENDE BESTUUR VAN DIE SJGD:

## WOMEN OF WORTH-KOMITEE, AKADEMIESE STUDENTEVERENIGINGS EN ONDERLIGGAME

Die funksies van huiskomiteelede en die projekleiers van die SJGD se uitvoerende bestuur is reeds in afdeling 3.5.3 bespreek, aangesien hierdie bestuurslede relevant is vir die navorsingstudie. Die komitees wat nie relevant tot hierdie navorsingstudie is nie, maar wat betrokke is by die SJGD se uitvoerende bestuur, word in Addendum B bespreek.

### B.1 WOMEN OF WORTH-KOMITEE

Soos reeds in afdeling 3.5.2.7 bespreek, bestaan die Women of Worth-komitee uit 14 jooldebutante waarvan die joolpersoonlikheid as lid van die uitvoerende komitee en Women of Worth-voorsitter dien. Die Women of Worth-komiteelede het elk haar eie portefeulje en program wat sy bestuur. Hulle moet gedurende hul termyn aksie- en prosesverslae inhandig en terugvoer aan die SJGD se paneel en die maatskaplike konsultante gee. Hierdie lede kommunikeer hoofsaaklik met die joolpersoonlikheid deur interpersoonlike kommunikasie, vergaderings, elektroniese pos en telefoniese oproepe of boodskappe.

Die onderskeie ontwikkelingsprojekte waarby die Women of Worth-komitee betrokke is val hoofsaaklik onder die kategorie uitreike van die SJGD en is die volgende:

#### B.1.1 Prinsesprojek

Die doel van hierdie projek is om tweedehandse rokke en bykomstighede in te samel. Dit word gebruik om minderbevoorregte meisies die geleentheid te bied om hul skool se matriekafskeid by te woon. Koshuise en die gemeenskap soos skoonheidsalonne, kerke en die organisasie *Curves* is betrokke by hierdie projek (SJGD, 2010f).

#### B.1.2 Borskankerdag

Die projek word geloods om fondse in te samel vir KANSA in Potchefstroom. Hierdie dag word jaarliks saam met Kaalvoetdag gehou. Borskankerstrikkies word twee weke voor die tyd verkoop aan die studente. KANSA verskaf inligtingsblaadjies, baniere en sleutelhouers wat verkoop kan word (SJGD, 2010f).

### B.1.3 Dienssentrum vir Bejaardes se Lentedag

Die Women of Worth-komitee is betrokke by die Dienssentrum vir Bejaardes se Lentedag wat deel uitmaak van Lenteweek. Vier ander organisasies is ook betrokke by Lenteweek. Die Lenteweek het ontstaan omdat die verskeie organisasies nie die Dag vir Bejaardes wat tydens Aardklop plaasvind, kan vier nie. Die Women of Worth-komitee en die uitvoerende komitee van die SJGD is verantwoordelik vir die versier van die saal en die geskenkies wat aan elke bejaarde gegee word (SJGD, 2010f).

### B.1.4 Women of Worth-sokkie

Hierdie projek word deur die Women of Worth-komitee van stapel gestuur om fondse in te samel vir hulle ontwikkelingsprojekte (SJGD, 2010f). Die aksie word gewoonlik by die Impala Hotel gehou en is nie dieselfde aksie as die deurnagsokkie van die uitvoerende komitee van die SJGD nie.

### B.1.5 Projek van die joolpersoonlikheid

Die joolpersoonlikheid het die voorreg om jaarliks 'n projek van haar keuse van stapel te stuur. Die projek moet volhoubaar, bemagtigend en bewusmakend wees. Die projek wat vir die termyn van 2010-'11 gekies is, is 'n kursus vir die bemagtiging van vroue op die kampus. Die idee is om nie net om meisies te nader wat behoeftig is nie, maar dit ook as 'n prestige byeenkoms te bemark. Die huiskomiteelede van die vrouekoshuise word genader om vroue vir die kursus te kies en te motiveer waarom die spesifieke vroue gekies is om die kursus by te woon. Die kursus fokus op verskeie vlakke, naamlik die fisiese, emosionele en geestelike welstand van vrouwees. Beraders, predikante en verteenwoordigers van skoonheidsalonne word genader om as sprekers op te tree en selfverdedigingsklasse word aangebied. Die doel is om die reaksie op die kampus te toets en dan te kyk of dit ook op hoërskoolvlak aangebied kan word (SJGD, 2010f). Buiten die huiskomiteelede, die Puk-projekleiers en die jooldebutante, bestaan die SJGD se interne struktuur ook uit lede van verskeie akademiese studenteverenigings.

## B.2 AKADEMIESE STUDENTEVERENIGINGSLEDE

Die akademiese studenteverenigings funksioneer uit die verskeie fakulteite op die Potchefstroomkampus en skakel hoofsaaklik met die akademiese studenteverenigings se lid van die uitvoerende komitee van die SJGD. Hierdie komiteelede het tydens die SJGD se termyn van 2009-'10 betrokke geraak by verskeie SJGD-ontwikkelingsprojekte. Die komitees verteenwoordig meestal skakelprojekte in hulle betrokke vakgebied. Die projekte is nievaste ontwikkelingsprojekte wat met ander ontwikkelingsprojekte skakel.

Die akademiese studenteverenigings bestaan uit die volgende fakulteitskomitees: Ad Vivendum (Omgewingswetenskappe), BRS (Biokinetika, Rekreasie en Sport), BSV (Stads- en Streekbeplanning), Caritas (Maatskaplike Werk), Commercia (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), Curona (Verpleegkunde), Exatomos (Fisiese en Chemiese Wetenskappe), Excursio (Toerisme), ISV (Ingenieurs), Let Wel (Lettere en Wysbegeerte), Nutricamus (Verbruikerswetenskappe), Opvoed (Onderwys), PASV (Farmasie), Privatus (Sielkunde), Saipa (Rekenmeesters), Scientiae (Natuurwetenskappe en Wiskunde), SRVP (Regte) en Vivienté (Fisiologie, Voeding en Dieetkunde).

## B.3 KUNSTE-ONDERLIGGAME EN ANDER ORGANISASIES

Die SJGD as NRO skakel nie net met akademiese studenteverenigings nie maar ook met verskeie onderliggame van die NWU-Pukke, sowel as met ander Potchefstroomse organisasies. Hierdie onderliggame en organisasies kry ondersteuning van die SJGD om uit te reik na verskeie ontwikkelingsprojekte soos byvoorbeeld Katlego Early Learning Centre, die Dierebeskermingsvereniging (DBV), dansontwikkeling vir kinders en verskeie ander ontwikkelingsprojekte. Die koördineerder vir die akademiese studenteverenigings van die SJGD skakel met hierdie betrokke organisasies en onderliggame. Die onderskeie onderliggame en organisasies wat deur die SJGD ondersteun word, is die volgende:

- PUKfm (NWU-Pukke se radiostasie as onderliggaam);
- Wyngilde (onderliggaam);
- Divaco (dansgroep as onderliggaam);
- Rotaract (organisasie);
- Thalia (NWU-Pukke se toneel- en kunstevereniging as onderliggaam); en
- MEK (Studenteraad:MEK is ŉ studenteraadsportefeulje en staan bekend as Media en Kommunikasie).

# ADDENDUM C

## FUNKSIONERINGSKATEGORIEË EN ONTWIKKELINGSPROJEKTE VAN DIE SJGD

Die vier vroeëkinderontwikkelingsprojekte (van die SJGD) relevant vir hierdie navorsingstudie is reeds in afdeling 3.6 bespreek. Verdere besprekings oor nierelevante projekte in hierdie spesifieke kategorie asook projekte in die kategorieë kwesbare jeug en volwassenes, kinder- en jeugontwikkeling en uitreike sal vervolgens bespreek word.

### C.1 KATEGORIE KWESBARE JEUG EN VOLWASSENES

#### C.1.1 Ons Hulde Ouetehuis (Klawerhof Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Ons Hulde Ouetehuis in Potchefstroom is ŉ tehuis van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie (SAVF) wat primêr op die versorging van mindergegoede bejaardes en gestremde persone van die gemeenskap fokus (SJGD, 2010f). Daar is groot finansiële nood by die tehuis aangesien slegs 6 uit die 97 inwoners van Ons Hulde Ouetehuis tans in staat is om die volle gelde by te bring. Slegs enkele inwoners se familielede bly in voeling met hulle. In baie gevalle is familielede van die inwoners onopspoorbaar of self pensioenarisse, en finansiële en ander bydraes uit hierdie oord is ŉ doodloopstraat. Ons Hulde Ouetehuis is baie afhanklik van skenkings soos kos, toiletware asook die fisiese instandhouding van die geboue (SJGD, 2010f). Die inwoners het baie geestelike, maatskaplike, emosionele en fisiese behoeftes. Dit is die SJGD se doel om hierdie tehuis te ondersteun met die nodige hulpbronne. Die SJGD bied finansiële steun aan hierdie tehuis en voorsien in die bejaardes se geestelike, maatskaplike, emosionele en fisiese behoeftes.

#### C.1.2 Tshwaraganang Dagsorgsentrum (Caput Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Tshwaraganang Dagsorgsentrum is geleë in Ikageng en versorg gestremde kinders van die omliggende areas. Daar is tans 30 gestremdes by die sentrum, sowel as 16 versorgers (SJGD, 2010f). Die gestremdes se ouderdomme wissel tussen 2 jaar en 38 jaar. Daar is ŉ groot verskeidenheid van gestremdhede en vlakke van funksionering op alle terreine wat fisiese, psigiese, emosionele en kognitiewe funksionering insluit. Die 16 versorgers sluit die busbestuurder en die skoonmaakster in. Twee van die veertien oorblywende versorgers maak daagliks kos vir die gestremdes. Daar is dus 12 versorgers van wie primêr verwag word om na die gestremdes om te sien (SJGD, 2010f). Die SJGD verskaf ondersteuning

aan hierdie organisasie wat strek van finansiële hulp tot emosionele ondersteuning aan die dagsorgsentrum se personeellede en gestremdes.

### C.1.3 Witrand Hospitaal (De Wilgers Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Witrand Hospitaal is ŉ instansie vir liggaamlik en verstandelik gestremde volwassenes en kinders, diegene met psigiese afwykings en mense wat rehabilitasie ondergaan. Daar is 11 sale, ongeveer 700 pasiënte en byna 900 personeellede. Witrand Hospitaal is ŉ staatsinstansie en daar is ŉ groot tekort aan befondsing (SJGD, 2010f). Die perseel is gevolglik in ŉ gehawende toestand en die pasiënte kry nie al die hulpmiddels wat hulle benodig nie. Die helfte van die geïnstitusionaliseerde pasiënte by Witrand Hospitaal moet oor ŉ tydperk ontslaan word, dus is die doel van Witrand Hospitaal om die pasiënte belangrike lewensvaardighede aan te leer sodat hulle geïntegreer kan word in die samelewing. Ongelukkig word die pasiënte nie gereeld blootgestel aan die gemeenskap waarin hulle weer geïntegreer moet word nie. Die SJGD stel ten doel om deur middel van kundiges met hierdie betrokke gestremdes te werk. Aktiwiteite wat weekliks met hierdie mense gedoen word, sluit aksies in om aan hulle geestelike, maatskaplike, fisieke en emosionele behoeftes te voldoen. Die SJGD ondersteun hierdie ontwikkelingsprojek se toerusting en die opgradering van die perseel finansieel.

### C.1.4 Huis Hebron (Heimat Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Huis Hebron is ŉ aftreeoord en ŉ rehabilitasiehuis vir ouer mense wat nie ŉ heenkome het of kan bekostig nie. Daar is omtrent 50 inwoners wat onder toesig inwoon. Hulle het een keer ŉ week ŉ kerkdiens by die huis en hulle sorg heeltemal vir hulself. Die vroue maak kos en die mans sorg vir die tuin en groentetuin. Elkeen is verantwoordelik daarvoor om sy/haar eie woning skoon te maak en sy/haar eie wasgoed te was (SJGD, 2010f). Die SJGD bied weekliks aksies aan om hierdie mense emosioneel, geestelik en maatskaplik te ondersteun. Heimat Manskoshuis help met die fisiese verbetering van Huis Hebron en die inwoners word sekere vaardighede aangeleer.

### C.1.5 Perdryprojek vir gestremdes (Nievaste Puk-ontwikkelingsprojek)

Aan die hand van skakelaksies met ander koshuise en Puk-projekte word gestremde minderbevoorregtes blootgestel aan rekreasie en spanbou. Dit word gedoen deur ŉ kort gesprek met hulle te voer oor die gebruike van perde, die toerusting wat gebruik word en perdesport. Spanbouspeletjies word gespeel met diegene wat hulle beurt afwag om op die perde te ry. Deur die terapeutiese aard van perdry, word hulle lewenskwaliteit ook verbeter.

Dit geskied saam met ander terapeutiese speletjies wat daarop gerig is om hul koördinasie en gewaarwording van die wêreld om hulle te verbeter (SJGD, 2010f).

### C.1.6 Sonderwater (Puk-ontwikkelingsprojek)

Die gemeenskap is geleë langs 'n groot watertoring wat duidelik sigbaar is as jy in Ikageng inkom (SJGD, 2010f). Hulle is baie arm met min of geen hulpbronne tot hul beskikking. Hierdie projek bestaan uit twee fasette, naamlik:

*Vroue* – Die vroue in die Sonderwater-gemeenskap is gedompel in armoede as gevolg van werkloosheid. Hierdie ontwikkelingsprojek van die SJGD fokus daarop om die vroue nodige vaardighede en kennis aan te leer sodat hulle hulself kan bemagtig.

*Sonderwater-kinders* – die SJGD ondersteun hierdie kinders deur hulle te stimuleer deur 'n verskeidenheid aktiwiteite en hulle sodoende bewus te maak van 'n beter lewe.

### C.1.7 Droomhuis (Puk-ontwikkelingsprojek)

As gevolg van verandering in die Nasionale Gesondheidswet van 1994 is institusionele sorg van Witrand Hospitaal se pasiënte verminder en het die Witrand Hospitaal vir verstandelik en liggaamlik gestremde persone die deïnstitusionaliseringsprogram in werking gestel (SJGD, 2010f). Hierdie program help met die integrasie van hoogs funksionerende pasiënte om weer in die gemeenskap te kan funksioneer. Hulle word van die hospitaal in Droomhuis geplaas. Droomhuis sien tans om na 12 pasiënte wat deur die dag los werkies doen soos byvoorbeeld motors op te pas en hulp te verleen by haarsalonne (SJGD, 2010f). Droomhuis sorg dat persone gewoond raak aan die daaglikse aktiwiteite in die samelewing, sodat hulle uiteindelik op hulle eie sal kan funksioneer. Die SJGD word verteenwoordig deur 'n Puk-projekleier en hierdie portefeuljehouer sorg dat daar aan die fisiese, emosionele, maatskaplike en geestelike behoeftes van hierdie inwoners (op lang termyn) voldoen word.

## C.2 KATEGORIE UITREIKE

### C.2.1 Sportontwikkeling (Puk-ontwikkelingsprojek)

Die sportontwikkelingsprojek fokus op die ontwikkeling van verskillende sportvaardighede by verskeie ontwikkelingsprojekte (SJGD, 2010f). Die SJGD bied hierdie ontwikkelingsprojek aan om sportvaardighede vir kinders (vanaf kleuterskool tot hoërskool) aan te leer vir die toekoms en om dit ook te gebruik tydens die sportdag van die SJGD (sien Addendum A).

### C.2.2 Tshepo Primary (Puk-Dorpmanskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Tshepo Primary is net buite Potchefstroom geleë. Daar word gefokus op sportontwikkeling van die skoolkinders, maar die sportvelde is egter nie in 'n goeie toestand nie (SJGD, 2010f). Die SJGD fokus dus op fisiese verbetering van die sportvelde asook op verskeie vaardighede en emosionele behoeftes van hierdie kinders.

### C.2.3 Promosa Parkie (Puk-ontwikkelingsprojek)

Hierdie ontwikkelingsprojek fokus hoofsaaklik op die agtergeblewene kinders in Promosa. Die hoofdoel is om die kinders se alledaagse lewensomstandighede te verbeter deur hulle geleenthede te bied (soos byvoorbeeld sportaksies, aksies om vaardighede te ontwikkel en selfs besoeke aan die dieretuin) wat hulle andersins nooit sou gehad het nie (SJGD, 2010f). Die projekleier werk met kinders van die ouderdom drie tot sestien jaar.

### C.2.4 Hospitaalprojek (Puk-ontwikkelingsprojek)

Hierdie projek fokus op die Potchefstroom Hospitaal en spesifiek op die kindersaal (SJGD, 2010f). Die doel van hierdie projek is om vir die kinders ontvlugting van hulle omstandighede en verligting van die realiteit te bied. Die SJGD bied weekliks doelgerigte aksies (soos byvoorbeeld oor persoonlike higiëne) in die kindersaal aan. Die SJGD probeer om programme (wat uit weeklikse aksies bestaan) vir die betrokke kinders aan te bied. Hierdie projek werk baie nou saam met die hospitaalbestuur aangesien die projek afhanklik is van die samewerking met die bestuur.

### C.2.5 Fisiese verbetering (Soetdorings Manskoshuis se skakelprojek)

Fisiese verbetering is 'n skakelprojek wat deur die SJGD daargestel is om ander ontwikkelingsprojekte te help met enige fisiese take wat verrig moet word (SJGD, 2010f). Daar is geen weeklikse vaste plek of tyd waar aksies gehou word nie.

### C.2.6 Evangelisasie (Puk-ontwikkelingsprojek)

Evangelisasie is die SJGD se ontwikkelingsprojek wat omsien na geestelike behoeftes van die studente op die kampus en die kinders en inwoners van die SJGD se ontwikkelings-projekte in die Potchefstroom-omgewing (SJGD, 2010f). Evangelisasie is 'n skakelprojek en is dus afhanklik van ander projekte om te funksioneer.

### C.2.7 Voedingskema (Puk-ontwikkelingsprojek)

Voedingskema is ŉ skakelprojek van die SJGD wat afhanklik is van ander projekte om te funksioneer. Hierdie ontwikkelingsprojek het twee fokusareas, naamlik die voedingsbehoeftes van reeds bestaande ontwikkelingsprojekte en groentetuine in die Sonderwaterarea (SJGD, 2010f). Die SJGD sorg dat hulle ontwikkelingsprojekte voorsien word van spyskaarte en voedsel (byvoorbeeld blikkieskos). Die SJGD sorg ook dat die betrokke personeellede, bejaardes en kinders geleer word om groentetuine te maak en die betrokke persone word voorligting gegee omtrent voedsame kos.

### C.2.8 Herwinning (Puk-ontwikkelingsprojek)

Hierdie ontwikkelingsprojek fokus hoofsaaklik daarop om herwinning op die NWU-Pukke se kampus en omliggende omgewing te bevorder. Hierdie ontwikkelingsprojek bestaan uit twee fasette, naamlik om die studente bewus te maak van herwinning en die herwinningsprojek op kampus te koördineer (SJGD, 2010f). Die tweede faset handel oor die bewusmaking van herwinning by verskeie SJGD-ontwikkelingsprojekte soos byvoorbeeld by laerskole, hoërskole en kleuterskole.

### C.2.9 Thakaneng Shelter – Straatkinders (Puk-ontwikkelingsprojek)

Hierdie ontwikkelingsprojek van die SJGD werk saam met die skuiling (*shelter*) om aan die straatkinders ŉ veilige alternatief te bied. Die straatkindersprojek fokus daarop om die kinders wat bedel van die straat af te kry en hulle sodoende sekuriteit en stimulering in die skuiling te bied. Hier word kos en verblyf aan hulle gegee en hulle word gemotiveer om hulle skoolloopbaan te voltooi. Die SJGD bied weekliks programme aan om hierdie kinders emosioneel, maatskaplik en fisies te stimuleer. Die skuiling kan tot 50 kinders huisves en daar is vir hulle slaapplek in twee afsonderlike sale. Die kinders se ouers leef nog maar weens omstandighede kan hulle ouers nie vir hulle sorg nie. Die skuiling bied vir hulle ŉ tydelike tuiste (SJGD, 2010f).

## C.3 KATEGORIE KINDER- EN JEUGONTWIKKELING

### C.3.1 Bert's Bricks (Heide Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Die laerskool Bert's Bricks is net buite Potchefstroom geleë. Die plaaslike gemeenskap se kinders gaan na die skool toe en meeste van die leerders kan nie skoolfonds betaal nie. Die kinders se huislike omstandighede is nie altyd na wense nie, aangesien drank, dwelmmiddels en geweld ŉ algemene verskynsel in baie ouerhuise is. Daar is ook ŉ groot getal kinders in die laerskool wat vir hulle gesinne sorg, omdat hulle die oudste in die huis is

(SJGD, 2010f). Baie van die kinders kry nie die geleentheid om hulle lewenskwaliteit te verbeter nie en daarom wil die skool vir die leerders die geleentheid bied om bo hul omstandighede uit te styg. Saam met die SJGD (wat deur Heide Dameskoshuis verteenwoordig word) bied die skool weeklikse aktiwiteite aan om hierdie kinders die nodige emosionele, maatskaplike, geestelike en fisiese stimulasie te bied.

### C.3.2 Keagile Higher Primary School (Over de Voor Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Keagile Higher Primary School is geleë in Ikageng met ongeveer 450 Setswanasprekende leerders van graad nul tot graad sewe. Fisiese verbeteringe is 'n groot behoefte by hierdie laerskool aangesien die infrastruktuur baie swak is. Die SJGD ondersteun hierdie skool deur die badkamers en die klaskamers op te knap. Die SJGD fokus op leierskapsontwikkeling, seksvoorligting, sportontwikkeling en herwinningsprogramme. 'n Voedingskema word tans op die been gebring. Daarbenewens het die kinders 'n groot behoefte aan liefde en aanvaarding, en het met ander woorde emosionele en psigiese behoeftes. Die SJGD stel ten doel om aan hierdie behoeftes (soos uiteengesit in doelwitte) te voldoen.

### C.3.3 Loula Fourie (Kasteel Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Loula Fourie is 'n plaasskool, 10 km buite Potchefstroom op die Viljoenskroonpad. Die skool verskaf onderrig aan ongeveer 109 leerders tussen graad een en graad ses en daar is vyf onderwysers. Die grootste behoefte onder die leerders is emosioneel en fisies van aard (SJGD, 2010f). Die SJGD fokus tans op geestelike leiding aan die kinders en instandhouding van die skoolterrein, soos byvoorbeeld die herstel van toilette, opgradering en instandhouding van sportvelde, herstel van dakke wat lek en die opgradering van die speelgrond. Ander behoeftes wat aangepak gaan word in die termyn van 2011 is 'n gesonde lewenstyl, higiëne, herwinning, bewusmaking van MIV, alkoholmisbruik en gesondheid.

### C.3.4 Ourief (Oosterhof Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Ourief is 'n plaasskool, 25 km buite Potchefstroom, en is vanjaar in sy sewentiende bestaansjaar. Daar is tans twee onderwysers wat die leerders onderrig en ongeveer 45 kinders in die skool met ouderdomme wat wissel van 5 jaar tot 17 jaar. Die kinders se moedertaal is Setswana, maar hulle kan wel bietjie Engels en Afrikaans verstaan (SJGD, 2010f). Elektrisiteit ontbreek by die skool en water word vanaf 'n boorgat verkry. Die skool bestaan uit twee klaskamers, 'n stoorkamer, een badkamer en speelgrond. Al die kinders in die skool het 'n groot behoefte aan psigiese en intellektuele stimulasie. Die SJGD bied

gedurende die jaar verskeie programme aan om te sorg dat daar aan die behoeftes voldoen word.

### C.3.5 Padi Intermediêre Skool (Wag-'n-Bietjie Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Padi Intermediêre Skool is 'n plaasskool, 5 km buite Potchefstroom op die Paryspad met ongeveer 360 leerders van graad een tot tien en 13 gekwalifiseerde onderwysers. Die skool is entoesiasties oor sport, maar kort afrigting en benodig goed toegeruste sportgronde. As gevolg van die finansiële omstandighede gaan die skoolgrond agteruit. Water is 'n probleem by die skool. Daar word gereeld by die klaskamers ingebreek as gevolg van die gebrek aan ordentlike omheining en diefwering voor die vensters. Die skool voorsien daagliks 'n maaltyd aan die leerders, asook handboeke en skryfbehoeftes. Die maaltye wat die kinders by die skool ontvang, is soms hulle enigste vorm van voeding in 'n dag (SJGD, 2010f). Die SJGD bied finansiële hulp aan hierdie skool asook dienste wat deur dié koshuis aangebied word om die kinders se sportvaardighede te verbeter.

### C.3.6 Jane Lesapo (Villagers Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Hierdie ontwikkelingsprojek is 'n nuwe projek van Villagers Manskoshuis en is naby Stilfontein op die Klerksdorppad. Daar is veral fisiese behoeftes van die skoolterrein waaraan die SJGD aandag gee sowel as die skoolgereedheid van die graad nul-kinders.

### C.3.7 Hoërskool Promosa se graad tien-meisies (Bellatrix Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Hoërskool Promosa is in Promosa geleë en die SJGD fokus op die graad tien-meisies. Die meeste meisies kom uit gebroke huisgesinne en van hulle bly by familielede of selfs alleen (SJGD, 2010f). Hierdie meisies het 'n behoefte aan aanvaarding, sosiale en lewensvaardighede. Daar is 'n behoefte aan fisiese verbetering op die skoolterrein (byvoorbeeld om die netbalbaan te herstel, tuinmaak, en so meer), verhoudingsvaardighede en geestelike leiding. Die SJGD ondersteun hierdie groep leerders deur leierskapsopleiding, persoonlike aandag en ontwikkeling. Hoërskool Promosa word ondersteun deur die fisiese verbetering van byvoorbeeld die meisies se badkamers.

### C.3.8 Hoërskool Promosa (Patria Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Hoërskool Promosa is in die Promosa-gebied van Potchefstroom en daar word gefokus op die seuns van graad agt tot twaalf. Die meeste van die leerders kom uit gebroke huise en is

baie behoeftig (SJGD, 2010f). Daar is heelwat fisiese behoeftes by die skool, onder andere foutiewe of ontbrekende bedrading, gebrek aan elektrisiteit, stoele en tafels (partykeer in ŉ swak toestand, te min of glad nie beskikbaar nie), verf van klaskamers en die omheining van netbalbane. Die SJGD fokus ook op leerders se akademie, sport en kultuur. Ander behoeftes waarin voorsien kan word, is leierskapontwikkeling, seksvoorligting, leer van waardes, selfrespek, respek vir meisies, bewusmaking van oordraagbare siektes, higiëne, die gevare van dwelms en lewensvaardighede.

### C.3.9 Laerskool President Pretorius (Veritas Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Laerskool President Pretorius is geleë in Potchefstroom. Daar is 570 leerders in die skool, waarvan baie van die kinders van die Abraham Kriel Kinderhuis en uit enkelouergesinne kom. Baie ouers is werkloos en daarom kan baie van die leerders nie hulle skoolfonds betaal nie (SJGD, 2010f). Laerskool President Pretorius is sedert 1 Julie 2009 as ŉ voldiensskool geklassifiseer wat leerders, wat matig gestremd is, kan akkommodeer. Die SJGD ondersteun leerders in hierdie skool veral met sportontwikkeling en leierskapsvaardighede. Die SJGD dra ook gedurende elke termyn by tot die fisiese verbetering van die sportterrein en bied finansiële steun.

### C.3.10 Pudulogo School (Ratau Lebone Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Pudulogo School is in Ikageng geleë en bestaan uit ongeveer 1 100 leerders wat in 25 klasse verdeel is. Ouderdomme van die leerders wissel tussen vyf en vyftien jaar. Daar word elke dag vir die 300 geïdentifiseerde behoeftiges kos voorsien wat gemaak word in die toesighouer se kombuis (SJGD, 2010f). Die SJGD ondersteun hierdie skool se leerders wat deur die skoolhoof aangewys is en die doelwitte wat vir die termyn geformuleer word. Hierdie kinders word geestelik, maatskaplik, emosioneel en fisies gestimuleer.

### C.3.11 Thlabologo (Excelsior Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Thlabologo is ŉ laerskool met 73 leerders van graad nul tot sewe en drie onderwysers. Die skool is baie sportgesentreerd. Daar is drie klaskamers, ŉ kombuis, badkamers en ŉ kantoor. Die skool ontvang elektrisiteit van ŉ nabygeleë plaas. Hulle ontvang ŉ finansiële bydrae van die staat om vir die leerders by die skool kos te voorsien (SJGD, 2010f). Die SJGD stel ten doel om die kinders motories te stimuleer deur aan sportontwikkeling aandag te gee.

### C.3.12 Laerskool Vyfhoek (Hombré Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Laerskool Vyfhoek is ongeveer 5km buite Potchefstroom langs die N12-hoofweg geleë. Daar is 72 leerders in die skool. Die leerders se ouderdomme wissel van vyf tot sestien jaar en daar is vier onderwysers. Die skoolgebou is van asbes en die klasse is redelik goed toegerus met die basiese benodigdhede. Daar is toilette, maar hulle is buite werking. Die skool beskik oor ’n sokkerveld en netbalbaan (net pale, geen lyne nie). Die meeste van die leerders is Setswanasprekend, alhoewel daar ook Zulu- en Sesothosprekende leerders is (SJGD, 2010f). Die SJGD bied geestelike, emosionele, maatskaplike en sport ondersteuning aan die betrokke leerders.

### C.3.13 Laerskool Promosa (Puk-ontwikkelingsprojek)

Hierdie projek fokus op Laerskool Promosa en bied ondersteuning deur byvoorbeeld sportafrigting, naskoolse sorg, revue-afrigting en skooltoerusting. Enige moontlike hulp word deur die SJGD aan hierdie laerskool aangebied. Die grootste finansiële behoefte van hierdie laerskool is aan ’n skoolsaal en ’n bussie. Die skool bestaan uit minderbevoorregte kinders uit Promosa en omgewing. Die projek bestaan uit drie dele, naamlik graad een tot twee, graad drie tot vier en graad vyf tot ses (SJGD, 2010f). SJGD fokus met ander woorde op sekere aspekte by sekere grade, byvoorbeeld by graad een tot twee fokus SJGD op die skooltoerusting wat aan hierdie leerders verskaf word.

### C.3.14 Pick-a-Leader (Puk-ontwikkelingsprojek)

Hierdie ontwikkelingsprojek handel oor die ondersteuning wat gebied word aan skoolverlaters in agtergeblewene gemeenskappe. Pick-a-Leader se leuse is: *'Leading to the Top'*. Die ontwikkelingsprojek is hoofsaaklik gefokus op hoërskole in Ikageng, naamlik Resolofetse, Boitshoko High School en Potchefstroom Secondary. Hierdie ontwikkelingsprojek van die SJGD werk met tien spesiaal uitgesoekte graad elf-leerders wat potensiaal toon om toekomstige leiers te wees (SJGD, 2010f).

Pick-a-Leader is ’n ontwikkelingsprojek wat fokus op leierskapontwikkeling. Hierdie bystand fokus op die voorbereiding van die kinders op die lewe na skool en om aan hulle die geleentheid te gee om hulle horisonne te verbreed deur middel van blootstelling aan aspekte soos universiteite en moontlike werksgeleenthede. Al hierdie vaardighede word vir hulle aangeleer deur middel van kampe wat gereël word en leierskapsontwikkelingsprogramme.

## C.4 KATEGORIE VROEËKINDERONTWIKKELING

### C.4.1 Kids Paradise (Dinki Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Kids Paradise is ŉ kleuterskool geleë in Sarafina, Ikageng, een van die armste dele in Ikageng. Die skool beskik oor twee sinkplaatgeboue waarin die kinders moet leer, eet en slaap. Die geboue word baie warm in die somer en baie koud in die winter. Daar is reeds toilette opgerig en daar is ŉ klein area wat as speelterrein dien. By die skool is daar 45 kinders van tussen twee en vyf jaar en 24 kinders ouer as vyf jaar. Die SJGD fokus op die fisiese verbetering van die terrein, opleiding van onderwysers, stimulasie van die kinders en skoolgereedheid (SJGD, 2010f). Die SJGD fokus op behoeftes soos byvoorbeeld voedsel, skryfbehoeftes, speelgoed, matte vir die klaskamers, babaprodukte, matrasse, komberse en kombuisgereedskap.

### C.4.2 Goitsoine Preschool (Eikenhof Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Goitsoine Preschool het ongeveer 38 Setswanasprekende kinders tussen die ouderdomme van nul en vyf jaar. Daar is drie personeellede en die kinders word onderrig in ŉ sinkklaskamer. Die terrein is nie baie geskik as ŉ speelgrond nie en daar is ook nie speelapparate vir die kinders nie (SJGD, 2010f). Daar sal veral op die skoolgereedheid van die kinders gefokus word en die ontwikkeling van ŉ beter leerprogram gedurende die SJGD-termyn van 2011.

### C.4.3 New Life Daycare Centre (La Varia Dameskoshuis se ontwikkelings-projek)

Hierdie kleuterskool is geleë in Ikageng en het tans 98 leerders tussen die ouderdomme van drie maande en ses jaar. Daar is vier volwassenes wat verantwoordelik is om na die kinders om te sien. Daar is ŉ sinkgebou met twee kamers en ŉ kombuis. Die ruimte buite die gebou bestaan uit ŉ speelplek met ŉ klimraam en ŉ groentetuin (SJGD, 2010f). Na afloop van ŉ behoeftebepaling met die SJGD se maatskaplike werkster is gevind dat die sentrum geleë is teen ŉ besige pad en gevare inhou vir die kinders om buite te speel, aangesien die heining in ŉ baie swak toestand is.

Die klasse is nie goed toegerus nie en daar is ŉ tekort aan skryfbehoeftes. Die sinkgebou bied nie baie beskerming teen die koue nie. Die kombuis het nie ŉ vloer nie en het slegs een kraan. Daar is nie elektrisiteit nie, dus maak hulle gebruik van ŉ paraffienstoof. Daar is ŉ tekort aan eetgerei vir die kinders. Die toiletgeriewe by die projek is nie na wense nie en is onhigiënies. Die klimraam is in ŉ swak toestand en daar is geen gras vir die kinders om op te speel nie. Die groentetuin is wisselvallig, omdat die groente wat in motorbande geplant is,

van tyd tot tyd gesteel word. Die opvoeders het ook 'n tekort aan opvoedkundige speelgoed en plakkate wat nodig is om die kinders skoolgereed te kry. Die SJGD stel daarom ten doel om so ver moontlik hierdie probleme op te los deur ondersteuning soos benodig gedurende die betrokke termyn te bied (hetsy fisiese of psigiese behoeftes).

### C.4.4 Ntsamaiseng Kleuterskool (Minjonet Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Ntsamaiseng Kleuterskool is 'n kleuterskool met 150 kinders tussen die ouderdomme van drie maande tot vyf jaar. Daar is vyf oppassers waarvan net drie opgelei is. Die kleuterskool is voorheen deur 'n kerk bedryf. Die erf waarop die kleuterskool is het ook aan die kerk behoort, 'n situasie wat enige fisiese verbeteringe bemoeilik het. Dit is nie langer die geval nie en die erf is nou aan die kleuterskool geskenk (SJGD, 2010f). Die skool het gevolglik 'n dringende behoefte aan fisiese verbeteringe. Die belangrikste hiervan is behoorlike toiletgeriewe. Verder word daar tans gefokus op stimulerende aktiwiteite. Die SJGD stel ten doel om aan die genoemde behoeftes te voldoen en is tans besig met 'n opleidingsprogram (in samewerking met Vodacom) vir onderwyseresse en onderwysers.

### C.4.5 Heaven for Angels Kleuterskool (Vergeet-My-Nie Dameskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Heaven for Angels Kleuterskool is geleë in 'n armoedige gebied met 'n hoë werkloosheidsyfer (SJGD, 2010f). Hierdie kleuterskool het baie weeskinders as gevolg van hulle gesinne wat deur MIV en VIGS geïnfekteer word. Baie kleuters kom uit enkelouer-gesinne. Heaven for Angels Kleuterskool bestaan uit 30 leerders met 2 onderwysers. Hulle het beperkte hulpbronne en beperkte fondse as gevolg van die armoede in die gemeenskap. Opvoedkundige behoeftes is een van die hoofdoelwitte wat aandag moet kry aangesien geen formele opleiding vir die kinders aangebied word nie. Daar is ook baie emosionele en fisieke behoeftes wat nie net by die kinders nie, maar selfs ook by die personeel voorkom. Die SJGD is tans besig met opvoedkundige behoeftes van hierdie skool en bied weekliks programme aan om hierdie kinders en personeel op fisiese sowel as emosionele vlak te stimuleer .

### C.4.6 Kagatolopelo Preschool (Laureus Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

Kagatolopelo Preschool is 10 km buite Potchefstroom in Ikageng geleë. Die kleuterskool bestaan uit ongeveer 100 kinders van een jaar tot ses jaar en het slegs drie onderwysers met een ekstra helper wat kos maak. Al die onderwyseresse is gekwalifiseerd om graad nul

te onderrig en elke jaar gaan ongeveer 20 kinders na graad een. Die kinders se moedertaal is Setswana, maar hulle sal ook in hierdie termyn aan Engels en Afrikaans blootgestel word om hulle vir die laerskool voor te berei. Die gebou was 'n groot informele sinkgebou met aangeboude kombuisie, maar daar word tans twee baksteenklaskamers gebou. Die kinders kom uit minderbevoorregte huise en woon in die omliggende informele nedersettings. Die meeste van hulle stap ver skool toe of word deur hulle ouers gedra (SJGD, 2010f). Die SJGD fokus veral op geestelike, emosionele, maatskaplike en fisiese stimulasie van hierdie kinders.

### C.4.7 4 L's Child Care Centre (Love, Learn, Lecture en Laughter) (Thaba-Jäh Manskoshuis se ontwikkelingsprojek)

4 L's Child Care Centre is 'n kleuterskool in Promosa. Die skool het ongeveer 110 leerders en hulle ouderdomme wissel van nul tot sewe jaar. Die kinders ontvang twee etes per dag by die skool. Die skool gebruik tans die kerk se saal, aangesien dit die enigste plek is wat hulle tot hulle beskikking het. Daar is twee kleiner kamers wat tans as stoorplek gebruik word. 'n Ander lokaal word gebruik om die ouer leerders te onderrig. Die babas by die kleuterskool kan egter nie slaap nie omdat hulle gedurig in die ouer kinders se raserige geselskap is (SJGD, 2010f). Die raserige atmosfeer belemmer ook die onderrig van die ouer leerders. Die SJGD fokus tans om hierdie twee groepe (babas en ouer leerders) afsonderlik te ondersteun en intellektueel te stimuleer.

### C.4.8 Kleuterskool: Kurrikulumontwikkelingsprojek (Puk-ontwikkelingsprojek)

Die SJGD is betrokke by verskeie kleuterskole. Onderwysers is nie altyd opgelei nie en dit veroorsaak dat leerders nie skoolgereed is as hulle laerskool toe moet gaan nie. Die kurrikulumontwikkelingsprojek is saamgestel met die doel om die onderwyser verskeie vaardighede aan te leer, sowel as om die leerders te help in verband met skoolgereedheid (SJGD, 2010f). Die program is geskryf om in die leerders se fisieke, emosionele, maatskaplike en geestesbehoeftes te voorsien en is gebaseer op algemene en basiese vaardighede in die samelewing. Die minderbevoorregtes se omstandighede word in aanmerking geneem. Hierdie ontwikkelingsprojek werk nou saam met die personeel van Vodacom, aangesien hierdie borg opleidingsgeleenthede vir die termyn van 2010-'11 aan onderwyseresse en onderwysers bied.

### C.4.9 Kleuternote (Puk-ontwikkelingsprojek)

Kleuternote is ’n Puk-skakelprojek wat fokus op kreatiwiteitsontwikkeling. Nie slegs kreatiwiteit volgens kunste nie, maar meer volgens vernuwende denke en deur met idees vorendag te kom wat kinders se intellek (kennis), kreatiwiteit en siening van die wêreld laat ontwikkel. Die ontwikkelingsprojek bemagtig kinders deur hulle vaardighede te leer wat hulle in hulle omstandighede kan toepas sodat hulle bo dit kan uitstyg. Hierdie vaardighede en kennis word ontwikkel deur onder andere kunsaktiwiteite, musiekontwikkeling (musiekinstrumente maak, revue of sanguitvoerings), asook dramas skryf en opvoer (SJGD, 2010f).

# ADDENDUM D

## PERSONE MET WIE ONDERHOUDE GEVOER IS

***Tabel D1*** *Onderhoudskedule met plek, datum en tyd*

| DATUM EN TYD | SJGD-LEDE OF NAAM VAN PROJEK | ROL OF POSISIE IN DIE SJGD | PLEK VAN ONDERHOUD |
|---|---|---|---|
| 23 Augustus 2011<br>08:30 – 09:00 | Dr. Alida Herbst | Adviesraadvoorsitter | Kantoor — J. Chris Coetzee-gebou |
| 25 Augustus 2011<br>10:30 – 11:00 | Mnr. Jean-Marc Stidworthy | SJGD-voorsitter 2009-'10 en 2010-'11 | SJGD-kantoor |
| 25 Augustus 2011<br>11:30 – 12:10 | Mej. Marlien Labuschagne | SJGD-ondervoorsitter Administrasie en sekretaresse | SJGD-kantoor |
| 29 Augustus 2011<br>11:00 – 11:30 | Mev. Lenie Kotzé | Maatskaplike werkster van NWU-Pukke | Kantoor — Gesondheidsentrum |
| 29 Augustus 2011<br>11:45 – 12:20 | Mej. Monica Naudé | Projekleier van Sand, See en Skulp | Biblioteek |
| 30 Augustus 2011<br>10:15 – 10:45 | Mnr. Deon Kondos | SJGD-konsultant | Biblioteek |
| 30 Augustus 2011<br>16:00 – 16:30 | Mej. Luzane van der Merwe | Huis Republiek Dameskoshuis se huiskomiteelid | Biblioteek |

| DATUM EN TYD | SJGD-LEDE OF NAAM VAN PROJEK | ROL OF POSISIE IN DIE SJGD | PLEK VAN ONDERHOUD |
|---|---|---|---|
| 1 September 2011<br>10:15 – 10:50 | Mej. Ilzé Saunders | Karlien Dameskoshuis se huiskomiteelid | Karlien Dameskoshuis |
| 1 September 2011<br>11:25 – 12:25 | Veilige Nessie-kleuterskool | Verteenwoordiger | Veilige Nessie-kleuterskool in Promosa |
| 2 September 2011<br>10:30 – 11:05 | Mej. Karien van Vuuren | Wanda Dameskoshuis se huiskomiteelid | Studentesentrum |
| 21 September 2011<br>13:00 – 14:00 | Mmabane Preschool | Verteenwoordiger | Mmabane Preschool in Ikageng |
| 22 September 2011<br>09:30 – 10:00 | Sand, See en Skulp | Verteenwoordiger | Laerskool Promosa |
| 27 September 2011<br>15:15 – 15:55 | Jesus Loves You Ministries | Verteenwoordiger | Jesus Loves You Ministries in Promosa |

Na afloop van hierdie onderhoude (buiten die laaste drie onderhoude met die verteenwoordigers) het die navorser aanpassings op enkele vrae gemaak. Die betrokke lede het via e-pos hierdie vrae beantwoord. Tydens die onderhoude wat in Augustus gevoer is, het die navorser besef dat die persone sekere vrae (byvoorbeeld oor kulturele sensitiwiteit) nie mooi verstaan het nie. Vrae aan die uitvoerende komiteelede, huiskomiteelede en die projekleier is daarom aangepas.

Die skedule oor die aangepaste vrae, na afloop van die oorspronklike onderhoude, lyk soos volg:

***Tabel D2*** *Onderhoudskedule aanpassings*

| **VRAE OP <u>6 SEPTEMBER 2011</u> VIA E-POS GESTUUR AAN** | **VRAE VIA *FACEBOOK* WEEREENS PERSOONLIKE BOODSKAP GESTUUR** | **TERUGVOER ONTVANG** |
|---|---|---|
| Marlien Labuschagne | | 6 September 2011 |
| Jean-Marc Stidworthy | 12 September 2011 | 16 September 2011 |
| Karien van Vuuren | 12 September 2011 | 14 September 2011 |
| Luzane van der Merwe | 12 September 2011 | 12 September 2011 |
| Ilzé Saunders | 12 September 2011 | 12 September 2011 |
| Monica Naudé | | 9 September 2011 |

Uit die tabel is dit duidelik dat al die betrokke SJGD-lede die vrae via persoonlike e-pos en *Facebook* (sosiale netwerk) beantwoord het.

# BRONNELYS

AGUNGA, R.A. 1997. Developing the third world: a communication approach. New York: Nova Science. 154 p.

ANGROSINO, M.V. & MAYS DE PÉREZ, K.A. 2000. Rethinking observation from method to context. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., *eds*. Handbook of qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif.: Sage Publications. p. 673- 696.)

ANON. 1979. From growth to basic needs. *Finance development,* 16(3):28-31, Sep.

ANON. 2003. Participation theories and approaches. *Communication initiative site*. http://comminit.com/en/node/1556/36 Datum van gebruik: 1 November 2010.

ANON. 2004. Writing a literature review. http://www.lib.uoguelph.ca/assistance/writing_services/components/documents/lit_review.pdf Datum van gebruik: 14 April 2011.

ANON. 2005a. Driving success: marketing and sustainable development. http://www.wbcsd.org/web/publications/marketing.pdf. Datum van gebruik: 6 April 2010.

ANON. 2005b. How to write a literature review. *Language Center, Asian Institute of Technology.* http://web.pdx.edu/~bertini/pdf/literature_review.pdf. Datum van gebruik: 14 April 2011.

ANON. 2009. Community participation in development projects (5 days). NGO Management School, Switzerland. http://www.ngoms.org/cse.pdf Datum van gebruik: 12 Oktober 2010.

AYEE, E.S.A. 1993. A participatory communication approach to rural community development. Potchefstroom: PU vir CHO. (Proefskrif - DPhil.) 397 p.

BABBIE, E. 1992. The practice of social research. 6th ed. Belmont, Calif.: Wadsworth/Cengage Learning.

BAILUR, S. 2007. Community participation in rural information systems projects. The complexities of community participation in ICT for development projects: The case of "our voices". http://www.ifipwg94.org.br/fullpapers/R0010-1.pdf Datum van gebruik: 2 Oktober 2010.

BAKHET, O. 1981. The basic needs approach (BNA) to self-sufficiency in rural refugee settlements. (UNHCR Workshop on Rural Refugees in Africa.) *Refugee Studies Centre.* http://repository.forcedmigration.org/show_metadata.jsp?pid=fmo: 104 Datum van gebruik: 25 Mei 2011.

BALIT, S. 1998. Listening to farmers: communication for participation and change in Latin America. http://www.fao.org/sd/cddirect/cdan0018.htm Datum van gebruik: 7 Februarie 2011.

BARRANQUERO, A. 2005. From Freire and habermas to multiplicity: widening the theoretical borders of participative communication for social change. (*In* Gumucio-Dagron, A. & Tufte, T. 2006, *eds*. Communication for social change anthology: historical and contemporary readings. CFSC, v. 2: Social movements and community participation. South Orange, N.J.: Communication for Social Change Consortium. p. 920-924.).

BASHIR, M., AFZAL, M.T. & AZEEM, M. 2008. Reliability and validity of qualitative and operational research paradigm. *Pakistan journal of statistics and operation research,* 4(1):35-45. http://www.scribd.com/doc/37447819/Reliability-and-Validity-of-Qualitative-and-Operational-Research-Paradigm Datum van gebruik: 18 Julie 2011.

BÁTORI, Z., HAMP, G. & HORANYI, Ö. 2003. The participation theory of communication: philosophical and methodological analysis of interlingua perspectives. (Language Learning Roundtable Conference organised by Budapest University of Technology and Economics, Budapest, Hungary. p. 5-44.) http://www. ozseb.horanyi.hu/participacio/PTC%20-%20LL.doc Datum van gebruik: 20 November 2010.

BENGU, S.M.E. 1997. Education White Paper 3. A programme for the transformation of higher education. Pretoria: Department of Education.

BESSETTE, G. 2004. Participatory development communication. Development communication in West and Central Africa: toward a research and intervention agenda. http://www.idrc.ca/en/ev-30908-201-1-DO TOPIC.html Datum van gebruik: 28 July 2010.

BOAFO, S.T.K. 2007. Participatory development communication: an African perspective. http://www.comminit,com/en/node/72266/38 Datum van gebruik: 7 Oktober 2010.

BOSCH, S. 2009. The communication approach of the *loveLife* HIV/AIDS prevention programme. Potchefstroom: North-West University, Potchefstroom Campus. (Verhandeling - MA.) 190 p.

BOTES, L. & VAN RENSBURG, D. 2000. Community participation in development: nine plagues and twelve commandments. *Community development journal*, 35(1):41-58.

BOUWMAN, B. 2010. NWU community engagement. http://www.nwu.ac.za/i-ce/index.html Datum van gebruik: 28 July 2010.

BRYMAN, A. 2006. Integrating quantitative and qualitative research: how is it done? http://www.sagepub.com/bjohnsonstudy/articles/Bryman.pdf Datum van gebruik: 14 April 2011.

CAPLAN, K., HEAP, S., NICOL, A.L., PLUMMER, J., SIMPSON, S. & WEISER, J. 2001. Flexibility by desighn: lessons from multi-sector partnerships in water and sanitation projects. http://www.bpd-waterandsanitation.org/english/docs/flexibility.pdf. Datum gebruik: 13 Mrt 2013

CHAMBERS, E. 2000. Applied ethnography. (*In* Denzin, N.K. & Lincoln, Y.S., *eds*. Handbook of qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif.: Sage Publications. p. 851-866.)

COOKS, L. & ISGRO, K. 2005. The “cyber summit” and women. *Frontiers: a journal of women studies*, 26(1):71-89.

CRESWELL, J.W. & PLANO CLARK, V.L. 2007. Designing and conducting mixed methods research. Thousand Oaks, Calif.: Sage Publications. 275 p.

CROSSWELL, M. 1978. Basic human needs: a development planning approach. *Agency for International Development discussion paper,* 38:1-44.

CROUCAMP, A. 2010. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

CUEVA, A., VILLAMIL, J. & FORTIN, C. 1976. A summary of “problems and perspectives of dependency theory”. *Latin American perspectives*, 3(4):12-16.

DAKUBO, C.Y. 1997. Participatory action research as a tool for community development: experiences from Northwestern Ghana. Lakehead University. (Dissertation - MSc.)

DE BRUYN, C. 2010a. JOOL-UK skakeltoer te Kagatolopelo kleuterskool en Witrand hospitaal. *SJGD*: 3, Okt.

DE BRUYN, C. 2010b. JOOL-komitee skakeltoer te Loula Fourie en Padi. *SJGD*: 3, Okt.

DE BRUYN, C. 2010c. JOOL-debutante skakeltoer te Boitshoko, Sonderwater en Promosa. *SJGD*: 3, Okt.

DEGENAAR, A. 1996. Sosiale betrokkenheidsprogramme as skakelaksie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. (Verhandeling - MA.) 110 p.

DEVI, N.B. 2009. Understanding the qualitative and quantitative methods in the context of content analysis. http://www.isast.org/proceedingsQQML2009/PAPERS-PDF/Devi-Understanding_the_Qualitative_and_Quantatitive_Methods_PAPER QQML2009.PDF. Datum van gebruik: 13 September 2010.

DORSNER, C. 2004. Social exclusion and participation in community development projects: evidence from Senegal. *Social policy and administration*, 38(4):366-382.

DOS SANTOS, T. 1970. The structure of dependency. *American economic review,* 60:21, May.

DU PLOOY, G.M. 2009. Communication research: techniques, methods and applications. Lansdowne: Juta. 457 p.

EMMERIJ, L. 2010. The basic needs development strategy. World Economic and Social Survey background paper. http://www.un.org/esa/policy/wess/wess2010 workshop/wess2010_emmerij.pdf Datum van gebruik: 23 Mei 2011.

ERASMUS, L. 2008. SJGD leer jou onbaatsugtig gee. *Wapad*: 4, 1 Mei.

ESTERHUYSE, N. 2010. SJGD-konsultante aangekondig. *SJGD*: 2, Okt.

ESTERHUYSE, N. 2011. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

FAROOQ, M.O. 1988. Basic needs approach, appropriate technology, and institutionalism. *Journal of economic issues,* 22(2):363-370, Jun.

FERFOLJA, T. & BURNETT, L. 2002. Getting started on your literature review. http://www.lc.unsw.edu.au/onlib/pdf/Litrev.pdf Datum van gebruik: 14 April 2011.

FOUCHÉ, J. 2010. SJGD uitbetalingsfunksie veroorsaak 'n daadwerklike verskil. *SJGD*: 1, Sep.

FOURIE, L.M. 2004. Kwalitatiewe inhoudsanalise. Leergedeelte 4.3. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

FOURIE, L.M. 2008. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

FRANK, A.G. 1969. Latin America: Underdevelopment or Revolution. Monthly Review Press, New York.

FRANK, F. & SMITH, A. 1999. The community development handbook. A tool to build community capacity. http://www.servicecanada.gc.ca/eng/epb/sid/cia/comm_deve/cdhbooke.pdf Datum van gebruik: 4 Augustus 2011.

FREY, L.R., BOTAN, C.H., FRIEDMAN, P.G. & KREPS, G.L. 1992. Interpreting communication research: a case study approach. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall. 338 p.

GEISEN, T. 2008. The notion of ambivalence: human action and social change beyond analytical individualism. (*In* Cox, P., Geisen, T. & Green, R. Qualitative research and social change: European contexts. London: Palgrave Macmillan. p. 36-37.)

GEYER, Y. 2006. Advocacy and communication: handbook series for community-based organisations. p. 2-6. www.idasa.org.za/gbOutputFiles.asp?WriteContent=_Y&RID=1696 Datum van gebruik: 11 November 2010.

GIVEN, L.M., *ed*. 2008a. The SAGE encyclopedia of qualitative research methods, v. 1. Thousand Oaks, Calif.: SAGE Publications.

GIVEN, L.M., *ed*. 2008b. The SAGE encyclopedia of qualitative research methods, v. 2. Thousand Oaks, Calif.: SAGE Publications.

GOLAFSHANI, N. 2003. Understanding reliability and validity in qualitative research. *Test*, 8(4):597-606.

GREENHALGH, T. & TAYLOR, R. 1997. How to read a paper: papers that go beyond numbers (qualitative research). *British medical journal,* 315(7110):740. http://www.bmj.com/content/315/7110/740.extract Datum van gebruik: 7 April 2011.

HERBST, A.G. 2010. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

HERBST, A.G. 2011. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

HESSE-BIBER, S.N. & LEAVY, P. 2011. The practice of qualitative research. 2nd ed. Thousand Oaks, Calif.: SAGE Publications. 400 p.

HOADLEY, J.S. 1981. The rise and fall of the basic needs approach. *Cooperation and conflict,* 16(3):149-164.

HORTON, J., MACVE, R. & STRUYVEN, G. 2004. Qualitative research: experiences in using semi-structured interviews. http://www.download-it.org/free_files/filePages%20from%20Chapter%2020.pdf Datum van gebruik: 18 April 2011.

JANSEN VAN RENSBURG, A. 2007. Strategiese kommunikasiebestuur in korporatiewe sosiale betrokkenheidsprogramme van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Verhandeling - MA.) 192 p.

JENNINGS, R. 2000. Participatory development as new paradigm: the transition of development professionalism. (Prepared for the "Community Based Reintegration and Rehabilitation in Post-Conflict Settings" Conference, Washington, D.C.) http://www.usaid.gov/our_work/cross-cutting_programs/transition_initiatives/pubs/ptdv1000.pdf Datum van gebruik: 12 Oktober 2010.

JONKER, H. 2001. The facilitating role of the Mmabatho ICDL Centre in the process of women empowerment: a development communication perspective. Potchefstroom: PU vir CHO. (Verhandeling - MA.) 232 p.

JULIEN, H. 2008. Content analysis. (*In* Given, L.M. The SAGE encyclopedia of qualitative research methods, v. 1. Los Angeles: SAGE Publications. p. 120.)

KANE, T. 1990. Grassroots development: what role for voluntary organisations? *Voices from Africa, 2.*

KEETON, G.R. 1984. The basic needs approach: a missing ingredient in development theory? *Development Southern Africa,* 1(3&4):276-293, Nov.

KENNY, M. 1997. Participation in development: the question challenges and issues. (A symposium background paper.) (Prepared for the Symposium held at St Patrick's College, Maynooth, Co Kildare. p. 1-40.)

KLOPPERS, E. & FRONEMAN, J. 2009. 'n Veranderende benadering tot sosiale verantwoordelikheid: 'n histories-normatiewe gevallestudie oor die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). *Koers: Bulletin vir Christelike Wetenskap*, 74(1&2):197-216. http://www.journals. co.za/ej/ejour_koers.htm Datum van gebruik: 28 Julie 2010.

KONDOS, G.T. 2011. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

KOTZÉ, L. 2011. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

LABUSCHAGNE, M. 2011a. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

LABUSCHAGNE, M. (20087012@nwu.ac.za) 2011b. Bespreking van die aard van kommunikasie binne SJGD. [E-pos aan:] Visser, C.M. (20039670@nwu.ac.za) 6 September.

LERNER, D. 1958. The passing of traditional society: Modernizing the Middle East. Glencoe, ILL. Free Press.

LIEBENBERG, S. 1997. Non-governmental organisations as agents of development. (*In* Swanepoel, J. & De Beer, F., *eds*. Introduction to development studies. Johannesburg: Thompson. p. 65-79.)

LOCKYER, S. 2008. History of qualitative research,. (*In* Given, L.M. The SAGE encyclopedia of qualitative research methods, v. 2. Los Angeles: SAGE Publications. p. 706.)

LOGES, W.E. 1994. Canaries in the coal mine. *Communication Research*, 21:5-23.

LOWREY, W. 2004. Media dependency during a large-scale social disruption: the case of September 11. *Mass communication and society*, 7(3):339-357.

MACK, M., WOODSONG, C., MACQUEEN, K.M., GUEST, G. & NAMEY, E. 2005. Qualitative research methods: a data collector's field guide. Module 2. Participant observation. http://www.fhi.org/NR/rdonlyres/ezacxnbfb52irvkhk xxvf2z7 vt5aglkcxlwxb3zobgbab3renayoc373plnmdyhga6buu5gvkcpmgl/frontmatter1.pdf. Datum van gebruik: 13 September 2010.

MADIKIZA, L. & BORNMAN, E. 2007. International communication: shifting paradigms, theories and foci of interest. *Communicatio*, 33(2):11-44.

MARKER, S. 2003. Unmet human needs: knowledge base essay. *Beyond Intractability.org:* 1-4, Aug. http://www.beyondintractability.org/essay/human-needs/ Datum van gebruik: 23 Mei 2011.

McALLISTER-SPOONER, S.M. & KENT, M.L. 2009. Dialogic public relations and resource dependency: New Jersey Community Colleges as models for web site effectiveness. *Atlantic journal of communication*, 17:220-239.

McANANY, E. 1983. From modernization and diffusion to dependency and beyond: theory and practice in communication for social change in the 1980s. *Developmeent communications in the Third World, Proceedings of a Midwest Symposium*, University of Illinois, April.

MCKECHNIE, L.E.F. 2008. Participant observation. (*In* Given, L.M. The SAGE encyclopedia of qualitative research methods, v. 2. Los Angeles: SAGE Publications. p. 598-599.)

McPHAIL, T.L. 2009. Development communication: reframing the role of the media. Chichester, U.K.: Wiley-Blackwell. 239 p.

MEFALOPULOS, P. & GRENNA, L. 2004. Promoting sustainable development through strategic communication. (*In* Hamú, D., Auchincloss, E. & Goldstein, W., *eds*. Communicating protected areas. Commision on Education and Communication. Cambridge, U.K.: the World Conservation Union. p. 24-31.)

MELKOTE, S.R. 1991. Communication for development in the Third World: Theory and Practice. New Delhi: Sage.

MELKOTE, S.R. 2002. Theories of development communication. (*In* Gudykunst, W.B. & Mody, B. *eds*. Handbook of International and Intercultural communication. Thousand Oaks: Sage Publications. p. 419 - 436.)

MELKOTE, S.R. & STEEVES, H.L. 2001. Communication for development in the third world: theory and practice for empowerment. 2de uitg. New Delhi: Sage.

MHAGAMA, P.M. 2004. The role of community media in development: a case study of the Cato Manor development project. Durban: University of KwaZulu Natal, Howard College. (Verhandeling - MA.)

MODY, B. 1991. Designing messages for development communication: an audience participation-based approach. Newbury Park: Sage Publications. 211 p.

MORREALE, S.P., OSBORN, M.M. & PEARSON, J.C. 2000. Why communication is important: a rationale for the centrality of the study of communication. http://www.tarunpatel.net/MScl./Communication%20skills.pdf Datum van gebruik: 12 Oktober 2010.

MUŃIZ, S. 2010. Participatory development communication: between rhetoric and reality. *Glocal times. The communication for development web magazine:* 15, Dec.

NAIDOO, L. 2010. The participatory development communication approach of Thusong Service Centres in Tshwane. . Potchefstroom: North-West University. Potchefstroom Campus. (Verhandeling - MA.) 216 p.

NAUDÉ, M. 2011a. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

NAUDÉ, M. 2011b. Oordragsverslag van sand, see en skulp. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NAUDÉ, M. (21619816@nwu.ac.za) 2011c. Bespreking van die aard van kommunikasie binne SJGD. [E-pos aan:] Visser, C.M. (20039670@nwu.ac.za) 9 Sept.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. 2011a. Profiel. Ons universiteit, ons studente, navorsing, innovasie en gemeenskapsbetrokkenheid. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. 2011b. 'n Toonaangewende universiteit. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010a. Huishoudelike reglement van SJGD. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010b. Jaarverslag. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010c. Aksieverslag van uitbetalingsfunksie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010d. Visie en missie. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010e. Kern vir die termyn 2010 en 2011. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010f. SJGD-projekte. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010g. SJGD-puntesisteem. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010h. SJGD adviesraad notule 15 April 2010. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010i. SJGD adviesraad notule 27 Mei 2010. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010j. SJGD UK notule 6 September 2010. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010k. SJGD UK notule September 2010. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2010l. SJGD UK notule 11 Oktober 2010. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011a. SJGD komitee aansoekvorm. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011b. Evalueringsvorm. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011c. SJGD UK notule 7 Februarie 2011. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011d. SJGD UK notule 14 Februarie 2011. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011e. SJGD UK notule 21 Februarie 2011. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011f. SJGD adviesraad notule 16 Maart 2011. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011g. SJGD UK notule 11 April 2011. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens. 2011h. SJGD Bosberaad notule 21 Mei 2011. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Oorspronklike kopie beskikbaar by NWU: Argief, Potchefstroomkampus.)

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studenteraad. 2010a. Grondwet. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. Potchefstroomkampus.

NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studenteraad. 2010b. Gedragsbeleid. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. Potchefstroomkampus.

OGAN, C.L., BASHIR, M., CAMAJ, L., LUO, Y., GADDIE, B., PENNINGTON, R., RANA, S. & SALIH, M. 2009. Development communication: the state of research in an era of ICTs and globalization. *International communication gazette*, 71(8):655-670. http://gaz.sagepub.com/content/71/8/655 Datum van gebruik: 15 Oktober 2010.

OTTO, H. 2004. The creation of an internet public sphere by the independent electoral commission. Potchefstroom: North-West University. (Verhandeling - MA.) 206 p.

PATTON, M.Q. 2002. Qualitative research and evaluation methods. Thousand Oaks, Calif.: Sage Oublications. p. 598. http://books.google.com/books?id=FjBw2oi8El4C&printsec=frontcover&source=gbs_ge_summary_r&cad=0#v=onepage&q&f=false Datum van gebruik: 2 Desember 2011.

PRATT, Y.P. 2010. Merging new media with old traditions. *Native studies review*, 19(1):1-27.

QUAPPE, S. & CANTATORE, G. 2007. What is cultural awareness, anyway? How do I build it? http://www.culturosity.com/articles/whatisculturalawareness.htm Datum van gebruik: 4 Augustus 2011.

RAHIM, S.A. 1994. Participatory development communication as a dialogical process. (*In* White, S.A.W., Nair, K.S. & Ascroft, J., *eds.* Participatory communication: working for change and development. Thousand Oaks, Calif.: SAGE Publications. p. 117-138.)

READER, S. 2006. Does a basic needs approach need capabilities? *Journal of political philosophy,* 14(3):337-350.

REASON, P. 2005. Living as part of the whole: the implications of participation. *Journal for curriculum and pedagogy*, 2(2):35-41.

REID, J.N. 2000. How people power brings sustainable benefits to communities. USDA Rural Development Office of Community Development. http://www.rurdev.usda.gov/rbs/ezec/Pubs/commparticrept.pdf Datum van gebruik: 27 September 2011.

RIETBERGEN-MCCRACKEN, J. 2003. Participatory development planning. http://pgexchange.org/images/toolkits/PGX_F_Participatory%20Development%20Planning.pdf Datum van gebruik: 27 September 2011.

ROGERS, E.R. 1962. The diffusion of innovations. Glencoe, ILL. Free Press.

ROGERS, E. 2008. The value-added of development communication: the newer conceptions of development imply a different and, generally, a wider role of communication. (*In* Mefalopulos, P. Development communication sourcebook: Broadening the boundaries of communication, Module 1. Washington, D.C.: The World Bank. p. 1-244.)

SA ***sien*** Suid-Afrika

SANCHEZ, A. 2006. The methods of interviewing focus groups, questionnaires and participant observation. http://e-articles.info/e/a/title/Which-are-the-Most-Common-Research-Methods/ Datum van gebruik: 13 September 2010.

SAUNDERS, I. 2011a. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

SAUNDERS, I. 2011b. Oordragsverslag van Karlien Dameskoshuis. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

SAUNDERS, I. (21700672@nwu.ac.za) 2011c. Bespreking van die aard van kommunikasie binne SJGD. [E-pos aan:] Visser, C.M. (20039670@nwu.ac.za) 12 September.

SCHRAMM, W. 1964. Mass media and national development. The role of information in developing countries. Urbana: University of Illinois Press.

SERVAES, J. & ARNST, R. 1999. Principles of participatory communication research: its strengths (!) and weaknesses (?). (*In* Jacobson, T.L. & Servaes, J., *eds.* Theoretical approaches to participatory communication. Cresskill: Hampton. p. 114-127.)

SERVAES, J. & MALIKHAO, P. 2002. Development communication approaches in an international perspective. (*In* Servaes, J., *ed*. Approaches to development communication: part 1 & 2. Paris: UNESCO. p. 102-126.)

SERVAES, J. 1995. Towards a new perspective for whom and for what? *Communicatio,* 21(1):39-45.

SERVAES, J. 1999. Communication for development: one world, multiple cultures. Cresskill: Hampton.

SIMMONS, J. 2008. Cultural sensitivity: importance and impact on international development. (Carolina papers on international development, No. 19.) Chapel Hill, N.C.: Center for Global Initiative.

SJGD ***sien*** NOORDWES-UNIVERSITEIT. Studente-Jool-Gemeenskapsdiens

SMITH, B.L. 2003. Public policy and public participation engaging citizens and community in the development of public policy. Population and Public Health Branch. Atlantic Regional Office. Canada. http://www.phac-aspc.gc.ca/canada/regions/atlantic/pdf/pub_policy_partic_e.pdf Datum van gebruik: 27 September 2011.

SOOLA, E.O. 2003. De-mystifying the development process: the role of communication in community participation for sustainable development. Nigeria: University of Ibadan.

SPALDING, N.L. 1990. The relevance of basic needs for political and economic development. *Studies in comparative development,* 25(3):90-115.

SRAMPICKAL, J. 2006. Development and participatory communication. *Communication research trends;* 25 (2):2-43.

STAVENHAGEN, R. 1966. "Siete tesis equivocados sobre América Latina" [Seven misleading theses about Latin America]. *Desarrollo Indoamerican*, 4.

STENBACKA, C. 2001. Qualitative research requires quality concepts of its own. *Management decision,* 39(7):551-555.

STEWART, F. 1989. Basic needs strategies, human rights, and the right to development. *Human rights quarterly,* 11:347-374.

STIDWORTHY, J. 2010. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

STIDWORTHY, J. 2011a. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

STIDWORTHY, J. (20062613@nwu.ac.za) 2011b. Bespreking van die aard van kommunikasie binne SJGD. [E-pos aan:] Visser, C.M. (20039670@nwu.ac.za) 16 September.

STREETEN, P. 1982. Basic needs and the new international economic order. *Mondes and Development,* 10 (39):317-331.

STRUWIG, F.W. & STEAD, G.B. 2001. Planning, designing and reporting research. Cape Town: Pearson Education.

STRYDOM, H. 2002. Information collection: participant observation. (*In* De Vos, A.S., *ed*. A primer for the caring profession. Pretoria: Van Schaik. p. 274-285.)

STRYDOM, H. 2011. Information collection: participant observation. (*In* De Vos, A.S., *ed*. Research at grass roots: a primer for the caring professions. Pretoria: Van Schaik. p. 327-329.)

SUID-AFRIKA. 1997. Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997. Pretoria: Staatsdrukkery.

TANEJA, V. 2006. Community participation in SHP development. (Himalayan Small Hydropower Summit held by AE-commercial, UJVNL. Dehradun. p. 279-284.)

TAUTE, J. 2010. Kaalvoete en klere. *SJGD*: 4, Okt.

TAYLOR, E. 2007. 'n Model van die faktore wat die sukses van onderrigleer van tegnologie-gebaseerde onderwerpe beïnvloed. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

TAYLOR, G.J. 1994. Community participation in development projects: a sociological study. Potchefstroom: PU for CHE. (Verhandeling - MA.)

THOMAS, P. 1994. Participatory development communication: philosophical premises. (*In* White, S.A.W., Nair, K.S & Ascroft, J., *eds*. Participatory communication: working for change and development. Thousand Oaks, Calif.: SAGE Publications. p. 49-59.)

THOMAS, P. 2005. Communication and development: a potted history of the field in India. *MICA communications review*, 2(1):55-60.

THOMAS, R., WHYBROW, K. & SCHARBER, C. 2011. A conceptual exploration of participation. Section 1: Introduction and early perspectives. Educational philosophy and theory. Philosophy of Education Society of Australasia. Blackwell Publishing. p. 1-20. (Online version.)

TUFTE, T. & MEFALOPULOS, P. 2009. Participatory communication: a practical guide. (World Bank working paper no. 170.) http://www.orecomm.net/2009/tufte-mefalopulos/ Datum van gebruik: 3 Mei 2010.

VALDÉS, V.L. 2009. Sustainable development projects and communication: What lessons can we learn? Sweden: SLU. (Thesis - 15ECTS.) 20 p.

VAN DER MERWE. L. 2011a. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

VAN DER MERWE. L. 2011b. Oordragsverslag van Huis Republiek Dameskoshuis. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

VAN DER MERWE, L. (21649197@nwu.ac.za) 2011c. Bespreking van die aard van kommunikasie binne SJGD. [E-pos aan:] Visser, C.M. (20039670@nwu.ac.za) 12 September.

VAN NIEKERK, C. 2010. Armoede se voet. *Kampus-Beeld*: 3, Okt. 11.

VAN ROOYEN, J. 2011. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

VAN VUUREN. K. 2011a. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

VAN VUUREN. K. 2011b. Oordragsverslag van Wanda Dameskoshuis. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.

VAN VUUREN, K. (21161704@nwu.ac.za) 2011c. Bespreking van die aard van kommunikasie binne SJGD. [E-pos aan:] Visser, C.M. (20039670@nwu.ac.za) 14 September.

VAN WYK, A. 2011. Mondelinge mededeling. Potchefstroom.

WAISBORD, S. 2001. Family tree of theories, methodologies and strategies in development communication: convergences and differences. New York: The Rockefeller Foundation. http://www.comminit.com/pdf/familytree.pdf Datum van gebruik: 9 Mei 2011.

WANG, G., SERVAES, J. & GOONASEKERA, A. 2000. The new communications landscape. Demystifying media globalization. (*In* Morley, D. & Curran, J., *eds.* Routledge research in cultural and media studies. London: Routledge. p. 307-316.)

WEYERS, M.L. & HERBST, A.G 2010. Inleiding tot sosio-ekonomiese ontwikkeling. 'n Opleidingshandleiding vir studente betrokke by SJGD. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. 84 p.

WEYERS, M.L. 2011. The theory and practice of community work: a South African perspective. 2nd ed. Potchefstroom: Keurkopie.

WHITE, R. 1988. Media, Politics and Democracy in the Developing World [draft]. Centre for the Study of Communication and Culture. London, April.

WIMMER, R.D. & DOMINICK, J.R. 2011. Mass media research: an introduction. 9th ed. Belmont, Calif.: Wadsworth/Cengage Learning. 480 p.

YOON, C.S. 2004. Participatory communication for development. http://www.southbound.com.my/communication/parcom.htm Datum van gebruik: 12 Oktober 2010.

ZHANG, Y & WILDEMUTH, B.M. 2009a. Unstructured interviews. http://www.ischool.utexas.edu/~yanz/Unstructured_interviews.pdf Datum van gebruik: 1 Desember 2011.

ZHANG, Y. & WILDEMUTH, B.M. 2009b. Qualitative analysis of content. http://www.ils.unc.edu/~yanz/Content_analysis.pdf. Datum van gebruik: 22 Julie 2010.